

'n Kerkhistoriese ondersoek na die begrip
heiligmaking by die N.G. Kerk met
besondere verwysing na *De*
(Gereformeerde) Kerkbode 1849-1899.

Leon Keller

**PROEFSKRIF VOORGELê TER VERVULLING VAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD**

PHILOSOPHIAE DOCTOR

FAKULTEIT TEOLOGIE
DEPARTEMENT EKKLESIOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
PROMOTOR: PROF. DR. RM BRITZ

NOVEMBER 2004

INHOUDSOPGAWE

Dankbetuiging	4
Inleiding	5
Hoofstuk 1: Die verskyning van De Gereformeerde Kerkbode: 1849-1852.	12
1.1 "Tot nuttige leden der maatschappij"	12
1.2 "De reiniging van Zich zelve"	14
1.3 "Hier ontbreekt iets aan onze kerk"	21
1.4 'n Kaapse-Kinder-Bijbel	24
1.5 Samevatting	33
Hoofstuk 2: Heiligmaking as verskansing teen die modernisering van die samelewing: 1853-1858	35
2.1 Die blootlê van sonde in die gemeenskap	35
2.2 Toestand van die kerk en die aandrang op vernouing	42
2.3 Heiligmaking: die gelowige se werk	44
2.4 Christus is ons heiligmaking	47
2.5 'n Invloedryke Catechisatie-Boek oor die heiligmaking	49
2.6 Samevatting	54
Hoofstuk 3: Stigting van Teologiese Seminarium en herlewings: 1859-1864	56
3.1 Die klem op die beslissing van die geloof	56
3.2 Herlewings word voortgaande bekendgestel	59
3.3 Die pleidooi vir herlewing in Suid-Afrika	62
3.4 Die uitstorting van die Heilige Gees	65
3.5 Die herlewing in Suid-Afrika	69
3.6 Toenemende heiligmaking van die kinders van God	72
3.7 Die weg tot die hoër lewe	75
3.8 Samevatting	80
Hoofstuk 4: Die oorwinningslewe: 1865-1874	81
4.1 Die appel op 'n heilige lewenswandel	81
4.2 'n Versteekte beriggie: Calvyn oor Romeine 7	85
4.3 Gebed word 'n belangrike sleutel vir ware heiligmaking	86
4.4 Die fokus skuif van die verlossing na die heiliging	88
4.5 Kan 'n toestand van sondeloosheid bereik word?	90
4.6 Die strewe na 'n hoër lewe	94
4.7 Meer heiligheid gee my....	97
4.8 Herlewings en die invloed van Metodisme	101
4.9 Samevatting	106
Hoofstuk 5: Die invloed van Anglo-saksiese teologie: 1875-1880	107
5.1 Die verband tussen heiligmaking en herlewing in die Metodisme	107
5.2 Waarheen met herlewing?	111
5.3 Die konferensie op Wellington: "Het Hoogere Leven"	112
5.4 Die Keswickbeweging	118
5.5 Die amptelike instel van spesiale evangelisasie prediking	120
5.6 Spesiale evangelisasie dienste	123
5.7 Spurgeon se kritiek	126
5.8 Samevatting	129
Hoofstuk 6: Die roeping en plek van die christen in die wêreld: 1880-1883	131
6.1 Algehele toewyding	133
6.2 Loutering en heiligmaking	135
6.3 Die erns van die sonde	138
6.4 Die teologiese begrip van die heiligmaking	142
6.5 Die heiliging van die Vader	145
6.6 Heiligmaking deur die geloof	147
6.7 Bly in Christus! Soos beskryf deur Andrew Murray in 1882	151

6.8	Samevatting	152
Hoofstuk 7: Die invloed van N.J. Hofmeyr en die stigting van verenigings: 1884-1892		154
7.1	Professor N.J. Hofmeyr oor heiligmaking	155
7.2	Etiese en morele sake wat aandag gekry het	161
7.3	Verenigings en heiligmaking met die klem op sending	169
7.4	Samevatting	174
Hoofstuk 8: Die ontvouing van Andrew Murray se teologie van heiligmaking: 1892-1899		175
8.1	Artikels met betrekking tot nederigheid en die gevaar van hoogmoed	176
8.2	Boeke en artikels van Andrew Murray oor sy verstaan en beklemtoning van die oorwinningslewe	178
8.3	'n Kritiese beskouing van Murray se standpunt	184
8.4	Invloed van Spurgeon en die Anglo-saksiese Kerke	191
8.5	Invloed van die Skotse evangeliese leraars	193
8.6	Samevatting	195
Hoofstuk 9: Perspektief op die heiligmaking soos vergestalt in die weekblad van die N.G. Kerk:1849-1899		196
9.1	Samevatting van sake wat tot 'n mindere of meerdere mate 'n invloed kon gehad het op die siening van heiligmaking in die N.G. Kerk	196
9.2	Samevatting van die Kerkbode se standpunt oor heiligmaking 1849-1899	204
9.3	Beoordeling aan die hand van die Bybel en Belydenisskrifte	212
	9.3.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis met betrekking tot ons heiligmaking en goeie werke	216
	9.3.2 Heidelbergse Kategismus	218
	9.3.3 Dordtse Leerreëls	219
9.5	Gevolgtrekking	224
Bibliografie		226
Opsomming		240
Abstract		241
Sleutelwoorde		242

DANKBETUIGING

Aan die einde van so 'n groot studieprojek kan 'n mens nie anders as om met dankbaarheid gevul te wees nie.

Om 'n doktrale studie te voltooi is seker die kroon op al die jare van teologiese studie. Dit is vir my 'n besondere hoogtepunt wat 'n mens met ootmoed vul teenoor ons Hemelse Vader en die genade wat Hy aan ons betoon.

Dit was vir my 'n groot voorreg en bowenal 'n verrykende ervaring om met die studie besig te kon wees. Die onderwerp lê baie na aan my hart, omdat dit ook so 'n integrale deel van die evangelie is. My eie kennis is verbreed deur die studie en noodgedwonge het dit ook 'n groot invloed op die verstaan van die Skrif en die prediking tot gevolg gehad.

Ek wil al die dank en lof bring aan my Hemelse Vader wat my geroep en deur sy Seun Jesus Christus regverdig verklaar het op grond van sy soenverdienste alleen. Sonder die genade van die Here sou ons sonder die ware lewe en hoop gewees het. My wens is dat my lewe ook mag getuig van die ware lewe van heiligmaking waartoe die Here ons geroep het.

Ek wil in die besonder my dank uitspreek teenoor my studieleier prof. Dolf Britz. Sy leiding, ondersteuning en insette word baie waardeer. Hy het soos 'n bekwame leermeester vir my begelei en as mens ook vir my baie beteken.

Ek wil ook my vrou, Janette, en gesin bedank vir hulle wonderlike ondersteuning en aanmoediging. Deur die jare was sy altyd daar om my by te staan in die bediening en my aan te moedig om my studie te voltooi. Ek wil ook my skoonmoeder, mev. Marie Kotze, bedank vir die kere wat sy my gehelp het met die proefleeswerk.

Soli Deo Gloria.

INLEIDING

Hierdie ondersoek bemoei hom met die geskiedenis van die teologie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, of liever, 'n aspek daarvan. Die onderneming is kerkhistories van aard, daarom staan dit metodologies in die teken van 'n kerkhistoriese ondersoek. As **objek** hiervoor is gekies die begrip, of verstaan van die heiligmaking by hierdie kerk, soos dit in 'n bepaalde tyd van sy geskiedenis beredeneer en aangewend is. Daarom is die titel van die ondersoek: 'n Kerkhistoriese ondersoek na die begrip heiligmaking by die N.G. Kerk met besondere verwysing na *De (Gereformeerde) Kerkbode 1849-1899*.

Die **doel** van die studie is gevolglik om die teologiese denke van die N.G. Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Kerk) te peil met betrekking tot heiligmaking in 'n tyd toe saakmakende veranderinge hom in hierdie kerk voltrek het, d.w.s tussen 1849 en 1899. Dit word gedoen met besondere verwysing na *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-79), *De Christen* (1880-83) en *De Kerkbode* (1884-99). Waarom juis hierdie blad? Die antwoord op hierdie vraag is van wesentlike belang. Die blad was die draer van die teologie van die N.G. Kerk. Die teologie van die N.G. Kerk kan beter verstaan word deur 'n studie van hierdie blad wat in die 50 jaar onder bespreking sy naam twee keer verander het. Dit is hoofsaaklik in hierdie kerklike en godsdienstige blad waarin die N.G. Kerk gedurende die tweede helfte van die 19de eeu teologies aan die woord gekom het. Daarmee is die beoefening, selfs ook wetenskaplike beoefening van die teologie by hierdie kerk gestimuleer.

Teen die helfte van die 19e eeu is die waarde van die pers en die geskrewe woord ter wille van die evangelie en die Christendom reeds algemeen besef.¹ Die waarde daarvan is ook deur *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift* (1824-1843) en *De Honigby* (1838-44, 1845-46) bevestig. In 'n derde tydskrif *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-1879) het dit voortgang gevind. Toe seëlreg op

¹ A. Olivier: 1998. *Bode op die spoor van die Woord. 150 jaar met die Kerkbode*, 8.

tydskrifte in 1848 afgestel is, het dit vir die bekende Kaapstadse predikant, Abraham Faure weer die geleentheid gebied om 'n Nederlandse blad die lig te laat sien. Hierin is hy bygestaan deur 'n vriendekring van geesgenote uit die N.G. Kerk.

In die *Prospectus* van die eerste uitgawe, 13 Januarie 1849, lees ons van die grondliggende redes vir die totstandkoming van die Kerkbode: “Is het bekend geworden, dat het zoo voor de belangen van het Christendom en vooral de Leden der Christelijke Kerk in dit land noodzakelijk zij, dat men niet alleen worde bekend gemaakt met den voortgang van het Rijk der Waarheid over den geheelen aardbodem, maar ook een geregeld orgaan hebbe om Godsdienstkennis onder diegenen te verspreiden, die zelden van de openbare genademiddelen kunnen gebruik maken; zoo is het dat eenige Leeraren in en nabij de Kaapstad overeengekomen zijn, om de veertien dagen, een blad uit te geven, onder den naam van “Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika,” welke bevatten zal:- Verhandelingen over de Godsdienst, uitlegkundige aanmerkingen over den Bijbel, uittreksels uit de Kerkelijke Geschiedenis van vroegeren en lateren tijd, levensberigten van vrome menschen, mededeelingen omtrent den voortgang van de Christelijke Godsdienst door bemoeijingen van Christen Zendelingen der onderscheiden Protestantsche Kerkgenootschappen, Bijbelverspreiding, Schoolwezen, binnenlandsch Kerknieuws, Dichtstukken, enz. Terwijl voor gedoopten, gehuwden, en afgestorvenen eene bijzondere plaats zal worden ingeruimd, en, onder zekere bepalingen, Advertentien worden aangenomen.”²

So het die redakteur Abraham Faure dit moontlik gemaak vir predikante om hulle standpunte en bedieningsvisies bekend te maak. Dit het beloop om 'n mondstuk vir die beoefening van die N.G. Kerk se teologie te word. Meer as een beklemtoning en selfs standpunt sou hierin tot uitdrukking kom. 'n Bepaalde

² Anoniem: “Prospectus”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel I (1)*, 13 Januarij 1849, 1.

rigting het tog oorwegend aan die woord gekom en die N.G. Kerk voortgaande begelei. Klaarblyklik het dit ingang by die kerk gevind en kon die nuwe tydskrif homself handhaaf. Die talle stigtelike artikels en opmerkings het in die teken van 'n praktiese teologie gestaan. *De Gereformeerde Kerkbode* is gevolglik 'n belangrike bron van inligting oor die teologie van die N.G. Kerk. Toegespits op die **kernvraag** van die onderhawige studie na die teologiese verdiskontering van die heiligmaking in hierdie kerk, is hierdie blad gevolglik 'n vanselfsprekende bron.

Die **tydperk** 1849-1899 is met voorbedagte rade gekies. In 1849 het *De Kerkbode* begin en in 1899 kom die wending en inspuiting met betrekking tot beriggewing oor die Anglo Boere-oorlog. Daarom is 1899 voor die oorlog gekies. In hierdie 50 jaar is die beste van die 19de eeuse teologie ingepak en dit gee vir ons 'n behoorlik greep op hierdie teologiese ontwikkelinge. Die nagenoeg 50 jaar wat die studie dek, verreken volledig die invloed van die “evangeliese” stroom in die N.G. Kerk. Dit val saam met 'n geslag predikante wat 'n enorme impak gehad het. Hulle insette was van blywende betekenis. Die tydperk onder bespreking lê oorspronge en aksente van evangeliese teologie by die N.G. Kerk bloot.

Predikante wat in die tydperk 'n groot rol gespeel het, was: Andrew Murray(1828-1917). Die N.G. Kerk se siening van heiligmaking kan nooit los gemaak word van die groot invloed van Andrew Murray nie. Hy was 'n besondere mens met 'n groot invloed, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in baie ander lande. Gedurende sy agt en tagtig jaar het hy nie minder as 240 boeke en traktaatjies die lig laat sien nie. Hierdie geskrifte is in vyftien verskillende tale vertaal. Hy het diep spore in die sending getrap. Hy het honderde sendingkandidate gewerf vir opleiding sodat hulle weer die veld ingestuur kon word. Hy het ook sy eie seuns en dogters vir die saak van die sending gegee. John Murray(1826-1882) was ook een van die leraars. Hy was die broer van Andrew Murray. Die twee broers sou albei 'n geweldige groot invloed op die kerk uitoefen. Ds John Murray was die eerste teologiese professor. Sy mede professor was Nicolaas Jacobus

Hofmeyr(1827-1909). Hy is in 1827 in Kaapstad gebore. Hy het gearbei tot 1907 en het in 1909 die ewige rus ingegaan.³ Ander invloedryke predikante was Johannes Henoeh Neethling(1826-1904), William Murray(1829-1899) en Servaas Hofmeyer(1830- 1888.

Dit spreek dus vanself dat die periode 1849-1899 hom kerkhistories daarvoor leen vir 'n ondersoek na die opvatting van heiligmaking by die N.G. Kerk gedurende die 19de eeu. **Methodologies** gaan dit hierin om 'n verantwoording van die teologiese opvatting van hierdie begrip – vanuit die aanvaarde belydenisgrondslag van die N.G. Kerk as 'n gereformeerde kerk. Daarom is die studie teologies-krities van aard. Dit konsentreer op die versameling en interpretasie van alle ter saaklike primêre bronne, wat na hulle eie intensie teologies onderskei en begryp word. Die resultaat is in terme van taal en styl, argumentasie en dokumentasie in 'n sintese verwerk.

Gebeure op gebeure het die N.G. Kerk kontekstueel beïnvloed. Teologies en pastoraal het voorgangers en lidmate op 'n volhoubare basis in 'n kerklike blad *De Gereformeerde Kerkbode* aan die woord gekom. Daarin is die teologie beoefen en aansluiting by buitelandse ontwikkelinge aangeteken en gebruik. Hierbenewens het 'n jonger geslag predikante as 'n geesgenootskap hulle laat geld en gehelp om 'n eie teologiese opleiding sedert 1859 van stapel te stuur. Terselfdertyd is van Europese en Amerikaanse herlewings kennis geneem. Dit het die aansporing geword om in die N.G. Kerk regstellend te werk te gaan.

Vernuwing is in herlewing gesoek. Ook 'n heilige en godvrugtige lewe. Prakties-teologies het die aksent beland op die Heilige Gees, gebed, sending en 'n doelbewuste toegewyde lewe. Nog kerklike blaaië het die lig gesien en hierdie boodskap uitgedra: *Elpis, De Wekker* (ens). So het 'n evangelie-gesinde en invloedryke groepering van leraars en sendelinge die N.G. Kerk aan die hand geneem en teologies gestempel. In 'n stryd om die gesag en interpretasie van die

³ Stemmen van het Verleden. *Uitgawe van de Bijbel en Bid-Vereeniging*, 9.

Skrif as onfeilbare Goddelike openbaring het hierdie groepering homself tussen 1860 en 1875 teen die moderne teologie gehandhaaf. In en vir die kerk is spesiale evangelie predikers aangewys om met toegepaste prediking die teologie van herlewing, vernuwing en heiligmaking tot in die uithoeke van gemeentes in te dra. Hierin is aansluiting gevind by rolmodelle uit veral die kontemporêre Anglo-saksiese en evangeliese wêreld.

Met heiligmaking word bedoel die klem wat gelê is op daardie sake wat in 'n godvrugtige toegewyde lewe na vore moet kom. Dit sny dus in op die terrein van die etiek, moraliteit, gehoorsaamheid aan Bybelse opdragte vir die praktiese Christelike lewe, sowel as die manier waarop prakties-teologies daarin gedeel kan word. Met ander woorde, hoe om daaraan in die gemeenskaps- en persoonlike lewe gestalte te gee. Die navorsing wil hierdie sake nie net uit primêre bronnelys haal nie, maar beoog om die teologiese en Skriftuurlike motivering en aanwending daarvan na te gaan. **Hipoteties** word aanvaar dat in hierdie verband 'n teologie van heiligmaking ontwikkel het. Hierdie teologie het kontoere van sy eie en is deur die konteks en buitelandse Anglo-saksiese aksentuering beïnvloed en kan dus as 'n ontwikkeling beskryf word. Hiermee bemoei die navorsing hom.

Die volgende belangrike **vrae** moet gevra en beantwoord word. Hoe is die begrip heiligmaking in die kerklike blad begryp en vergestalt? Was dit uiteenlopend? Was dit gesny uit die hout van die belydenisskrifte en die Bybel? Watter konsekwensies het dit vir die N.G. Kerk gehad?

Die **metode** wat gebruik word om antwoorde te vind, is die bestudering van 'n primêre gepubliseerde bron: 'n Tydskrif. Die tydskrif het 'n doel, 'n motief en 'n bepaalde leserskring nl. lidmate en predikante van die N.G. Kerk. Tweedens is aansluiting gevind by 'n historiese kritiese skool. Met ander woorde 'n historiese konteks en bron is belangrik. Daar moet ook met omsigtigheid te werk gegaan word sodat die grootste mate van objektiwiteit behou word. Hier kom egter 'n

belangrike aspek by: nl. die teologiese en ekklesiologiese verstaan en begrip van dokumente na hulle pretensie en aard. In hierdie sin is dit dus ook teologies krities. Die enigste norm waaraan die korrektheid gemeet kan word, is die Bybel en die kerk se belydenisskrifte.⁴ W Brown sê in hierdie verband: “Kerkgeskiedenis is nie heilsgeskiedenis nie.”⁵ Kerkgeskiedenis is wel ‘n poging om ‘n beskrywing te gee hoe die heil in die geskiedenis verstaan is.⁶ Hiertoe is die Skrif en belydenis van normatiewe betekenis. Dit is trouens die enigste manier waarop ‘n studie soos hierdie werklik objektief, dit wil sê met die kerk van Christus as objek, benader kan word.⁷ Hierdie metodiek is ook eie aan die Reformasie van die sestiende eeu en daarom die mees verantwoordbare omgang met die kerkgeskiedenis.⁸ Eie voorveronderstellings is gebaseer op die gereformeerde belydenis net soos die van die N.G. Kerk wat hier die voorwerp van ondersoek is. Daarin is in die Skrif en die belydenisskrifte ook 'n norm gevind vir beoordeling.

Die bestudering van die onderwerp is van groot **waarde** vir die teologiese begrip van die heiligmaking soos dit in die N.G. Kerk verstaan is en wat die invloed daarvan op die Kerk tot vandag toe is. Hoe die heiligmaking verstaan word en die verband daarmee met die regverdigmaking is belangrik vir die korrekte verkondiging van die boodskap van verlossing. Daarby poog hierdie studie om ‘n bydrae te lewer tot die beskrywing van die geskiedenis van die 19de eeuse teologie van die N.G. Kerk. In hierdie verband is daar reeds werk gedoen. TN Hanekom het in 1951 met die wetenskaplike beskrywing van die teologiese geskiedenis van die N.G. Kerk begin met ‘n uitnemende studie oor die *Liberale Rigting in Suid-Afrika*.

⁴ Brown, W. 1989. “Enkele opmerkings oor die eiesoortigheid van kerkgeskiedenis-as-wetenskap”. *NGTT*.206.

⁵ *Dies.*,206.

⁶ *Dies.*,206.

⁷ Pont, AD. 1964. “Enkele opmerkings oor objektiewe geskiedskrywing”.147.

⁸ Brown, E. 1994. “Aantekeninge by reformatoriese (kerk)geskiedskrywing”.31.

Uiteindelik is die navorsing uiteengesit in **nege hoofstukke**. Die eerste hoofstuk beskryf die artikels in die beginjare van die *De Gereformeerde Kerkbode*. Hoofstuk 2 handel oor die blootlê van sonde en die uitleef van die geloof. In die tydperk 1859-1864 (Hoofstuk 3) was daar belangrike gebeure wat die N.G. Kerk beleef het. In hoofstuk 4 vind 'n klemverskuiwing plaas en word die betekenis van die kruis vir die gelowige se lewe uitgespel. In hoofstuk 5 word die invloed van die Metodistiese Anglo-saksiese teologie beskryf. Hoofstuk 6 behandel die tydperk toe *De Christen* uitgegee was. Die tydperk van 1884 tot 1892 (Hoofstuk 7) handel oor insette van Professor Hofmeyr en verenigings wat die lig gesien het. Hoofstuk 8 bespreek die invloed van Andrew Murray en die Skotse leraars. Die slot hoofstuk 9 gee 'n kritiese evaluering waarin die resultaat van die studie nie net saamgevat word nie, maar ook teologies-krities uitgeklaar word.

HOOFSTUK 1

DIE VERSKYNING VAN DE GEREFORMEERDE KERKBODE: 1849-1852

Die beginpunt van hierdie ondersoek is die eerste uitgawe van *De Gereformeerde Kerkbode* op 13 Januarie 1849 in Kaapstad. Daarmee word die lyn opgetel. Wat word in die kerklike blad oor heiligmaking geskryf? Aan die hand van hierdie vraag is die betrokke bron noukeurig bestudeer. Die antwoord daarop word in hoofstuk een aan die orde gestel. Dit het ook duidelik uit die kritiese bestudering van *De Gereformeerde Kerkbode* geblyk dat ter saaklike artikels gedurende die laaste deel van die jaar 1852 aksente begin huisves het wat gedui het op 'n nuwe ontwikkeling in die denk- en bedieningstruktuur in verband met die heiligmaking. Daarom is 1852 as 'n afsnypunt vir die eerste hoofstuk gekies.

Benewens *De Gereformeerde Kerkbode* het die bekende *Kaapsche Kinder-Bijbel* hom aangebied as 'n tweede en onmisbare bron om 'n goeie antwoord te gee op die vraag na hoe daar in die N.G. Kerk oor die heiligmaking gedink is. Daarom is ook uitvoerig by hierdie “handboek” vir die onderrig in die kategese stilgestaan. Aan die einde van die hoofstuk word enkele gevolgtrekkings gemaak.

1.1 “tot nuttige leden der maatschappij...”

In een van die eerste uitgawes van *De Gereformeerde Kerkbode* in 'n artikel oor die invloed van die Bybel, maak “U.T.” die opmerking dat die Bybel die “zuiverste bron van bijzondere, huiseljk en maatschapeljk geluk” is.¹ Hy meen dat die Bybel 'n “allerheilzaamste strekking (het) zoowel voor ieder in het bijzonder als voor het geheele mensdome te zamen...”² Selfs die grootste vyand van die Christelike geloof sal moet erken, skryf hy, “dat hij de grootste mate van wezenlijken troost en gerustelling geniet, die zijn gedrag en wandel inrigt naar de

¹ U.T.: “Invloed van den Bijbel”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel 1(3)*, 10 Februariej 1849,33.

² *Dies.*, 33.

leer en voorskrifte van den Bijbel”³. Vir die doel van die studie is hierdie oortuiging wel van belang. Hieragter skuil 'n opvatting van die Christelike geloof, en die maatskaplike effek van daardie geloof, wat homself verdiskonteer binne 'n sosiaal-etiese waardesisteem. Binne die voorskrifte van die Bybel vind die Christendom sy bestaansgrond en sy doel.

In hierdie verband skryf WAK vyf maande later dat die Christendom “ten doel(heeft) verëdeling des harten en heiligheid in wandel”⁴. Die Evangelie wil “mensen tot nuttige leden der maatschappij – tot goede vorsten en overheden, - tot braven ouders, - gehoorzamen kinderen, - tot goede heeren en nuttige dienstboden vormen”⁵. In hierdie sin gaan dit om 'n praktiese Christendom, wat die samelewing verbeter. WAK bring dit met die “vruchten van heiligmaking”⁶ in verband. Dit gaan om die vergestaltung van “de heilzame uitwerking der evangelieleer... op het openbaar en huiselijk leven en de beschaving van den geest”⁷. So het die Christelike geloof dus 'n groot en heilsame verandering op die denk- en handelwyse van christene en deur hulle, op die gemeenskap. Die “heiligmaking” kom hier in diens van sosio-etiese oorwegings. Trouens, die geskiedenis word apologeties aangewend om hierdie intrinsieke waarde van die Christendom te bevestig. Soos 'n anonieme skrywer dit in *De Gereformeerde Kerkbode* van 14 Julie 1849 stel: “Geen onpartydig beschouwer zal aan het Evangelie de eer ontzeggen, dat het aan de beschaving van de menselijke geest en aan de verlichting van het verstand voordelig is geweest”⁸.

Hiermee is een van die aksente met betrekking tot die “heiligmaking” uit die bronne aan die orde gestel. Daarin word dit breed opgevat en vertolk as 'n krag om die maatskaplike struktuur te heilig of te verbeter. 'n Mens kan sekerlik

³ *Dies.*, 33.

⁴ WAK: “Aantekeningen over Matth XIII.8”. *De Gereformeerde Kerkbode*, 1(13), 30 Junij 1849, 215.

⁵ *Dies.*, 216.

⁶ *Dies.*, 216.

⁷ WAK: “De Heilzame uitwerken der Evangelieleer in de eerste christen-eeuwen op bijzondere personen of gemeenten”. *De Gereformeerde Kerkbode*, 1(14), 14 Julij 1849, 225.

⁸ *Dies.*, 227.

aanvaar dat hierdie oortuiging ook die oortuiging van sommige predikante van die N.G Kerk in Suid-Afrika was.

In *De Gereformeerde Kerkbode* is egter ook 'n tweede ter saaklike opvatting oor die heiligmaking en die konsekwensies daarvan.

1.2 “De reiniging van Zich zelve...”

In die tweede benadering in verband met die heiliging van die lewe lê die klem veel swaarder op die individu. Dit blyk duidelik uit twee artikels uit *De Gereformeerde Kerkbode* gedurende die tweede helfte van 1849. “K” bespreek tiperend daarin “De reiniging van Zich zelve.” In hierdie lewe volg die Christen Christus na. In die oordeel sal hulle 'n heerlikheid ontvang wat 'n bestaan aan Christus gelyk beteken ...”in heerlikheid naar het ligchaam en in heiligheid naar het ziel”⁹. Dit is hierdie hoop wat in Christene leef. Vir “K” is dit verder belangrik om seker te wees van die integriteit van hierdie hoop. Dit moet aan die eie persoon getoets word. Na aanleiding van 1 Johannes 3:3 is dit “de beste te beginnen van de zedelijke reiniging van alle besmettingen des geestes en des vleesches in dit leven”¹⁰. Hierdie reiniging vat die skrywer op as “een reiniging, zuiveren of heiligen van hart en wandel van de overgeblevene verdorvenheid”¹¹. Dit word in die Bybel voorgestel as 'n werk van God in die gelowiges en “als een werk van den gelovigen zelf... om dus te leeren dat, schoon God als eerste en opperste oorzaak in de reiniging der gelovigen werkzaam is, en hunne werkzaamheid van zijne, in orde van zaken voorafgaande werking ten eenemale afhankelijk is, zij nochtans, als vrijwillig schoon afhankelijk werkende, tweede oorzaken in hunne reiniging ook zelve bedrijvig zijn”¹².

⁹ K: “De Reiniging van zich zelve”. *De Gereformeerde Kerkbode*, 1(7), 25 Augustus 1849, 279.

¹⁰ *Dies.*, 279.

¹¹ *Dies.*, 280.

¹² *Dies.*, 280.

Laasgenoemde werksaamheid is die opregte voorneme om soveel moontlik die oorgeblewe verdorwenheid in die mens teen te gaan. Dit gaan om 'n gedurige hervatting van geloofsvereniging met Christus en herhaalde verootmoediging. Hierbenewens moet die ingesteldheid om meer en meer die Woord te ondersoek gekoester word, die sakramente gebruik word en gereik word na die kroon van heerlikheid. Laastens, so sluit die skrywer sy praktiese raadgewing af, moet die gelowige nie die werk van reiniging staak as hy faal of terugval nie. Daar moet volharding wees¹³. Uit hierdie opmerkings is dit duidelik waarom die klem op die individu val. Die persoonlike lewe moet gereinig word. Hierdie reiniging dien as bewysgrond vir die egtheid van die hoop wat in die lewe van 'n Christen is.

Hierdie artikel wat vir *De Gereformeerde Kerkbode* geskryf is, adem onteenseglik 'n ander gees as die standpunte wat in die vorige paragraaf aangedui is. Eintlik gaan dit hier om 'n ander teologiese denkraam. In 'n artikel reeks van drie aflewerings oor “Drie eischen van het Christelijke lewe” deur ds N Beets, predikant te Heemstede, gedurende 1850, word die kontoere van hierdie raamwerk duideliker afgeteken. “Dien opleiding tot den hemel dien Gods Woord ons predik geschiedt door geloof en bekeering en heiligmaking in de vreeze des Heeren”¹⁴. Derhalwe ook die artikels, “Wees Waakzaam” en “Wees Bereid”.

Beets laat hom vind vir die aktivering van die geloof en die gelowige. Ledigheid word onomwonde afgewys. Iemand wat sy lewe deurbring sonder om te werk, behoort nie aan die koninkryk van God nie¹⁵. 'n Christen is getrou en ywerig in sy arbeid. “Ongetrouwheid, nalatigheid daarin, is met geen Christendom bestaanbaar”¹⁶.

¹³ *Dies.*, 281-282.

¹⁴ Beets: “Drie eischen van het christelijk leven.1. Weest Werkzaam”. *Gereformeerde Kerkbode. Deel II (28)*, 26 Januarij 1850, 19. Beets was van Nederland. Hy het baie belangstelling in die sending getoon maar, “Daarom heeft hij eveneens een herhaalde uitnodiging als hoogleraar naar Zuid-Afrika te gaan, afgeslagen.” Nauta, D. Red. 1988. *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme. Deel 3*, 34.

¹⁵ Beets: “Drie eischen van het christelijk leven.1. Weest Werkzaam”. *Gereformeerde Kerkbode. Deel II (28)*, 26 Januarij 1850, 17.

¹⁶ *Dies.*, 19.

Die praktiese Christelike lewe is dus onlosmaaklik deel van die geloof. Die Christen moet dienooreenkomstig waak oor sy skat, nl. die ewige lewe in Christus Jesus. Die wapens vir die stryd in hierdie geval is God se Woord en gebed. “Het Woord Gods is de eenige grond waarop des christens overtuiging en zaligheid steunt, steunen kan, steunen mag”¹⁷. Die krag en waarde van gebed kom aanvullend by: “Een biddende geest is een wakkere geest. Zijn daar bestrijdingen, zijn daar bekommelingen, is daar twijfelmoedigheid – de christen zoeke geen baat bij redeneren, maar bij bidden”¹⁸. So kom daar by sy ywerige werksaamheid ook waaksaamheid.

Die hoop is die anker van die siel. Die Christen verwag dat hy saam met Christus sal wees. Hy weet in wie hy glo. “Die Christen wiens leven een wachten is op de komst des Heeren, ziet verlangend uit naar de komst”¹⁹. Hy weet die ewige lewe gaan die loon op sy arbeid wees en sy ewige rus. Daarom is so iemand ‘n blymoedige mens. 'n Christen sonder blydschap is 'n teenstrydigheid. Omdat die Christen die verwagting het, leef hy ook heilig. “Nog staan de voeten op aarde, maar het hart is in den hemel, by den schat, bij den Heer”²⁰. Aardse hardewerk en deugsamheid word in verband gebring met geestelike weerbaarheid en 'n doelbewuste bewussyn van die ewige lewe in die hemel. 'n Kombinasie hiervan vergestalt 'n heilige lewe. “Welk een leven van heiligheid moet hij leven, die een leven leeft van zulke verwachting”²¹.

'n Paar maande later gebruik *De Gereformeerde Kerkbode* weer 'n artikel uit die pen van Beets vir bladvulling. Hierdie keer skryf Beets oor “'s Christens Leven”.

¹⁷ Beets: “Drie eischen van het christelijk leven.2. Weest Waakzaam”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel II (29)*, 9 Februarj 1850, 35.

¹⁸ *Dies.*, 36.

¹⁹ Beets: “Drie eischen van het christelijk leven.3. Weest Bereid”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel II (30)*, 23 Februarj 1850, 61.

²⁰ *Dies.*, 62.

²¹ *Dies.*, 62.

Die Christen se lewe is een van vreemdelingskap. Sy burgerskap is in die hemel. Hy is verplig om in die vreemde land getrou en in heiligheid en nederigheid te lewe. “Het leven des Christens is eene reize. Hij reist niet om neder te zitten, hij reist niet om af te dwalen, hij reist om te vorderen”²². Hy wil nie afleiding of vermaak hê nie, maar wil die Vader se huis bereik.

Die Christen moet homself gedurig die vraag vra: “Wat sal ek die Heer vergelde vir al sy weldade wat Hy aan my bewys het?” As hy die regte gesindheid het, sal dit nie gaan oor hoe hy oor die Here voel nie, of wat hy vir die Here sal sê nie, maar wat sal hy doen? Die liefde is aktief. As jy 'n vriend liefhet of 'n dankbare gevoel teen iemand het wat aan jou goed gedoen het, dan wil jy altyd weet hoe jy iets aan hom terug kan doen. Jy sal wil weet wat die persoon se voorkeure en begeertes is. Om soos 'n Maria die kosbare nardussalf op die Here uit te giet, sal die Christen se begeerte wees. Hy is die kosbaarste en die allerbeste. Dit moet elke Christen doen. Hy moet dit met blymoedigheid doen al verg dit selfopoffering en selfverloëning.

Elke Christen kan iets vir Jesus doen. Geen Christen is so arm of swak dat hy nie 'n geleentheid het om 'n persoonlike daad of diens vir sy Saligmaker te doen nie. Om iets te doen vir die uitbreiding van die Koninkryk van Christus is 'n plig op die gewete van elke man en vrou, en is 'n voorreg. Die boer, die ambagsman, die dienskneg, die arme en gebrekkige kan almal iets vir Jesus doen. Elkeen moet kyk na sy omstandighede, geleenthede en bronne. Die vraag moet ook wees hoeveel en nie hoe min kan ek gee nie. Moenie altyd dink wat doen ander mense nie, maar kyk wat kan jy doen. So loop “s Christens lewe” dan uit op diensbetoon aan Christus. Hierdie diensbetoon is die goue draad in die Christen se lewensreis. Dit is kenbaar en prakties.

²² Beets: “S Christens Leven”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel III (15)*, 26 Julij 1851, 239.

In dieselfde tyd spreek nog 'n stigtelike artikel, die keer uit die pen van V.V., 'n eeu-oue teologiese probleem rondom die heiligmaking aan. Volgens hom kom dit tot uitdrukking in 'n stelling wat voortdurend deur die vyande van die evangelie gemaak word teen die leer van die vrye genade, naamlik dat dit sonde bevoordeel in plaas van om tot ware sedelikheid te lei. Paulus het hierdie siening egter weerlê in Romeine 6. "Hadde toch elke belijder van het evangelie't daar op gemeend te jagen naar heiligmaking en door den Geest de werken des vleesches te dooden, dan ware't duidelijk en openbaar genoeg dat het evangelie, de leer der vrije genade, wel verre om de zonde te begunstigen, ze integendeel op het krachtigst en met vrucht bestrijdt; en aan alle tegenspraak ware in dezen de mond gestopt"²³. Waar die belydenis van die evangelie nie gepaard gaan met 'n "lewe" nie, daar is dit steeds lippetaal waarvan die God van die waarheid 'n afsku het. Daardeur word eintlik met God gespot.

"Ach, bedrieg toch u zelve niet" gaan hy voort, "en beeld u toch niet 'n christen te zijn, indien de liefde van Christus u niet zoo tot wederliefde dringt, dat de zonde, alle zonde, uwe onvoorwaardelijke vijandin wordt zoo dat ge ze niet verdragen kunt. Zoo lang't u niet waarachtig ernst is in alles heilig voor Gods aangezicht te wandelen door het geloof in dien dierbaren Jezus die zijn bloed voor u stortte, wien gij toebehoort, voor zoo veel Hij van zijne zijde alles voor u is"²⁴, is die geloof tevergeefs. "Uw doop, uwe godsdienstige voorregten, als: het bezit van Gods woord en de prediking van hetzelfde, uw belijdenis doen en avondmaal vieren, dat alles en nog zoo veel meer zal alsdan tegen u opstaan in het gerigt, uwe verdoemenis verzwaren"²⁵.

Heiligmaking word baie gou beperk tot die agterlaat van 'n paar dinge. Tereg word dronkenskap, hoerery en ontug as onchristelik veroordeel. Die Woord is duidelik daaroor. Mense vergeet so gou van gierigheid, die wortel van alle kwaad, van bedrog en onreg. Hierdie sonde, saam met suinigheid word op die

²³ V.V: " Wie is Een Christen? ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel III (1)*, 11 Januarij 1851,7.

²⁴ *Dies.*, 7.

²⁵ *Dies.*, 8.

lys van verskoonbare sondes geplaas. “Een gierige christen, een vroom man, maar die in zijnen handel woekert, voor zijnen arbeid dubbeld loon afperst, met de ellende en reddeloosheid van anderen zijn voordeel doet, en zoo al meer, is't geen onzin? Wat, kan er grooter godslastering zijn dan zulk slag van lieden christenen te heeten?... Gierigheid; luiheid die den tijd verbeuzelt en doodt door volstreckte ledigheid of nietswaardige praatjes en bedriiven; trotschheid, die waant dat de handen aan het werk te slaan beneden de waardigheid van blanke menschen is; vraatzucht die aan ledigheid gehuwd, maakt dat men weldra van niets anders dan van eten en drinken verstand heeft; leugen en bedrog, door kinderachtige ligtgeloovigheid ondersteund en bevorderd... “²⁶.

Die gelowige en die Christen is in God se Woord dieselfde. Wie homself die naam van Christus noem, moet afstand doen van ongeregtheid. Daar moet besef word dat die luiaard, gierigaard, leuenaar en trotsaard, afskuwelik en verwerplik is in God se oë. Sy uiteindelijke gevolgtrekking is dat hulle in werklikheid nie kan deurgaans as christene nie. Hy sluit dus aan by Beets dat daar goeie vrugte in die Christen se lewe moet wees.

In dieselfde trant is 'n herderlike omsendskrywe oor heiligmaking van die Engelse skrywer James enkele maande later nadruklik aanbeveel is by *De Gereformeerde Kerkbode* se lesers deur dr William Robertson (1805-1879) van Swellendam. 'n Gedeelte word daaruit aangehaal: “Uwe godsdienstigheid moet gezien worden ook door dezulken, die u niet anders kennen dan in uw dagelijksch beroep, en geene gelegenheid hebben u anders te leeren kennen dan in hunne zaken met u. Uwe Godsvrucht moet gedurig voor de hand liggen, om bij alle omstandigheden des levens, en bij de uitoefening van al de werkzaamheden uws beroeps te worden toegepast. Zij moet aan uwe regterhand staan bij iederen koop en verkoop, en bij iedere kontrakmaking: zij moet alle spotbieding en overvraging, alle verschalking en onderkruiping, alle opdringing en afpersing, alle slinksheid en geslepenheid, alle valsche aangifte en sluikerij,

²⁶ *Dies.*, 8.

met een woord, al die bedriegelijke lagen en kunstgrepen voorkomen, die de menschen, waarmede gij handelt, - waren ze hun bekend, - een afkeer van u zouden inboezemen; terwijl zij uw karakter zouden brandmerken met den stempel van: 'hij is een sluiper,' of 'hij is een bedrieger' of hij is een eigenbelangzoeker,' tot alle welke bijnamen geen Christen ooit de minste aanleiding mag geven"²⁷. Dit is ronde woorde en dui op 'n sterk oortuiging wat in *De Gereformeerde Kerkbode* staanplek gekry het. Daarmee is die beklemtoning van 'n heilige lewe, waarom dit van sentrale belang is en hoe om dit te internaliseer, verder gevoer. Uit die artikels wat in *De Gereformeerde Kerkbode* in hierdie verband opgeneem is, dui dit dus dat die persoonlike verantwoordelikheid op die voorgrond gestel word. En dan kan dit nie anders as dat die beskouing oor sonde ter sprake kom nie.

"De zonde is doorgaans klein in hare beginselen" skryf L. gedurende Julie 1851, "maar groot in hare gevolgen. De zonde is eerst een vonkie, dat uit eene, dikwijls zeer geringe, overijling geboren, in het hart smelt, en niet gedempt, niet gebluscht wordende, een vlam wordt, die wijd en zijd gruwelijke verwoestingen aanrigt, die alles verteert"²⁸. As die sonde die hart bemeester het, heers dit soos 'n tiran. "Willen wij geene arme, gierige, onbarmhartige slaven van het geld worden, dan moet wij ons niet overgeven aan eene onbetamelijke spaarzaamheid. Willen wij ons niet tot het verachtelijk woekeren met onze bezittingen verlagen, dan moeten wij alle ongeoorloofde begeerte naar hooge winsten in ons hart verstikken"²⁹. As ons nie die Saligmaker wil verloën deur woorde of dade nie, moet ons onophoudelik waak vir die lafhartige behoefte om mense te behaag.

Die vermaning van die apostel, dat wie dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie, moet diep by elkeen insink sodat 'n mens dit nooit sal vergeet nie. Ons

²⁷ W.R.: "De Beoefening van de godsdienst." *De Gereformeerde Kerkbode, Deel III (13)*, 28 Junij 1851, 205.

²⁸ L.: "Wacht U voor de eerste beginselen der zonde." *De Gereformeerde Kerkbode, Deel III (14)*, 12 Julij 1851, 220.

²⁹ *Dies.*, 221.

hart is baie meer oop vir allerlei sonde as dit vol selfverheffing is. Hoogmoed bring baie tot die noodsaaklikheid van vernedering. In die mens se hart is nog altyd die moontlikheid tot die verkeerde en as dit ontwikkel kan 'n mens tot slegte dinge verval. As 'n mens dit besef, kan jy dan nog op jou goedheid roem? Ons drifte en ons hartstog slaap nooit. In die wêreld is daar baie valstrikke en verleiers. Daar gaan nie 'n dag verby dat daar nie duisende gevare oor ons pad kom nie. "De godzaligheid behoedt den godzalige niet, indien hij van zijne godzaligheid vrijheid ontleend tot zorgeloosheid. Wie het gevaar niet kent, of ligtzinnig veracht, zal in hetzelfde omkomen. Wie met bedrog der zonde spot, zal deszelfs slagtoffer worden"³⁰.

Hoe moet hierdie tweede denklyn oor die heiligmaking teologies gepeil word? Dit is nie te veel gesê om dit in verband met die eties-ireeniese teologie, wat juis rondom 1840-1850 besig was om in die Nederlandse-Hervormende Kerk te ontwikkel, te bring nie. In hierdie teologie word die klem vanaf die algemene religieuse na die persoonlike verskuif. Dit opereer met 'n toepassingstruktuur waarin die individu funksioneer. Die etiese konsekwensies van die heiligmaking word gesien vanuit die verhouding met Christus.

Die Kaapse kerkblad stel egter nog 'n derde oortuiging in verband met die heiligmaking aan die orde. Dit moet vervolgens behandel word.

1.3 "Hier ontbreekt iets aan onze ... kerk"

Heiligmaking word in *De Gereformeerde Kerkbode* gedurende die eerste vier jaar van sy bestaan derdens in verband gebring met 'n herlewing of opwekking. Hierdie betekenisvolle begrip ontbreek by die twee denkrames wat hierbo weergegee is. Die onmiddellike taak is nou om hierdie derde benadering vanuit die bronne aan die woord te stel. In hierdie verband is 'n kenmerkende

³⁰ L: " Wie meent te staan, zie toe dat hij niet valle " *De Gereformeerde Kerkbode, Deel III (19)*, 20 September 1851, 302.

uitgangspunt en oortuiging by diegene wat heiligmaking en herlewing in 'n korrelasie met mekaar gesien het, opgemerk.

Reeds in die inleidingsartikel van die eerste uitgawe van *De Gereformeerde Kerkbode* het ds GWA van der Lingen dit “over dat hetwelk in onze kerk ontbrekt”³¹. Kerklike herstel kan net geskied deur “de opwekking van de Heiligen Geest”³². In hierdie opwekking sal die heiligmaking ook gestalte kry. Dit is min of meer sy lyn van argumentasie.

Dit is 'n insiggewende artikel waarin die stand van sake, soos van der Lingen dit in die breë kerklike lewe waarneem, aangedui word. “Het is de onbeweeglijkheid, de ingenomenheid” by die kerk wat aan die wortel van die probleem van die kerklike lewe lê. Lidmate redeneer dat “wij zijn gedoopt, dus geen heidenen; kerksch, dus niet ongodsdienstig, avondmaalgangers, dus onergerlijk van leven, “Overigens”, so gaan Van der Lingen in hulle trant voort, “volbrengen wij onze pligten naar vermogen, zijn geduldig onder bestraffingen, bidden om versooning en hopen op de tydelijke bewaring en eeuwige gelukzaligheid, welke aan Christenen beloofd is. Wat ontbreekt ons nog?”³³

Vir Van der Lingen het dit te make met 'n ingesteldheid...”de onbeweeglijkheid, de ingenomenheid met de tegenwoordige stand”³⁴... ”de onbekommerdheid, de tevredenheid met een uitwendig Christendom...”³⁵. Dit moet aan hierdie toedrag van sake toegeskryf word dat daar in die N.G. Kerk geen vergelyking getref word “met die heerlijke toestanden, in welke de Kerk van Christus zichtbaar was op aarde, heilig en krachtig in de genade door groote opwekkingen en mededeelingen des Geestes van den Heer...”³⁶ Die gewenste ommekeer, bevind Van der Lingen, lê dus by die werk van die Heilige Gees. “Maar zoo wij

³¹ Van der Lingen: *De Gereformeerde Kerk-Bode*, I(1), 13 Januarij 1849,2.

³² *Dies.*, 8.

³³ Van der Lingen: *De Gereformeerde Kerkbode*, I(1), 13 Januarij 1849,6.

³⁴ *Dies.*, 6.

³⁵ *Dies.*, 7.

³⁶ *Dies.*, 6.

die opwekking door den Heiligen Geest niet verkrijgen, dan zullen alle pogingen tot verbetering mislukken”³⁷.

Van der Lingen teken dus appél by die lesers aan om die ongewensde kerklike situasie in praktyk reg te stel: “de Heer wil dat wij daartoe gezamenlijk in geloof, uit liefde en ijverig bidden in werken zullen,” ³⁸

So teken 'n teologiese en kerklike begrip van die kerk hom in Van der Lingen se analise af. Skaars agt maande later kom “VDM” ook aan die woord oor “Het Kerkelijke Leven”³⁹ “Hier ontbreekt iets,” skryf hy, “aan onze Nederduitsch-Gereformeerde Kerk van Zuid Afrika”⁴⁰. Sy waarneming dien om die lidmate “op te wekken, tot het vurig gebed om de zegen des Heiligen Geesten over onze gemeenten, gelijk tot in het dach, van hetgeen een iegelijk te doen staan ter bevordering van het Koningryk Gods in ons midden!”⁴¹ So word indrukke weergegee, van 'n onbehaaglike situasie, en die uitkoms aangedui.

In 1852 kom daar 'n wending by analyses van die kerklike praktyk en die negatiewe evaluering daarvan. Wanneer M op 6 April 1852 as simboliese gedenkdatum “Onze Roeping”⁴² nagaan, doen hy dit met historiese interpretasie en oorweging. “Wij zijn een volk met ene zuivere Evangelische Kerk en belijdenis gezegend...”⁴³. Hieruit kom die versugting: “Mag dit jaar het eerste van eene nieuwe eeuw in de geschiedenis des lands, in alle opzichten, het begin van een nieuw tijdperk worden – een tijdperk van nieuwe ijver in den dienst van den Heer, van nieuwe inspanningen, ter verkondiging zijns naam onder christenbelijders en heidenen – ja eene nieuwe uitstorting van de gawen des Heiligen Geestes over ons land en deze Kerk!”⁴⁴ In dieselfde uitgawe van die blad skryf M ook oor die

³⁷ *Dies.*, 7.

³⁸ *Dies.*, 8.

³⁹ VDM: “Het Kerkelijke Leven”. *De Gereformeerde Kerkbode*, II(42), 10 Augustus 1850, 255.

⁴⁰ *Dies.*, 255.

⁴¹ *Dies.*, 261.

⁴² M: “Onze Roeping”. *De Gereformeerde Kerkbode*, IV(14), 10 Julij 1852, 209.

⁴³ *Dies.*, 210.

⁴⁴ *Dies.*, 212.

“Werk van de Heilige Geest in de Christen Kerk”⁴⁵. Die kern waarop dit vir hom neerkom is: ”In hem blijvende door het geloof en Hij blijvende in hem door zijnen Geest, worden zij zijne beelde ... en dragen zij al meer en meer vrucht tot eer en verheerlijking van Gods genade”⁴⁶.

Die punt wat hieruit gemaak word is dat die mag en krag van Christus bewonder kan word “in iederen zondaar die door Jezus Christus tot bekering en heiliging des levens is gebragt, en die in de kragt des Heiligen Geestes tot alle Gode welbehagelijk werk bekwaam is geworden”⁴⁷. Daar is dus geen goeie vrugte sonder bekering nie. “Zonder Christus geen Heiligmaking”⁴⁸. Hoewel hierdie derde denkstruktuur teen 1852 nog nie goed ontwikkel was nie, is die grondlyne daarvan heel duidelik. Die klem val hier op die analise van 'n onbehaaglike kerklike praktyk en die regstelling daarvan deur die uitstorting en werk van die Heilige Gees. Die heiligmaking staan direk in verband hiermee, en daarom met Christus.

Samevattend kan gestel word dat alle *Gereformeerde Kerkbodes* tussen 1849 en 1852 blyke gee van ten minste drie teologiese oortuigings met betrekking tot die heiligmaking. Hierdie drie is ingebed in teologiese paradigmas wat grondig van mekaar verskil. Hiermee moet voorlopig volstaan word. Die aandag moet nou verskuif na 'n publikasie van 'n Kaapse predikant in 1851, wie se invloed op die N.G. Kerk groot was.

1.4 'n Kaapse Kinder- Bijbel.

'n Kaapse Kinder-Bijbel stel die saak ook aan die orde. Vir die jong dominee van Burgersdorp, John Murray (1826-1882) was dit 'n eerste prioriteit om vir kinders

⁴⁵ M: “Werk van de Heiligen Geest in de Christen kerk”. *De Gereformeerde Kerkbode*, IV(14), 10 Julij 1852, 222.

⁴⁶ *Dies.*, 223.

⁴⁷ Anoniem: “Zonder Christus geen Heiligmaking”. *De Gereformeerde Kerkbode*, IV(21), 16 October 1852, 332.

⁴⁸ *Dies.*, 333.

die Bybel te verwoord. In 1851 verskyn sy Kaapsche Kinder-Bijbel. “De voornaamste lessen en de fraaiste geschiedenissen, welke wij in den Bijbel lezen, worden in dit boek eenvoudig en duidelik voor u verhaald”⁴⁹. So stel Murray sy bedoeling aan die orde. “U vriend”, so gaan hy voort, “die dit boek voor u geschreven heeft, verlangt dat gij allen Gods Woord moogt leeren liefhebben, dan zult gij God zelf ook liefhebben, en eens zalig worden in den hemel bij den Heere Jezus”⁵⁰. “Kinderen moeten den hemelschen Vader danken” brei Murray hierop uit, “dat Hij den Heere Jezus in de wêreld gezonden heeft, en Hem bidden” gaan hy voort, “dat Hij hun den Heiligen Geest geve. Dien Geest zal God geven om de zonde uit hun hart weg te nemen. Dan zullen zij den Heere Jezus recht liefhebben en door Hem zalig worden”⁵¹. As Murray die Skrif ombuig in 'n kinderbybel het hy 'n sterk ewangeliese motief daarvoor. Sass wys daarop dat hierdie hulpmiddel by die onderrig van kinders 'n vrye vertaling van die bekende Skotse eweknie *Line upon Line* is⁵².

Aan die Kaap het hierdie vertolking op 'n ongekenende wyse inslag gevind en talle herdrukke belewe. Kerkhistories moet die verskyning van hierdie boekwerk gesien word binne die raamwerk van 'n nuwe ontwikkeling met betrekking tot die bediening van die kinders in gemeentes. By die tradisionele “catechesatien” het nou ook die Sondagskool gekom en ook spesiale eredienste gerig op die kinders. Gedagtig aan die sentrale vraag van hierdie studie, is dit van belang om vas te stel wat in hierdie nuwe vertakking van die onderrig van die Woord aan die kinders van die gemeente oor heiligmaking geleer is. Daarom moet die Kaapsche Kinder-Bijbel as 'n basisbron in hierdie verband deeglik nagegaan word. Kinders sou konsepte en oortuiginge in verband met heiligmaking met

⁴⁹ Murray, J: 1851. *Kaapsche Kinder-Bijbel: of, De geschiedenissen des bijbels op de eenvoudigste wijze voorgedragen vooral voor huiselijk gebruik bewerk door een leraar der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*, 2-3.

⁵⁰ *Dies.*, 3.

⁵¹ *Dies.*, 5.

⁵² Sass, F.W: *The influence of the church of Scotland on the Dutch Reformed Church of South Africa*. 183.

hulle saamdra om as volwassenes die karakter van die kerk daarmee te stempel. Wat bring hierdie boek dus aan die lig?

Die *Kinder-Bijbel* fokus op die historiese stof van die Ou en Nuwe Testamente. Dit word as leestof verwerk en in 80 lesse vir die Ou en Nuwe Testament onderskeidelik ingedeel. Die teologiese strekking van elke les word telkens in 'n kort toepassing aan die orde gestel. Hieronder word op voorbeelde in hierdie verband gewys, op so 'n manier dat die teologiese strekking van die *Kinder-Bijbel* daardeur weergegee word. Dit is goed om daarop te let dat dit die mening van John Murray was en nie noodwendig van die hele kerk nie. Hy het juis die *Kinder-Bijbel* geskryf om sekere dinge tuis te bring en te laat posvat.

Wat die Ou Testament betref, bied die les oor die eerste sonde 'n goeie wegspringplek. “De grootse zonde, die de mensch kan doen, is om niet te gelooven wat God zegt, en er gehoorzaam aan wezen. Laat ons ook aan onze ouders gehoorzaam wezen, en vooral nooit begeeren, wat wij niet hebben moeten. Adam en Eva konden te vreden geweest zijn met de menigte van heerlike vruchten in het Paradijs, maar zij begeerden wat verboden was, en daardoor maakten zij zich ongelukkig”⁵³. Dieselfde benadering kom aan die woord in die toepassing van die geskiedenis van Kain en Abel “Als kleine kinderen nie dit alles hooren, moeten zij bidden om een nieuwe hart, zoals Abel had, die God liefhad; en zij moeten oppassen om altoos hunne broeders en zusters lief te hebben, opdat zij niet worden gelijk Kain. Een kind” kom dit dan, “dat gedurig twist maakt, kan misschien nog een moordenaar worden gelijk Kain”⁵⁴. Dit gaan oor morele voorskrifte.

Die geskiedenis van Abraham het 'n mooi verloop en uiteinde. “En God was tevreden, omdat Abraham altijd vast geloofde aan hetgeen God zeide; ook was

⁵³ Murray, J: Kaapsche Kinder-Bijbel:of, De geschiedenissen des bijbels op de eenvoudigste wijze voorgedragen vooral voor huiselijk gebruik bewerk door een leraar der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 16.

⁵⁴ *Dies.*, 19.

Abraham gehoorzaam en deed alles wat God zeide dat hij doen moes... Zo moeten wij ook op God vertrouwen en aan zijn woord gehoor gegeven, opdat wij ook, zoals Abraham, Gods vrienden mogen zijn⁵⁵. Hieruit is dit duidelik dat Abraham as 'n skoolvoorbeeld voorgehou word. Kinders moet met sy gehoorsaamheid assosieer. Dit word nog duideliker onderstreep in dit waarop die verhaal van die offerhande van Isak uitloop: “Abraham had God meer lief dan iets anders, meer dan Izaak. Wij ook moesten zoo doen als Abraham. Kinderen,” so word die brug na die eietyd gebou, “hebben hun speelgoed en hun vader en moeder lief, maar zij moeten God nog meer liefhebben, en nooit stout wezen of slechte dinge doen”⁵⁶. So leer die Bybelse geskiedenis bepaalde lesse. Neem byvoorbeeld ook die slotsom by die optrede van die broers van Josef. “Kinderen! ...Laat ons vooral oppassen voor de drie zonden van Josef broeders: nijd, haat en leugentaal”⁵⁷. Vergelyk ook die aandrang by die kinders om Josef se voorbeeld na te volg. “Als slechte kindere ons verleid tot ondeugd, zoals Potifars vrouwe, Jozef wilde doen, Laat ons spreken gelijk Jozef: ‘Hoe zou ik dan dit zoo een groot kwaad doen, en zondigen teen God?’ Dan zullen wij gelukkig wezen, al zoude iedereen ons haten, want dan zal de groote God onze vriend wezen”⁵⁸.

Uit die verhaal van Josef en die nalatige skinker word ook lering getrek: “Kinderen ... moet dankbaar zijn jegens hunne ouders en vriende en iedereen, die hun weldoet. Zij moeten gaarne weldade bewijsen aan iedereen, van wien zij goeds verkregen hebben”⁵⁹. Kyk ook wat in verband met Josef se weldade aan sy broers opgeteken word: “Al is iemand onvriendelik jegens ons, wij moeten hem liefhebben en hem vriendelik behandel”⁶⁰. Toe Israel nie die beloofde land ter stond wou intrek nie, is die les vir die kindere: “Wij moeten vreezen, om niet dezelfde zonde te doen, welke die kindere Israëls gedaen

⁵⁵ *Dies.*, 32.

⁵⁶ *Dies.*, 39.

⁵⁷ *Dies.*, 54.

⁵⁸ *Dies.*, 57.

⁵⁹ *Dies.*, 61.

⁶⁰ *Dies.*, 73.

heeft. Zij geloofden Gods Woord niet, dat hij hen in Kanaän brengen zoude. Neen, zij waren ongehoorzaam. God heeft ook eene belofte gegeven, dat Hij ons in den hemel brengen wil – en veel betere plaats dan Kanaän. Maar als wij Gods Woord niet geloven en als wij niet doen wat God ons zegt, dan zullen wij verloren gaan; en nooit in den hemel komen. Laat ons bidden dat wij zoo doen mogen als Jozua en Kaleb deden: zij geloofden God en zijn in Kanaän ingegaan. God wil ons zijn Heiligen Geest geven om ons gelovig te maken”⁶¹. Moses het weer die prag en rykdom van Farao verlaat om 'n vriend van God te wees. Kinders moet ook “zoo zachmoedig wezen als Mozes, en altoos God gehoorzaam zijn, dan zullen zij ook naar den hemel gaan, gelijk hij”⁶².

Die verhaal van Achan (Josua 6 en 7) loop ook uit op 'n ernstige vermaning “Laat ons nooit vergeten”, kom dit aan die adres van die kinders, “dat God alles ziet en weet wat wij doen, al weet de mensch er niets van... God weet alles wat wij doen; en als wij voortgaan, om kwaad te doen, zal Hij ons eenmaal vreeseljk staffen. Neen, laat ons liever de zonde van ons wegdoen; dan zal God by ons wonen en ons zegenen, gelijk hij het volk van Israel weer hielp toen de zonde van Achan weggedaan was uit hun midde”⁶³. Hierbenewens kan ook gewys word op die voorbeeld van Josua. Soos hy, moet die kinders van jongs af volhard in die diens van God. Uit die Rigertyd word die kinders weer geleer om nie “ondankbaar en godvergetend”⁶⁴ te leef nie. Ook uit die koningskap van Saul is 'n les te leer: “God heeft ons ook vele geboden gegeven, en beproeft ons gedurig om te zien of wij Hem gehoorzamen willen, dan of wij liever onzen eigen zin willen volgen. Wij moeten altijd en ten volle God gehoorzaam zijn zoals Abraham, niet ongehoorzaam, als Saul”⁶⁵. Ook Dawid wys in hierdie opsig die weg. By die val van Dawid in sonde word die weg ondubbelsinnig uitgestippel. “Als een kind kwaad gedaan heeft, moet het ook bidden, om vergeving en een nieuw hart. Gods Heilige Geest zal ons zulk een hart geven, dat recht beproefd is

⁶¹ *Dies.*, 134-135.

⁶² *Dies.*, 144.

⁶³ *Dies.*, 152.

⁶⁴ *Dies.*, 159.

⁶⁵ *Dies.*, 194.

over de zonde; ook zal de Geest ons leren hoe wij de zonde haten moeten, en alles laten wat zondig is”⁶⁶.

Dieselfde denkstruktuur kom 'n mens ook teë by die behandeling van die profete. In verband met Elia en die profete van Baäl word as 'n gevolgtrekking opgemerk: “Maar het gaat ons ook zoo; God zegent ons met zegen, zoodat er brood en allerlei ander voedsel komt, en toch vergeten wij dikwijls Hem te dienen”⁶⁷. By die optrede van Agab teenoor Nabot is die les dat ons “altoos tevreden zijn met wat wij hebben. Maar dikwijls zijn wij iets dat mooi of lekker is en dan begeren wij dat..... Hoe zondig is het, wanneer een kind begeerig is naar iets wat aan een ander behoort!”⁶⁸

En, toe die bere die kinders wat met Elisa gespot het verskeur? “Welk eene les is dit voor alle kinderen! Zij macten een oude man, of een braven dienaar van God, altijd met eerbied en achting bejegenen. Zij moeten nooit spotten of lasteren met Gods Woord of zijn naam, of zijn volk; anders zullen zij eens in de hel, zien hoe toornig God is op zulke kinderen”⁶⁹. Die opmerking is veelseggend nadat die Ryk van Israel vernietig is: “Wij moeten vreezen voor de zonde, die God zoo haat en straft. Het goede land Kanaän moesten zij verliesen door de zonde; en beter land, namelijk den hemel, zullen wij verliezen, indien wij blijven voortgaan in zonde”⁷⁰. 'n Laaste verwysing kan in verband met die drie vriende van Daniël genoem word, “Alle kinderen moeten zoo wezen als de drie Joodsche jongelingen in Babel... Als andere kinderen leugens vertellen, of lelijke woorden spreken, of hunnen ouders ongehoorzaam zijn, of den Sabbat ontheiligen, dan moeten goede kinderen, die God en den Heere Jezus liefhebben, niet zo doen....wij moeten niets doen, waarvoor God ontevreden kan zijn”⁷¹.

⁶⁶ *Dies.*, 222.

⁶⁷ *Dies.*, 255.

⁶⁸ *Dies.*, 263.

⁶⁹ *Dies.*, 268.

⁷⁰ *Dies.*, 284.

⁷¹ *Dies.*, 295.

Hierbo is redelik breedvoerig uit die *Kinder-Bijbel* aangehaal om aan te dui in welke mate die lering wat uit die Bybelse geskiedenis geput is, op 'n moreel-etiese vlak lê. Kinders word gebind aan dinge wat hulle behoort te doen, gehoorsaamheid aan God, ouers, toewyding, tevredenheid, dankbaarheid, liefde uitstraal, die waarheid praat, ensovoorts. Dan is daar sake waarvan hulle hulle moet onthou; jaloesie, afguns, leuens, ondeug, ongehoorsaamheid, die ontheiliging van die Sabbat... Dit is opvallend dat hierdie sake, wat by die kinders ingedra is, teruggevind word in die artikels en standpunte in verband met die heiliging van die lewe soos dit in *De Gereformeerde Kerkbode* aan die orde gestel is. Dit kan in die vorige paragraaf nagelees word. Bring 'n mens die Kerkbode en die *Kinder-Bijbel* op hierdie punt bymekaar, word 'n bepaalde denkstruktuur rondom die heiliging van die Christelike lewe blootgelê. Die geloof kan nie sonder werke wees nie. Uit die gegewens wat nagegaan is, blyk dat, om dit so uit te druk, die Christologiese relasie tussen die regverdigmaking en heiligmaking, nie duidelik genoeg aan die orde kom nie. Die twee sake word nie geïntegreerd genoeg beskou nie. Daarom lê die klem in beide die *De Gereformeerde Kerkbode* en die *Kinder-Bijbel* op Christelike moraliteit, eerder as op die Christus van die moraal.

Dit word helder geïllustreer deur die feit dat die *Kinder-Bijbel* die Ou Testament nie heilshistories ontsluit nie. Meesal kom die terrein van die moraliteit handig te pas wanneer 'n appèllerende aansluiting gemaak word. Uiteraard is die keuse van die geloof ook vir die *Kinder-Bijbel* van deurslaggewende belang. 'n Evangeliese vertolking kom hierin minstens doelbewus aan die orde. So word aangetoon dat Abraham, Isak en Jakob na 'n Saligmaker uitgesien het. Die Saligmaker het intussen gekom "Als wij" so kom die evangeliese verbondslegging, "tot den Heere Jezus bidden, dat Hij onze zonden vergeven wil, en Hem liefhebben, dan zullen ook wij eers in den hemel bij Hom komen, en daar zullen wij Jozef en alle andere vrome menschen bij Jezus zien aan Gods rechterhand"⁷². "Iedereen, die zoo naar Jezus ziet, en op Hem vertrouwt, en Hem

⁷² *Dies.*, 83.

liefheeft, zal gezond worden. Jezus zal zijne zonden wegnemen, en hem gelukkig maken in den hemel aan zijne rechterhand”⁷³. Die beloning van die geloof is die hemel. “Laat ons den Heere Jezus liefhebben, naar zijne stem alleen hooren, dan zullen wij eens daarboven in den hemel bij Hem gelukkig wezen”⁷⁴. Elkeen wat sy hart verhard deur ongeloof, “en geen gebruik maakt van Christus’ bloed, moet verloren gaan”⁷⁵. Geloof word in verband met die Heilige Gees gebring. “Liewe Kinderen!” word hulle opgeroep by die aanhoor van die geskiedenis van Samuel, “bidt God dat zijn Geest u zulk een hart moge geven als Samuel, dan zult zij de blijdschap van uwe ouders wezen”⁷⁶. Daar word ook gesê: “onze zielen laten waschen in het bloed van Christus. Als Hij ons niet reinigt van alle melaatsheid der zonde, gaan wij verloren”⁷⁷.

Hierdie evangeliese indeling domineer egter nie in die aansluiting van die Ou Testament nie. Tog word dit in verband gebring met die heiliging van die lewe. Die volgende vraag is hoe die Nuwe Testament ontsluit word in die *Kinder-Bijbel*? Hoe word die heiliging aan die orde gestel? Die Nuwe Testament behandel historiese gegewens soos dit in die Evangelies en Handelingte aan die orde kom. En, die ontsluiting is deur en deur evangelies. Anders as by die Ou Testament, lê die klem hier. Telkens is die toepassing eksistensiële: “Kinderen! Als iemand van u in eeuwigheid verloren gaat, is het zijn eigen schuld, omdat hij tot Jezus niet wil komen. Nog houdt Jezus aan, om u zoo vriendelijk te vragen: ‘wilt jy gezond worden?’ Weest gewillig en bidt in het geloof: Hy zal u zeker helpen”⁷⁸. Die bekering en die noodsaak daarvan lê in Murray se versier. “Wij allen hooren Gods Woord” skryf Murray na aanleiding van die gelykenis van die ryk man en Lazarus, “waaruit wij weten kunnen hoe wij zalig kunnen worden. Dat woord verhaalt ons van een hemel en ene hel. Laat ons geloven, en laat ons

⁷³ *Dies.*, 140.

⁷⁴ *Dies.*, 199.

⁷⁵ *Dies.*, 105.

⁷⁶ *Dies.*, 171.

⁷⁷ *Dies.*, 278.

⁷⁸ *Dies.*, 385.

handelen naar het geen God ons zegt in dat Woord.. Laat ons nu elkander vermanen”⁷⁹.

Die les oor Mattheus 19:13-15, waar Jesus die kinders geseën het, illustreer die klem wat in die vertolking van die Nuwe Testament gelê word, die beste. ”Liewe kinderen! Jesus is een kindervriend, die u gaarne gelukkig wil maken. Maar dan moet gij zijn woord liefhebben, en gehoorzaam wezen aan de stem van den herder. Niet een zonde moet zij liefhebben. Bidt dan om zijn Heiligen Geest, om uw hart gewillig te maken, alles te verlaten en Jezus na te volgen. Dan zult gij, als gij opgegroeid zijn, niet alleen in zijne kerk aangenomen worden als ledenmaten van Christus, maar als gij sterft, aangenomen worden in zijn hemel”⁸⁰.

Uit die opmerkings hierbo is dit duidelik dat die *Kinder-Bijbel* met betrekking tot die Nuwe Testament 'n ander oorweging laat voorop staan. Die aansporing en toepassing loop nie in die rigting van moraliteit nie, maar in die rigting van bekering en van navolging van Jesus. Heiligmaking, in die vorm van 'n heilige lewe is wel implisiet hier en daar aanwesig en op hierdie punt is daar 'n aansluiting by die boodskap van die Ou Testament. Samevattend blyk dit dus dat die saak rondom heiligmaking op meer as een manier in die *Kinder-Bijbel* aan die orde gestel word.

Hoewel daar, veral wat die Nuwe Testamentiese gegewens betref in hierdie verband verwysings is na die werk van die Heilige Gees “Laat ons bidden, dat Zijn Geest in ons wone, opdat wij in alles zoo handelen als Jezus gehandeld heeft”⁸¹, lê die kontoere waarbinne die saak verreken word nie uitgesproke in die verlengde van die gereformeerde belydenisskrifte nie. Soos by die drie rigtings in *De Gereformeerde Kerkbode*, beskou ook die *Kinder-Bijbel* heiligmaking op 'n manier wat nie rym met die belydenisskrifte nie

⁷⁹ *Dies.*, 415.

⁸⁰ *Dies.*, 435.

⁸¹ *Dies.*, 495.

1.5 Samevatting

Tot min of meer die einde van 1852 is daar artikels en standpunte in *De Gereformeerde Kerkbode* opgeneem wat ten minste drie teologiese oortuigings met betrekking tot die heiligmaking in en van die lewe poneer. Die eerste, wat onder die opskrif “tot nuttige leden der maatschappij.” behandel is, het vergeleke met die breë benadering en oortuiging van *De Gereformeerde Kerkbode* eintlik slegs op die buite rand gefigureer. Dit beteken dat hierdie standpunt nie 'n hoë profiel by die blad van Faure gehad het nie. In hierdie standpunt is die heiliging of liever die effek van die heiliging as verbetering van die samelewing opgevat. Hieragter lê die oortuigings van die Europese “restourasie” teologie waarin in reaksie op die radikaliteit van die kritiese verligtingsdenke, tog histories en epistoriologies 'n saak vir die Christendom uitgemaak is. Binne die N.G. Kerk is hierdie soort denke veral deur die supranaturaliste gekoester. In Europa is 'n redelike godsdiens of christendom as 'n regstelling aangebied. Teologies is aangedring op 'n benadering wat rekening moes hou met insigte wat rasionalisties versoen kon word. Daarmee is die problematiek van geloof en rede, openbaring en tradisie opnuut in die konteks geplaas en beredeneer. Teologie is 'n aanhangsel van die etiek gemaak. Die supranaturalisme is 'n poging om apologeties tot 'n vergelyk te kom met die verligting. Daarom is die waarde van die historiese Christendom en die Christelike etiek as beskawingskeppende medium voorop gestel.

'n Tweede begrip van die heiligmaking wat in die bladsye van *De Gereformeerde Kerkbode* opgeteken is, het proporsioneel 'n veel groter ruimte gekry. Dit is hierbo uitvoerig weergegee. Die klem lê op die persoonlike toewyding van die gelowige en die aktivering van 'n onberispelike lewe. Onderliggend hieraan is 'n etiese kode wat teruggevoer kan word na 'n skriftuurlike verwysingsraam. Die diepte van die Skriftuurlike verkondiging van totale verdorwenheid word egter vervlugtig. Trouens, 'n saak sou uitgemaak kon word dat hierdie denklyn – “de reiniging van zich zelve..”- die aktualisering van die gangbare Victoriaanse etiese kode vergestalt in die N.G. Kerk. Van die derde lyn wat onderskei is, sal

dit nie sonder meer gesê kan word nie. 'n Kontemporêre ondersoek van die kerklike situasie het allerlei skeefgroei en gebreke aan die lig gebring. Dit moes, so is na die oplossing gewys, deur die werk (selfs uitstorting) van die Heilige Gees reggestel word. Daarna sou die vrugte van die heiligmaking kom.

Wat die *Kaapsche Kinder-Bijbel* betref, is dit duidelik dat die Ou Testamentiese ontsluiting aansluit by die tweede standpunt hierbo. Die evangeliesgesinde vertolking van die Nuwe Testament korreleer meer met die derde denklyn hierbo. Is dit te veel om hierin die ontwikkeling van 'n omvattende teologie, met 'n spesifieke beklemtoning van die heiligmaking te sien? Hoofstuk 2 sal hierop die antwoord gee.

HOOFSTUK 2

HEILIGMAKING AS VERSKANSING TEEN DIE MODERNISERING VAN DIE SAMELEWING: 1853-1858

In die vorige hoofstuk is die kontoere van ten minste drie denkrames met betrekking tot die heiligmaking in veral *De Gereformeerde Kerkbode* nagegetrek. In die hoofstuk is ook daarop gewys dat teologiese voorveronderstellings en uitgangspunte aan hierdie denkrames voorafgaan.

In die tweede hoofstuk word ons speurtog nou verder gevoer. Die primêre bron is steeds *De Gereformeerde Kerkbode* - nou vir die tydperk 1853 tot 1858. Handhaaf die geïdentifiseerde denkrames hulleself? Of sou daarvan van die toneel verdwyn en plek maak vir 'n nuwe oriëntering? In die bladsye hieronder duik 'n paar interessante verassings op.

2.1 Die blootlê van sonde in die gemeenskap.

Vir *De Gereformeerde Kerkbode* het dit belangrik gebly om sy stem deurgaans te laat hoor oor sake, gebeure en gebruike in die kerk en die samelewing, wat hy as sonde gesien het. Dit is aan die kaak gestel, beredeneer en lidmate is gemotiveer om hulle daarvan los te maak. Hoewel dit nie in soveel woorde met die heiligmaking in verband gebring is nie, korreleer dit tog indirek. Dit vorm inderwaarheid die praktyk van wat *De Gereformeerde Kerkbode* onder die heiliging van die lewe verstaan het. Daarom moet hierdie belangrike aspek van die breë korpus van *Kerkbode* – artikels noukeurig nagegaan word.

In hierdie verband vertolk J Foster in Augustus 1853 die tradisionele standpunt goed in sy siening van “De stryd teen die zonde”. “Met welk welgevallen aanschouwen wij niet den tegenstand, welke ten allen tijde geboden is aan verwoestende elementen, verdelgende krijgsbenden, dodelijke peestsiekten,

sluipmoodenaars, zeeroovers, het verscheurend gedierte! Hoe veel moed en geestdrift en kracht heeft men niet besteedt aan het bestrijden van al het plagen! Maar wat hebben wij van ons geslacht te denke, wanneer wij eens overwegen hoe verschoonend men te werk is gegaan met de aartsvijanden van het mensdom, waaruit al dat gebroedsel van onheil voortspruit hetwelk men zoo heftig vervolgt, - hoe men den giftboom aankweekt, terwijl men ijverig de takken afkapt, - hoe dat groot monster, DE ZONDE, gekoesterd en getroeteld wordt!¹

Die probleem wat hy aanstip het te make met die suigrag van die sonde. Mense knoop hiermee uit eie wil allerlei vriendskapsbande aan. Die oortuiging om hierteen die stryd aan te knoop en dit die hoof te bied, ontbreek. Vir *De Gereformeerde Kerkbode* is die praktiese uitdrukking van hierdie vriendskapsbande byvoorbeeld die ontheiliging van die rusdag en die deelname aan kaartspel en danse.

In die uitgawe van 12 Mei 1855 is daar weer 'n artikel "Over de Gierigheid". Volgens Pr, die outeur, is dit waar dat 'n mens maklik die gebreke van 'n ander raaksien, maar dat jy nie van dieselfde sonde in jou eie lewe bewus is nie. So is dit ook met gierigheid. 'n Gierige mens dink nie aan sy daade as sonde nie. Hy sal homself eerder beskou as 'n spaarsamige mens. In die Woord van God word ons hierteenoor herhaaldelik gewaarsku teen gierigheid: "Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees", Hebr 13:5. Gierigheid word dus gelykgestel met ander ernstige sondes. Die Woord sluit 'n gierige uitdruklik uit die Koninkryk van die hemel. Dit is 'n gevaarlike sonde wat in die weg van bekering kom staan. Dit is vir 'n ryk mens moeilik om in die koninkryk van die hemel in te gaan. Gierigheid is verder nadelig vir die tydelike en die ewige geluk van die mens, want dit gaan gepaard met beklemmende bekommernis. Die wat in gedurige onrus leef, kan geen aardse geluk hê nie. Die ryke het nooit genoeg nie en is bekommerd oor hoe hy nog meer bymekaar kan maak.

¹ J.Foster: " De Strijd tegen de zonde ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel V (8)*, 6 Augustus 1853,253.

Hy is altyd bevrees dat hy benadeel of besteel sal word, en hy voel sleg as hy enige verlies ervaar. Gierigheid veroorsaak ook dat jy ander verag². So skets Pr. Die praktiese konsekwensies van gierigheid, maar dit het ook geestelike implikasies.

Die gierigaard is van God verlate, want hy vertrou nie op die Here nie en het reeds sy deel in die aardse en verganklike. Hoe kan hy homself 'n vriend van God noem en 'n erfgenaam van die hemel as hy geen liefde vir die Here het nie en ook nie op Hom vertrou nie? Gevolglik vermaan hy om versigtig vir die gierigheid te wees, jou liever daarop toe lê om die Here met jou aardse besittings te verheerlik. Daarby moet jy egter ook waak teen die verkwisting van geld.

'n Volgende saak wat in die samelewing aan die orde en wat *De Gereformeerde Kerkbode* nie kan goedpraat nie, die gewilde perdewedrenne en gepaardgaande weddenskappe en verwisseling van geld. So veroordeel AC perdewedrenne en sien hy die siekte onder die perde as 'n straf oor hierdie sonde. Die geld wat daar verwed word, is 'n weg van onreg. Dit is vloekgeld. "Is er iemand die het paarderennen een onschuldig vermaak noemt – hij vrage zich ernstig af: "Is dat een onschuldig vermaak, dat altijd gepaard gaat met de grootste ongebondenheid, vooral onder de lagere volksklas – waarvan dronkenschappen de bestendige gezellen zijn – waar het dobbelen door weddenskappen, aan de orde van den dag is?"³ Die vraag is of dit Christelik is om deel te neem aan hierdie soort vermaak? Dit wat lei tot ongebondenheid en dronkenskap en dobbelary? Dit kan nie met die Bybel en die Christelike lewe vereenselwig word nie.

Min of meer in dieselfde tyd sluit "Anoniem" by hierdie denklyn aan. Hy knoop aan by 'n vraag wat voortdurend gevra word: "Is dans sonde? Is kaartspel

² Pr: "Over de Gierigheid ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VII (10)*, 12 Mei 1855,145.

³ AC: "Het Bedehuis der Goddeloosheid". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VII (10)*, 12 Mei 1855,148.

sonde? Is dit onskuldige vermaak om aande met musiek deur te bring en te kuier, 'n glasie drank te neem? Volgens hom is dit nie goeie vrae om te vra nie. Dit is trouens jammer dat mense sulke vrae vra om allerhande soorte ontvlugting te soek. Die vraag wat wel gevra moet word is: "Is jy 'n gekoopte van Jesus? Glo jy in Hom? Het jy Hom bo alles liefgekry? Het jy 'n lus en begeerte om in alleenheid met Hom te verkeer? Hoop jy om saam met Hom te wees?" Waarom soek mense dan na die vermaak van die wêreld. Is dit nie omdat hulle nog sonder Christus is, dat gevra word of hierdie dinge sonde is nie?⁴

E.B. wys weer op "De Gevolgen der Ligtzinnigheid". Ligsinnigheid het, so skryf hy, al baie slagoffers geëis. Die groot voorbeeld is dié van Esau wat sy eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop verruil het. Hy was nie die laaste slagoffer nie. Daar is baie wat hulle voorregte van God verag en hulle lewe is niks anders as 'n herhaling van die woorde "laat ons eet en drink, want môre sterf ons". Hulle lewe net vir die oomblik en die behoeftes van die liggaam.

"Gij, die door uwe geboorte onder de Evangelie-prediking leeft, gij, die door uwe geboorte het voorregt hebt van u te horen verkondigen, dat gij erfgenaam Gods en mede-erfgenaam van Gods eengeboren Zoon, van den eerstgeborene uit de dooden, worden kunt; wat doet gij eigenlijk anders dan Esau, indien gij dit voorregt gering achtende er niet mede woekert, - er eigenlijk afstand van doet ter wille van vleeschelijke lusten, van de begeerlijkheden uws harten, dat hongert naar de spijs die vergaat, in plaats van te hongeren naar de eeuwig blijvende spijs, welke de Zoon des menschen geeft?"⁵

In samehang met ligsinnigheid is "Niets doen ook Zonde" volgend E.D.P. Dat kwaaddoen sonde is, maar dat niksdoen sonde kan wees, wil almal nie glo nie. God het die mens geskape vir arbeid en nie vir ledigheid nie. Selfs die eerste mens het na liggaam en siel gewerk. Die arbeid van die liggaam versterk die godsdiensoefening want by die ware Christen geskied alles wat hy doen tot

⁴ Anoniem: "Is Dat Zonde". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VII (10)*, 12 Mei 1855, 359.

⁵ E.B.: "De Gevolgen Der Ligtzinnigheid". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VIII (8)*, 12 April 1856, 114.

eer van God. Selfs die geringste werk van 'n slaaf – as die slaaf 'n Christen is, word 'n diens aan God. Nie die apostel of die evangelieprediker alleen nie, maar selfs die geringe diensbode en die mees veragte van die wêreld, kan 'n dienaar en dienares van die Here wees.

Ongelukkig is die algemene denkpatroon dat arbeid beskou word as 'n skande in plaas van 'n eer, 'n vloek in plaas van 'n seën. Mense dink dat luiheid net vir die liggaam en die tydelike welsyn nadelig is, maar dit is egter ook skadelik vir die gees. Dit lei tot dofheid van die gees, tot 'n gebrek aan 'n ywer om te lees waardeur die burgers van die land gekenmerk word. Daar is groot waarde daarin om wakker en arbeidsaam te wees⁶.

Die beskouing van wat vir sonde deurgaen en hoe daarteen gestry moet word is onlosmaaklik verbonde aan die verstaan van heiligmaking. So blyk dit ook uit *De Gereformeerde Kerkbode*. Goeie illustrasie materiaal hieroor verskaf 'n artikel van K oor “Het afleggen der zonde” in die uitgawe van 18 Junij 1858. Die mens wil dikwels sy geliefkoosde sondes behou en vertroetel, maar die Here het met die sonde en die mens geen verdraagsaamheid nie⁷. Hy gebied dat jy die oog sal uitruk en die onmisbare hand sal afkap as dit jou tot sonde lei. Hy wil hê dat ons ons onvoorwaardelik en geheel en al aan Hom sal oorgee. Wie sy geliefde sonde wil behou, maak homself ryp vir die oordeel. God wil geen verdeelde hart hê nie – Hy wil alles of niks hê nie. Daar is geen middeweg tussen die goeie en die slegte.

God wil 'n volmaakte heiligheid hê. Daarom wil Hy nie dat die mens in enige kwaad, hoe diep gewortel dit ookal is, moet leef nie. Wie hier met sagtheid te werk wil gaan, of met die sonde wil onderhandel, is verlore, “Wie is hij dan, die

⁶ E.D.P: " Niets Doen is ook Zonde ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VIII (9)*, 26 April 1856, 129.

⁷ Calvyn skryf in sy Institusie “repentance consists of two parts: namely, mortification of flesh and vivification of the spirit.....Therefore, we are very often enjoined to put off the old man, to renounce the world and the flesh, to bid our evil desires farewell, and to be renewed in the spirit of our mind”. McNeill, John T: *Calvin: Institutes of the Christian Religion. Volume I*. 600.

verslaafd is aan eene geheime zonde van wellust, van dronkenschap, van ooploopendheid, van speelzucht, van bedrog, van eerbejag, van hoogmoed, van kwaadsprekendheid, van geveinsdheid, van gierigheid, hij hoore en volge den raad van den Heelmeester, die door zijne heilzame hardheid zuivere wonden maakt, die spoedig heelen. Werpt uwe geheime zonde met geweld en eensklaps weg, rukt uw regteroog uit en kapt uwe regterhand af, omdat zij u ergeren, en gaat liever met pijn in de eeuwige vreugde, dan zonder pijn in de eeuwige pijn⁸.

Wie iets meer liefhet as die Here stel daardie saak in plek van die Here. Wie sy geliefkoosde sonde nie wil verlaat nie, rig vir homself 'n afgod op teenoor die ware God. Hy kan selfs die afgodery met godsdiens probeer bedek want hierdie sonde geskied meesal in die geheim. Die mens kan wel in die openbaar vroom wees en in die verborge sondig. Hierdie gruwel moet jy wegdoen in die krag van die Here. Ook jou liggaam moet gekruisig word met die luste en begeertes en dit gebeur deur jou met Christus te laat kruisig deur in Hom te glo want die geloof in Christus is die enigste oorwinning oor alle sonde⁹.

Dit is 'n heerlike waarheid dat die geloof in Christus as die enigste en algenoegsame Verlosser van die sondaar nie 'n uitvindsel van menslike geleerdheid is nie, maar 'n vrye genade van God. Tog sê Paulus in Phillipense 2:12-13 “werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk.” Met die eerste oogopslag lyk dit of hier 'n teenstrydigheid is. Aan die eenkant word beklemtoon dat die mens sy eie saligheid moet uitwerk. Aan die ander word weer gesê dat God dit moet doen. Alhoewel die twee stellings onverenigbaar lyk, is albei tog waar. Alle dinge rus in God se hande en tog is die mens nie passief nie. Hy is geen onbetrokke toeskouer. Die mens plant die saad en maak dit nat, maar God laat dit groei! Die mens werk ook aan sy saligheid. Hy saai met die saad van die Goddelike woord in sy eie hart en in die hart van 'n

⁸ K: " Het Afleggen der zonde ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel X (13)*, 19 Junij 1858, 198.

⁹ *Dies.*, 198.

ander. Hy arbei in hierdie land van hom met die verstand en die krag wat die Here aan hom gee.

Die gelowige moet homself beskou as 'n rentmeester van God se skatte en hy moet dag en nag besig wees om met hierdie skat te woeker. Die Christen se saligheid is in God vas en seker. Die Here ken syne en niemand sal hulle uit Sy hand ruk nie en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. Dit is die anker van die geloof. Die mens wat deur God geroep word tot saligheid sal gered word. Die gelowige moet hierdie bewustheid van sy saligheid lewendig hou deur in geloof te lewe en te werk. Die Skrif eis dit dat ons ons roeping en verkiesing moet vasmaak. Dit gebeur deur die Christelike lewe te leef. Die mens vir wie dit nie die hoofsaak is nie om op so 'n wyse aan sy saligheid te werk nie, dra die naam van Christus nie in waarheid nie¹⁰.

'n Mens moet dus tot die gevolgtrekking kom dat die aanduiding van “sonde” en die weerstand daarteen by *De Gereformeerde Kerkbode* saamhang met die teologiese begrip heiligmaking. Dit is ook duidelik dat hierdie blad ten opsigte van heiligmaking 'n tipiese antroposentriese klem lê. Hier moet die gelowige mens tot sy reg kom: wys wat in hom steek.

Daar is egter 'n tweede saak in die beduidende sorg wat *De Gereformeerde Kerkbode* hom getroos het met die aanduiding van sonde in kerk en gemeenskap. Dit was die konkrete aanduiding dat daar steeds iets ernstigs gehaper het met die lewe, getuienis en werk van die N.G. Kerk en sy lidmate. Om dit reg te stel is die “toestand” van die Kerk ontleed en aangedring op vernuwing – wat eweneens die vrugte van die heiligmaking sou toon.

¹⁰ M: " Het Werk Gods, en het werk des menschen ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel X (4)*, 13 Februarij 1858, 51-56.

2.2 Toestand van die kerk en die aandrang op vernuwing.

In die eerste hoofstuk is daar reeds op gewys dat daar na 1849 onder 'n aantal predikante van die N.G. Kerk die aandrang om vernuwing en kerkherstel doelbewus tot uitdrukking gekom het. Daarom het hulle die toestand in die N.G. Kerk ontleed.

Daarmee het hulle aangesluit by 'n kenmerkende benadering in die protestantse wêreld. Predikante wat onder die invloed van die Nadere Reformasie, die Puriteine, Piëtiste, 'Evangelical revival', die Reveil en die 'Erweckungsbewegung' was, was gedurig onvergenoegd met die toestand van die gemeentes. In hul bediening van die Kaapse gemeentes was hulle dit gou eens dat gelowiges nie waarlik en daadwerklik hul geloof belewe nie. Meer as die gewone bediening was nodig. Iets buitengewoon moes bykom¹¹.

Die stroom van nuwe denkbeelde, nuwe gewoontes en vermaaklikhede wat Suid-Afrika vanuit Brittanje binnegevloei het, het 'n libertynse lewenswyse, wegbereider vir 'n liberale lewensbeskouing, help bevorder en sou bygedra het om die verontruste predikante na 'n dieper en voller belewenis van die godsdienstige waarhede te laat verlang¹².

Die gemis aan geestelike lewenskrag was bv. vir Ds van der Lingen van die Paarl 'n groot bron van kommer. "In 1851 het hy hom weer geroepe gevoel om waarskuwend sy kerk op die gevaartekens te wys. In 'n ope brief getiteld 'Aan de Leden de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika' praat hy reguit oor die 'Onchristelikhed der Christus Kerk' en gee hy uiting aan sy verontrusting oor die gewoonte- en vormgodsdienst by so baie lidmate"¹³. Hy en sy geesgenote het

¹¹ Brown Willie: 1987. *Dominee Johannes Henoch Neethling Hzn 1851-1904. 'n Yweraar vir Godsvrug*. 55.

¹² Kitshoff, M.C: 1972. *Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen. Kaapse predikant uit die negentiende eeu*, 145.

¹³ *Dies.*, 147.

dus van *De Gereformeerde Kerkbode* gebruik gemaak om hulle kommer uit te spreek. Hierdie blad het heelhartig daarin gedeel.

Waarin is antwoorde gesoek? 'n Enkele artikel, geskryf deur PH het in hierdie verband “iets voor het vasten” te sê gehad. Daar is volgens hom heil in vir die gelowige “om zich met vasten en gebeden tot den Heer der Kerke te wenden, om verlossing van den stroom van zinnelijkheid, vleeschaanbidding en duivelsdienst, waaronder de zogenaamde Christenheid bedolven ligt: een geslacht dat niet uitvaart dan door vasten en bidden”¹⁴. Hierdie weg is nie deur *De Gereformeerde Kerkbode* of deur ander predikante hoog gewaardeer nie. Die oplossing is elders gesoek nl. in 'n herlewing of uitstorting van die Heilige Gees oor die kerk.

In die “Herderlijke Brief” “uit naam der Algemene Kerkvergadering der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika” wat by die Sinode van 1857 opgestel is, word lidmate opgeroep “tot een aanhoudende en ernstige bidden om eene nieuwe uitstorting des Heiligen Geestes”. Teenoor die Gees van ligsinnigheid van hierdie eeu, en teenoor die werklikheid van die kerk “menen(wij) dat de behoefte aan eene uitstorting des Geestes over onze Kerk al meer word gevoeld...”¹⁵. Hierdie pleidooi verteenwoordig 'n nuwe wending in die teologiese nadenke van die N.G. Kerk. In die volgende hoofstuk word hierop terug gekom.

Tot dusver, in paragraaf een hierbo, is 'n samehang tussen die aanwys en bestryding van soveel sondes in Kerk en samelewing aan die een kant, en aan die ander kant, 'n onbehaaglike kerklike lewenspraktyk geïmpliseer. Die “toestand” waarin die kerk hom bevind het, moes reggestel word – deur 'n heilige lewe, of dan die heiligmaking. Dit is 'n tweede geïmpliseerde saak. Selfs in *De Gereformeerde Kerkbode* is hierdie verband nie ingesien of aangedui nie. Vir die kerklike blad het die antwoord in die korrigering van die lewe, of in die uitstorting

¹⁴ P.H: " iets voor het vasten ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel IX (10)*, 9 Mei 1857, 157.

¹⁵ " Herderlijke Brief ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel IX (24)*, 21 November 1857, 397.

van die Heilige Gees gelê. Dit wil natuurlik nie sê dat daar niks oor die heiligmaking geskryf is nie.

2.3 Heiligmaking: die gelowige se werk.

In die uitgawe van *De Gereformeerde Kerkbode* van 6 Augustus 1853 bring 'n anonieme skrywer “onze onvolkomenheid” in verband met die Bybelse opdrag: wees heilig, want Ek is heilig. “De opregte gelovige, “ laat hy hoor, “moet nu geheiligd worden”¹⁶. Dit is 'n opdrag van die Bybel “en de Heilige Geest der heiligmaking is voor hem verworven en steeds verkrijgbaar op het gebed”¹⁷. Vir die onderhawige studie is hierdie kort artikel dus van groot belang. Die heiligmaking word immers hierin direk behandel. Daarom word noukeurig hieraan aandag gegee.

Aanknopingspunt is die praktiese lewe: waarom is daar so min van heiligmaking in die persoonlike lewe te sien? Die vertrekpunt om die heiligmaking uiteen te sit, is die populêre antwoord van Christene op hierdie vraag, naamlik dat heiligheid aan hulle ontbreek omdat hulle in sigself nie instaat is om 'n beter, meer heilige lewenspatroon te vergestalt nie. Hierop fokus die skrywer: “Vraag u toch voor God af: Ben ik niet alreeds zoo heilig als ik begeer te wezen?”¹⁸ Hy draai dus die saak om: die gelowige ontbreek aan die begeerte om meer heilig te wees. Hy gee wel toe dat “de zwakheid” van “uwe vleesch” 'n legitieme rede is. “Maar in de meeste inwendige gevoelens, beginselen, drijfveren, begeerten des harten, welke geheiligd moet worden, en in het uiterlijk doen en laten hetwelk daaruit voortvloeit, hebt gij het nie waarlijk zoo ver al gebragt als gij begeert?”¹⁹ Waarop die skrywer dus sinspeel is dat die gelowige nie heilig lewe nie, omdat hy

¹⁶ Anoniem: " Onze onvolkomenheid ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel V (16)*, 6 Augustus 1853, 253.

¹⁷ *Dies.*, 253.

¹⁸ *Dies.*, 254.

¹⁹ *Dies.*, 254.

“tevrede (ben) met te min van Gods genade”²⁰. Hy kon wel heilig wees “maar had geen grote lust daar toe al te heilig te worden”²¹.

Die gelowige leser word derhalwe met nadruk opgeroep om hierdie houding nie net met ootmoed te erken nie, maar ywer ook “om de beste gaven: werkt uwe zelfstandigheid, want God werkt in uw, laat zijne heiligheid u begeerlijk en liefelijk worden: bidt er om in het geloof: laat uw wandel vooral bewijzen dat uw gebed om heiliging waarlijk zoo gemeend is”²². Vir die skrywer is die heiligmaking afhanklik “van Gods werk in de ziel en van ons werk door het getrouw gebruik der ingezetel middelen der genade”²³. God se werk is “krachtig, alvermogenend, verkrijgbaar voor u: uw werk – is het in waarheid, dat is, gebruikt gij de middelen in waarachtige opregtheid met de wezenlijke meening een heilige te worden – zal onfeilbaar gezegend worden”²⁴.

Hierdie artikel uit 1853 dra dus 'n bepaalde prakties-teologiese stempel. Die onverskilligheid van die gelowige mens, moet omgeswaai word na 'n toegewyde gewilligheid van die gelowige. Die erns en begeerte na heiligheid moet werklik wees. Ongeveer 'n jaar later, in September 1854, duik daar weer 'n ter saaklike artikel in *De Gereformeerde Kerkbode* op. Die keer oor die *Heiligheid en eenheid in de gemeente*, geskryf deur SNH van Zweel. Van Zweel lê 'n klem van sy eie. Die lidmate van die Kerk moet na Christus kom “om als lewende steenen tot een geestelijk huis gebouwd te worden, tot een heilig priesterschap, om geheiligde offeranden op te offeren en in heiligheid en eenheid”²⁵. Hoe onvolkome dit in die praktyk is, skryf Van Zweel, “zoo is het toch het streven daarvan, die volkomenheid te bereiken, voor Gods volk voorhanden, en in zoodanige gemeente zichtbaar, waar een uitverkoren geslacht... een verkregen volk in

²⁰ *Dies.*, 254.

²¹ *Dies.*, 254.

²² *Dies.*, 254.

²³ *Dies.*, 254.

²⁴ *Dies.*, 254.

²⁵ SNH van Zweel: " Heiligheid en eenheid in de gemeente ". *De Gereformeerde Kerkbode*, Deel VI (20), 30 September 1854, 321.

heiligheid en eenheid vergadert word²⁶. Hoe presies oor die heiligheid nagedink moet word, verduidelik Van Zweel egter nie. Hy sluit sy artikel af deur daarop te wys dat werklike eenheid in die gemeente voorafgegaan moet word “met de verkregene heiligheid door Gods Geest...”²⁷

Om tot die gevolgtrekking te kom dat Van Zweel 'n toestand van volkome heiligheid impliseer, is om te veel in sy standpunte te lees. Wel moet die realiteit van 'n heilige lewe, en die vergestaltung daarvan by hom nie onderskat word nie. Uit sy pen het ons 'n gebed wat sy besondere benadering bevestig: “.... Heilig ons barmhartige God..... en geef, dat de waarheid en reinheid des harten met de getuienis des monds, met de vurige liefde, en den wandel zichtbaar, de inwendige heiligheid met de uitwendige geregtigheid gepaard, in ons mogen wonen. Dan zullen wij als onderworpenen door den Heiligen Geest, ander bidden en smeken, regt toegerust zijn, U te loven, te danken en te verheerlijken....”²⁸ Waar talle artikels en bydraes in *De Gereformeerde Kerkbode* die werk van die Heilige Gees in verband met die wedergeboorte, die bekering, die geloof in Christus bring, kom die werk van die Gees by Van Zweel te staan in verband met die heiliging van die lewe.

In sy gebed bid Van Zweel om 'n harmonie tussen “de inwendige heiligheid” en “de uitwendige geregtigheid.” Dat so 'n onderskeiding problematies is, het nie by hom opgekom nie. Aan die einde van 1857 het iemand wel ingegaan op die verband tussen “Regtvaardigmaking” en Heiligmaking²⁹. Sy uiteensetting sou reaksie oproep. Vir die skrywer, wat anoniem bly, moet duidelik tussen regverdigmaking en heiligmaking onderskei word. “Geregtvaardig is de ware Christen, geheiligt wordt hij”³⁰. Die regverdiging is die werk van een oomblik, die heiligmaking dié van 'n hele lewe “Christus voor ons, is onze regtvaardigmaking;

²⁶ *Dies.*, 322.

²⁷ *Dies.*, 322.

²⁸ SNH van Zweel: " Gebed ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VII (11)*, 26 Mei 1855, 168.

²⁹ Anoniem: " Regverdigmaking en Heiligmaking " *De Gereformeerde Kerkbode, Deel IX (24)*, 21 November 1857, 385.

³⁰ *Dies.*, 385.

Christus in ons onze heiligmaking”³¹. God regverdig die mens sonder die toedoen van werke, maar tot sy heiligmaking dra die mens wel by. “De regtvaardigmaaking ontvang hy deur de genade Gods; de heiligmaking deur de kracht Gods”³². Die regverdigmaking is voleindig sodra die mens in Christus glo, terwyl die heiligmaking nooit voleindig word hier op aarde nie.

Hierdie onderskeid dui daarop dat die skrywer aan die gelowige mens 'n bepalende rol en verantwoordelikheid toeskryf ten op sigte van die heiligmaking. Wou hy die wag opstel om te waak by die appèl tot die daadwerklike medewerking aan 'n lewenspraktyk waarin die godvrugtheid vergestalt is? Gee hy hiermee die gronde aan vir die handhawing van die prakties-etiese aksentuering wat so voluit in *De Gereformeerde Kerkbode*, naas die oproep om bekering en aanvaarding van Christus deur die geloof, aan die woord gestel is? Hiermee is die een tradisionele standpunt in die kerk verdedig.

2.4 Christus is ons heiligmaking.

Vier maande later verskyn 'n brief “Keryx aan de Redactie der Kerkbode”³³ waarin hy op hierdie standpunt ingaan. Keryx is oortuig dat die paar opmerkings oor “regtvaardigmaking en heiligmaking” in *De Gereformeerde Kerkbode* van 27 November 1857 bedoel is as 'n antwoord op sy siening van “Regtvaardigmaking” wat hy as 'n opstel enige maande te vore in *Elpis* gepubliseer het³⁴. Omdat dit oor teenoorstaande sienings gaan, stel hy sy oortuigings nou ook vir *De Gereformeerde Kerkbode* leeskring.

³¹ *Dies.*, 385.

³² *Dies.*, 385.

³³ " Keryx aan de Redactie der Kerkbode ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel X (7)*, 27 Maart 1858, 103.

³⁴ *Dies.*, 103.

Keryx dui aan dat “de regtvaardiging... niet alleen eene regterlijke maar ook eene zedelijke handeling van God” is³⁵. Dit geskied “zoowel buiten as in de mensch”³⁶. Die regverdiging is dus “niet alleen eene uitwendige daad des regtens, maar ook eene inwendige gebeurtenis in het lewen des menschen”³⁷. Daarom vind hy dit eensydig om van die regverdiging te praat as iets wat buite die mens plaasvind.

“Vogens de Bijbel,” skryf hy verder, “vloeit de heiligmaking voort uit de regtverdigmaking (Zie Rom vi en vii)”³⁸. Dit word dus 'n “onschriftuurlijke oppervlakkigheid”³⁹ as hierdie twee sake, soos in die opmerkings van 27 November 1857, teenoor mekaar gestel word. Die skrywer sê verder: “God regvaardigt den mensch zonder toedoen van werken, maar Hij heiligt hem niet zonder werken”⁴⁰. Dit noem Keryx “ene Roomsche dwaling.” “Neen,” beklemtoon hy, “zoo waar het is dat Christus niet onze heiligmaking wordt, ten zij Hy in ons wone – zoo waar is het ook dat Hij onze regtvaardigmaking niet worden kan, tenzij Hij in ons worde de hoop der heerlijkheid (Col 1:27)”⁴¹ vir Keryx is Christus dus “alles, ook in de heiligmaking”⁴². “Onze goede werken bewijzen wel onze heiligmaking, maar helpen niet om ons te heiligen”⁴³. Ons heiligmaking is Christus en God heilig ons deur ons in Christus in te lyf en in Hom te groei. Hierdie feit kan dus niks tot sy heiligmaking bydra of doen nie. Net soos in die geval met regverdigmaking. Hy kan slegs “gedwing op nieuw zich aan Christus over geven, in hom dieper worden... geworteld, in Hem al meerder op...wassen – door het geloof”⁴⁴.

³⁵ *Dies.*, 104.

³⁶ *Dies.*, 104.

³⁷ *Dies.*, 104.

³⁸ *Dies.*, 104.

³⁹ *Dies.*, 104.

⁴⁰ *Dies.*, 105.

⁴¹ *Dies.*, 104-105.

⁴² *Dies.*, 105.

⁴³ *Dies.*, 105.

⁴⁴ *Dies.*, 105.

Dit is gevolglik duidelik dat Keryx oor die heiligmaking uit 'n ander denkraam dink. Hier gaan dit om Christus wat ons heiligmaking is. Die goeie werke, die Christelike etiek, die godsvrug, wat die 27 November standpunt in terme van 'n morele appèl wil beveilig en handhaaf deur regverdigmaking en heiligmaking van mekaar te skei, kry in die Keryx stuk 'n ander funksie. Die heiligmaking word immers hier nie op die gelowige mens betrek nie, maar op Christus. Hier kom dus twee standpunte teenoor mekaar te staan. Die vraag is natuurlik hoe dit moontlik is in 'n kerkverband wat hom grond op die Drie Formuliere van Eenheid?

Vir die oomblik moet die saak eers daar gelaat word. In die volgende paragraaf word kortliks ingegaan op wat voornemende lidmate in die katkisasie in verband met die heiligmaking geleer is. Dit was juis in 1857 dat die N.G. Kerk 'n nuwe handboek vir die kategese ontvang het. "Het Catechisatie-Boek", soos hy bekend gestaan het, "komt de ouders te hulp in het volbrenging van dit gebod naamlik die opvoeding in de leering des Heeren"⁴⁵. Die heiligmaking is 'n deel hiervan.

2.5 'n Invloedryke Catechisatie-Boek oor die heiligmaking.

Die opvoeding en onderwys van kinders in die "Heilige Woord", is 'n saak waaraan in die N.G. Kerk algaande na 1824 'n hoë prioriteit toegeken is. De Villiers toon in sy proefskrif oor die kategese in die N.G. Kerk aan dat die saak van die kategetiese onderrig in gemeentes veral in die jare 50 'n nog groter klem ontvang het. In hierdie verband was dit veral ds John Murray en dr William Robertson wat die aangeleentheid by die kerklike vergaderings na vore gebring het⁴⁶.

⁴⁵ " Het Catechisatie-Boek " *De Gereformeerde Kerkbode, Deel IX (23)*, 7 November 1857, 373.

⁴⁶ De Villiers D.W. 1957. *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die Kategese in die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika*. 288.

Dit pas dus in die patroon as F.H. die begin van 1857 aan die ouers skryf: “gij moest waken voor hun heil, gij moest hen God leeren kennen, hen vormen tot Zijne dienst en de vreeze van Zijnen geduchten naam; gi moest hen op den weg des levens leiden en brengen tot het bezet van Zijne erfenis”⁴⁷. Meer nog: “Boezemt hun gedurende hun geheel leven door leering maar vooral door voorbeeld, de gevoelens en de gewoonten van ware heiligmaking in”⁴⁸.

Ds John Murray het sy *Catechisatie-boek over die leer der zaligheid volgens die kortbegrip* van die Heidelbergse Kategismus opgestel. In die voorwoord skryf hy dat “De Kinder-Bijbel... en dergelyk kinderwerken”⁴⁹ ouers in staat gestel het om “hiermee kinderen met de geschiedenissen van Adam, Noach, Abraham, Jozef, Mozes, Samuel, David, Elia en vooral van den Heere Jezus Christus, op eene aangename wijze bekend te maken”⁵⁰. Die *Catechisatie-boek* is bedoel om aan die ouer kinders “voor te dragen wat zij noodzakelijk weten moeten omtrent zulke leerstukken als zonde, genade, verzoening, geloof, rechtvaardigmaking, heiligmaking, wedergeboorte, bekeering, Doop, Avondmaal enz. enz.”⁵¹. Oor hierdie “gewichtigste waarheden des Evangelies”⁵² is daar volgens Murray groot onkunde. Uiteraard is die skrywer daarvan bewus dat “de verstandelijke kennis der waarheid hoewel onmisbaar, toch niet voldoende is om de jeugd tot de zaligheid te leiden”⁵³. Daarom vertrou hy dat die boek nie alleen aan “de verlichting van het verstand, maar ook aan die heiliging van het hart zal bevorderdelyk gemaakt worden”⁵⁴.

Die *Catechisatie Boek* begin met 'n “Algemeen overzicht”⁵⁵. “het eerste Deel” handel oor “des menschen ellendigheid”⁵⁶. Daarna kom “van des menschen

⁴⁷ F.H: “Ouders en kinderen”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel IX (5)*, 28 Februar 1857, 67.

⁴⁸ *Dies.*, 67.

⁴⁹ Murray John. 1914. *Catechisatie-Boek over der leer der Zaligheid volgens het kort begrip. Vooral voor huiselyk gebruik.* vi.

⁵⁰ *Dies.*, vi.

⁵¹ *Dies.*, vii.

⁵² *Dies.*, vii.

⁵³ *Dies.*, ix.

⁵⁴ *Dies.*, ix.

⁵⁵ *Dies.*, 1-4.

verlossing uit zijne ellendigheid”⁵⁷ aan die beurt. Die derde deel behandel “de dankbaarheid, die men God voor de verlossing schuldig is”⁵⁸. Vir die doel van ons ondersoek is die laaste deel van besondere belang omdat “De heiligmaking” hier as 'n afsonderlike les behandel word. Dit is van groot belang om noukeurig in te gaan op Murray se uitleg van die heiligmaking omdat sy *Catechisatie Boek* gou die standaard handboek in die N.G. Kerk geword het.

Hoe sien die *Catechisatie Boek* dan nou die heiligmaking? Hy bring dit tuis onder “het derde deel van ons onderwijs, de leer der dankbaarheid, die wij God schuldig zijn voor de verlossing”⁵⁹. Die dankbare lewe van die Christen is “een leven van gedurige bekeering en goede werke, en vooral een leven van gebed, of in één woord een leven van toenemende heiligmaking”⁶⁰. Hiermee stel Murray sy siening in 'n neutedop. God het welliswaar ons dankbaarheid en goeie werke nie nodig nie “en toch wil Hij ze van ons hebben als de bewijzen van onze kinderlijke gezindheid”⁶¹. God wil deur ons geloof gedank en geprys word. “Niet door onze lippen, maar door de daden van een heilig leven”⁶².

Verder dien die goeie werke om ons “te verzekeren dat ons geloof waardoor wij hopen zalig te worden, niet ingebeeld en valsch, maar oprecht is”⁶³. Die geloof in Christus moet dus “bewezen worden door de vruchten van een nieuwe leven”⁶⁴. Hiervoor dien die goeie werke, of dan 'n heilige lewe, “om onze naaste te stichten en voor Christus te winnen”⁶⁵. Dit is egter nie 'n om't ewe saak nie. Murray waarsku na aanleiding van 1Kor 6:9,10, dat “zij die geen goede werken doen, maar onheilig leven, zullen zelve niet zalig worden, wat zij zich ook verbeelden

⁵⁶ *Dies.*, 5-63.

⁵⁷ *Dies.*, 64-181.

⁵⁸ *Dies.*, 182-224.

⁵⁹ Murray John. 1914. *Catechisatie-Boek over der leer der Zaligheid volgens het kort begrip. Vooral voor huiselijk gebruik.* 183.

⁶⁰ *Dies.*, 183.

⁶¹ *Dies.*, 184.

⁶² *Dies.*, 184.

⁶³ *Dies.*, 185.

⁶⁴ *Dies.*, 185.

⁶⁵ *Dies.*, 185.

van hun geloof of wedergeboorte⁶⁶. Immers “zoo zegt de apostel ook (Hebr 12:14) dat zonder de heiligmaking niemand de Heere zien zal”⁶⁷. Die mens mag homself dus nie vlei met die hoop om deur God se genade salig te word nie, terwyl hy steeds in sonde voortleef nie. “Dat niemand zich geruststelle door te zeggen, dat wij niet door onze eigen goede werken den hemel zullen binnengaan. Dat is waar, maar het is even waar, dat niemand zonder goede werken zalig zal worden. De goede werken zijn onmisbaar, als een bewijs dat ons geloof niet vals, maar oprecht is”⁶⁸.

In die 35ste les behandel Murray “de blijvende onvolkomenheid”⁶⁹. Om te verduidelik hoe dit werk, bring hy die begrippe “rechtvaardigmaking” en “heiligmaking” ter sprake⁷⁰. Trouens, hy onderskei tussen hierdie begrippe, en in hierdie onderskeid kom sy siening van die heiligmaking nog duideliker na vore. “De rechtvaardigmaking”, sê hy, “...is eene daad van God, die in eens geschiedt, wanneer de zondaar in den Heere Jezus gelooft. Dan wordt hij gerechtvaardig, dat is, rechtvaardig verklaard... omdat Jezus voor zijn zonden betaald en geleden heeft”⁷¹.

Met die heiligmaking is dit ietwat anders, skryf Murray “Zij is eene gedurig voortgaande werkzaamheid in de ziel des gelovigen, waarin Gods Heilige geest hun meer en meer vernieuwt en heiligt naar het beeld van Christus”⁷². Dit gebeur deur die Woord, die sakramente en ander middele en gebeur ook nie “met eens en volkomen gelijk de rechtvaardigmaking, maar trapsgewijs”⁷³. Die opregte gelowige gebruik die wet “als een regel, waarnaar zij te leven hebben; want hoemeer zij zich de volkomen heiligheid voorstellen, die God eischt van zijne kinderen, hoe verder zij zullen komen in eene nauwgezette gehoorzaamheid aan

⁶⁶ *Dies.*, 186.

⁶⁷ *Dies.*, 186.

⁶⁸ *Dies.*, 186.

⁶⁹ *Dies.*, 195.

⁷⁰ *Dies.*, 196.

⁷¹ *Dies.*, 196.

⁷² *Dies.*, 197.

⁷³ *Dies.*, 197.

Gods bevelen hoemeer zij gelijkvormig zullen worden aan hun volmaakt voorbeeld, den Heere Jezus”⁷⁴.

Hierdie strewe na meer en meer heiligheid, “ja naar volkomen heiligheid”⁷⁵ beteken tog vir die gelowige dat die saligheid wat hy ontvang nie 'n beloning is vir sy gehoorsaamheid of heiligheid nie. Hy beseef ook dat hy “de kracht tot eene heilige gehoorzaamheid aan Gods geboden niet in zichzehen bezit” maar altyd van Christus sy Hoof moet ontvang⁷⁶. Hierbenewens vorder alle Christene nie ewe ver in “de heiligmaking” nie. Dit het te make met die mate waarin christene hulle verootmoedig en afhanklik stel. Natuurlik sluit dit ook die belydenis van sonde in. Hulle “jaagt een strijdt en grijpt.. naar den prijs der volmaaktheid”⁷⁷.

Gaan 'n mens die res van die *Catechisatie Boek* deur, handhaaf Murray hierdie denklyn oor die heiligmaking. Heiligmaking het te make met 'n proses wat hom in die gelowige se lewe voltrek. Daarin speel die gelowige 'n bepaalde rol. Die vraag is of hy werklik volledig reg laat geskied aan die Heidelbergse Kategismus op die punt van heiligmaking? Het Murray nie die klem verskuif na die gelowige mens se werksaamheid, eerder as om dit soos die Heidelbergse Kategismus op die werksaamheid van Christus in die gelowige mens te plaas nie?

In hierdie verband is daar by Murray verder aansluiting by die benadering oor heiligmaking wat kontemporêr en populêr deur iemand soos J. C. Ryle verwoord is. In sy wydgelese boek *Holiness* blyk dit duidelik dat Ryle ook die aksent op die effektuering van die heiligmaking in en deur die gelowige in sy lewe plaas. Heiligmaking, skryf hy, is “'n Geloof wat geen heiligende invloed op die karakter het nie, is nie beter as die geloof van duiwels nie. Dit is 'n dooie geloof.....heiligmaking is dus die gevolg van die wedergeboorte...Daar is geen heiligmaking sonder wedergeboorte en waar daar geen heilige lewe is, is daar

⁷⁴ *Dies.*, 198.

⁷⁵ *Dies.*, 198.

⁷⁶ *Dies.*, 198.

⁷⁷ *Dies.*, 199.

ook geen wedergeboorte”⁷⁸. Hierby voeg Ryle nog sy oortuiging dat die heiligmaking “die enigste sekere bewys is van die inwoning van die Heilige Gees wat essensieel vir verlossing is. Hy maak altyd sy teenwoordigheid bekend deur die vrug wat Hy in die hart, karakter en lewe voortbring”⁷⁹. “Heiligmaking” is, trek hy die konsekwensie van sy standpunt, “die enigste merk van God se uitverkiesing”⁸⁰. Daarom is dit iets waaroor die gelowige verantwoordelikheid in sy lewe moet neem. In hierdie verband, skryf Ryle, is “die ywerige gebruik van die Bybel, gebed, die nagmaal en die onderlinge samekomste van deurslaggewende belang”⁸¹.

Met hierdie opmerkings oor die *Catechisatie Boek* van John Murray is aan die einde gekom van hoofstuk 2.

2.6 Samevatting.

Die blootlê wat *De Gereformeerde Kerkbode* gesien het as sonde in en van die gemeenskap en N.G. Kerk het na 1853 steeds 'n belangrike lyn gebly. Daaroor is steeds geskryf. Die strekking van hierdie artikels was om die gelowige lidmaat te aktiveer tot 'n daadwerklike uitleef en vergestaltung van die geloof. So kom die geloof in die gelowige mens tot sy reg in 'n samelewing waarin 'n verskuiwing weg van die Skriftuurlike eis van 'n nougesette en heilige lewenspraktyk na 'n libertynse en vrysinnige benadering. Die blootlê van sonde het ons nie net te make gehad met die oproep tot regstelling nie, maar ook met die walgooi teen 'n ongewensde modernistiese ontwikkeling in die samelewing.

Gevolgtik moet die klem op heiligmaking ook gesien word as 'n poging tot verskansing teen die modernisering of vernuwing van die samelewing. Aan die anderkant is heiligmaking tog ook in verband met die kommerwekkende toestand van die Kerk sowel as die aandrang op vernuwing gebring. Soos aangedui in

⁷⁸ Ryle, J.C: *Holiness*, 15.

⁷⁹ *Dies.*, 15.

⁸⁰ *Dies.*, 15.

⁸¹ *Dies.*, 16.

paragraaf 2 is die toestand van die kerk bespreek. Die antwoord op die negatiewe bevinding is gesoek in iets buitengewoons wat die probleem daadwerklik moes aanspreek. Daarom is gewys op herlewing en is begin om die antwoord te soek in die gebed om die uitstorting van die Heilige Gees. Hierin sou die daadwerklike beleving van die geloof weer teruggevind word – en uitmond in 'n heilige lewe.

Hierdie twee onderliggende motiewe is gevolglik geïdentifiseer in die artikels wat *De Gereformeerde Kerkbode* in verband met heiligmaking en die prakties-teologiese appèl daarop gepubliseer het. Dit is waarskynlik ook die rede waarom die heiligmaking so sterk verreken is in terme van die gelowige se werk (die gelowige mens speel hierin 'n deurslaggewende rol) en dan, daarna of daarnaas, God se werk. Die klem bly op die effek daarvan in die gelowige se lewe. Heiligmaking word gevolglik gesien as 'n belangrike bewys van geloof in die inwoning van die Heilige Gees. Daarom word die regverdigmaking in der waarheid van die heiligmaking geskei.

HOOFSTUK 3

STIGTING VAN TEOLOGIESE SEMINARIUM EN HERLEWINGS: 1859-1864

Gedurende die vyf jaar tussen 1859 en 1864 het die N.G. Kerk gebeure beleef wat sy geskiedenis diepgaande sou beïnvloed. Op 1 November 1859 het die Teologiese Seminarium op Stellenbosch sy deure geopen. Voortaan sou die N.G. Kerk sy eie opleiding waarneem. Tweedens het die kerk verstrengel geraak in 'n stryd om die waarheid van die ortodokse leer. Dit het bekend geword as die liberale stryd in die N.G. Kerk.

Derdens het die N.G. Kerk in die vroeë jare sestig 'n herlewing van die geloof beleef. Dit het leidinggewende predikante geboei en die teologie van die kerk diepgaande beïnvloed. Die derde hoofstuk vertel dus die verhaal van 'n belangwekkende wending wat daar in hierdie begrip gekom het.

3.1 Die klem op die beslissing van die geloof.

Die oproep wat die Ring van Swellendam in 1856 in *De Gereformeerde Kerkbode* aan die kerkverband gestel het, was gedagtegoed wat in die jare daarna steeds na vore gekom het. Die Ring was naamlik diep bekommerd oor die toestand van die Kerk en het aangedring op geestelike selfondersoek. Om hierdie selfondersoek te begelei, is 'n analise van die toestand van die kerk en sy lidmate gemaak. “Men laat zich in onze dagen” so kla die Ring, “verbazend medeslepen door den stroom des tijds, door den geest dezer eeuw, en naardien de wereld steeds boozter wordt en voor haren ondergang rijpt, zoo wordt ook meer en meer het Christendom van velen openbaar, naam christendom te wezen. Men verzuimt te veel het biddend lezen der Heilige Schrift, men is te onverschillig vaak omtrent de prediking van Gods Woord ... Men beperkt de heiliging van Gods dag tot op een paar uren kerkgaan in den voormiddag, terwijl velen zich om de namiddag Godsdienst weinig bekommeren.

Doop en Avondmaal is bij velen sleur en gewoonte – belijdenis en lidmaatschap, mode en pligt”¹. Die Ring maak gevolglik 'n onderskeid. Die ongelowige ken nie die Here nie en het geen eerbied vir die Woord van God nie. Die werklike gelowige, vir wie die saak van die Here erns is, volg 'n ander benadering, en het 'n ander lewenstyl.

“Hij alleen kan gezegd worden God te kennen – hij die naar Gods Woord leerde vragen, dat Woord gelooft en voor hetzelfde in ootmoed buigt; hij alleen, die in den gebede met God leerde verkeer, in het gebed geene slaafsche dienst of taak meer kent, maar genot, zaligheid voor zijne ziel daarin leerde smaken; hij die door de genade Gods leerde zeggen: ‘In uwe wet, o God! Is al mijne vermaak’”². Wat hier in woorde uitgedruk word, is vergestaltung van 'n lewe waarin nie almal deel nie. Die klem lê dus hier op 'n veronderstelde heilige lewe.

In die bestudering van *De Gereformeerde Kerkbode* is dikwels op hierdie argumentasie afgekom. In die vorige hoofstukke is daarop gewys. Die tydperk van ondersoek wat gedek is, bereik nou 'n dekade, sodat voorlopig gevra kan word na die teologiese verwysingsraam waardeur hierdie aandrang begryp moet word. In hierdie verband moet op die Reveil as 'n invloedryke verskynsel gewys word. "Die Reveil het vroeg in die 19e eeu in Switserland ontstaan en het gou na die ander lande in Europa uitgebrei. Hanekom stel die kenmerkende karaktertrekke van hierdie beweging soos volg: Dit wou in die eerste plek wees 'n herlewing, ontwaking van geestelike lewe teenoor doodsheid op godsdienstige gebied. Vandaar ook sy metodistiese inslag, die nadruk op die subjektiewe ervaring (bevinding) en op sekere kenmerkende waarhede, die sogenaamde fundamentele gedagtes van die Christendom; vandaar ook sy voorkeur vir konventikels en die voorliefde vir vereniginge om te vergoed wat die kerk aan

¹ J.J. Brink, W. Robertson: " Opwekking ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel VIII (5)*, 1 Maart 1856, 75.

² *Dies.*, 72.

geestelike lewe ontbreek."³ As 'n beweging het dit groot invloed uitgeoefen op predikante van die N.G. Kerk. Uit die klem wat in artikels wat die toestand van die kerk geanalyseer het, is die uitgangspunte van hierdie beweging duidelik. Dit is kontekstueel verwerk en aangepas.

Iets hiervan kom na vore in die artikel van N. oor "de ontwaking des zondaars" wat *De Gereformeerde Kerkbode* op 26 Februarie 1859 publiseer. Hierin beklemtoon die skrywer dat geen geestelike selfondersoek moet gaan oor wat vroeër ondervind is nie, maar hom eerder moet toespits op wat daaglik, in die praktyk van die lewe aan die gebeur is. Die waaragtige bekering, skryf hy, is "eene levenslange overgawe des harten aan de dienst des Heeren"⁴. Dit beteken dan dat "de toeleg uwe lerens voor den mensch, en de werkzaamheid uwer ziel voor God dit bewijzen"⁵. Die vrugte van alle ervaringe moet gesien word in "eene godzaligen wandel"⁶. *De Gereformeerde Kerkbode* het dikwels ook in soortgelyke artikels sy lesers opgeroep om hulle roeping en uitverkiesing vas te maak. Dit moet "door uwe werken"⁷ getoon word. "Eene levende verhouding met Christus door een heilig en heiligmakende geloof, moet," skryf Een Berëer in Januarie 1860, "naar den aard der zaak enige goede hoop op verzekering van persoonlike behoud voorafgaan"⁸.

So kom daar gevolglik 'n aksent op die heilige lewe van die Christen wat ooreenkom met 'n belangrike uitgangspunt van die Reveil. Geloof as sodanig word op 'n bepaalde manier verstaan. "Het geloof", verduidelik W op 'n keer, "dat de beloften verkrijgt, wordt in het Evangelie voorgesteld als eene kracht, die de Almachtige in den menschlijken, door het stof beligchaam den geest werkt, welke

³ Grobler Hendrik Michael: 1997. *Die Stellenbosche Hoogleraar Adriaan Morrees: Sy lewe, arbeid en invloed in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis*.103.

⁴ N: "De ontwaking des zondaars ". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI (5)*, 26 Februari 1859,68.

⁵ *Dies.*, 68.

⁶ *Dies.*, 68.

⁷ Een Berëer: "Het waarachtig Licht". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XII (2)*, 28 Januari 1860,23.

⁸ *Dies.*, 23.

maakt, dat zij door het voorhangsel in de geestelijke wêreld de onzichtbare en eeuwig dinge aanschouwt”⁹. Die geloof is “de innerlijke verzekering van het Christendom, eene voortgaande openbaring, altijd een nieuw en even krachtig door alle eeuwen heen, die sedert de vleeschwording des Zoons Gods verlopen zijn, en noch verlopen zullen; een stroom die onmiddellijk van God in de geloovige ziel zich uitstort”¹⁰. Hierdie omskrywing van “het geloof” spreek eintlik boekdele. Dit kom ooreen met wat in die kring van die Reveil oor die geloof daarop nagehou is. Daar is 'n duidelike subjektiewe kant hieraan wat 'n geaktiveerde lidmaat veronderstel. Daar word by die gelowige aangedring om Christus vas te gryp, om Hom geheel en al in die persoonlike lewe te laat heers.

Van belang vir hierdie studie is dat die heiligmaking dus ook by hierdie subjektiewe begrip van die geloof betrek word. Hierdie saak sal verder in die studie meer aandag ontvang. Wat nou eers ons aandag verdien, is die voortgaande belangstelling van *De Gereformeerde Kerkbode* in berigte van herlewings. Herlewings is gesien as 'n effektiewe metode om die kerk weer te herstel. Hieraan is die heiligmaking ook gekoppel.

3.2 Herlewings word voortgaande bekendgestel.

Dit is opvallend dat *De Gereformeerde Kerkbode* opwekkings en herlewings in die buiteland voortgaande bekend gestel het. Die een berig na die ander is opgeneem. Sonder uitsondering staan hierdie berigte in verband met gebeure in die Anglo-saksiese kerklike wêreld, veral Noord-Amerika en Brittanje. Hierdie verslae is nie in die Kaapse kerkblad om dowe neute opgeneem nie. Dit is met die oog op die toestand van die N.G. Kerk gedoen.

'n Goeie voorbeeld in hierdie verband is die “opwekking” in Ierland waaroor *De Gereformeerde Kerkbode* van 8 Oktober 1859 verslag doen. Allereers word

⁹ W: “Het wezen des Christelijken geloofs”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XII (19)*, 22 September 1860, 296.

¹⁰ *Dies.*, 296.

bevestig dat die herlewing eg was. Daarom is daar nie slegs rede vir blydschap vir die baie siele wat tot bekering gekom het nie, maar ook 'n duidelike bewys van die waarheid van die christendom¹¹. In 'n toestand van vrede en blydschap, het mense diep onder die besef van die heil en verlossing in Christus gekom. Dit alles het plaasgevind sonder 'n predikant of die lees van die Woord¹².

Die herlewing was gekenmerk, besluit die artikel, deur “1, een diep gevoel van zonde; 2, eene opmerkenswaardige liefde tot het gebed; 3, een vrede, eene vreugde, diep en blijvend; en eindelijk, een zedelijk leven, in overeenstemming met de christelijke belijdenis... Er is geene bijzondere neiging naar deze of gene sekte, - geene zijde-punten van beschouwing, - geene schaduw van eenen partijgeest. Zonde, vergewing, zegen in den Heere Jezus, - dit was de geheele theologie der nieuwe-bekeerden”¹³. In die berig word die herlewing en 'n heilige lewe dus verbind. Die herlewing word aangewend as 'n bewys vir die waarheid van die christelike geloof. Laasgenoemde moet begryp word in die lig van die liberale teologie wat 'n ander begrip van die geloof en die Christelike kerk daarop nagehou het. Hierin kan 'n mens alreeds sien waarom die berigte oor herlewings so belangrik was en waarom *De Gereformeerde Kerkbode* soveel aandag daaraan gegee het.

Min of meer dieselfde struktuur van argumentasie kom 'n mens teë in *De Gereformeerde Kerkbode* se evaluering van die groot herlewing in Amerika. Dit het inderdaad prominensie in die Christelike pers gekry.

In die herlewing in Amerika¹⁴ was daar die afwesigheid van buitensporighede wat so kenmerkend was van sulke bewegings in Amerika. 'n Groot mate van erns en

¹¹ Anoniem: "De Godsdienstige Opwekking in Ierland". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI(21)*, 8 Oktober 1859, 326.

¹² *Dies.*, 327.

¹³ *Dies.*, 327.

¹⁴ "The population of the United States was approximately thirty million in 1860, of the United Kingdom slightly less. It has been shown that about a million new converts were added to the

besadigheid het geheers. Van stad tot stad gaan dit voort. Orals het mense, skryf *De Gereformeerde Kerkbode*, oor die godsdien begin praat. Baie het uit die bidure gekom en dan vir hulle leraars gaan vra om vir hulle die weg van saligheid aan te wys "Velen die bekommerd worden over hunne zonden, vinden ook (gelijk zij vertrouwen) den vrede en de blijdschap des geloofs. Dronkaards, dobbelaars, en andere ergelijke zondaars verlaten de paden der zonde. Zoo algemeen is de ontwaking, dat bedestonden gehouden worden zelfs onder de passagiers op de stoomboten. Zelfs onder de leden van den Wetgevenden Raad van Nieuw York vindt men een bedestond"¹⁵.

Ter staving dat hierdie 'n werk van die Here is word die volgende vir oorweging voorgelê:

1. Slegs middele wat ooreenkom met die Skrif word gebruik. Die gebed, opwekkingstoesprake en prediking uit die Woord word gebruik.
2. Die gevolge kom ooreen met die vrugte van die uitstorting van die Heilige Gees. Daar is 'n erns onder die mense. Daar is 'n toeganklikheid onder alle klasse. Mense het uit hulle slaap wakker geword en hulle het besef dat hulle 'n bloot uiterlike sedelikheid gekoester het.
3. Dit is merkwaardig dat die werk begin het en voortgegaan het sonder 'n prominente persoon. God self was die aanvoerder van sy volk.
4. Daar was ook nie 'n eensydige verkondiging van een tema nie, soos in vorige bewegings die geval was nie. Christus was die middelpunt en alle aandag was op Hom gevestig¹⁶.

S.D. Alexander sê verder: "De gevolgen der herleving, wat onzen ring betreft, zijn kenbaar genoeg om de aandacht te trekken. Uit de drie-en-twintig gemeenten in ons ressort zijn er slechts twee, die van geen vooruitgang in de godsdienst melding maken. In sommigen zijn de teekenen er van bijzonder zichtbaar... Eene

Churches of each country during the scope of the 1858-59 Awakening". Orr, Edwin. J: 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*. 73.

¹⁵ S.D. Alexander: "Opwekking in Amerika". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel X (16)*, 31 Julij 1858, 252.

¹⁶ *Dies.*, 253.

sterke vermeerdering in de opkomst bij alle godsdienstoefeningen. Meer verlangen om persoonlik onderrigt te worden omtrent den weg der zaligheid. Eene gereedheid om alle toevlugten der leugenen te verlaten en met aandrang en ernst een deel aan Christus te zoeken. Dit bemerkt men bij velen, die onberispelik geleefd hadden naar het uiterlijke, bij degenen die lang voor ernstigdenkende menschen gehouden waren, bij openbare goddeloozen”¹⁷.

Ook in hierdie berig is die klem op die gevolge van die herlewing duidelik: 'n geheiligde lewe. Die egtheid van die opwekking kom na vore in die vrugte daarvan in die praktyk van die daaglikse lewe.

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees waarom herlewing in die N.G. Kerk se geleedere aangegryp sou word as 'n uiters suksesvolle metode om die sorgwekkende toestand waarin die N.G. Kerk homself bevind het, reg te stel. Herlewings sou ook aangewend word ter wille van die heiligmaking.

3.3 Die pleidooi vir herlewing in Suid-Afrika.

O.G Heldring¹⁸ vra in 1859 wat verhinder dat die herlewing wat in Amerika plaasvind ook in Suid-Afrika kan plaasvind? Hy het kennelik die herlewing in Amerika positief geëvalueer en ten opsigte van die N.G. Kerk vier sake uitgelig.

1. Ten eerste, beklemtoon hy dat die kerk 'n wonderlike skat het in die belydenisskrifte. Dit is die anker om te verseker dat die kerk nie in allerlei radikale standpunte verstringel sou raak nie.

¹⁷ *Dies.*, 254.

¹⁸ Ottho Gerhard Heldring was baie betrokke by die reveil beweging. "Met het reveil is Heldring omstreeks 1840 in aanraking gekomen. Dat dit toen pas plaastvond, lag aan het feit dat Heldring zijn bekering niet eerder dan in 1839 publiek gemaakt heeft, nl. in de door hem uitgegeven legende *De nimmer rustende Israëliet tot rust gekomen*. Terugziende heeft Heldring dit verzuim uit hoogmoed verklaard. Dat gaat terug op zijn levensverandering van supranaturalistisch naar geref. piëtist, tegen het einde van de jaren '30" Nauta, D. Red. 1988. *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme. Deel 3*,172

2. Die opwekking in Amerika was nie gekoppel aan persone of besondere kerkgenootskappe nie. Dit was vry van kerkisme en gekenmerk deur 'n gees van verdraagsaamheid. Alle predikante het 'n egte samehorigheid beleef. Dit was in alle opsigte 'n regsinnige herlewing waarin balans na vore gekom het.
3. Daar was derdens 'n diepte en opregte besef van sonde en skuld. Die nood van die tyd het die kerk in Amerika gedwing tot skuldbelydenis. As alle tug van leer en sedes wegsterf, dan bly daar min oor. "De wijde poort en de breede weg is geopend in het midden der kerk, en waar is de diepte der eigene schulderkentenis"¹⁹.
4. Die vierde saak is dat elkeen sy weg moet regmaak. Die verkondiging van vergewing is verbonde aan die bekering. Aan die vergiffenis is die gawe van die Heilige Gees gekoppel.

Al vier hierdie punte maak hy van toepassing op die N.G. Kerk. Hierdie kerk is in 'n uitnemende sin gereed vir 'n herlewing wat met integriteit die kerk se geestelike lewe sou verdiep en verruim. Daarmee het nog 'n stimulus vir die hoop op 'n herlewing in die N.G. Kerk hom gevoeg by 'n aandrang wat rondom 1859 al sterker begin leef het.

Uiteraard het dit gepaard gegaan met die behandeling van gebed, wat 'n belangrike tema vir *De Gereformeerde Kerkbode* geword het. Soos so dikwels word in die uitgawe van 30 Julie 1859 met oortuiging weer beklemtoon dat daar onmeetlike krag in verenigde gebed is. "Het wordt gezegd, dat er een soort van almacht in het gebed bestaat. Het gebed is als een ladder, waar langs wij opstijgen tot den genade-troon; als een keten waardoor wij gebonden worden aan het oor en hart van den vaderlijken weldoener omhoog, als een sleutel, die de schatten van het paradijs ontsluit, en de vensters des hemels opent. En indien

¹⁹ Heldring, O.G: "De Opwekking in Noord-Amerika" *Elpis, Deel III. No.2*, 1859.124.

het gebed zoo krachtig is in de ondervinding van den enkelen mensch, zoo laat het zich veronderstellen, dat een bijzondere zegen rusten zal op het vereenigd gebed"²⁰. Hierdie siening word gegrond op die bekende belofte van die Here, naamlik dat, waar 2 of 3 in Sy Naam vergader, daar sal Hy in hulle midde wees. Daar is dus groot seën in verenigde gebed.

In die ywer vir gebed, skryf die blad 'n paar maande later, lê die ware geheim vir uitnemende godsvrug²¹. "Er is ongetwijfeld een zeer groot onderscheid tusschen ware Christenen, - eene groote ruimte tusschen de voorhoede en achterhoede in het leger des Heeren. Allen strijden denzelfden goeden strijd; - maar hoe veel meer dapperheid betoont de een dan de ander! Zij werken allen het werk des Heeren; - maar hoe veel meer werken sommigen dan anderen! Zij zijn allen licht in den Heer; - maar met hoe veel helderheid schittert de een boven den ander!"²²

Daar is dus baie onder die volk van die Here wat nooit groei na hulle bekering nie. Jaar na jaar is daar dieselfde boesemsonde en word dieselfde verhale vertel. Daar is 'n groot gebrek aan geestelike honger. Daar is 'n voortdurende weersin teen vaste spys. Hulle is wat hulle nog steeds tien jaar terug was. Gebed, waarin soveel krag verskuil lê, is die middel wat hierin die ommekeer kan bring. Gebed, en die werk van die Heilige Gees. Op hierdie punt is die verband tussen gebed en die Heilige Gees deur leidinggewende predikante in die N.G. Kerk verstaan as 'n gebed om die uitstorting van die Heilige Gees oor Suid-Afrika. Dit beteken dat gebed, die uitstorting van die Heilige Gees, herlewing en heiligmaking teologies en ekklesiologies met mekaar verbind is. Dit het 'n bepaalde dryfveer geword in die N.G. Kerk. Vir ons studie is dit uiteraard belangrik om dit te verreken. Veral ook omdat dit gesien is as 'n antwoord aan die vraagstelling van die liberale teologie.

²⁰ S.A.: "De Kracht van het Vereenigd Gebed". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI(16)*, 30 Julij 1859, 252.

²¹ Anoniem: "Bidt Gij?". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI(21)*, 8 Oktober 1859, 321.

²² *Dies.*, 321.

3.4 Die uitstorting van die Heilige Gees.

Dit moet nie uit die oog verloor word dat die aandrang op herlewing veel wyer as net die N.G. Kerk voorgekom het. In ander kerke is net soveel voorbrand daarvoor gemaak. Tiperend van hierdie ekumeniese singewing is die brief van die Z.A. Evangeliese Verbond “aan de evangelie-dienaren van alle genootschappen in Zuid-Afrika,” geskryf deur die bejaarde Abraham Faure in *De Gereformeerde Kerkbode* van 13 Augustus 1859. Met die verwysing na die opwekking in Amerika, meen die Verbond dat die tyd ryp is vir 'n opwekking in Suid-Afrika. Daarom maak hy voorstelle en tref hy maatreëls “berekend om met 's Heeren zegen eene dergelijke genadige besoeking van den Heiligen Geest op de kerken en het volk van dit land te doen nederdalen”²³. Die gawe van die Heilige Gees, skryf Faure, is beloof as 'n antwoord op gebed. Daarom moet daarvoor gebed word. Daar word voorgestel, “dat eene reeks van preken gedaan worde op achtereenvolgende Zondagen, op elke plaats van openbare godsdienst, behoorende aan ieder kerkgenootschap van Christenen in deze kolonie, over de goddelijke personaliteit, de ambten en het werk van den Heiligen Geest, door de Christenen in het algemeen op te wekken tot het besef van de noodzakelijkheid, om Bijbelsche inzichten te hebben over het deel dat de Heilige Geest neemt en handhaaft in de zaligheid van den mensch, doch meer bijzonder van de groote behoefte, die er tegenwoordig bestaat aan het ernstig gebed, in het eenzame en in het openbaar, om eene algemeene uitstorting van de invloeden des Heiligen Geeste op de zielen van enkele christenen, op de gemeenten in welke zij aanbidden, op de belijdende kerk van Christus, en op de Mahomedaansche en Heidensche stammen rondom en buiten hen”²⁴. Dit moet gedurende September²⁵ gedoen word.

²³ A. Faure. “Z.A. Evangelisch Verbond”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI(18)*, 13 Augustus, 1859. 267.

²⁴ A. Faure. “Z.A. Evangelisch Verbond”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI(18)*, 13 Augustus, 1859. 267.

²⁵ *Dies.*, 267.

In 1859 is 'n belangrike brief deur verskeie predikante onderteken, gerig aan die Christendom in Suid-Afrika.

"Aan de Christenheid van Zuid-Afrika.

Geliefden! - Reeds sinds geruimen tijd komen tot ons, vooral van uit Nood-Amerika, de verblijdendste berigten over. Onder onmiskenbare teekenen wordt de Heilige Geest aldaar over duizenden uitgestort. De verbazendste omkeeringen zijn er gebeurd. Nieuw leven wordt door de Christenheid aldaar genoten; en velen, die vroeger in onkunde of in onverschilligheid leefden, zijn den Heere toe gebragt - bekeerd, en brengen de vruchten des geloofs en der bekeering waardig voort...

Rigten wij nu het oog tot onszelven- wat ontwaren wij? Hebben wij den Heiligen Geest ontvangen? Hebben wij Hem in die mate ontvangen als wenschelijk is? Deze en dergelijke vragen vervullen ons, bij de erkentenis van reeds ontvangene zegeningen, met weemoed. Ach, hoezeer ontbreekt, het ons aan de allernoodigste gave - die des Heiligen Geestes, zoo uitgestort, zoo vol, zoo wondervol als op dezen oogenblik in gemelde landen!

Maar, geliefden! ofschoon wij met weemoed op onszelven zien, wij hebben vertrouwen, als wij op Gods Woord, op Gods genade letten; daar treffen de liefelijkste beloftenissen ons oog - beloftenissen uit de volheid van Gods genade in zijn dierbaar Woord ter nedergeschreven.

Gij kent dezelve. Wij bidden u, gebruikt dezelve, pleit daarop, grondt daarop uw geloof, uwe verwachting. Wij wekken u ernstig op om geloovig en vurig alle week een uur, hetzij met anderen of in eenzaamheid, God te bidden, dat Hij genadig ook ons en ons land den zegen der Uitstorting van den Heiligen Geest geve, gelijk Hij denzelven thans over andere deelen der aarde uitstort.

Wij verblijven, Uwe Dienaren en Broederen in onzen Heer Jezus Christus, A. Faure²⁶, George Morgan²⁷, P.E. Faure, G.W.A. van der Lingen, R. Shand, Colin Fraser, A. Murray, Sen, John Pears, G.W. Stegmann, W.R. Thomson, Alexander Smith, W.F. Heugh, Wm. Robertson, P.K. Albertijn²⁸.

Die godsdienstige herlewings in Noord-Amerika en die Engelse wêreld het predikante in die N.G. Kerk so aangegryp dat hulle teen Oktober 1859 dus 'n herlewing vir Suid-Afrika in die vooruitsig begin stel het. Willie Brown wys in sy studie oor JH Neethling daarop dat die oortuiging dat alles nie pluis was met die N.G. Kerk nie, 'n belangrike motivering was vir introspeksie. Die berigte van herlewings het hulle en hul geesverwante geïnspireer en geaktiveer om die gemeentes vir 'n soortgelyke oplewing in godsdiens ontvanklik te maak. Daarvoor sou veral konferensies gehou word.

In Stellenbosch het ds Neethling 'n "godsdienstige blad voor allen" in September 1859 begin. Veelseggend is die naam wat gekies is: *De Wekker*. Die blad het gevoel, "dat de kerk van Christus in Zuid-Afrika, over't geheel genomen, niet is

²⁶ Faure, Abraham. "Faure sou 'n leidende figuur in die Kaapstad van sy tyd word, en die veelsydigste predikant van sy geslag: prediker, dosent administrateur van fondse, sinodale leier, sendingman, voorstander van 'n universele Christelike kerk, biblioteekpionier en literator.Hy sou hom nie alleen deur 'n lewe van selfverloënde arbeid in sy eie gemeente onderskei nie, maar ook 'n ruim hart hê vir die hele Christelike kerk selfs in die buiteland.....As prediker was hy indrukwekkend leerstellig streng Calvinisties en met diepgaande Skrifstudie. Vroeg in sy bediening lê hy klem op die verskriklike oordele van God oor die sonde, maar later is hy beredeneerd, hoewel altyd met sieleursoekende toepassing." De Kock, W.J. 1972. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek. Deel II.* 234

²⁷ George Morgan. "Morgan was een van die bekwaamste Skotse predikante van die N.G Kerk. Hy was Hollands goed magtig en het Sondae,soos gebruiklik, 'n Hollandse en Engelse erediens gelei. Daar hy sy Calvinistiese beginsels konsekwent uitleef, bring dit hom in botsing met W.M. Mackay, die plaaslike landdros en kommissaris-politiek. Hy preek naamlik teen dans, perdewedrenne en die kaartspel, waaraan Mackay verknog is, en laat duidelik blyk vir wie sy teregwysings bedoel is.In die verband verskyn uit sy pen *Leerrede over de pligten van Christenen in de tegenwoordigen tijd* (1835)." Krüger, D W. (Hoofredakteur) tot 1972; Beyers, C J(sedert 1973) 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel III.* 648.

²⁸ A. Faure, G. Morgan, P.E. Faure, G.W.A. van der Lingen, R. Shand, Colin Frase, A. Murray, John Pears, G. W. Stegmann, W. R, Thomson, Alexander Smith, W. F. Heugh, Wm. Robertson, P.K. Albertijn: "Opwekking tot het Gebed om de Uitstorting van den Heiligen Geest over Zuid-Afrika". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XI(21)*, 8 Oktober 1859, 334.

wat zij wezen moet, en niet doet wat zij doen moet. Ons hart bloedt als wij bedenken hoe weinigen hun licht zoo laten schijnen, dat de wereld hunne goede werken zien, en hunnen Vader in den hemel verheerlijken kan!” *De Wekker* wou in hierdie verband 'n drieërlei boodskap tot die Kerk in die land verwoord en rig. Die eerste woord was “Ontwaakt gij die slaapt! Dit is het woord, dat menigvuldig tot de meesten gebragt moet worden. Wakker voor deze, slapend ten opzigte van de eeuwigheid,... De pligt des ontwakens, het gevaar des eeuwigen doods, de belofte des eeuwigen levens in Christus, ziet, dat is begrepen in het Godswoord, dat wij u brengen, zoo gij een hardslapende zijt.” Die tweede boodskap was “Waakt! Het is niet genoeg wakker te worden, men moet wakker blijven,waken.” En die derde woord was “Werkt! Waken om ledig, werkeloos te blijven, help niet. Het beste middel om een ontwaakte wakker te houden is, dat hij aan het werk ga.” Die drieledige boodskap, “word wakker, blijf wakker, wees waaksaam,” was gerig aan die evangeliedienaars, onderwysers, ouers, “christen die leest, inwoners van Zuid-Afrika die werken moet aan de uitbreiding des Evangelies in het land van Cham” en “ledematen van gemeenten”²⁹.

Uit hierdie aanhaling blyk dit dat die klem op die godsvrug, of dan die heiligmaking, nie uitgebly het nie. Vir hierdie studie is dit dus van belang om na te gaan hoe en in welke mate die herlewing, die versugting om die uitstorting van die Heilige Gees, juis hierdie saak sou stempel. Sou daar dus in hierdie verband 'n nuwe siening kom? 'n Ontwikkeling met betrekking tot die begrip van heiligmaking by die N.G. Kerk? 'n Mens kan verwag dat daar in die aansporing tot 'n herlewing sterk klem op heiligmaking geplaas is. Het dit 'n ander nuanse aan die begrip gebring?

3.5 Die Herlewing in Suid-Afrika.

²⁹ Brown Willie. 1987. *Dominee Johannes Henoch Neethling Hzn 1851-1904. 'n Yweraar vir Godsvrug*, 107.

De Gereformeerde Kerkbode het voortgegaan om gereeld berigte oor die herlewings in die buiteland te plaas. Om herlewing plaaslik te bevorder, is die gebruiklike konferensies of samekomste gekies. Hierop het Willie Brown in sy reeds genoemde navorsing ingegaan. Hy skryf dat ds Neethling as redakteur van *De Wakker* daarop wys dat “een aantal Evangeliedienaren besloot op het feest van de opening der Theologische Kweekskool te Stellenbosch, de Christelijke Conferentie tot stand te brengen, indien de Heer daartoe den zegen geven wil. Daar verwachten wij dan predikanten, zendelingen, ouderlingen – in een woord: daar wordt een ieder verwacht, die belang stelt in den bloei van Gods koninkrijk in dit land. Ik heb eens in Duitschland eene zoodanige Conferentie, aldaar een Kirchentag genoemd, bijgewoond. Met hoeveel geestdrift komen duizenden van alle oorden van Duitschland dan te zamen. Hoe veel liefde heerst er. Hoe veel liefde neemt men huiswaarts. Met hoeveel kracht en ijver gaat een ieder weer aan zijn werk, in het voor hem bestemde deel des grooten wijngaards. O, het nut, de zegen van den Kirchentag voor Duitschland is reeds onberekenbaar geweest. En ik kan niet nalaten te wenschen, te gelooven, dat onze Christelijke Conferentie van groot nut ook voor ons zal wezen”³⁰.

Brown wys daarop dat veel verwag is van die konferensie. Prof Hofmeyr het bv. hierdie stille wens eksplisiet verwoord: “Voorwaar dit zal niet de geringste zegen zijn, als deze Vergadering voor Gods kinderen eene aanleiding wordt om van nu af aan met verdubbelden ernst te bidden, te bidden vooral om de uitstorting des Heiligen Geestes over de kerk van Christus in Zuid-Afrika”³¹.

Vir die konferensie het ook *De Gereformeerde Kerkbode* die aandag gevra. “Wij spreken van vurige gebeden. ‘t Is de wensch van velen dat de aanstaande conferentie in gods hand tot eenen krachtigen prikkel moge dienen, bij ons den geest des gebeds, aan te wakkeren... met verdubbelden ernst te bidden, te bidden vooral om de uitstorting des Heiligen Geestes over de kerk van Christus

³⁰ Brown Willie. 1987. *Dominee Johannes Henoch Neethling Hzn 1851-1904. 'n Yweraar vir Godsvrug*, 116.

³¹ *Dies.*, 116.

in Zuid Afrika”³². Na afloop van die konferensie gehou in April 1860, is 'n verslag in hierdie blad opgeneem. Dit is as 'n geslaagde byeenkoms beskryf³³. Trouens, die konferensie moet aangeteken word as die begin van die herlewing in Suid-Afrika. In die aankondigingsverslag van A. Faure, G. Morgan en J. Cameron teen die einde van 1860 oor die uitbreek van die herlewing in Suid-Afrika, blyk dit dat hierdie opwekking die kerklike lewe op plekke diepgrypend beïnvloed het³⁴.

Aan een van die sake kan hier nie verbygegaan word nie. Gedurende die herlewing van 1860, het ds van der Lingen van die Paarl, voorgestel dat die 10 dae tussen Hemelvaart en Pinksterfees op dieselfde manier onderhou moet word as wat die dissipels gedoen het. Dit moes in die vorm van volhardende gebed vir die uitstorting van die Heilige Gees wees³⁵.

“The suggestion was readily adopted, and the number of congregations and prayer-circles taking part in the movement grew slowly greater. In 1867, Mr Murray published in the *Kerkbode* a series of ten brief meditations for the Whitsuntide gatherings. This was the precursor of many similar subject-outlines, which were prepared annually, and of which several were expanded into devotional manuals and issued in the Dutch and English languages. The custom, which Mr. Murray thus encouraged and aided, of holding meetings for prayer from Ascension Day to Whit-Sunday, has been of inestimable blessing to the D.R. Church. Year after year reports appear in the columns of the

³² Anoniem: "Christelike Conferentie te Worcester". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XII(6)*, 24 Maart 1860, 93.

³³ Anoniem: "De Christelike Conferentie te Worcester". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XII(9)*, 5 Mei 1860, 142.

³⁴ A. Faure, G. Morgan, J. Cameron: "De Opwekking in Zuid-Afrika". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XII(25)*, 15 Desember 1860, 392.

³⁵ Op 9 Mei 1861 vind die eerste Pinksterbiduur in die Paarl, in die NG Kerk in Suid-Afrika plaas. Op die Pinkstersondag het Ds. GWA van der Lingen 'n ervaring gehad terwyl hy in gebed was, wat hy as volg beskryf "zag hij vele sneeuwvlokken ten hemel opstijgen, en in eens, als om die af te weren, bliksemen uit de troon voortkomen, tot dat een krijgsheld, een mantel als met bloed geverwd, door het luchtruim zwierend in zijne snelle vaart die sneeuwvlokken voorkwam, en zich tusschen deze en den troon plaatsende, het bliksemlicht afwendde". Hy beleef dit as 'n openbaring van die Almagtige God, en dit verander sy hele lewe. In die Paarl is die bidure die volgende jaar herhaal, terwyl die behoefte ook in die ander dorpe gevoel is. Dit word 'n landwyse gebruik. Van der Merwe, Gerdrie dr: 1996. *Jesus is Koning*. 10.

denominational paper, from ministers and congregations in all parts of South Africa, describing the blessing which has attended the observance of the ten days of prayer in the quickening of believers and the regeneration of the unconverted. It is surely not the least of the spiritual benefits which Andrew Murray conferred upon his Church, that he assisted her in establishing and continuing a usage to which she owes so much of her religious vitality and missionary fervour"³⁶. Hiermee het 'n blywende herinnering aan die herlewing en sy vrugte 'n belangrike houvas in die N.G. Kerk gekry. Ondertussen is die saak van herlewing, en die inhoud wat daaraan gegee is deur Kaapse voorgangers op 'n aantal konferensies verder gevoer.

Die eerste konferensie waarop die herlewing verantwoord is, was vroeg in Januarie 1861 in Kaapstad gehou. Teenwoordig was mense uit die gemeentes van Kaapstad, Worcester, Wijnberg, D'Urban, Stellenbosch, Paarl, Wellington, Swellendam en Somerset. Verskillende onderwerpe is behandel. Ds A Faure het 'n verhandeling gelewer oor huisgodsdienst en die belang daarvan. Ds Van der Lingen het weer gewys op die groot gebrek aan geestelike lewe wat die Kaapse gemeentes kenmerk. Hy waarsku dat die herlewing nie verwag moet word van leraars nie, maar van die Heilige Gees wat uitgestort word in antwoord op gebed. Ds Morgan het 'n opmerking gemaak oor die heiliging van die Sabbat. Hy wys op die noue verband tussen die Sabbatsviering en die sukses van sendingwerk en veral herlewing. Die Sabbat moet as 'n plig van die Christen beskou word en so bevorder word³⁷.

Op 5 Desember 1861 is 'n soortgelyke konferensie op Stellenbosch gehou. Hier het die onderwerp van Christelike eenheid besondere aandag geniet. Andrew Murray het gesorg vir 'n nuwe inset. Hy wys op die belangrikheid om te streef na innerlike nabye gemeenskap met Jesus. Hierdie diepe gemeenskap, oortuig Murray die konferensiegangers, raak die totale lewe. 'n Toename in geestelike

³⁶ Du Plessis, J. 1919. *The Life of Andrew Murray of South Africa*, 441

³⁷ P.Huet: "Christelike Conferentie Te Kaapstad". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XIII(2)*, 26 Januarie 1861, 22.

lewe bring ook 'n toename in gemeenskap met ander. Christene kan mekaar aanspoor om die hoogste vorm van heiligmaking na te jaag, of om saam met mekaar die Woord van God te bestudeer. Hulle moet veral na buite werk. As die Christenvolk een is, dan word die wêreld oortuig. Die mens het 'n behoefte om saam te werk. As jy alleen is, word jy gou moedeloos of lui of jy gebruik die verkeerde metodes³⁸.

Die laaste konferensie waaraan aandag gegee word, het gedurende April 1862 in Wellington plaasgevind. Uiteraard is dit interessant om te let op die temas wat aan die orde gekom het. Weereens val die klem op innerlike gemeenskap met Christus. Op stuk van sake moet hierdie konferensies beskou word as die manier waarop die herlewing nie net verder gevoer is nie, maar ook verwerk is. Hier is saakmakende nuwe uitgangspunte vir die N.G. Kerk se teologie gelê en gepopulariseer. En hoe heiligmaking verstaan is, is direk hierdeur beïnvloed. Die klem het veral geval op die innerlike en daadwerklike gemeenskap met Christus en die intense bewussyn hiervan. Saam met die werk van die Heilige Gees in die mens het dit bepalend ingewerk op die begrip van die heiligmaking.

3.6 Toenemende heiligmaking van die kinders van God.

Word *De Gereformeerde Kerkbode* van die jare sestig van die 19de eeu deurgelees, is dit duidelik dat die blad die herlewing begelei het. Die klem is geplaas op die werk van die Heilige Gees, die verantwoordelikheid en aktivering van die gelowige om die oorfloedige seën van die herlewing toe te eien, die geestelike diepte van 'n oorgegewe lewe van innerlike gemeenskap met Christus en natuurlik die vrug hiervan in die openbare lewe.

Was dit die aandag wat gegee is aan die werk van die Heilige Gees in die mens, en die troos wat daaruit kom en belig is, wat 'n rukkie later in die hand sou speel

³⁸ Anoniem: "Gemeente Conferentie Te Stellenbosch". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XIV(1)*, 11 Januarij 1862, 3.

van die innerlike en Geesvervulde gemeenskap met Jesus? Hieronder word daarop ingegaan. Daarmee het die begrip van heiligmaking uiteraard 'n bepaalde nuwe aksent gekry. Tog moet 'n mens die hele saak nie eensydig hierin laat opgaan nie. Die openbare lewe het ook aandag ontvang. Die stryd teen die sg. "Zondagstreinen", en die vereiste van die Christelike Sabbat, dui daarop dat die heiligmaking ook uiteindelik vrug moes dra op die breë terrein van die samelewing "vooral naar mate men vindt dat de wêreld ze minacht, ja veracht. Zoo hoort men thans, terwijl de eeu voor het goddelijk gezag van den Sabbat pleit, den anderen het, verwaand loochenen, terwijl door diens spotzucht menigeen, zonder nadenken, bewogen wordt zich bij hen te voegen, wien de geboden en inzettingen des Heeren een last zijn en die ze daarom versmaden"³⁹.

Die konferensie op Stellenbosch waarna hierbo verwys is, het hom ook uitgespreek teen die sabbatsontheiliging. Terselfdertyd is verwys na die "Zondagstreinen". Dit is gesien as 'n bedreiging vir die land en die kerk. Professor Murray het die volgende voorstel ingedien "Als Christelijke onderdanen, achten wij ons geroepen tegen die Zondagstreinen te protesteren, als iets dat in strijd is met de Wet van God aangaande de Heiliging van den Sabbat, die ook de wet van het land is"⁴⁰. Daar is gevoel dat die vervoer deur 'n trein op 'n Sondag onvermydelik sou lei tot die ontheiliging van die dag van die Here.

Op die handhawing van openbare sedelikheid is in die vorige twee hoofstukke uitvoerig gewys. Na die herlewing het hierdie aandrang nie uit *De Gereformeerde Kerkbode* verdwyn nie. Dit het wel aan prominensie verloor. Die innerlike gemeenskap met Christus het nou op die voorgrond gekom. So het die Evangeliese Aliansie ten opsigte van die week van gebed vir 1863 voorgestel dat die tema rondom toenemende heiligmaking van die kinders van God moet sentreer. Heiligmaking lei "tot een naauwere onderlinge vereeniging, zowel als

³⁹ Anoniem: "De Sabbat". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XIV(6)*, 22 Maart 1862, 89.

⁴⁰ Anoniem: "Kerknieuws". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XIV(6)*, 22 Maart 1862, 91.

tot meerdere scheidings van die wêreld – tot eenen meer oewloedigen doop des Heiligen Geestes ower alle leeraren en hunne medearbeiders in christelike landen om hen in liefde en ijerer aan te vuuren en hen wijs te maken om zielen te winnen – tot een zegen op alle inrichtungen waar godsdienstig onderwijs gegeuen word – tot eene vermeerderde toewijding, zelfverlogening en mildadigheid onder Gods volk op aarde”⁴¹.

Toenemende heiligmaking sou egter nie net uitloop op onderlinge eenheid en verdraagsaamheid nie. Dit het ook te make met geestelike groei en ontwikkeling, met innerlike vereniging met en in Christus. In sy rede by die Christelike konferensie op Wellington het NJ Hofmeyr reeds in 1862 hierop ingegaan. Daarin vra hy: “Wat is het doel van onze verlossing? Niet vergiffenis van zonde. Niet vrijmaking van bose tyrannie. Niet de zalige ondervinding er van aan onze harten.” So antwoord hy. “Deze zijn gewis onuitsprekelike weldaden. Maar zij zijn ons tot een hooger doel geschonken, namelijk: onze vereeniging met Christus, en in Hem met zijne verlostes”⁴². Hierdie eenheid met Christus moet ook in die daaglikse lewe tot uitdrukking kom. “De verborgene gezindheid kan alleen door de uiterlike daad tot volkomenheid komen”⁴³. Ons eenheid met Christus kom tot openbaring “in de navolging van Hem”⁴⁴, verduidelik Hofmeyr. “Alleen langs dezen weg der dienende en lijdende liefde, waarin Jezus ons is voorgegaan, zal onze zelfzucht gebroken, ons vleesch gekruist, en de hemel voor het geestelijk oog geopend worden”⁴⁵. Ons deel wel die lewe met die wêreld, “Maar hierin wil God dat wij van hen verskillen zullen: dat wij namelijk in al deze dingen, die wij niet hem gemeen hebben, zonder zonde trachten te zijn, met andere woorden, dat wij in al wat wij genieten en ontberes, doen en lijden, dragen en dulden, ook het geringste, met Hem zullen wandelen – zijne hand zullen vasthouden, zijne stem hooren, zijn aangezicht aanschouwen, aan zijn

⁴¹ C.E. Eardley, John Henderson, A.Kinnaird, R.C. Beuan, John Finch: “Week des Gebeds”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XIV(25)*, 12 Desember 1862, 413-414.

⁴² N.J.H: “De Gebreken Onzer Godzaligheid”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XIV(12)*, 14 Junij 1862, 181.

⁴³ *Dies.*, 181.

⁴⁴ *Dies.*, 181.

⁴⁵ *Dies.*, 182.

Vaderhart rusten”⁴⁶. Hieruit is dit duidelik dat Hofmeyr 'n persoonlike deurleefde gemeenskap met Christus – elke dag – voorhou as die Christelike. 'n Mens sou dit ook anders kon uitdruk: die heiligmaking setel in die persoonlike gemeenskap met, en navolging van Christus. In 'n boekie wat in 1864 verskyn het, noem Andrew Murray dit “de weg tot het hooger geestelijk leven”.

3.7 Die weg tot die hoër geestelike lewe.

Blijf in Jezus – de weg tot het hooger geestelijk leven is die titel van die boekie wat uit die pen van Andrew Murray verskyn. “Voornamelijk is dit werkje geschreven”, skryf *De Gereformeerde Kerkbode*, “om den vriend en volgeling van Christus op te wekken, en aan te sporen tot volharding op den weg der heiligmaking”⁴⁷. In die boek word dit wat bedoel is met die innerlike gemeenskap met Christus duidelik uiteengesit.

Murray skryf dat Christus nie alleen wil hê dat “de gemeenskap onafgebroken zoude zijn, maar ook innig en volkomen”⁴⁸. Volgens hom open Christus sy goddelike volheid, “en bood aan u daarin op te nemen, u met zijne magt te omgeven, - u zoo geheel met zich te vereenigen als immer mogelijk was”⁴⁹. Dit is wat dit is om in Hom te bly. Daar is dus meer in die Christelike lewe as net 'n bekering. Die vergifnis van sonde, teken Murray aan, “die gij bij het komen tot Hem ontvangt, wordt eerst regt bevestigd en genoten bij het blijven in Hem, gelijk ook de onbegrijpelijke zegennigen die uit haar voortvloeien”⁵⁰. Murray is ook oortuig dat die “eerste komen” tot Christus “slechts eene enkele straal” te siene gee. “Het blijven in Hem zoude u eerst opvoeren tot volle gemeenschap, tot inniger ondervinding van de zaligheid van Gods vriendschap”⁵¹. Dan is hy ook uitgesproke en duidelik oor sy standpunt in verband met die heiligmaking. “Was

⁴⁶ *Dies.*, 184.

⁴⁷ “Boekbeschouwing”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVI(9)*, 30 April 1864, 138.

⁴⁸ *Dies.*, 139.

⁴⁹ *Dies.*, 139.

⁵⁰ *Dies.*, 139.

⁵¹ *Dies.*, 139.

het het verlangen naar de heiligmaking die gode welgevallig is, ... ook dit wordt eerst verkregen door het blijven in Jezus”⁵². Maak Murray dus hier 'n onderskeiding? Veronderstel hy 'n tweede treë in die geestelike lewe? 'n Tree na volkome oorgawe? “Gij moet op de uitnodiging ook binnen treden en woning maken, alles ontvang en genieten wat Zijne liefde had bereid tot vervulling uwer nooden”⁵³. Eers wanneer iemand in Hom bly, word die volle seën en heiligheid van sy oorfloedige lewe ervaar.

Hy meen ook dat “soovele geloovigen tot dit zalig leven in Gods nabijheid nimmer geraken”⁵⁴. Hulle verwag dit nie en ag dit ook nie moontlik nie. Hulle mis die werklike innige nabyheid van die Vader. Murray wys daarop dat die oplossing van die probleem in die “Blijf in Jezus” lê. “Hij was gekomen om ons te zoeken en te vinden, Hij werd met ons een in de dood, en Hij nam ons mede tot den Vader”⁵⁵. “En nu is Hij in het midden van het troon aan de rechterhand des Vaders, en wij in hem. En de gelovige ziel heeft slechts hare eenheid met Jezus vast te houden, door het geloof zich te verlaten op de zalige gewisheid – wat Jezus is en waar Jezus is, dat en daar ben ik ook”⁵⁶. Die geloof is dus die sleutel. Daaraan moet die gelowige vashou en hierdie volheid in die geestelike lewe geniet.

In *Abide with Christ* maak Murray eweneens sy standpunte duidelik. Hierin skryf hy dat “Holy is higher than righteous. Holy in God has reference to His inmost being; righteous to His dealings with man”⁵⁷. “In man” gaan hy dan voort, “righteousness is but a steppingstone to holiness. It is in this he can approach most near to the perfection of God”⁵⁸. Wanneer die gelowige in Christus sy geregtigheid vind, is die kwessie van heiligheid nog op die agtergrond. “But as he grows, the desire for holiness makes itself felt and he seeks to know what

⁵² *Dies.*, 139.

⁵³ *Dies.*, 139.

⁵⁴ *Dies.*, 140.

⁵⁵ *Dies.*, 140.

⁵⁶ *Dies.*, 140.

⁵⁷ Murray, A. *Abide in Christ, thoughts on the blessed life of fellowship with the Son of God.* 64.

⁵⁸ *Dies.*, 64.

provision his God has made for supplying that need"⁵⁹. Dikwels stry die gelowige 'n verbete stryd vir jare, "until he listens to the teaching of the Spirit, as He glorifies Christ again, and reveals Christ, our sanctification, to be appropriated by faith alone"⁶⁰.

Vir Murray is "abiding by faith in Christ our sanctification... the simple secret of a holy life"⁶¹. Dit sien hy egter as 'n proses: "the measure of sanctification will depend on the measure of abiding in Him; as the soul learns wholly to abide in Christ, the promise is increasingly fulfilled"⁶². Die nuwe natuur, wat Christus aan ons gee moet dus oorwin. Dit loop uit op 'n heilige lewe.

Dieselfde gedagtestruktuur in verband met die heiligmaking is 'in eene reeks van overdenkingen' gedurende 1864 in *De Gereformeerde Kerkbode* behandel. Vir die anonieme skrywer is die motief om *De wasdom van het geestelijk leven* te verduidelik, die verskynsel dat "Christenen verkoelen en zelfs achteruit gaan veroorzaakt door hunne onkunde omtrent de groei en den wasdom van het leven der genade"⁶³. As uitgangspunt word 2 Petrus 3:18 gebruik: "wast op in de genade"⁶⁴. Die skrywer verduidelik die betekenis van die teks aan die hand van prosesse van groei wat in die natuur aangetref word. Wasdom veronderstel lewe. "Seven," sê hy, "waarin te midden van zijne zwakheid en onvolmaaktheid, God de krachten heeft gelegd om, onder zekere voorwaarden, den hooger en toestand te bereiken. De wasdom is nu de ontwikkeling van die lewenskracht, de langzame geregelde vermeerdering van wat in het zwak levensbeginsel was gelegd geworden"⁶⁵. Hierdie siening pas hy dan toe op die "genade". Dit kom daarop neer dat "wanneer een jongbekeerde in de genade toeneemt en sterk wordt, uit den toestand van een zwak kind opgroeit om jongeling en vader in

⁵⁹ *Dies.*, 65.

⁶⁰ *Dies.*, 65.

⁶¹ *Dies.*, 66.

⁶² *Dies.*, 66.

⁶³ Anoniem: "De Wasdom van het Geestelijk leven". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVI(12)*, 1 Junij 1864, 177.

⁶⁴ *Dies.*, 177.

⁶⁵ *Dies.*, 177.

Christus te worden, dan is dat een wasdom”⁶⁶. Hieruit maak hy die konklusie: “De wasdom van het geestelike leven is alzo de trapsgewijze vermeerdering van de genade Gods in de ziel, en de ontwikkeling van dat levensbeginsel, dat als een zaad in haar werd gelegd”⁶⁷. Die skrywer bring hierdie “wasdom” in verband met die Heilige Gees, wat nie los gedink kan word van die weg tot die oorfloedige geestelike lewe nie. Ook in hierdie verband kom 'n onderskeiding na vore, wat hierdie verstaan van heiligmaking noodwendig in die hand gee. Hy skryf: “Dezelfde Geest van God ademt in het jongste kind als er in den grootste geloofsheld werkt; deze laatste moet Hem echter in ruimere mate en meer tot eene vaste inwoning ontvangen hebben, moet meer met Hem zijn vervuld geworden”⁶⁸. Dit is die punt. In die res van die reeks is deeglik hierop ingegaan.

In 1 Kor 3:1- “En ik, broeders! Kon tot u niet spreken als tot geestelijken, maar als tot vleschelijken, als tot jonge kinderen,” kry hy in die tweede aflewering genoeg bewys materiaal om sy standpunt te staaf⁶⁹. Hy meen dat Paulus hier aantoon “dat de wedergeborene nog niet dadelijk de kracht en de regten van een geestelijk mensch deelachtig word; er is eene tijd toe noodig voor hij waarlijk geestelijk genaamd kon worden”⁷⁰. Hieruit volg dan dat die christen geestelik moet word: “Bij de wedergeboorte ontvangen wij niet den Geest van God als levensbeginsel, maar er blijft nog wel wat aan hem nog niet onderworpen is; de wasdom in de genade bestaat daarin, dat allen van zijne vernieuwende en heiligende kracht doortrokken is”⁷¹. Dit is die mikpunt.

Daar is dus 'n nuwe hoëre geestelike lewe. Illustrasie materiaal vind die outeur in die lewe van die dissipels, na aanleiding van Johannes 16:12,13: “Nog vele dinge heb Ik u te zeggen, doch gij kant die nu niet dragen. Maar wanneer die zal gekomen zijn, namelijk de Geest der waarheid, hij zal u in al de waarheid

⁶⁶ *Dies.*, 178.

⁶⁷ *Dies.*, 178.

⁶⁸ *Dies.*, 181.

⁶⁹ Anoniem: "De Wasdom van het Geestelijk leven". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVI(13)*, 25 Junij 1864, 193.

⁷⁰ *Dies.*, 193.

⁷¹ *Dies.*, 196.

leiden⁷². In die dissipels se lewe sou daar in tyd kom waarin “het leven in het vleesch en het zinnelijke plaats (maakte) voor de inwendige geestelijke gemeenskap met den Heer⁷³. Dit gaan oor die heiliging van die lewe, oor die kracht tot heiligheid”⁷⁴. Die slotsom is dan: “dat Hij, die ons bij de bekering discipelen heeft gemaakt, wil ons eene tweede verandering doet ondergaan, waardeur wij van vleeschelijk waarlijk geestelijk worden⁷⁵. Ook in die volgende aflewering bly die strekking van die argument dieselfde. Daar word wel praktiese raad aan toegevoeg. “Wees slechts getrouw in dit uw kinderlijk tydperk; het is de oefenskool, de voorbereiding voor wat hooger is”⁷⁶. By die eerste bekering was die Woord vir die gelowige 'n rots waarop “hij bouwde en juichte, een erfbrief dien hij met vreugde ontving en bewaarde”⁷⁷. “In den loop zijner ondervinding liet hij verstaan dat het nog meer is; dat elk woord van God innerlijk en blijvend toegeëigend datgene tot stand brengt en openbaart, wat voor het verstand slechts in het woord scheen te wezen”⁷⁸. Dit gaan dus om 'n inwendige innerlike vereenselwiging met die Woord van God, wat neerkom op 'n bly in Jesus, deur die geloof.

In hierdie aanhalings kom 'n opvatting van die heiligmaking aan die woord wat voor 1862, en voor die deurbreek van die herlewering in die Kaap, nie gehoor is nie. Dit is 'n beduidende ontwikkeling in die begrip van die heiligmaking. Die kernvraag is of dit ooreenkom met die Skriftuurlike singewing van die heiligmaking enersyds, en andersyds of dit ook in lyn is met die gereformeerde belydenisskrifte wat deur die N.G. Kerk aanvaar is? Hierdie vrae word nie dadelik geantwoord nie, omdat hierdie begrip van heiligmaking in die jare na 1864 teologies verder uitgebou is.

⁷² Anoniem: "De Wasdom van het Geestelijk Leven". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVI(14)*, 9 Julij 1864, 209.

⁷³ *Dies.*, 210.

⁷⁴ *Dies.*, 211.

⁷⁵ *Dies.*, 213.

⁷⁶ Anoniem: "De Wasdom van het Geestelijk Leven". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVI(16)*, 6 Augustus 1864, 245.

⁷⁷ Anoniem: "De Wasdom van het Geestelijk Leven". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVI(17)*, 20 Augustus 1864, 260.

⁷⁸ *Dies.*, 260

3.8 Samevatting.

In Hoofstuk 3 is die tydperk 1858 tot 1864 met die oog op die begrip van die heiligmaking by die N.G. Kerk verken. Voor 1860 het die oortuigings in verband met die heiligmaking wat algemeen aanvaar is, steeds in *De Gereformeerde Kerkbode* in artikels en standpunte voorgekom. Die klem op die geloof en die beleving daarvan staan in verband met die Nederlandse Reveil. Die opvallende berigte oor die herlewings in die Anglo-saksiese wêreld sowel as die beleving van 'n soortgelyke herlewing in Suid-Afrika gedurende 1860-61 het in die hand gespeel van 'n inkleding van die begrip van die heiligmaking wat voorheen nie daar was nie.

Heiligmaking is gesien as 'n hoër trap in die geestelike lewe, 'n toestand wat bereik moet word en wat Andrew Murray woorde laat gebruik het wat dui op 'n ineendink van die gelowige met Christus. Die klem het veral geval op die innerlike en daadwerklike gemeenskap met Christus en die intense bewussyn hiervan. Saam met die werk van die Heilige Gees in die mens het dit bepalend ingewerk op die begrip van die heiligmaking.

Op die keper beskou moet aanvaar word dat die heiligmaking en die denke daaroor dus nie deur die sogenaamde liberale stryd en teologiese standpuntstelling beïnvloed is nie. Veel eerder het die herlewing dit gestimuleer.

HOOFSTUK 4

DIE OORWINNINGSLEWE:1865-1874

De Gereformeerde Kerkbode het na 1865 iets ingeboet van sy vroeëre styl, diversiteit en miskien selfs ook aktualiteit. Moet dit daaraan toegeskryf word dat dr. Abraham Faure nie meer die pas kon volhou nie? Of, het die nuwe redakteur JD Marquard wat in 1868 oorneem, 'n ander klem gelê? Of, was die N.G. Kerk te vasgedraai in die liberale stryd, waarin die een hofspraak na die ander homologies geïnhibeer het?

In hierdie hoofstuk word die speurtog op voetspoor van die vertolking van die heiligmaking by die N.G. Kerk, en met name by *De Gereformeerde Kerkbode* verder gevoer. Soos wat die bladsye een na die ander onder die vergrootglas gekom het, het 'n wêreld met 'n verassende wending hom aangekondig. Daar het 'n wending of verskuiwing met betrekking tot die begrip van heiligmaking hom verwoord. Daarvan vertel hoofstuk 4.

4.1 Die appèl op 'n heilige lewenswandel.

In die vorige hoofstukke is reeds breedvoerig nagegaan hoedat *De Gereformeerde Kerkbode* op 'n uitgesproke manier appèl aanteken op die persoonlike lewe en dit dan implisiet in verband met die heiligmaking bring. In talle artikels is aanspraak op die Christelike lewe gemaak. Na 1865 is hierdie denkwyn voortgesit, hoewel 'n openbare stryd soos in die geval met die “Zondagstreinen” nie meer gevoer is nie. Die fokus van *De Gereformeerde Kerkbode* het tog verskuif. Die klem val duideliker op die geloof, die ervaring van die geloof, die kruisiging van Christus en die betekenis daarvan vir die gelowige en die appèl op bekering.

Nietemin het die benadering wat op die persoonlike lewe appèl aangeteken het, nie uit die kerklike blad verdwyn nie. Daarom word hier steeds aandag daaraan geskenk. 'n Goeie voorbeeld in hierdie verband is wat *De Gereformeerde Kerkbode* in Februarie 1865 oor “ware vreugde” skryf. 'n Mens vind altyd 'n geopende hart en oor as mense opgewek word met egte vrolikheid en blydskap. Hoe dikwels praat mense nie van geoorloofde vermaak en onskuldige ontspanning nie. Dit is deel van die lewe. God se Woord veroordeel nie vrolikheid nie. God se Woord moedig dit aan, maar dan moet ook gevra word na verantwoording. Waar lê die diepere ware vreugde?

Is daar 'n groter vreugde in 'n mens se lewe as sy bekering, dat sy hele lewe verander het? Wat is wonderliker as dat iemand deur God se genade homself leer ken het as 'n verlore sondaar, opstaan en na sy Vader terugkeer? Die Here wil hê dat daar ware vreugde sal wees oor sondaars wat tot bekering gekom het. Dit is 'n groot vreugde om te hoor hoe groot die genade van die Here Jesus is en hoe magtig die werking van die Heilige Gees is¹.

“Ja, het is met al de geroepene heiligen en erfgenamen van het Godsrijk; met allen, die van zich zelve gelooven, dat zij afgewasschen en geheiligd en geregtvaardigd zijn in den naam des Heeren Jezus en in den Geest onzes Gods; met allen, die werkelijk leven in de gemeenschap des Vaders en des Zoons en des Heiligen Geestes”². So word 'n dieper geestelike dimensie aan vreugde toegevoeg.

Die opregte beleving van vreugde oor iemand wat tot bekering kom, is sprekend van 'n heilige lewenswandel. Dit geld ook vir die mate waarin iemand standvastig en manmoedig op aarde die goeie stryd van die geloof bly stry. Christene moet hulle manlik gedra. Hulle moenie beskaam word deur die kinders van die wêreld nie. Die ongelowige sondig onbeskaamd en vertoon hulle ongeloof. Hoekom

¹ B: "Ware Vreugde". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(3)*, 4 Februarij 1865, 33.

² *Dies.*, 36

moet die gelowige skaam wees vir geregtigheid en om die Naam van die Here te bely? Die appèl is: gedra jou manlik as jy Jesus volg; vrees die mense nooit meer as vir God nie; dien hulle nooit meer as vir die Here Jesus nie; bestry alle mensevrees en die strewe om mense te behaag; tree onverskrokke op as 'n kind van die Here, as die eiendom van Jesus Christus, as vernuwe deur die Gees van genade; leef altyd in die vrees van die Here; kyk na Jesus; en hou so moed.³

Dit is hierdie beklemtoning in die Christelike geloof wat vra na 'n stel riglyne waarvolgens gehandel kan word. In hierdie verband het 'n insiggewende artikel gedurende 1866 in *De Wekker* verskyn. Dit kan as 'n sprekende voorbeeld geld. Die blad gee 'n aantal wenke deur wanneer 'n Christen op reis gaan. Die wenke word volledig deurgegee.

- "1. Laat uw christelijk karakter niet te huis. Ik vrees, dat sommigen als zij op reis zijn hun Christelijk karakter zoo zeer vergeten, dat men ze niet als Christenen kan kennen. Soms heb ik menschen ontmoet en met hen gesproken, en was verwonderd toen ik van hen vernam dat zij Christenen waren!
2. Zorg, dat gij den Sabbat niet ontheiligt.
3. Verwaarloos de openbare godsdienst niet als gij van huis zijt.
4. De bidstonden.
5. Keer niet terug met de overtuiging: ik heb geen goed aan anderen gedaan"⁴.

³ E.B: "Houdt U Mannelijk". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(23)*, 11 November 1865, 363.

⁴ Anoniem. "De Christen op reis" *De Wekker, Deel 8. No 87*. 1 November 1866. 11.

Dit word 'n paar maande opgevolg deur 'n ewe sprekende stel van goue reëls vir die gelowige:

- "1. Leef eenvoudig bij Christus; ziende op Hem als uwen Heiland, uwen Vriend, uw Voorbeeld en uwe Hoop.
2. Bewaar uw hart naauwgezet; de gedachten van vertroosting door betrachtting van de waarheid; uw geweten van besmetting door vertrouwen op Christus bloed; uwe aandoeningen van afgoderij door God lief te hebben bovenal; en uwen wil van zelfzuchtigheid door het zoeken van Gods eer.
3. Lees den Bijbel eerbiedig, om daaruit leiding, leering, troost en stoffe voor het gebed op te doen.
4. Werk met het oog op de eeuwigheid in het huisgezin, in de kerk en in de wêreld.
5. Verheerlijk God steeds door in Christus te blijven, den Geest te zoeken, op Gods beloften u te verlaten, en te streven naar het genot der aanneming tot kinderen Gods"⁵.

Hierby word nog 'n kantaantekening gemaak. "Die in eene eenigzins redelijke mate overeenkomstig met deze regelen willen leven, moeten zich toeleggen op matigheid in alle dingen, den tijd uit te koop, de tong in toom te houden, en het humeur te bedwingen; en zoo zorg te dragen dat zij den Geest van God niet bedroeven, door den welken zij vergezeld zijn tot den dag der verlossing"⁶.

⁵ Anoniem. "Gulden Regelen". *De Wekker, Deel 8. No 90.* 1 Februarie 1867. 22

⁶ *Dies.*, 22

Vir eers word hierdie aksentuering ten opsigte van die heiligmaking daar gelaat. Die eties-religieuse kant van hierdie saak is reeds genoegsaam beskrywe as 'n klem wat voortdurend in *De Gereformeerde Kerkbode* aan die orde gestel is. Wat noukeuriger aandag verdien, is 'n teologiese beredenering van heiligmaking wat nou, na die herlewings van die vroeë jare sestig homself in die N.G. Kerk aangekondig het. Dit is van belang om die denkstrukture hiervan behoorlik te beskryf omdat dit 'n belangrike tema in die teologie van die N.G. Kerk geword het.

4.2 'n Versteekte beriggie: Calvin oor Romeine 7.

Voordat die ter saaklike gegewens in verband met die heiligmaking nagegaan word, lewer 'n versteekte beriggie oor “Kalvijn over Rom vii”⁷, interessante gegewens waarop eers gelet moet word.

Die stelling van die Heidelbergse Kategismus, skryf die artikel, “dat de gelovige nog steeds tot alle kwaad geneigd is, wordt ten volle bevestigd door de leer van den Apostel Paulus in het bekende 7de hoofstuk aan de Romeinen”⁸. Die wat glo dat die gelowige nie meer tot kwaad geneig is nie meen dat dit hier gaan om die “staat van den nog onwedergeborenen”⁹. Calvin staan egter op die oortuiging van die kategismus en sonder om op Calvin in te gaan, wys P.H. daarop dat “de Apostel ... hier niets van zich zelve (zegt), dan wat ieder waar Christen van zich zelve bevindt waar te zijn”¹⁰. Dit is eie aan elke christen dat hy ook vleeslik is. “De beste uitlegger, van vele dingen in de Schrift”, skryf hy “is Geestelijke bevinding; zonder deze kan geen regt oordeel gevormd worden”¹¹. Die ervaring bevestig dus die Skrif. Hierdie Skrifuitsprake word gevolglik 'n aanduiding van Paulus se werklike heiligheid, naamlik dat hy ootmoedig en in die diepte van selfvernedering en haat vir sy sonde, hieroor skryf. Die vraag is natuurlik of P.H

⁷ P.H: “Kalvijn over Rom vii”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(6)*, 18 Maart 1865,89.

⁸ *Dies.*, 89.

⁹ *Dies.*, 89.

¹⁰ *Dies.*, 90.

¹¹ *Dies.*, 90.

ten volle reg laat geskied aan Calvyn se standpunt? Of Calvyn se oortuigings dié van die N.G. Kerk bepalend beïnvloed het? Die antwoord op veral laasgenoemde vraag sal vasgestel kan word deur die inhoud van die volgende paragrawe (en hoofstukke) aan die teologie en belydenis van die Reformasie te meet.

4.3 Gebed word 'n belangrike sleutel vir ware heiligmaking.

Dit was in sy reeks “Voor de Binnenkamer”, gepubliseer in *De Gereformeerde Kerkbode* gedurende 1865 dat Andrew Murray die verband tussen gebed en die heiligmaking, of liever die toe-eiening van heiligheid aangedui het. Daarmee het hy 'n aksent gelê wat aan die vertolking van die heiligmaking 'n dimensie verleen het wat teologiese konsekwensies ingehou het. Daarom word hierop ingegaan.

Sy uitgangspunt is die wonderlike belofte van Jeremia 29:13. Daarin word gelowiges verseker dat as hulle die Here met hulle hele hart soek, hulle Hom sal vind. Dit is egter so, skryf Murray op sy tipiese manier, dat die mens soek en begeer en bid vir wat alles geskenk is, maar is desnieteenstaande van ganser harte nie bereid om van die genade te ontvang nie. Om van jou eie goddeloosheid, eie geregtigheid, eie wil en eie lus afstand te doen en om alleen in God jou vreugde te vind, dit wil die mens nie¹².

Woorde is te gebrekkig sê Murray om te kan sê watter groot seën gebed vir die siel kan bring. Dit is die sleutel van die hemel, van die skatkamers van die rykdom van God se genade. Hy wat bid ontvang, hy sal niks kortkom nie. God sal sy Woord vervul. Onder Christene is die voortdurende klag dat hulle bid maar tog nie ontvang nie. Andrew Murray skryf hierdie situasie toe aan 'n “gebrek aan hartelike begeerte, gebrek aan ernst tot den strijd des gebeds”¹³. Die Woord leer ons dat as die gelowige bidder reg met die Here wandel, sal hy op sy gebed sekerlik 'n antwoord ontvang. Die Here het ons deur sy genade baie beloftes

¹² A.M: "Voor de Binnekamer". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(14)*, 8 Julij 1865, 219.

¹³ A.M: "Voor de Binnekamer". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(15)*, 22 Julij 1865, 237.

gegee wat waar is, en as iemand bid vir genade en vergewing, om die Gees te ontvang en hy ontvang niks, dan kan hy weet hy bid verkeerd. Daar is 'n baie duidelike verband tussen die ware gebed en die antwoord. Baie gelowiges dink dat gebed maklike werk is en dat dit weinig tyd en inspanning verg. 'n Groot kwaal van verkeerde gebed is 'n gebrek aan lewende geloof. Gebed moenie net 'n bekendmaking van ons begeertes wees nie. Die eintlike krag lê in die beoefening van geloof. Om te glo dat God 'n beloner is van die wat Hom soek. Jy moet ook wag vir die antwoord van die Here¹⁴.

Waar die Here seën wil gee, daar werk Hy 'n behoefte. Waar daar nie 'n behoefte is nie, daar sal die seën ook nie waardeer word nie. Net soos die opwek van die behoefte God se werk is, so is ook die gee van die seën. Die Here sal nie 'n dors gee sonder om die water te voorsien om die dors te les nie¹⁵. Hierdie opmerking van Murray moet nie gering geskat word nie. Die klem op die innerlike bewuswording en verlange om seën in gebed word 'n belangrike aspek van Murray se argument. Hy skryf: "Welligt is het de zucht naar innerlijke heiligmaking, eene vernieuwing des geestes, en de gelijkvormigheid aan den Heere Jezus, dat u sedert jaren deed hijgen naar de volle verlossing Gods... Die innerlijke heiliging is iets zoo goddelijks en wonderbaars, dat het alleen is wanneer door strijd en angst uw hart tot op zijn bodem is ontsloten, wanneer gij gelijk de Heere Jezus tot den doode toe hebt geleden, dat gij bereid zijt voor de volle gemeenschap van zijne opstanding in nieuwigheid des levens"¹⁶. A.M. wys dan daarop dat al die "onuitsprekelijke verzuchtingen zijn de teekenen van de werking des Geestes, de voortekenen van de openbaring van den Zone Gods in u"¹⁷. Daarom is die begeerte, die behoefte aan gebed in die dieptes van gebed 'n kleinood wat in die binnekamer moet seëvier.

¹⁴ A.M: "Voor de Binnekamer". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(15)*, 22 Julij 1865, 235.

¹⁵ A.M: "Voor de Binnekamer". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(16)*, 5 Augustus 1865, 251.

¹⁶ *Dies*,. 253.

¹⁷ *Dies*,. 253.

Uit hierdie reeks artikels oor die gebed blyk die verband tussen gebed en heiligmaking. Heiligmaking word verstaan as 'n oorwinnende lewe, 'n vervulde lewe in die volle bewussyn van Christus en sy inwoning in die gelowige se lewe. Hier voltrek 'n verskuiwing van aksent hom: van Christus na die ervaring van die volheid van Christus. Hierdie oortuiging sal verder uitgewerk word. In hierdie proses is selfondersoek en belydenis van sonde van deurslaggewende belang. Die blootlê van sonde behoort nie ontmoedigend te wees nie. Christus is ons hoop, maar Christus is nie ons heiligheid nie “als gij ... niet geheel en al in nieuwigheid des levens wandel, dan durft gij niet roemen in de hoop der regtvaardiging en den heerlijkheid, en als gij niet in den hoop roemen durft, wat zal er dan gehoord worden van uwe verantwoording zoo als gij macht verwacht worden van den wedergebooren christen?”¹⁸ Ook in *De Wekker* van Oktober 1869 kom die voorwaardelikheid op die voorgrond “Moeten zij, die zoover gevorderd zijn in het geestelijke leven, dat zij met regt als geheiligen, of heilige personen, kunnen beschouwd worden, zonde belijden? Dit is eene vraag, welke somwijlen met eenige mate van bezorgdheid, en uit goede beweegredenen gedaan wordt. Ook wordt dikwijls als eene tegenwerping aangevoerd tegen een vol bezit van heiligheid in dit leven, dat zij, die haar verkregen hebben niet behooren, noch in staat zijn, zonde te belijden. De belijdenis van zonden gedurende den ganschen loop van het tegenwoordig leven is zeer betamelijk om vele redenen; en in de eerste plaats, omdat de zonde een onuitsprekelijk kwaad is”¹⁹. In hierdie verband funksioneer dus bepaalde voorwaardes.

4.4 Die fokus skuif van die verlossing na die heiliging.

In nog 'n reeks meditasies – hierdie keer oor Psalm 51 – het Andrew Murray 'n jaar later sy gedagtes en insigte in verband met die heiligmaking meer laat deurskemer. Saam met die opmerkings in die vroeëre reeks oor gebed vorm dit

¹⁸ A.M: "Voor de Binnekamer". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(19)*, 16 September 1865, 304.

¹⁹ Anoniem. "De noodzakelijkheid van de belijdenis der zonde" *De Wekker, Deel II. No 122*. 1 Oktober 1869. 53.

die basismateriaal vir wat later meer omvattend deur Murray en sy geesgenote verder uitgewerk sou word.

Die uitgangspunte van Psalm 51:9 is vir Murray dat God heilig is. Die gelowige moet egter ook “weten dat gij rein zijt.” Dan gee hy toe: “niet dat uw hart zoo heilig is, dat gij geene zonde meer doen kunt, maar zoo gereinigt van de schuld, dat de oude zonde u niet meer is toegerekent, en u met meer bezwaart”²⁰. Hier moet raakgesien word dat Murray die wete van reinheid onderstreep. In 'n volgende aflewering kom hy meer hierop terug. In sy refleksie op Psalm 51:12a (Skep mij een rein hart, o God!) skryf Hy dat die gelowige “heilig (wil) wezen en geene zonde meer doen. Hy gevoelt het dat alleen naar de mate zijner heiliging kan hij God genieten; want: Zalig zijn de rijnen van harte, want zij zullen God zien..”²¹ Hieruit trek hy dan die konsekwensie: “Als zij om vergeving bidt laat dit slechts wezen als een stap op weg om heilig te worden! God is rein, God is heilig, en geen gebed zul Hem aangenamer wezen dan dat Hij u heilig make”²².

Murray skuif die fokus na die heiliging van die eie lewe: “streef wel naar reinheid en heiligheid des harten wek uzelf op tot de gedachten, dat zij verlost zijt om heilig te wezen, gelijk God heilig is en laat het gebed vurig en dringend wezen: Een rein hart o mijn God, een rein hart!”²³ Dit is duidelik in watter rigting hy beweeg. 'n Verlose wat gewoon tevrede bly met “wat hij heeft, die niet sterk verlangt om heilig te worden kan niet in het licht van Gods aanschijn wandelen”²⁴. Vergeleke met wat gedurende die vorige dekade en selfs tot 1864 in *De Gereformeerde Kerkbode* oor heiligmaking geskryf is, gaan Murray hier onmiskenbaar op 'n nuwe weg. Die vreugde van vergewing sal nie altyd daar wees as dit nie gevolg word deur die vreugde van heiligmaking nie.

²⁰ A.M.:”Psalm LI”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVII(9)*, 28 April 1866, 130.

²¹ A.M.:”Psalm LI”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVIII(14)*, 7 Julie 1866, 210.

²² *Dies*,. 210.

²³ A.M.:”Psalm LI”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVIII(16)*, 4 Augustus 1866, 242.

²⁴ *Dies*,. 242.

Daar is 'n tweede vreugde vir die gelowige, skryf Murray ten slotte. 'n Vreugde “nog zoeter nog dieper nog heerliker dan deze wanneer de bevryding van zonde en gemeenschap met God, welke genade begin met de vergeving wordt voortgezet en toegeiegender en inwendig toegepast en bevestigd in de heiligmaking”²⁵. Dit is “de vreugde der heiligheid en der gemeenschap met God... de vaste spijs... en de rijpe vrucht” van 'n volwasse geestelike lewe²⁶. Die lewe van heiligmaking is diepe vreugde. Sy fokus is elders: op die “tweede vreugde”, op die ervaring van die heiligmaking.

Hiermee is die nuwe denkstruktuur oor die heiligmaking afgebaken. Die vraag is nou of dit in die N.G. Kerk gemene goed geword het. Is dit algemeen aanvaar? Het almal hulle hiermee vereenselwig en in die strewe van Murray gedeel? Gedurende 1867 het *De Gereformeerde Kerkbode* nie meer artikels in hierdie trant geplaas nie. Die artikels wat daar wel was, het meer klem gelê op die kennis van die Heilige Gees en Jesus as op die ervaring van 'n oorwinning en heilige lewe. Die volgende jaar (1868) het Murray sy standpunt rondom die heiligmaking weer 'n keer saamgevat in 'n artikel oor “De volle Paaszegen”²⁷. Vir hom is dit 'n werklike ondervinding van die geloof.

4.5 Kan 'n toestand van sondeloosheid bereik word?

Op hierdie onvermydelike vraag gee *De Gereformeerde Kerkbode* wel 'n antwoord. Vir hierdie blad is dit duidelik dat die Skrif nie die leer van volmaaktheid daar stel nie. Tog is daar soveel meriete in die saak van 'n heilige lewe, dat dit nie sonder meer afgesluit moet word nie. Volgens 'n anonieme predikant moet dit gepreek word “gelijk Gods Woordt ons daarin voorgaat namelijk den gelovige aan te moedigen om immer voort te gaan, en hem geen trap der heiligmaking aan te toonen waarop hij zou kunnen blijven stilstaan: maar

²⁵ A.M.: “De vreugde der vergeving”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XVIII(14)*, 7 Julie 1866, 290.

²⁶ *Dies*, 290.

²⁷ A.M.: “De volle Paaszegen”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XX(9)*, 25 April 1868, 129.

hem veeleer te doen verstaan dat hij de belofte heeft van de hoogste volmaaktheid deelachtig te kunnen worden en hem door de liefde van Christus en door alle vermaningen des Evangelies te dringen naar de volmaaktheid te jagen”²⁸. Heiligmaking word hier gesien as 'n proses, 'n pad wat afgelê moet word binne en in terme van die Skriftuurlike voorskrifte in hierdie verband. Dit is ook die rede waarom die leer van volmaakte sondeloosheid afgewys word.

Iemand wat sê hy het nie sonde nie, het nie 'n duidelike begrip van wat sonde is nie. As iemand sê hy het nie sonde nie, kan 'n mens hom die volgende vrae vra; “of hij gedurende den ganschen dag nooit eenig gevoel van hoogmoed, van zelfzucht, van zinnelijkheid of van wereldliefde in zich voelde oprijzen, en of hij het te zelfder plaatse dan immer terstond onderdrukte; of hij zich in zijn gedrag, en zijne kleeding, in zijne uitgaven, binnen de grenzen der grootste matigheid en welvoegelijkheid hield; of hij in zijne woorden, in zijnen omgang met vijanden, vrienden en broederen, evenzoo handelde als Jezus deed; of de ijver van het huis Gods hom verteerde; of de smaadheid van Christus hem eene eere was, dan of hij die gedurig zag te ontwijken; of zijn hart bij het gezicht op de groote menigte, die God niet kent en vreest, immer bedroefd is; of hij met Jeremia dag en nacht weende over gevallenen”²⁹.

Die Skrif is duidelik daaroor dat die mens die hoogste trap van heiligheid nog nie bereik het nie want daar staan geskrywe “maak dood dan julle lede wat op die aarde is” (Kolosense 3:5). Die gelowige moet nie toelaat dat sonde in sy sterflike liggaam heers nie. Ons moet ons ook reinig van dit wat die vlees en die gees kan besoedel en met volharding die heiligmaking najaag. Jesus het ook in die Onse Vader gebed geleer dat ons elke dag moet bid vir die vergewing van sondes.

²⁸ Anoniem: “Kan een geloovige het op aarde zoo ver brengen, dat hij niet meer zondigt?”. *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXI(9)*, 23 April 1870, 130.

²⁹ Anoniem: "Kan Een Gelovige het op aarde zoover brengen, dat hij niet meer Zondigt". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXII(10)*, 7 Mei 1870, 147.

Dit is vir hom duidelik dat die mens wat sê dat hy nie sonde het nie, nie werklik weet wat hy sê nie. Die mens is van nature so blind en ver verwyder van die heiligheid van God dat hy baie maklik nog dit wat onrein is heilig kan noem. So kan iemand homself maklik mislei deur iets 'n swakheid te noem wat eintlik in die oë van die Here 'n sonde is.

As volkome volmaaktheid gevolglik nie te bereik is nie, maar heiligmaking tog met oortuigende appèllering gepreek moet word, volg dit noodwendig dat hierdie prediking 'n bepaalde weg aandui waarlangs die gelowige moet gaan. Hier kom die saak ter sprake van 'n sekere “weg” of metode waardeur heiligmaking verkry kan word.

Elkeen wat die weg van Jesus beproef het, het gevind dat die weg eenvoudig en maklik is, skryf hy. Dit is wonderlik dat dit so eenvoudig vir iemand is om hom op die Here te werp en in die Here te leef. Daar is egter ook die onaangename vreugdelose tye. Wanneer hierdie tye kom, kan dit gebeur dat 'n mens in sonde val. Dan beland 'n mens in die toestand waarvan Paulus in Romeine 7 praat, omdat nie dadelik gevra word, “wie sal my verlos nie?” Die “ellendige” word die onmiddellike ervaring sonder om die vryheid te belewe waarvan hoofstuk 8 praat.

Die probleem is 'n gebrek aan 'n kinderlike geloof. Alle dinge, teenwoordige en toekomstige dinge, word nie in die hand van die Here gegee nie. Dit voel of die weg van Christus 'n pynlike weg is. Die wettiese mens is dikwels vol klagtes en in die nagte kom die uitroep “wie sal my verlos?” Die vraag is soos 'n harde kussing wat hoofpyn en hartkwale en selfs geestelike jig in die bene veroorsaak, maar die antwoord op hierdie vraag is vol vreugde.

Die kruisiging is verby en die gelowige is met Christus opgewek tot 'n nuwe lewe. Dit is 'n heerlike lewe van onuitspreeklike vreugde. Die hemel het vir hom begin. Om daarin deel te hê, is nie jare se werk van stryd en droefheid nie. Al die smart daaraan verbonde het Jesus reeds gedra. Die swaar kry in die Christelike

lewe is as gevolg van die traagheid van die Christen om te glo. Daar is dus nie jare van swaarkry en bittere ervaring nodig om dit te geniet nie. Ons kan net die Here vra en Hy sal dit vir ons gee. Hy kan ons van ons las bevry. Hy is ons lasdraer. Dit is die beste om alles op een slag aan Christus oor te gee en dadelik in die rus van eenvoudige geloof in te gaan. Glo jy dat jy in die voortdurende teenwoordigheid van Christus kan leef en elke dag met blydschap vervul kan wees? Dit kan waar word in een dag, in een uur, in een oomblik. Om jare te wag, kan slegs 'n gewoonte word om in ongeloof te verval. Dit kan die vloei van eenvoudige geloof belemmer. "Gaaf nu in de rust. Geeft nu elk ding, waarvan gij weet dat "het uwe" is, in besondere toewijding aan den Heer; geloof dat Hij uw offer aanneemt, en gaat in in de rust. Nu! "Ziet nu is het de welaangename tijd, ziet nu is de dag van zaligheid." Nu is de tijd voor een bijzondere en onbepaalde toewijding om al uwe toekomst aan uwen Verbondsgod toe te vertrouwen – om Hem op zijn woord te nemen in elke belofte. Nu is de tijd dat uwe blydschap in Jezus vervuld worde, dat uw vrede in Hem als uwe rivier zij alle verstand te boven gaande"³⁰. Daar is dus in die weg van heiligmaking die beslissende oomblik van die toe-eiening daarvan. So gesien, is die aanduiding en beklemtoning van die weg van heiligmaking die afwysing van 'n eensydige beklemtoning van die leer van die vrye genade.

Hierbo is reeds daarop gewys dat hierdie denklyn in verband met die heiligmaking prinsipiël verskil van die denkraam wat die heiligmaking laat opgaan het in die beswering van allerlei openbare sondes – 'n denkraam wat veral in die 1850's sterk was. Nou het dit op die agtergrond vervaag. Die klem het al meer geval op 'n ryker en voller geloofslewe.

³⁰ J.M.S: "De Eenvoudige Weg tot Heiligheid". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXII(12)*, 4 Junij 1870, 179.

4.6 Die strewe na 'n hoër geestelike lewe.

De Gereformeerde Kerkbode het 'n deurslaggewende belang toegeken aan die strewe na 'n hoër geestelike lewe. 'n Paar artikels het hieroor geen onduidelikheid gelaat nie. Een hiervan het gehandel oor “Bevestiging en volmaking”. Daarvolgens moet 'n Christen met vurige ywer strewe na die volharding en die groei van sy siel. Hy moet nie net die begin van die Christelike lewe in gedagte hou nie, maar ook die einde. Hy moet nie net by die ingang bly staan nie, maar van krag tot krag beweeg. Hy moet met onwrikbare moed, deur alle moeilikhede strewe na volmaaktheid. Die Christen bly steeds ver van sy doel, maar hoe meer hy hom inspan, hoe nader kom hy. Hoe hoër die doel, hoe kragtiger is die middele om die doel te bereik.

Die uitnemende lewe van die christen bestaan daaruit dat hy elke dag in heiligheid sal toeneem; dat hy vandag wyser, heiliger en meer geestelik sal wees as gister “de wereld iederen dag minder, Christus iederen dag meer lief te hebben; iederen dag afbreuk te doen aan het bederf; gedurig te voelen dat zijne driften worden onderworpen en gedood, zijne begeerten naar de werldsche dingen beteugeld en verzwakt; die naar de hemelsche goederen verlevendigd en versterkt; te ondervinden dat de ligtzinnigheid van zijn hart plaats maakt voor ernst en waardigheid; dat zijne ziel zich gedurig meer hecht aan haren God, en hunkert naar zijne gemeenschap; dat zijn geloof vaster, zijne liefde levendiger, zijne zachtmoedigheid bestendiger, zijne ootmoedigheid dieper wordt”³¹.

Alle menslike pogings en ywer sal egter niks baat as daar nie gedurig op die sterke hand van die Here gesien word nie. Hy wat die goeie werk begin het, sal dit voleindig. Die volharding van die gelowige is daarom nie gegrond op sy eie krag en getrouheid nie, maar op die onveranderlikheid van God self. Nie alleen gee Hy vir die wat Hy aanneem 'n ryke erfenis nie, maar bewaar Hy hulle ook.

³¹ Anoniem: "Bevestiging en Volmaking". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXII(22)*, 22 October 1870, 343.

Die Christen weet hy is van vyande omring. Ook van sy eie hart is daar groot gevare. Daarom verwag hy van God en God alleen alles wat hy nodig het om te volhard. Hy weet uit sy eie ondervinding dat as hy dink dat hy vorentoe gaan, hy agtertoe beweeg. Die gelowige kyk dus na Christus as die Voleinder van sy geloof. Die Here kan te midde van die gelowige se swakhede al sy vyande verslaan en vir hom die krag gee teen sonde. As hy in sy onstandvastigheid wil wankel, sal die Here sy regterhand vat en sy paaie vas maak³².

Uit hierdie opmerkings en aantekeninge blyk dit dat in die geledere van die N.G. Kerk 'n aandrang met betrekking tot die heiligmaking na vore kom waarin dit nie net meer gaan om die weerhouding van sonde of die bestryding daarvan nie, maar dat 'n positiewe toe-eiening van die heiligmaking nou bygekom het. Dit fokus nie meer op die sake soos die bestryding van openbare onsedelikheid nie, maar op die innerlike persoonlike ervaring van heiliging. Dit gaan om 'n doelbewuste ingroei in 'n dieper geestelike lewe. Die probleem van sonde skuif na die agtergrond. Dit word egter steeds so beskou dat die heiligmaking wat hom in die mens voltrek nie die sonde totaal oorwin en uitskakel nie.

Volledigheidshalwe kan nog op die artikel "Christus leeft in mij"³³ gewys word, wat in Julie 1871 verskyn het. Daarin kom dieselfde gedagtelyn na vore. Met 'n beroep op die brief van Paulus aan die Galasiërs, toon die skrywer aan hoe die gelowige vry gemaak is van die diensbaarheid aan die wet deur die Gees van Christus. Deur die geloof het hy nie alleen vrypraak van die skuld nie. Dit is maar net die begin. Hy het die vryheid om te doen wat reg is omdat die Gees van Christus wat hy ontvang het alles in hom werk en sy hele lewe vir hom wil leef. Die gekruisigde is versoening vir die verlede en die opgewekte Christus is lewe vir die toekoms.

³² *Dies.*, 344.

³³ Anoniem: "Christus leeft in Mij". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXIII(13)*, 1 Julij 1871, 198.

Paulus is oortuig dat dit nie meer hy is wat leef in die nuutgevonde lewe nie. Hy was bevry van die verpligting en die begeerte om sy eie lewe te voer en self sy lewenswerk te doen. Hy het iemand anders gekry om vir hom te leef. Paulus het hierdie seën verkry deur met Christus gekruisig te wees. Wanneer die Gees in iemand se hart kom, deel Hy die volle krag van die kruisiging en die opstanding aan hom mee asof hyself daar op Golgota gehang het.

Paulus leef die salige lewe deur die geloof in Christus. Dit is nie die geloof in die begin met regverdigmaking nie. Hy praat van die geloof waarin hy nou voortleef en sy oë op Christus rig. Die rede waarom baie Christene nie hierdie salige en kragtige Christelike lewe voer nie is omdat daar ongeloof is. Die ongeloof is a.g.v onkunde. Die gelowige weet nie wat is vir hom belowe en waartoe hy instaat is nie. Ander leef op die gevoel en lê groot klem op die ervaring. Nog ander wil dit verkry deur hulle eie getrouheid en dit verhinder die geloof. Ander wil nie die wêreld los nie en 'n verdeelde hart kan nie tot volle oorgawe kom nie.

Om 'n lewe te voer wat tussen Christus en die wet verdeel word, is moeitevolle werk. Dit is 'n lewe wat 'n mens uitput. Die groot vreugde is om te besef dat Christus sy lewe in my wil leef. Hofmeyer beklemtoon ook hierdie gedagte: "Leave off trying, and let it be all trusting. Do not try, by any effort of yours, either to escape God's wrath or to break your bondage to sin. You must receive both forgiveness and deliverance by simply trusting"³⁴.

Dit is nie 'n lewe van hemelse volmaaktheid nie. Dit is egter 'n lewe van groei en oorwinning. Die teenwoordigheid van die Heiland wys, selfs daar waar die sonde nog nie uitgebreek het nie, hoe ver 'n mens nog van die beeld van Christus is. Terwyl ons die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons egter na sy beeld verander³⁵.

³⁴ Hofmeyer, N.J. *The Blessed Life: How to find and live it*, 81.

³⁵ Anoniem: "Christus leeft in Mij". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXIII(13)*, 1 Julij 1871, 198.

Op hierdie punt is dit van belang om breër te kyk en te vra of hierdie verskuiwing ook na ander teologiese literatuur uit die N.G. Kerk deurgewerk het?

4.7 Meer heiligheid gee my...

Een van die kragtigste instrumente om teologiese oortuigings of uitgangspunte te kommunikeer, is die geestelike lied. Teen 1874 was daar in die N.G. Kerk reeds twee nie amptelike sangbundels waarin die vrye evangeliese lied opgeneem is. *De Kinderharp* is 'n bundel liedere wat deur ds Charles Murray later van Graaff-Reinet vroeg in die jare sestig versamel en vertaal is. Die liedere hierin opgeneem, is hoofsaaklik van Morawiese Lutherse en Episkopaalse oorsprong³⁶. In 1863 is die bundel herdruk en aangevul. Dit gebeur ook in 1873. Toe daar nie meer in 1876 'n druk verskyn nie, is dit aangevul met liedere uit die Sankey beweging³⁷. Dat daar in 1881 reeds 'n elfde herdruk verskyn het, bevestig nie net die gewildheid van die bundel nie, maar ook sy invloed.

Uit hierdie bundel is een bepaalde lied 'n sprekende voorbeeld van hoe die begrip van heiligmaking as toe-eiening verstaan is. Lied 139 gaan oor “Mijn Gebed”:

Meer heiligheid geef mij, meer vreed' in mijn hart;
 Meer lydzaamheid in't leed; van sonde meer smart;
 Meer hoop en vertrouwen in Jezus mijn Heer;
 Meer liefdegloed voor Hem, altijd meer en meer.

Meer dankbaarheid geef mij, in't hart voor U, Heer;
 Meer blijdschap en meer vreugd; meer roem in Uw' eer;
 Meer afschuw der zonde; die dikwijls my smart;
 Meer liefde geef mij Heer! Voor U in mijn hart.

³⁶ Van Niekerk, T: 1970. *Die invloed van die Sankey-beweging op die kerklied in Suid-Afrika*. 32.

³⁷ *Dies.*, 32.

Meer heiligheid geef mij, meer kracht in den strijd;
 Meer kalmte in mij smart, meer trouw als U lijd;
 Wil meer mij bereiden, voor't hemelsche Rijk;
 Heer maak mij in alles meer aan U gelijk³⁸.

Ds Andrew McGregor van Robertson het in reaksie op die opwekkingsbeweging vertalings van "Revival Hymms" gemaak en in 1871 laat verskyn as die *Zionsliederen*. Net soos die *Kinderharp* was hierdie bundel geweldig geliefd en het groot invloed uitgeoefen. Oor hierdie bundel merk McDonald op: "Dat hierdie gewyde Anglo-saksiese liedere wel ook waarde gehad het vir sover dit die geestelike lewe van die Suid-Afrikaner betref, wil ons nie ontken nie - maar te oordeel aan die musikale diepte daarvan en gestel teenoor ons Lutherse en Gereformeerde kerklied waarin die kenmerke van statigheid, diepte en innerlike krag setel, sonder dat dit enige teken van opsmukking verraai, moet eersgenoemde weens sy powerheid jammerlik ineenkrimp en die hoof in eie skoot verberg"³⁹. Martina Viljoen voeg ook nog hierby: "Soos in die geval van die *Kinderharp*, het die *Zionsliederen* (1871) eweneens 'n veel groter invloed uitgeoefen as bloot 'n versameling kinderliedere. Saam met die *Kinderharp* was hierdie bundel regstreeks verantwoordelik vir die bepalende rol wat die Sankey-liedere oor 'n lang tydperk in ons kerksang sou speel. Beide bundels is tot in die huidige eeu as nie-amptelike sangbundels gebruik"⁴⁰. Ook in die *Zionsliederen* word hierdie begrip van heiligmaking uitgespel en is dit in die harte van mense ingesing. Veral in die liedere oor die Heilige Gees kom die verskuiwing na die innerlike mens en die ervaring van die Heilige Gees voor.

Aanvullend by die opmerkings oor die twee liedboeke hierbo, moet ook aandag gegee word aan die invloedryke preekbundel van John Murray. Sy *Huisprediker*⁴¹

³⁸ Murray, C: 1880. *De Kinderharp, Verzameling van Liederen voor huis en School*.

³⁹ McDonald M J: 1955. *F.W. Jannasch en sy bydrae tot ons Kerkmusiek*.13.

⁴⁰ Viljoen, Martina: 1997. *Sentiment en die lied van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n inhoudsanalitiese perspektief*, 66.

⁴¹ Murray, John:1873. *De Huisprediker: Gelegenheidspreken voor huiselijk gebruik*.

is naas sy *Catechisatieboek* van die belangrikste literatuur wat 'n rol in die teologiese denke in die N.G. Kerk gespeel het.

In die voorwoord van die preekbundel skryf Murray iets oor die behoefte van sy tyd: "De bijzondere omstandigheden des lands zijn oorzaak dat de Preekliteratuur nog meer hier dan elders gewild is. Vooral wordt de behoefte aan preeken voor het Huisgezin gevoeld op feestdagen en bij andere bijzondere gelegenheden, wanneer men niet met de feesthoudende menigte kan opgaan. Dit heeft aanleiding gegeven tot de keus van de onderwerpen welke in dezen bundel behandeld worden 'Zij die te huis bleef, deelde den roof uit'. Met de bede dat deze preeken bijdragen mogen om dit Bijbelwoord waar te maken in menig huis in Zuid Afrika, worden dezelve in het licht gegeven"⁴². Wat sê Murray nou oor heiligmaking? Sluit hy aan by sy broer Andrew, wat daarvoor as 'n bereikbare hoër geestelike lewe, gedink het? Of, handhaaf hy die standpunt soos hy dit in die *Catechisatie Boek* uiteengesit het?

In een van die preke wat handel oor die christene wat 'n heilige volk is, sê Murray die volgende: "Er is dus volstrekt geene mogelijkheid om deel te hebben aan de heiligmaking, zoo men niet verbonden is met Christus, de eenige bron der heiligheid. Geen Doop, geen Avondmaal, geen godsdiensoefening, hoe welgemeend ook, deelt ons de heiligheid mede, indien er niet eerst eene levendige verbintenis tusschen onze ziel en Christus is tot stand gebragt"⁴³.

Die heiligmaking was vir Murray van wesentlike belang en 'n noodwendige uitvloeisel van ware verlossing. In 'n preek na die nagmaal sê hy die volgende: "Vragen wij nu of de heiligheid van den Christen dezelfde is als de goddelijke heiligheid, dan of zij welligt van gansch anderen aard is? Van nature zijn wij onheilig, zondig. God spreekt tot zijne vereerders, Weest heilig, want Ik ben heilig. Hieruit moet men opmaken, dat God van ons dezelfde heiligheid verwacht,

⁴² Murray, John:1873. *De Huisprediker: Gelegenheidspreken voor huiselijk gebruik*.5.

⁴³ *Dies.*, 204.

welke er in Hemzelven te vinden is. Bedenken wij daarbij wat God door Jezus Christus aan den mensch geeft om hem heilig te maken, dan komen wij tot hetzelfde besluit. Immers, niets anders en niets minders dan den eigen Heiligen Geest van God en van Christus moet de geloovige ontvangen ten einde geheiligd te worden"⁴⁴.

Hierdie enkele aanhalings uit die preekboek van Murray, wys in die rigting waarin hy gedink het toe hy oor die heiligmaking gepreek het. Gideon Thom het 'n goeie analise van Murray se denke gemaak: "John Murray (1826-1882) was nurtured in evangelical Calvinism but received his theological training in 'moderate' Utrecht"⁴⁵. As Calvinist he emphasized salvation by grace and Christian obedience, as evangelical, union with Christ, and as kenoticist he emphasized the relevance of the humanity of Christ"⁴⁶.

Thom vervolg: "It is clear that the call to sanctification played a dominant role in Murray's theology. He often said that a christian has no reason to be in doubt about the will of God, for 'this is God's will for us, our sanctification'. Sanctification is not something simply to be 'claimed in faith', it is rather a process of putting to death and raising to life. Murray sought new life in Christ but it was accompanied by the prayer: 'Subdue my will that I will be in all things united to the will of God'. The holy example of Jesus is the standard of sanctification: 'We want to cooperate with You. We would be led, corrected and sanctified. We would submit to your work in and with us. Then our incleanness would be purified. The image of Jesus will then appear in our inner and in our outer lfe. We would be as Jesus, humble, gentle, pure, holy, heavenly-minded, and full of love towards God and our neighbour.' As has been suggested above, Murray left no room for the neo-

⁴⁴ Murray, John: 1891. *Preeken van J. Murray. Deel I – De Volksprediker. Deel II – De Huisprediker*. 507.

⁴⁵ "In hierdie tyd oefen die 'Reveil', 'n godsdienstige stroming wat as reaksie kom teen die agt-tiende-eeuse rasionalisme, sterk invloed in Nederland uit. Die broers word aktiewe lede van die Sechor Dabar (Gedenk die Woord), 'n studentegroep wat in 1843 onder invloed van die 'Reveil' gestig word. Murray en sy broer word ook medestigters van die sendingklub Eltheto en, as uitbreiding hiervan, van 'n maandblad wat hoofsaaklik uittreksels oor die werk van God in die hele wêreld sou bevat." De Kock, W.J. 1972. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek. Deel II*. 515.

⁴⁶ Thom, Gideon: 1989. *The Development of Theology at Stellenbosch from 1859-1919*.ii.

protestant view that good works are an 'optional extra' for believers who claim to be saved by faith alone. He was especially outspoken on the christian's duty towards the poor"⁴⁷.

Hy was duidelik "within the Calvinist tradition that says man is not saved by good works, nor without them. In many of Murray's prayers there are specific supplications for the poor or confessions of forgetfulness of their needs. From all that we have seen it is obvious that Murray was by no means a moralist; he close one of these prayers with the following words: By ourselves, heavenley Father, we are unable to do good. But our eyes are on You. We wait on the protecting and sanctifying grace of your Holy Spirit ... Merciful Father... forgive us by free grace and may we be comforted this day by that peaceful and sure hope in your grace"⁴⁸.

Hierdie uiteensetting van die heiligmaking soos John Murray daaroor nagedink het, toon aan dat hy nie die aksent wou plaas op 'n oorwinnende toe-eiening daarvan nie. Sy siening is nie bepaal deur die menslike subjek nie. Murray se siening was nie die enigste beskouing nie. *Die Gereformeerde Kerkbode* weerspieël ook ander gedagtes.

4.8 Herlewings en die invloed van Metodisme.

Dit raak die berigte wat in *De Gereformeerde Kerkbode* oor 'n nuwe reeks herlewings verskyn het. Hierdie keer was daar nie soos aan die einde van die sesde dekade, 'n lang aanloop waarin herlewings gepropageer is om die kerklike en geestelike lewe reg te stel nie. Daar is gewoon verslag gedoen van wat op Swellendam en Montagu gebeur het. In Swellendam was dr Robertson predikant en in Montagu dr Servaas Hofmeyr⁴⁹.

⁴⁷ Thom, Gideon: 1989. *The Development of Theology at Stellenbosch from 1859-1919*, 57.

⁴⁸ *Dies.*, 59.

⁴⁹ "Hofmeyr, Servaas (Kaapstad, 11.12.1830-Montagu, 5.12.1888), predikant van die N.G. Kerk, was die twaalfde kind van ds. Jan Hendrik Hofmeyr (1789-1862) en sy vrou, Hester Sophia

Die vraag is of hierdie herlewings in verband met die revivals uit die Anglo-saksiese Metodisme gesien moet word en of dit steeds in verband met die Europese en veral Nederlandse Reveil verstaan moet word?

Die bekende kerkhistorikus uit die N.G. Kerk, P.B. van der Watt, hou hom met hierdie vraag besig in sy werk oor *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*. Hy wys daarop dat in "1874 'n merkwaardige geestelike herlewing in Amerika en Engeland waar manne soos DL Moody en ID Sankey as die voorgangers opgetree het, plaasgevind het. Berigte hiervan het in Suid-Afrika die verlange na 'n herlewing gestimuleer⁵⁰. *De Gereformeerde Kerkbode* het berigte en verslae van plaaslike herlewings in sy kolomme opgeneem. Van der Watt merk in hierdie verband op dat 'n ander verskynsel hom in die kerklike lewe tuisgemaak het. Soos in die buiteland het die "herlewingsliedere" by die N.G. Kerk in gebruik gekom. Hier verwys hy na veral *De Kinderharp*. Die *Zionsliedere* moet natuurlik ook hierby gevoeg word. Alhoewel hierdie liedboeke sonder enige kerklike opdrag geskep is, is die bundels langsamerhand deur meer en meer gemeentes gebruik en by name die kinderdienste, Sondagskole en veral Pinksterbidure⁵¹. As deel van die bedieningspraktyk het dit 'n wye invloed in die N.G. Kerk gehad.

Joubert, en 'n jonger broer van prof. N.J. Hofmeyr. Hy besoek die Tot Nut van't Algemeen in Keeromstraat vir sy skoolopleiding. Hy kom in Mei 1849 te Utrecht, Nederland, in die geselskap van A.A Louw en W Murray aan om hom as predikant te bekwaam. Hy voltooi sy studie in 1857 met die graad Doktor in die Godgeleerdheid. Op 29-9-1860 word hy in Montagu bevestig nadat hy eers 'n uitgebreide reis onderneem het in Basoetoland, die O.V.S., die Z.A.R. en Natal om die 'uitgewekenes' te besoek. Hy doen in 1860 in *Elpis* van sy ondervinding verslag. Met sy aankoms beleef Montagu juis ook die 'Groot Opwekking' van die jare 1860-61. Tydens sy bediening daar ervaar die gemeente verder geestelike herlewings, eers in 1874 met die besoek van prof Hofmeyr en later weer in 1884. Gedurende die tydperk 1875-1882 word Hofmeyr herhaaldelik genooi om op Kimberley, Adelaide, Riversdal, Beaufort-Wes en elders, spesiale dienste te hou. Naas die teologiese tydskrif *Elpis*, wat hy in 1857 gestig en as redakteur gedien het (1857-61), was hy mede-verantwoordelik vir die oprigting van *De Volksvriend*, later *De Volksbode*. Hy het beskik oor 'n vaardige pen, soos blyk uit sy reisbeskrywings in *De Volksvriend* en veral in *Elpis*, sommige waarvan histories van groot waarde is. Hy was 'n sterk teenstander van die liberalisme." Krüger, D W. (Hoofredakteur) tot 1972; Beyers, C J (sedert 1973) 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel III*, 416.

⁵⁰ Van der Watt, P.B. Prof: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*, 21.

⁵¹ *Dies.*, 21.

Van der Watt wys daarop dat die N.G. Kerk in hierdie jare in meer as een opsig in die teken van spesiale evangelieprediking en konferensies tot die verdieping van die geestelike lewe staan. "Die herlewing het beslis vir die kansel veel goeds meegebring. Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu, het die prediking in gebreke gebly om die hoorders tot sekerheid van hul geloof te voer. Nou was daar 'n nuwe klank: nie alleen is te veel nadruk gelê op geloofsekerheid nie, maar die leerstuk van die heiligmaking geniet groter aandag. Hierdie klanke het ongetwyfeld 'n innige warme vroomheid gebring - 'n evangeliese inslag - en dit het 'n karaktertrek van die N.G. Kerk se prediking geword"⁵².

"Tog was daar ook as gevolg van die herlewings ongetwyfeld onreëlmatighede te bespeur en tendensies wat gevaarlik was en nadelig sou inwerk op die kerklike lewe: oppervlakkige gevoelsprediking kom in sommige gevalle na vore, die verbondsleer is verwaarloos, terwyl baie van die godsdienstige byeenkomste nie meer eredienste was nie, maar "meetings" met as belangrike bestanddeel, die kenmerkende opwekkingsliedere"⁵³. Van der Watt is bewus daarvan dat meermale ernstige kritiek teen die N.G. Kerk op hierdie punt ingebring is. Die Kerk sou hom naamlik laat vind het vir die teologie en bedieningsmetodes eie aan die Metodisme⁵⁴.

Die vernaamste afwyking van die metodisme, so ver dit die gereformeerde beginsels raak, is:

- Verwerping van die uitverkiesingsleer.

⁵² *Dies.*, 21.

⁵³ *Dies.*, 22.

⁵⁴ Metodisme het sy ontstaan in Engeland gehad. Aan die begin van die 18de eeu het die Engelse staatskerk stagnant daaruit gesien. As reaksie teen die geestelike insinking het die metodistiese beweging - die "herlewingsboodskap" van John Wesley (1703-1791) en George Whitefield (1714-1770) waarin die hart teenoor die verstand, die gevoel teenoor die rede aan die woord kom - opgekom. Gedurende sy studietyd te Oxford, het Wesley 'n vereniging van vrome studente gestig; en a.g.v. die metode van hul byeenkomste en geestelike arbeid, is hulle weldra Metodiste genoem.

- Die beklemtoning van onmiddellike bekerings - soos dit veral geskied by spesiale dienste.
- 'n Sterk emosionele element, versterk deur die sing van opwekkingsliedere en gevoelsprediking⁵⁵.

Van der Watt verdedig die N.G. Kerk teen hierdie kritiek. Hy meen die feit dat die meerderheid van die lidmate onder Britse gesag gestaan het, meegebring het dat baie lidmate en predikante van die N.G. Kerk nouer skakeling met die Engelse kerklik-godsdienstige lewe beleef het en ook dikwels daardeur beïnvloed is. Hy wil nie toegee dat die Metodisme 'n deurslaggewende faktor geword het in die beoefening van die bediening van die N.G. Kerk nie.

"In die verband is dit nodig om op te merk dat baie groter en meer beslissend as die invloed van die metodisme, was die bydrae van die Reveil tot die N.G. Kerk se geloofslawe. Hierdie aspek is nog nooit na behore gestel wanneer die besondere geestelike lewe van die N.G. Kerk in die vorige eeu geëvalueer word nie. Dit is onteenseglik die Reveil wat die N.G. Kerk blywend en, wat belangrik is, positief beïnvloed het en sodoende veral bygedra het tot sy besondere warme evangeliese karakter - in prediking en geloofslawe - wat baie keer ten onregte as Metodisme gesien is. Tussen 1830 en 1855 het 'n geestelike beweging hom van 'n aansienlike deel van die Nederlandse volk meester gemaak, wat as die Reveil bekend staan. Dit het saamgegaan met aanverwante beweginge in ander oorde van Europa en orals 'n kragtige oplewing van die geestelike lewe teweeggebring het. Die Reveil het klem gelê op die innerlike geloofslawe en daarby op 'n ware Christelike lewe of praktiese Christendom. Dit was 'n reaksie teen die toenemende ongodsdienstigheid in die kerke. Opmerklik het dogmatiese en kerkregtelike sake minder belangstelling gewek, want die opset was om die ortodokse leer aan te vul met die regte lewe!

⁵⁵ *Dies.*, 22.

En juis in hierdie tydperk toe die Reveil hom so sterk laat geld het, het 'n aantal jong Afrikaners, wat hulle vir die beroep van predikant wou bekwaam, aan die Universiteit van Utrecht gaan studeer, waar hulle ook lede van Secor Dabar geword het. Daarom kon die invloed van die Reveil en hierdie studentegeselskap op die gees en karakter van die N.G. Kerk gewis nie oorskakel word nie. Studente soos John en Andrew Murray, Servaas en NJ Hofmeyr, JH Neethling en ander wat in die jare 1845-1854 aan Utrecht studeer, het later geestelike leiers in die N.G. Kerk geword. Die hoofstrewes van hierdie rigting - lewensvroomheid en opwekking van die geestelike lewe- het nie alleen die vlam van godsdienstryd in Nederland in 'n tyd van godsdienstige kilheid en onverskilligheid brandend gehou nie, maar ook hierdie Kaapse studente, wat in Nederland teologie studeer het, gemotiveer om dieselfde in die N.G. Kerk verweselik te sien⁵⁶. Van der Watt oordeel dat die Reveil 'n deurslaggewende invloed gehad het op die N.G. Kerk se teologie.

In die ontleding van die siening van heiligmaking by die N.G. Kerk gedurende die 19e eeu blyk dit dat Van der Watt die invloed uit die Anglo-saksiese Metodisme in hierdie verband onderspeel en selfs onderskat. Gegrand op die gegewens uit Hoofstukke 1 en 2 hierbo kan die invloed van die Reveil wel afgelees word. Die verlange na herlewing en die plaaslike vergestaltung daarvan het 'n geloofwaardigheid aan die Metodisme en Revival-beweging gegee. In die N.G. Kerk het dit navolging gevind en sedert 1865 ook die denke rondom heiligmaking bepalend beïnvloed.

⁵⁶ *Dies.*, 25.

4.9 Samevatting.

Die tydperk 1865-1874 was gekenmerk deur 'n verskuiwing ten opsigte van die heiligmaking vanaf samelewingsbetrokkenheid na 'n groeiproses waarin die "hoër" oorwinningslewe toegeien is. Die klem val duideliker op die geloof, die ervaring van die geloof, die kruisiging van Christus en die betekenis daarvan vir die gelowige en op die appèl tot bekering. Nietemin het die benadering wat op die persoonlike lewe appèl aangeteken het, nie uit die kerklike blad verdwyn nie.

Daar is ook 'n duidelike verband tussen gebed en heiligmaking gelê. Heiligmaking word verstaan as 'n oorwinnende lewe, 'n vervulde lewe in die volle bewussyn van Christus en sy inwoning in die gelowige se lewe. Hier voltrek 'n verskuiwing van aksent hom: van Christus na die ervaring van die volheid van Christus. Dit bring mee dat die lewe van heiligmaking 'n diep vreugde is.

Daar is dus op die weg van heiligmaking die beslissende oomblik van die toeeiening daarvan. So gesien, is die aanduiding en beklemtoning van die weg van heiligmaking die afwysing van 'n eensydige beklemtoning van die leer van die vrye genade.

In die daaropvolgende periode, 1875 -1879, is van spesiale evangelisasie prediking gebruik gemaak in die N.G. Kerk. Dit kon hierdie begrip van heiligmaking wyer tuisbring of 'n nuwe nuanse tot gevolg hê.

HOOFSTUK 5

DIE INVLOED VAN ANGLO-SAKSIESE TEOLOGIE: 1875 –1880

In die vorige hoofstuk is 'n saak daarvoor uitgemaak dat die klem op herlewing gedurende 1874 in verband gebring moet word met die “revivals” wat juis toe meer in Noord-Amerika en Groot Brittanje aan die orde was. In die “revivals” het die Metodisme diep inslag gevind. Hieraan het die oriëntering in Suid-Afrika plaasgevind. Vandaar dan ook die inkleding van die heiligmaking as 'n tweede volle lewe na bekering wat groei uit 'n dieper en hoër geestelike ervaring. Daarmee is wegbeweeg uit die dampkring van die Europese Reveil. Die metodistiese tendense uit die Anglo-saksiese wêreld het direkte invloed op die begrip van heiligmaking in die N.G. Kerk gehad.

Die lyn van argumentasie word egter eers opgetel met noodsaaklike aantekeninge oor wat presies in die metodistiese Anglo-saksiese teologie gebeur het. Dit gee belangrike agtergrond materiaal vir die verstaan van 'n beweging ter wille van die hoër geestelike lewe in die N.G. Kerk, sowel as die amptelike sanksionering en organisering van spesiale evangelieprediking sedert 1876 in hierdie kerk.

5.1 Die Verband tussen heiligmaking en herlewing in die Metodisme.

Daar het 'n noue verband ontwikkel tussen die heiligheidsbewegings en herlewing. Dit sou ook later die temas van bespreking wees by die konferensies. Die heiligheidsbewegings het ook in die N.G. Kerk vastrapplek verkry.

“A significant new development in revivalism between 1835 and 1875 was the rise of perfectionist revivalism”¹. So skryf Elwell oor een van die mees betekenisvolle ontwikkelings in die Anglo-saksiese metodistiese (én interkerklike)

¹ Elwell Walter, A: *Evangelical Dictionary of Theology*, 950.

teologie. Volgens hom was dit veral CG Finney wat 'n perfeksionistiese kant in sy herlewingswerk en bediening ingebring het so vroeg as 1835. Charles Grandison Finney is gebore in Connecticut (USA) op 29 Augustus 1792. Hy was eers in die regsberoep, maar het later 'n reisende herlewingsprediker geword. Hy en sy kollega Asa Mahan het saamgewerk met die leiers van die perfeksionisme beweging in die Metodisme soos Walter en Phoebe Palmer, 'n "new Holiness revivalism"² in die kerke. Hierdie beweging het herlewingsmetodes gebruik om christene op te roep tot 'n tweede krisiservaring in hulle geloofslewe en tot 'n totale oorgawe na hulle bekering, "commonly called among American Calvinists a 'second conversion,' a 'rest of faith,' or the 'deeper' or 'higher life'; to Methodists it was 'entire sanctification,' 'perfection in love,' or 'the second blessing'. Both Calvinist and Methodist wings of revival ultimately gave prominence to a personal 'fullness' or 'baptism' of the Holy Spirit in speaking of the experience. The creation of the National Camp Meeting Association for the Promotion of Holiness by John Inskip and other Methodist ministers in 1867 spread the movement beyond Methodism around the world. In England the Holiness revival gave rise to the Salvation Army and the Keswick Movement"³. Dit sou ook in Suid-Afrika navolging vind.

Die heiligheidsbeweging se wortels lê by John Wesley. In 'n preek wat Wesley se lewenslange geloof in sy leer van heiligmaking verteenwoordig, verklaar hy: "Ye know that all religion which does not answer this end, all that stops short of this, the renewal of our soul in the image of God, after the likeness of Him that created it, is no other than a poor farce, and a mere mockery of God, to the destruction of our own soul.... By nature ye are wholly corrupted. By grace ye shall be wholly renewed"⁴.

² Elwell Walter, A: *Evangelical Dictionary of Theology*, 950.

³ *Dies.*, 950.

⁴ Dieter, Melvin.E. Hoekema, A.A. Horton,S.M. McQuilkin, J.R. Walvoord, J.F: *Five views on Sanctification*, 15.

Hy het geglo dat daar 'n vryheid van die mag van alle sonde was en dat volkome heiligmaking dus moontlik is. Dit is 'n staat van volmaakte liefde. Wesley se teologie oor regverdigmaking en heiligmaking het raakpunte met die Calvinisme vertoon. Hy het die totale verdorwenheid van die mens aanvaar. "In the Minutes of his 1745 conference, Wesley replied to the question as to where he came to the very edge of Calvinism, by saying, 1. In ascribing all good to the free grace of God. 2. In denying all natural free-will, an all power antecedent to grace. And, 3. In excluding all merit from man; even for what he has or does by the grace of God"⁵. Wesley het geleer van die volmaaktheid van die Christen na sy bekering "maar bedoelde daarmee het 'gedrongen zijn door de liefde tot Christus', welke de 'opzettelijke' zonde uitsluit"⁶.

Die leer oor 'n tweede ervaring na die bekering het veral momentum gekry met die herlewingsprediking. Baie van die latere Metodistiese predikers het 'n ander klem begin lê as wat Wesley gepreek het. "Although Wesleyan holiness theology and its advocates never totally neglected the biblical and Wesleyan element of growth before and after the event of entire sanctification, nevertheless the focus of many who testified to having received this second blessing centered more on the significance of the experience of the critical moment than on the nature of the ongoing relationship. Entire sanctification for Wesley was the moment of the believer's perfection in love, but only in a qualitative sense. Quantitatively, the lure of divine love was so immeasurable that the lifestyle of the sanctified believer was always that of a pilgrim and not that of a settler"⁷.

Die leer van perfeksionisme wat ook voorgehou word as 'n tweede ervaring in die Christen se lewe verdien 'n paar kritiese opmerkings.

⁵ *Dies.*, 22.

⁶ A. Verkou: "Iets over het Methodisme". *Elpis. Deel 2. No.2*, 1874,112.

⁷ *Dies.*, 41.

- Dit verswak die definisie vir sonde deur sonde te beperk tot bewuste moedswillige sonde. So maklik is dit egter nie om sonde as sonde te erken nie.
- As die volmaaktheid nie dieselfde is as dié van Adam voor die val nie, waarom word dit dan volmaaktheid genoem?
- Die oortuiging maak heiligmaking 'n tweede werk van genade naas dié van regverdigmaking. Die Nuwe Testament hou beide egter saam.
- Die Bybel leer ook nie dat dit vir gelowiges moontlik is om sonder sonde te lewe nie.
- Die Bybel leer dat die gelowige voortdurend teen sonde moet stry, solank hulle in die lewe is⁸.

Duvenage wys daarop dat die metodisme baie duidelik die vryheid van die menslike wil, wat saamwerk met die goddelike genade, leer. Aan die een kant word God van 'n deel van die eer wat Hom toekom beroof en aan die ander kant word die erns van die sonde en die heiligmaking bedreig⁹.

Dit wil natuurlik nie sê dat predikante hier die heiligheidsleer klakkeloos, huidjie en muidjie ingesluk het nie. In *Elpis* skryf iemand: "Het Methodisme heeft groote gebreken en is zelfs gevaarlijk in zijne eenzijdigheid. De erkenenis dier waarheid verhindert ons niet in meer dan een opzicht zijne leerlingen te wezen"¹⁰.

In *De Gereformeerde Kerkbode* is herlewing nou gesien as 'n instrument om heiligmaking te realiseer. In die laat jare 50 is herlewing hierteenoor meer verstaan as 'n instrument om die regverdiging (bekering) te realiseer.

⁸ *Dies.*, 84.

⁹ Duvenage, S.C.W: *Die Navolging van Christus*, 36.

¹⁰ A.Verkoop: "Iets over het Methodisme". *Elpis. Deel 2. No.2*, 1874,112.

5.2 Waarheen met Herlewing?

Hierdie belangrike vraag word deur ds Andrew McGregor, leraar van die gemeente Robertson gevra. Dit is van belang om noukeurig op sy antwoord te let veral omdat daarin ook 'n analise van die geestelike situasie (deur sy oë) gegee word. Puntsgewys kom dit op die volgende neer:

- Daar is oorfloedige uiterlike belydenis van die geloof, maar die krag van die waarheid word nie ervaar nie. Talle is lidmate van die Kerk, maar die Bybel het in werklikheid weinig invloed op hulle lewe. "Zij stemmen de waarheden des Bijbels toe, maar de noodzakelijkheid der wedergeboorte, de plicht om de heiligmaking na te jagen, het voorrecht van de volle verzekering des geloofs - dat zijn dingen die hun vreemd zijn, waarvan zij geen regt begrip hebben, of waarover zij zich weinig bekommeren"¹¹.
- Daar heers algemene onverskilligheid. Baie woon die nagmaal by sonder enige erns.
- Die formalisme in die Kerk. Baie is net tevrede met die uiterlike pligte van die godsdiens. Christus word al meer op die agtergrond gestel, terwyl die mens se uiterlike pligte as 'n deug beskou word.
- Toenemende goddeloosheid. Mense wil oorhaastig ryk word, terwyl hulle geen verpligting aanvoel om God met hulle rykdom te verheerlik nie.
- By gelowiges is daar weinig geestelike blydschap. Min verstaan Paulus se oproep om hulle in die Here te verbly.

McGregor is oortuig dat hierdie geestelike louheid deur 'n herlewing reggestel kan word. Daarom bepleit hy dit. Samevattend moet die klem op herlewing dus gesien word teen die agtergrond van 'n negatiewe evaluering van die godsdienstige toestand in die N.G. Kerk. Immers, daar is 'n ernstige gebrek aan godsaligheid in die kerk. Aan die ander kant is herlewing die middel vir daadwerklike herstel.

¹¹ Andrew McGregor: "Herleving". *Elpis.Deel 2. No.3*, April 1874, 168.

Vir ds McGregor is hierdie hartewens in 1875 vervul toe daar inderdaad met 'n spesiale poging, herlewing in Robertson gekom het. In April 1875 het ds Andrew Murray en ds JH Neethling dienste op die dorp gehou. Die byeenkomste is baie goed bygewoon. Na die byeenkomste het ds Murray ook die tweede diens “inquiry meeting” gelei. In die begin het daar min lidmate hiervoor agtergebly, maar later al hoe meer. Die dienste was tot groot seën. Daar was amper nie 'n huis wat nie geraak is nie¹².

Op die oog af lyk hierdie herlewing (en dié van Swellendam die vorige jaar) soos die herlewings wat ongeveer 15 jaar vroeër in die Wes-Kaapse N.G. Kerk ervaar is. Die teologiese konteks was egter anders. Die klem op die “hoëre” lewe en die vervulling met die Heilige Gees het hieraan 'n dimensie gegee wat 'n dekade en 'n half vroeër nog ontbreek het. Wat die inpak van hierdie nuwe dimensie werklik was, sou eers duidelik word op 'n konferensie wat vir predikante op Wellington gehou is.

5.3 Die konferensie op Wellington: “Het Hoogere Leven”.

Die inisiatief vir hierdie konferensie het klaarblyklik van Andrew Murray uitgegaan. Teenwoordig by die konferensie was: WG Stegmann, JA Büchner, G Morgan, W Long, J Russell, WP Rousseau, NJ Hofmeyr, J Murray, JH Neethling, JGJ Krige, G Vandewall, FA Kolbe, A Murray, J Bisseux, J Dempers, B de Vries, JA Stegmann, W Murray, LF Esselon, A McGregor, S Hofmeyr, CJ Muller, PG de Vos, en 'n paar studente van die Kweekskool¹³. By die konferensie is verwys na die behoefte wat die laaste paar jare ontstaan het by die kinders van die Here in Amerika en Europa waar hulle aangespoor is “tot het zoeken van het Hooger Leven, naar de kracht om werkelijk heiliger te leven...”¹⁴. Die getuienisse van

¹² Andrew McGregor: "Herleving te Robertson". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVII(10)*, 15 Mei 1875, 145.

¹³ Anoniem: "De Conferentie te Wellington". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVII(12)*, 12 Junij 1875, 177.

¹⁴ *Dies.*, 177.

godvresende stemme uit Engeland, Frankryk en Duitsland en die werk van Pearsall Smith het die begeerte gewek om op die Here te wag om 'n antwoord op die vraag na heiligmaking deur die geloof.

Op die vergadering is Galasiërs 5: 16 - 26 voorgelees en na aanleiding van vers 25 is daar bespreking aan drie onderwerpe gewy: 1. Oor die begin van die christelike lewe waar die christen deur die Gees lewe, maar nie deur die Gees wandel nie. 2. Oor die meer gevorderde lewe waar die Christen werklik deur die Gees wandel. 3. Van die manier om tot die meer gevorderde lewe te kom.

In die behandeling van die eerste punt is duidelik gemaak deur te verwys na 1 Korintiërs 3: 1 – 3, waar Paulus onderskeid maak tussen die vleeslike christen, wat, alhoewel hulle kinders van die Here is, nie eintlik in die heiligmaking vorder nie. Alhoewel hulle geestelike gawes besit, maak hulle hul skuldig aan twis, hoogmoed en liefdeloosheid. Die Galasiërs was in dieselfde toestand. Die Gees het teen die vlees begeer en hulle kon nie doen wat hulle wou nie. Die wil om goed te doen was wel daar, maar die vermoë daartoe het ontbreek, omdat hulle nog nie verstaan het wat dit is om deur die Gees te wandel nie. Dat hulle nie kon doen wat hulle wou nie, het gedui op 'n gebrekkige toestand in die begin van hulle Christelike lewe. Uit hierdie toestand word 'n mens verlos wanneer 'n mens nie meer tevrede is om net deur die Gees te lewe nie, maar werklik met die Gees te wil wandel. Dit is wanneer iemand ten volle onder die heerskappy van die Gees staan dat die Christen werklik geestelik word.

Die konferensie het ook ingegaan op Romeine 7: 7 – 26. Die teks wys op 'n Christen wanneer hy weer onder die wet wil lewe. Verse 7 en 9 wys op die geskiedenis van die gelowige wat eers vry van die wet was, maar toe hy weer deur die gebod begin leef het, het die sonde weer “lewendig” geword in sy lewe. Nou vind hy 'n onvermoë om volgens die wet te lewe. Dit is die beskrywing van die Christen wat nog vleeslik is en nog in 'n tweestryd tussen die vlees en die Gees is. Hulle moet uitroep “wie sal my verlos van die liggaam van die dood.” Die

juiglied “ek dank God deur Jesus Christus” is 'n dankbetuiging vir die bevryding van jou onvermoë.

Selfs die gelowige Christen kan nog probeer om volgens die wet te lewe, maar dit is nie suksesvol nie. Hy bly gebonde totdat hy van die wet vry gemaak word wanneer die Gees die volle heerskappy oorneem. Die heiligheid van die Christen en die vermoë om te bewerk om jou altyd in die Here te verbly, is 'n werk wat die Gees wil volbring. Hoe meer die Christen dit verstaan hoe meer besef hy dat die lewe van “ek doen wat ek nie wil nie” nie sy doel is nie. Deur met die Gees te wandel, word hy versterk word sodat hy geen enkele begeerte van die vlees meer volbring nie¹⁵.

Dit bring ons by die kern van die heiligmaking deur die geloof. Hoe ver kan die Christen gebring word tot oorwinning oor die sonde? Daar word met erns gevra, as die christen lewe volgens die woord “wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie”, of die gevaar nie daar is, om in die dwaling te verval van die Perfektionisme of die Volmaaktheidslewe nie? By die Volmaaktheidsleer gaan dit oor die algehele uitroeïing van sonde wat volmaaktheid in die vlees belooft. Dit verskil heeltemal met die leer van die heiligmaking van die geloof. Die heiligmaking is nie in die vlees nie, maar in die geloof. “De Heiligmaking is niet in het vleesch, maar door het geloof. De Heiligmaking des Geestes bestaat daarin, dat door zijne werking de Heere Jezus, die onze Heiligmaking is, zoo in ons hart woont en dat vervult, dat elke zonde door zijne tegenwoordigheid wordt ten onder gehouden en uit zijne volheid zijne gezindheden aan ons worden medegedeelt. Dan zijn het niet wij, die leven, maar werkelijk Christus in ons”¹⁶. Die sonde skuil in die vlees as begeerlikheid en wil hom laat geld, maar die begeerte word nie vervul nie, dit kom nie tot daadwerklike sonde nie, want Christus bewaar die siel deur sy Gees.

¹⁵ *Dies.*, 180.

¹⁶ *Dies.*, 182.

Die konferensie was uiteindelik oor die volgende punte volkome eens met mekaar:

- “Het is niet te loochenen, dat de meeste gelovige christen-belijders, hoe zuiver ook in de leer der regtvaardigmaking, toch uiterst gebrekkig zijn, wat het leven der heiligmaking aangaat.
- Zulk een ongezonde toestand brengt geen eer aan God, geene vreugde aan het gemoed en geen zegen aan de wêreld.
- Gods Woord belooft ons meer dan de meeste christenen hebben; hetzelfde spreekt van een vervuld worden met den Heiligen Geest en van eene onafgebrokene gemeenschap met den Heere Jezus, een zalige staat ongetwijfeld bereikbaar voor elken geloovige.
- Dit volle geestelijke leven is geen staat van volstrekte volmaaktheid, in denwelken de gelovige niet meer zou noodig hebben te bidden, “vergeef ons onze zonden”, maar door de blijvende inwoning van Christus en van den Heiligen Geest behaalt hij eene doorgaande overwinning over de zonde, zoodat de Geest het vleesch onderdrukt en de zonde doodt, wanneer en zoodraze zich vertoont.
- Dezen schat van de heiligmaking door het geloof zal God schenken aan allen die Hem in opregtheid om de volheid des Geestes bidden, Zijn Woord gehoorzaam zijn en het eigen Ik aan den voet des kruises ten offer brengen.
- Zoo weinig als de regtvaardigmaking door het geloof in de XVIde eeuw eene nieuwe leer was, zoo weinig is de Heiligmaking door het geloof in onze eeuw eene nieuwe leer. Maar de Geest Gods wekt de gemeente op om dezelve als een licht op den kandelaar te plaatsen, om dezelve met nieuwen ernst te behandelen en den onuitsprekelijk grooten zegen daarvan te ondervinden”¹⁷.

Die kernvraag vir die konferensie was: hoe word hierdie meer gevorderde “hoër” lewe bereik? Die gelowige moes kom tot 'n nuwe daad van oorgawe en

¹⁷ *Dies.*, 182.

onverdeelde toewyding aan die Here. Eers na sy bekering ervaar die gelowige 'n intense stryd met die vlees. “Wanneer een christen, die naamlik ontevreden is met wat hij is, begint in te zien, dat er werkelijk een beter leven voor hem bereid is, dan zoekt hij veelal door nieuwe inspanning van krachten zulks te verkrijgen. Hij meent, dat als daar maar meer ernst, en meer getrouwheid, en meer waakzaamheid was, hij bereiken zou. Maar ook hier wacht hem nieuwe teleurstelling. Gelukkig wanneer hij ontdekt, dat God het willen en het volbrengen in hem wil werken, dat Christus hem gegeven is als zijn leven en zijne hieligmaking en gewillig is om zijn leven in hem te leven, om alles in het hart onder zijn bestier te nemen, om werkelijk door den Heiligen Geest elk oogenblik in hem te blijven en te wonen. Hij ziet in, dat voor hem niets te doen is of te doen kan wezen dan zich toe te vertrouwen, dan te gelooven dat, zoodra hij zich aan den Heer onverdeeld overgeeft, de Heer van hem onverdeeld bezit neemt, en dat de geheele zorg voor zijn inwendig leven nu voor rekening komt van den Heere Jezus”¹⁸.

Op die laaste aand van die Predikante konferensie was daar drie hoof gedagtes.

- Almal het verenig in 'n belydenis van sonde, veral omdat hulle Christelike lewe so min in die vreugde en krag van die Here was.
- Almal het gesamentlik besluit om hulle onverdeeld aan die Here oor te gee. Die vraag is gevra of hulle bereid was om hulle hele denke en spraak aan die Here oor te gee en nie meer volgens hulle eie wil te leef nie. Hulle eie wil in die kleinste besonderhede van die dag wil hulle aan die Here wy.
- Die derde vraag was of hulle kon glo dat die Here so 'n oorgegewe hart in besit sou neem, dit in bewaring sou neem en met sy Gees vul.

By die leraars was daar 'n groot behoefte aan dieper insig in die heerlikheid van die geestelike lewe. In die gesprekke het een hoofprobleem na vore gekom. Dit was of die voorstelling dat die Christen deur 'n geloofsdaad van een oomblik in die volle rus van die geloof kon ingaan en daardeur 'n algehele nuwe lewe van

¹⁸ *Dies.*, 183.

krag en vreugde kon leef. Hulle het gewonder of dit nie in stryd was met die Woord van God wat leer van die stille gelydelike groei van die inwendige lewe en van 'n trapsgewyse opklim in die genade.

“Het antwoord was dat, waar de christen op den regten weg is, daar is de geregelde, stille vooruitgang, wat de Schrift en de ondervinding beiden leeren verwachten. Maar hier was juist spraken van christenen die ontdekten dat de oorzaak van hunne gebreken en onheiligheid was, dat zij langs eenen verkeerden weg den wasdom hadden gezocht. Terwijl zij door het geloof alleen, door Jezus alleen, de Regtvaardigmaking hadden verkregen, begonnen zij te merken, dat zij de Heiligmaking half door het geloof en half door eigen werken, half in Jezus en half in zichzelf gezocht hadden. En tot hen kon niets gezegd worden dan dat zij dien verkeerden weg in eens, dadelijk moesten verlaten en met het ware geloofsleven een begin maken door de nieuwe geloofsovergawe aan den Heere Jezus. En het was omdat deze kinderen Gods zichzelf en anderen zoo diep verstrikt vonden in den geest der dienstbaarheid, in eigen pogen en trachten en zoo bevreesd om zich werkelijk door den Geest geheel te laten vrijmaken van de wet en het werken, dat met zooveel klem het hun moet verkondigd worden, dat de Heere Jezus werkelijk gereed is om den verlostte, die een begin wil maken en zich in het geloof daarom bepaaldelijk aan Hem toevertrouwen, geheel voor zijne rekening te nemen, voor struikelen te bewaren en te versterken om onberispelijk te zijn in de heiligmaking. Die eene geloofsdaad zou slechts het begin zijn van het regte geloofsleven”¹⁹.

Vir die konferensie was die teologiese uitgangspunte wat onder diskussie gekom het nie in stryd met die Skrif nie. Was hulle reg? Hoewel die heiligmaking gesien is as 'n werk van Christus deur die Heilige Gees is dit nie in verband met die regverdiging gebring nie. Die klem het baie swaar op die toe-eiening van die menslike subjek geval. Daarmee is die toe-eiening ook in die hand van 'n

¹⁹ Anoniem: "De Conferentie te Wellington". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVII(13)*, 26 Junij 1875, 195.

bepaalde metode gestel. Dit het 'n nuwe dimensie aan die motivering vir herlewing toegevoeg terwyl die beweging ter wille van spesiale evangelisasiedienste nou ook momentum - na 'n dieper geestelike lewe – gekry het.

Daar is reeds gewys op die verband tussen die Metodistiese vertolking van die geloof en die toe-eiening daarvan in die Anglo-saksiese teologiese wêreld. Om te sê dat dit hierin nie meer om die uitgangspunte van die Reveil gegaan het nie, word verder bevestig. In die volgende paragraaf word ingegaan op die direkte invloed wat die sogenaamde Keswickbeweging in hierdie verband gespeel het. Edwin Orr merk die volgende op: “Also of deep significance to South African Christianity was the Keswick Convention for the Deepening of the Spiritual Life, an evangelical movement with a truly worldwide influence, budded at gatherings in London, Oxford and Brighton in 1873, '74 and '75, and blossomed into early maturity at a Lake District resort in 1875; but the seed was sown in the great Revival of 1858-59 in the English-speaking world. Its origins may be traced to the American Middle West”²⁰.

5.4 Die Keswickbeweging.

Die Keswick Convention wat 'n beweging geword het, kan teruggevoer word na gelowiges wat 'n soektog na 'n dieper en voller geestelike lewe op tou gesit het. Hanna Whitall en Robert Pearsall Smith het vanuit hulle persoonlike ervaring van 'n geestelike oorwinning interdenominasioneel volgelingen geïnspireer tot die belewing van soortgelyke ervaring. Toe hulle Bybelstudiegroepe momentum kry, was dit die stimulus om die Keswick Convention in 1874 te organiseer²¹. In 1875 is 'n groot Konferensie in Brighton²² gehou om die leer van 'n oorwinningslewe te

²⁰ Orr, Edwin. J: 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*, 98.

²¹ Lloyd-Jones, D.M:1887. *The Puritans*, 317.

²² Die konferensie is gehou vanaf 29 Mei tot 7 Junie 1875. Die spreker by die konferensie was Pearsall Smith en sy doel was om die nuwe leer te propageer.

verkondig. So het die Keswick konferensies²³ begin en is dit jaarliks gehou. Die 100 jarige bestaan is herdenk in Julie 1975²⁴.

Die kern van die Keswickboodskap was die heiliging deur die geloof. Dit veronderstel dat regverdigmaking en heiligmaking van mekaar geskei word. Albei kan ontvang word deur geloof, maar 'n mens kan ook die een hê sonder die ander. Jy kan geregverdig wees sonder dat jy geheilig is²⁵. Die Puriteine en die Reformatoriese leer is anders geknip: die moment van die regverdiging is ook die moment van die begin van die heiligmaking. By Keswick word die twee geskei. Die heiligmaking word deur geloof aangeneem en van daardie moment af is jy verlos van alle bewuste sonde.

Volgens hierdie siening kom die Christengelowige in 'n krisis wanneer hy moeg is om teen sonde te stry. Die uitweg uit die krisis lê in die besluit om alles prys te gee en hom aan die Here oor te gee. Hy gee homself en alles wat hy het aan die Here oor in 'n daad van oorgawe. Dit is 'n kritiese ervaring en word gevolg deur ervarings van groei. Hierdie groei is baie sterk gekoppel aan wat genoem is die oomblik vir oomblik bly in Christus. Dit was die essensie van die Keswickleer. Terloops meer as 'n jaar later is 'n soortgelyke konferensie in die Paarl gehou. En, soortgelyk was die gevolgtrekking, "Gedurende deze byeenkoste werden wij er op gewezen dat Christus voor den geloovige op den weg der heiligmaking even onmisbaar is als dit zulks het geval is in zijne regtvaardigmaking"²⁶.

Die verband tussen die Wellington konferensie en Keswick is ooglopend. Soos by Keswick, is ook in Wellington die regverdiging en heiligmaking van mekaar geskei. Heiliging is ook hier gesien as 'n bereikbare "hoër" lewe, wat rus op nog 'n bewuste toe-eieningsdaad deur die gelowige mens. Dit gaan hierin om die

²³ "Andrew Murray entered a deeper experience at Keswick in 1882, and became a mouthpiece of its message all over the world." Orr, Edwin. J. 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*, 99.

²⁴ Lloyd-Jones, D.M:1887. *The Puritans*, 317.

²⁵ *Dies.*, 318.

²⁶ *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVIII(26)*, 23 Desember 1876, 426.

ontdekking van 'n spesiale boodskap wat die oorwinning oor 'n mislukkende geestelike lewe verseker. Daarby kom die ervaring van wesentlike geluk in die sentrum te staan.

Die probleem wat nie ingesien is nie, is dat Christus verdeel word. Die beskouing leer dat jy Christus kan neem as die Een wat jou regverdig maak sonder om Hom te neem as die Een wat jou heilig maak. Gereformeerde teologies is daar 'n onderskeid tussen regverdigmaking en heiligmaking, maar nie 'n skeiding nie. Heiligmaking mag nooit losgemaak word van die ander groot leerstellings in die Bybel nie. Jellinghaus het dus nie sonder rede opgemerk dat: "a certain levity lies at the heart of 'the Keswick movement', its zeal is to assure ourselves that we are actually and fully saved, rather than to give ourselves to the repentance which is due to our sins, to the working out of salvation with fear and trembling, to heavenly mindedness, and a life of prayer and a walk in love. It imagines that there can be faith without repentance and conquest of sin without moral struggle. The law, sin itself as evil desire in the regenerate, the determined fulfilment of the will of God in vital endeavor, are pushed into the background. It seeks, in a word, peace instead of righteousness, and the trail of a spiritual euthymia lies over it"²⁷. Hierdie nuwe insig in die proses van heiligmaking is met ywer na die gemeentes en leraars uitgedra. Dit was byna vanselfsprekend dat spesiale evangelisasieprediking daarvoor ingespan sou word.

5.5 Die amptelike instel van spesiale evangelisasieprediking.

By die sinode van die N.G. Kerk in Suid-Afrika gedurende 1876, is besluit om 'n kommissie in die lewe te roep wat verantwoordelikheid sou neem vir spesiale evangelieprediking. Die motivering was die behoefte aan herlewing in die hele kerk waarop by die Pinkster in 1876 aangedring is. Opvallend was dat dit nie net die lidmate in die oog gehad het nie, maar ook die leraars. "O, wereldsgezinde godsdienstbelijder, weifelende belijder, beuzelende belijder, sidder voor uwen

²⁷ Warfield, B.B: *Perfectionism. Volume I*, 340.

God in deze ure! Weet gij niet, dat, zoo gij sterft zooals gij zijt, al de Nachmaaltafels, waaraan gij ooit gezeten hebt, bloedende handen zullen opheffen en zullen eischen, dat gij veroordeeld zult worden? En uw verwaarloosde Bijbel en uw biddeloze peluw zullen roepen:” zink nee! zink neer!” Gij gaaft voor godsdienstig te zijn, maar gij waart het niet. Uit de zeven dagen der week hebt gij geen vijf uren aan Christus gegeven. Gij hebt uwen sacramenteelen eed gebroken. Zink neer! zink neer! En de helste en schrikkelijkste bliksemschicht van God oneindigen toorn, die ooit gezien werd, zal u verzengen en doen storten in de eeuwige duisternis. O, ik zou in den oordeelsdag liever die man willen zijn, die nooit eene Kerk heeft gezien, dan gij, die voorgeeft zooveel te zijn en zooveel te doen en nogtans niets gedaan hebt”²⁸.

“Mijne broeders in de bediening, het kan niet gaan om zoo te handelen. Zoo gij aan de onsterflijke zielen, aan uwe zorg toevertrouwd, aangename waarheden verkondigt zonder te letten op hunne karakters, hoe zal het dan met u gaan in dien dag wanneer gij ze ontmoeten zult voor den regterstoel van God? Het zou dan best voor u zijn om ver van hen te blijven, want anders zullen zij u verscheuren! Zij zullen zeggen: “ik heb u vijf honderd malen hooren preeken en bewonderde uwe wijsgeerige stellingen, uwe bevallige gebaren, uwen aangename stijl, uwe prachtig gerangschikte volzinnen, en ik dacht, dat gij een meester waart in de predikkunst; maar gij hebt mij niet geholpen om mij voor te bereiden voor dezen dag. Vervloekt zij uwe welsprekendheid! Vervloekt zij uwe sentimentaliteit! Ik zink in den bodemloozen afgrond en zal u met mij medenemen. Het is uwe schuld!”²⁹

Hierdie artikels suggereer dat dit op en onder die kansel ontbreek aan ware deurleefte geloof. “Van waar zoo weinig ware vreugde in goede dagen; zoo luttel moeds en kalmte, als het ons tegenloopt; zoo groote versaagdheid in nood en

²⁸ Anoniem: "De Behoeftte aan Herlevingen". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVIII(7)*, 1 April 1876, 98.

²⁹ Anoniem: "De Behoeftte aan Herlevingen". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVIII(8)*, 15 April 1876, 113.

gevaar; zooveel vrees voor den dood? Van waar dat alles? Alleen omdat de stem in ons binneste ons verwijt, dat wij niet zijn, die wij konden en moesten zijn. Als wij Jezus' woorden wel hooren, maar niet doen, dan zijn wij gelijk aan den dwaas, die zijn huis op een zandgrond heft gebouwd"³⁰.

Die argument ter wille van herlewing is duidelik. Dit was ook die grondmotivering vir die skep van 'n sinodale kommissie vir spesiale evangelieprediking. Hierdie prediking moes die herlewing in die hand werk. Hiermee saam het die voorbeeld van evangeliste soos Moody en Sankey wat met hulle suksesveldtogte in Amerika en Engeland kerklike gemeenskappe wakker geskud het die voorbeeld gestel. Gedurende 1876 en 1877 het *De Gereformeerde Kerkbode* dikwels hieroor berig en dit in Suid-Afrika sterk aanbeveel.

"In het berigt van de godsdienstige gebeurtenissen des jaars, bekleed het bezoek van de Amerikaansche Evangelisten DL Moody³¹ en Sankey³² eene voorname plaats. Ofschoon niet te vergelijken met sommige groote bewegingen van vroegere tijden, zijn deze vreemdelingen de geëerde werktuigen geweest om in alle delen van het Koningrijk eene merkwaardige herleving in de Christelijke kerken te weeg te brengen. Het was de vernieuwing en opwekking van het leven,

³⁰ Anoniem: "Het ware Geloof". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVIII(13)*, 24 Junij 1876, 195.

³¹ "Evangelist, born East Northfield, Massachusetts, 5 February 1837, died Northfield, Massachusetts, 22 December 1899. He was converted in Boston and moved to Chicago in 1856, becoming a successful shoe salesman. A Sunday School he started in the slums in 1858 became a church in 1863. He worked under the YMCA, organized Sunday School Teachers' conventions, and visited England in 1867. A preaching tour to Britain, 1872-5, accompanied by the singer Ira Sankey brought an enthusiastic response, as did their *Sankey and Moody Hymm Book* (1873). After similar missions in Brooklyn, Philadelphia, New York and Boston, Moody founded the Northfield Seminary for Young Women in 1879 and the Mount Hermon School for Young Men in 1881. A second tour to Britain, 1881-4, included universities. In 1889 he helped found what became the Moody Bible Institute." *Dictionary of Christian Biography*, 2001:886.

³² "Sankey, Ira Born Edinburgh, Pennsylvania, USA, 28 August 1840, died Brooklyn, New York, 13 August 1908. He collaborated with D.L Moody, whom he met at a convention of the Young Men's Christian Association in 1870, in evangelistic meetings in the USA and Britian. They published *Sacred Songs* with great success over 30 years. The popular style of these songs became that for evangelistic song books to the present day. Neither he nor Moody benifited from the sale of their hymn-books: all the money was turned over to trustees for a school Moody had established." *Dictionary of Christian Biography*, 2001:1055.

dat reeds van boven gegee was, en de mededeling van het leven aan velen, die “dood waren in de misdaden en zonden”. De tyd moet de uitgestrektheid en die diepte der beweging aantoonen; maar het verschaft intusschen genoeg het blykbaar goede werk dat er gedaan is te vermelden”³³.

Die verkondiging van die ‘Hoogere Leven”, soos verwoord op die Worcester konferensie het waarskynlik ook bygedrae tot die skep van hierdie kommissie. Moes hierdie kommissie, beman deur uitgesoekte predikante, die voertuig wees om die N.G. Kerk en sy predikante verder as die regverdiging (en bekering) na die heiliging (en volle oorgawe) te lei? DA Kuyler skryf die volgende oor die totstandkoming van die evangelisasieprediking:

“n Gedagte wat reeds geruime tyd in evangeliegesinde kringe ondersteun is, was spesiale evangelieprediking. Dit het volgens hulle 'n antwoord gebied op die tekort aan leraars en die “toestand” van die Kerk....Die aandrang op 'n sinodaal-ondersteunde aksie sou telkens in die pleidooie na vore kom”³⁴.

5.6 Spesiale Evangelisasiedienste.

Die Kaapse Sinode van 1876 het spesiale diensreekse vir die N.G. Kerk amptelik ingestel en gesanksioneer. Daarmee is die aksent op herlewing, vernuwing en die bewerking van geestelike groei in die Kerk nou gevestig in 'n kommissie wat daarvoor verantwoordelikheid moes neem. Eers in 1879 sou *De Gereformeerde Kerkbode* oor die werk van hierdie kommissie wat onder leiding van Andrew Murray gestaan het, berig. Ondertussen is enkele met berigte in verband met openbare sedelikheid of gebrek daaraan opgeneem. Onderwerpe wat aangeraak is, was dronkenskap³⁵, eerbeid vir ouers³⁶ en die Christelike huis ³⁷. Hierdie soort berigte het heeltemal op die agtergrond verdwyn.

³³ Uit de Sunday at Home: "Moody en Sankey". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXVIII(21)*, 14 Oktober 1876, 344.

³⁴ Kuyler D.A. 1998. *Die ontwikkeling van die sinode en sinodale dienswerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu. 'n Ekklesiologiese studie.*233.

³⁵ W.P.R: "Dronkenschap". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXIX(4)*, 17 Februariej 1877, 51.

Aan die begin van 1879 is daar weer 'n belangrike predikante konferensie op Swellendam saamgeroep. Die tema hier was "Het Opstandingslewen des Christus"³⁸. Die tema van die Wellington konferensie van vier jaar tevore word weer opgetel en die toe-eiening van die ware heilige lewe in Christus staan in die sentrum van belangstelling. By hierdie konferensie skryf *De Gereformeerde Kerkbode* is onderskeid gemaak tussen die lewe van Christus voor en na Sy dood. Dit is vergelyk met die swakheid van die vlees en die lewe van krag en oorwinning wat daarop volg. Daarmee is probeer om "aan te toonen dat de gelovige bij zijne vereniging met den Heer Jezus, deel krijgt niet enkel aan zijn leven in de zwakheid des vleesches, maar in de kracht der opstanding, is het van hoog belang om te spreken van het opstandingslewen des Christus"³⁹. Die groot behoefte in die Kerk is om deel te kry aan hierdie laaste en tweede lewe van Christus.

Ook hierdie konferensie dui die weg aan waarlangs die gelowige (predikant) moet gaan om in die volle seën te deel:

- Die siek toestand waarin die kerk verkeer moet erken en verken word⁴⁰.
- Veral die predikante moet eers in die oorwinningslewe wandel voordat gedink kan word om ook die gemeentelede daarin te laat deel. In gelykvormigheid aan Christus se opstandingslewe moet die saak uit eie ondervinding gepreek word.

³⁶ Anoniem: "Eerbied voor de Ouders". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXIX(9)*, 28 April 1877, 129.

³⁷ Anoniem: "Het Christelijke Huis". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXXI(3)*, 1 Februari 1879, 41.

³⁸ W: "Predikanten Correspondentie". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXXI(8)*, 12 April 1879, 117.

³⁹ W: "Predikanten Correspondentie". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXXI(10)*, 10 Mei 1879, 149.

⁴⁰ *Dies.*, 150.

- “Vooral werd er gedurig aan herinnerd dit leven is niet slecht eene waarheid, eene zaak, eene gave, maar een levende Persoon, Christus in ons leven”⁴¹.

Hierdie standpunt veronderstel 'n bepaalde Christologie wat sekerlik nie ooreenkom met die gereformeerde belydenisskrifte nie. Dit is ook in hierdie tyd dat Andrew Murray in *De Gereformeerde Kerkbode* skryf dat meer en meer gemeentes van besondere evangelisasie dienste gebruik maak. Volgens hom word hierdie spesiale dienste nie 'n nuwe evangelie gepreek nie. Die redes vir die dienste word as volg uiteengesit:

- Die gemeentes sonder 'n spesifieke tyd daarvoor af om alleen die boodskap van bekering en geloof te hoor.
- Die opeenvolging daarvan is ook 'n kenmerk. Die yster moet gesmee word terwyl dit nog warm is.
- Die invloed van die gemeenskap met ander is ook belangrik. Wat jy met ander doen, doen jy makliker.
- Die persoonlike omgang in sulke tye is van groot waarde. Die leraar en die gelowiges bly dikwels saam agter om mekaar te ontmoet.

Interessant dat bepaalde voorwaardes gestel word vir suksesvolle evangelisasie dienste. Die voorbereiding is baie belangrik. By hierdie dienste moet die gelowiges gelei word tot skuldbelydenis oor die onbekeerde toestand waarin baie mense leef. Alles hang egter af van die Gees van God en die geloof waarmee sy krag afgesmeek en verwag word⁴².

Uit hierdie skrywe van Murray is dit nie duidelik of daar by die spesiale dienste op die oorwinningslewe gefokus is nie. Murray self was uitgesproke daaroor dat predikante eers die oorwinningslewe vanuit 'n volle oorgawe moet ken, voordat hulle hulle moet begeef op die weg van spesiale dienste in gemeentes. Dit is 'n

⁴¹ *Dies.*, 151.

⁴² A.M: "Bijzondere Diensten". *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXXI(14)*, 5 Julij 1879, 217.

veelseggende gedagte wat daarop dui dat spesiale dienste, herlewing en die toe-eiening van die opstandingslewe nie meer van mekaar geskei kon word nie.

Dit word bevestig deur nog 'n predikante konferensie wat in Colesberg oor spesiale evangelieprediking gehou is. Hier het Andrew Murray in werklikheid belangstellende predikante op die weg gehelp om ook begeesterd te wees. Daarvoor moes hulle aan een voorwaarde voldoen: hulle moes deel kry aan die opstandingslewe van Christus. "Ik moet weten (en dit is meer dan gelooven) dat de volle Christus zoo als ik Hem uit zijn woord leer kennen voor mij daar is en voor mij leeft als of ik eenig en alleen daar ben, en Hij enig en alleen voor mij is, en leeft. Als zoodanig moet ik Hem met alle vrijmoedigheid aannemen, voor mijzelven door het geloof toeëigenen"⁴³. Wat Murray hier beklemtoon, het die konferensiegangers ook proefondervindelik ervaar in 'n biduur van verootmoediging na die konferensie⁴⁴.

Dit is duidelik in welke rigting die spesiale evangelieprediking ontwikkel het. Dit het duidelike tekens van die moderne heiligheidsbeweging begin dra. Dit vra vir enkele kritiese opmerkings.

5.7 Spurgeon se kritiek.

Spurgeon, die Baptis van London, is dikwels deur *De Gereformeerde Kerkbode* bygehaal. Hy was krities teenoor Sankey en Moody sowel as die Keswickbeweging. Daarom word enkele kritiese aantekeninge by die nuwe herlewingsontwikkeling in die N.G. Kerk vanuit Spurgeon se standpunte gemaak.

Spurgeon was bekommerd oor die evangelisasie metode waar mense na vore gekom het om 'n keuse vir die Here te maak. Hy het eerder geglo dat jy met jou

⁴³ A.M: *De Gereformeerde Kerkbode, Deel XXXI(20)*,27 September 1879,330.

⁴⁴ *Dies.*,330.

hart na Christus kom en nie met jou voete nie⁴⁵. Hy het geglo in die 'ouderwetse' vorm van sonde oortuiging omdat dit meer stabiele gelowiges daar gestel het as die oppervlakkige moderne metodes. Daar is nie 'n evangelieboodskap wat losgemaak kan word van die struktuur van die Bybelse teologie nie. Alle waarheid het 'n plek in evangelisasie. Die moderne evangelie “that Christ has died for everybody, that God respects His gift of freewill to man, and that a decision for Christ is the crux of salvation, such a gospel is not at all recognizable in Spurgeon’s sermons.....The point at which he diverged from both Hyper-Calvinism and Arminianism is that he refused to rationalize how men can be commanded to do what is not in their power. Arminians say that sinners are commanded, therefore they must be able; Hyper-Calvinists say they are not able, therefore they cannot be commanded. But Scripture and Calvinism sets forth both man’s inability and his duty, and both truths are a necessary part of evangelism”⁴⁶.

Dit is duidelik dat Spurgeon glad nie saamgestem het met die appèl wat evangeliste gemaak het om “na Jesus te kom” nie. Hy het ook geen uitnodigings gemaak om mense tot “oorgawe” te bring nie. Die gevaar van die Arminianisme⁴⁷ is dat hulle 'n metode van redding geskep het wat die onwedergebore mens ook kon navolg. Die eie wil van die mens kan ook 'n ervaring hê wat sonder die krag van God is. God se wil en krag kom eerste en dit volg nie ons wil nie. Wanneer mense geleer word dat God se wil ons wil volg, dan beweeg hulle in 'n ervaring wat glad nie deel van verlossing is nie.

⁴⁵ Van der Sluijs, C.A.: *Charles Haddon Spurgeon een Baptist tussen Hypercalvinisme en Modernisme*, 71

⁴⁶ Murray, I: *The Forgotten Spurgeon*, 99-100.

⁴⁷ Arminius het die volgende oor die vrye wil van die mens gesê: “This is my opinion concerning the Free-will of man: In his primitive condition as he came out of the hands of his Creator, man was endowed with such a portion of knowledge, holiness and power, as enabled him to understand, esteem, consider, will, and to perform the true good, according to the commandment delivered to him.” Nichols, James; Bagnall, W.R. 1977. *The Writings of James Arminius. Volume One*, 252.

Die Bybel waarsku dikwels teen sulke misleiding, want daar is 'n “geloof” wat beoefen kan word deur ongelowige mense wat selfs blydschap en vrede kan bring. Dit is baie keer 'n Metodistiese wyse van evangelisasie wat die mens meer laat vertrou op sy eie dade as op dit wat die Here gedoen het. Baie keer kan hierdie uitnodigings saamgevat word in die woorde “Ek moet na Christus kom en my persoonlike deel opeis in wat Hy vir almal gedoen het”. Hierdie boodskap laat Christus geduldig wag tot die mens die deur oopmaak. Op hierdie basis maak die mens 'n belydenis, waar die vertroue in sy eie vermoë glad nie skade gely het nie. Niks is aan hom vertel van sy absolute nood of sy behoefte aan 'n verandering van sy natuur nie.

Die groot probleem kom wanneer dié wat die “besluit” geneem het min verandering in hulle lewe toon. So 'n persoon word dan dikwels getipeer as 'n “vleeslike Christen” wat nog onderrig moet word in heiligmaking of wat 'n tweede ervaring moet hê. As dieselfde persoon belangstelling begin verloor, word die fout al te dikwels by 'n gebrek aan opvolgwerk of 'n fout aan die kerk se kant gesoek. Die feit dat die persoon wat onverskillig lewe en gou weer afvallig word, moontlik glad nie 'n ware gelowige was nie word nie as 'n moontlikheid ondersoek nie.

Die uitnodigingstelsel wat sterk beslag gekry het by CG Finney het ook in die N.G. Kerk sterk ingang begin maak. Hierdie nuwe metode het die belangrikheid van sondeooruiging begin verdring. Dit kon uitloop op 'n kompetisie om groot getalle tot bekering te bring.

Die gevolg van die Arminiaanse leer is heel dikwels dat bekering en heiligmaking van mekaar geskei word. Dit gebeur wanneer die waarheid uit die oog verloor word dat bekering die gevolg van wedergeboorte is. Volgens die leer van die wedergeboorte is geen mens 'n ware gelowige wat nie die nuwe lewe het “wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid”⁴⁸ nie. Dit gaan om 'n

⁴⁸ Efes 4:24

werking van die Gees wat die totale mens raak en nie net 'n deel van hom nie⁴⁹. Jonathan Edwards het gesê: “Wherever a profession of conversion is not accompanied by holiness of life it must be understood that the individual concerned is not yet a christian”⁵⁰.

Calvinisme glo dat dieselfde boodskap wat mense red hulle ook heilig maak en dat die geloof wat nie heilig maak nie geloof is wat nie red nie. Die heiligheidsbeweging het sy ontstaan in die feit dat daar geglo word dat daar iets buiten jou regverdigmaking moet plaasvind. Dit is aangehelp deur die uitnodigingstelsel aan die einde van evangelisasie dienste. Hierdie dienste het die belangrikheid van 'n hartsvernuwing onderbeklemtoon. JC Ryle wat 'n tydgenoot van die heiligheidsbeweging was, skryf “ By all means let us teach that there is more holiness to be attained, and more of heaven to be enjoyed upon earth than most believers now experience. But I decline to tell any converted man that he needs a second conversion, and that he may some day or other pass by one enormous step into a state of entire consecration. I decline to teach it, because I cannot see any warrant for such teaching in Scripture”⁵¹.

5.8 Samevatting

Ons het in hierdie hoofstuk die duidelike verband tussen die heiligheidsbewegings en die herlewings gesien. Dit het ook belangrike temas by die konferensies geword. John Wesley se siening dat die mens totaal vry kan wees van die mag van sonde, het 'n groot invloed op die heiligheidsbegrip van baie gehad en het ook sy neerslag in die N.G. Kerk gevind.

In die soektog na 'n diepere lewe was die gevaar altyd daar dat regverdigmaking geskei word van die heiligmaking en dat die heiligmaking as 'n tweede ervaring beleef moes word. Dit het tot teologiese wanbalanse gelei.

⁴⁹ Heyns, J.A: *Dogmatiek*, 306.

⁵⁰ Murray, I.H: *Jonathan Edwards*, 257.

⁵¹ Ryle, J.C: *Holiness*, xvi.

Die toestand in die Kerk en die antwoord wat in herlewing gesoek is, het gelei tot die spesiale evangelisasie dienste, wat vir jare 'n besondere kenmerk van die N.G. Kerk se bediening was. Die spesiale dienste sou dan ook 'n besondere rol vervul om die teologie van heiligmaking, soos dit toe verstaan is, wyd in die N.G. Kerk te vestig. Die Keswickbeweging en Moody en Sankey se optrede het ook meegehelp tot die vorming van die teologie in die N.G. Kerk.

De Gereformeerde Kerkbode het in 1879 plek gemaak vir 'n ander blad waarin 'n nuwe bedeling aangebreek het.

HOOFSTUK 6

DIE ROEPING EN PLEK VAN DIE CHRISTEN IN DIE WERELD: 1880-1883

Aan die einde van 1879 het *De Gereformeerde Kerkbode* die laaste keer verskyn. In die vorige hoofstukke is *De Gereformeerde Kerkbode* as die primêre bron gebruik om die vraag na die heiligmaking te beantwoord. Die datum 1879 is dus noodwendig opgeneem as die sluiting van 'n periode.

Reeds op 2 Januarie 1880 verskyn 'n "Weekblad voor kerk en maatschappij" in Kaapstad wat met 'n rubriek "De Gereformeerde Kerkbode in Suid-Afrika" aanduiding gee dat hy in die plek van die vorige kerkblad wou kom¹. Die nuwe blad het sy rol en funksie anders vertolk het. Die blik skuif weg van die kerk en die bedoeling om 'n bode vir die kerk te wees, na die Christen in die algemeen. Daarom is die naam *De Christen* gekies. Dit is 'n betekenisvolle verskuiwing wat gekom het. Vir die doel is die onmiddellike vraag hoe die blad met sy breër opset oor die heiligmaking gedink het. Sou hy voortgaan in die beklemtoning van *De Gereformeerde Kerkbode*? Of, sou hy 'n nuwe aksent indra?

De Christen is uitgegee om die Christenleser te help om sy roeping en plek in die wêreld te verstaan. Dit wil meehelp om die Christen aan sy hemelse geboorte te herinner; dat hy aan 'n ander wêreld behoort; dat hy van bo uit die Seun van God sy lewe moet hê, skryf die redaksie². "Gods Woord in de Heilige Schrift is het ware voedsel van dat leven; *De Christen* wil gaarne tot kennis en liefde van de Schrift opwekken. De bevordering van Bijbelkennis zal daarom steeds het streven van ons blad zijn. Hier op aarde staat de Christen niet alleen, maar behoort aan eene kerk, door den wil van God gesticht; ons blad moet zoeken het kerkelijk leven te bevorderen. En daar de kerk in dit land, waartoe, in de leiding Gods, wij behooren, de Gereformeerde is, zullen wij vooral trachten de leden van

¹ De Redactie: "De Gereformeerde Kerkbode". *De Christen, Deel I(1)*, 2 Januari 1880, 1.

² *Dies.*, 1.

die kerk te helpen verstaan hoe heerlijk het geloof, de voorrechten, de plichten van de leden dier Gereformeerde Kerk zijn³.

Die blad wil egter ook wyer kyk. Hy wil sy lesers “bekend maken met wat in andere kerken en landen door God gewrocht wordt. En vooral wat in de heerlijke Zending wordt gedaan om het rijk des Heeren uit te breiden. Naast de Kerk staat de School als Gods genademiddel tot vorming van een Christen volk: “De Christen” zal aan schoolzaken en schoolnieuws met blijdschap plaats geven. En dan, wetende dat geheel ons aardsche leven in nauwste betrekking staat tot onzen Christelijken wandel, wil “De Christen” mededeelen wat er gebeurt zoowel in ons eigen land als in de wereld en den tijd waarin wij leven”⁴.

Uit hierdie sitaat blyk die bedoeling van die gesamentlike redakteurs A Murray, AD Luckhoff en JI Marais duidelik. Met die bestudering van hierdie blad, wat tot aan die einde van 1883 verskyn het, het dit gou duidelik geword dat dit nie meer *De Gereformeerde Kerkbode* was wat aan die woord is nie. Die verband en opgelegde verpligting ten opsigte van die N.G. Kerk het nou aan losser skroewe gehang.

Hierbenewens het die swaar klem op – en vertolking van – die “hoër lewe” in Christus op die agtergrond geskuif. Was dit die gesamentlike redaksie wat eensydigheid voorkom het? Vir die blad was die denklyn van 'n toegewyde lewe wat moreel-eties vergestalt en sigbaar moes word wel belangrik en in verband met die heiligmaking gesien.

³ De Redactie: "De Christen". *De Christen, Deel I(1)*, 2 Januari 1880, 6.

⁴ *Dies.*, 6.

6.1 Algehele toewyding.

In die vraagstelling oor heiligmaking aan *De Christen* is in die eerste plek afgekom op artikels en standpunte wat die verband tussen toewyding en geestelike oorgawe en die praktiese vergestaltung daarvan in die alledaagse lewe veronderstel en beklemtoon het. So word in 'n artikel oor "Algehele toewijding" vroeg in 1880 geskryf dat die Bybel vol daarvan is dat die gelowige se liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is. Die uiterlike beweging van die liggaam kan ook tot verheerliking van God wees. Daar moet aan gedink word hoe die Here eer kry. "De gewilligheid waarmede ik mijn gewonen weg van werk behandel, de blijmoedigheid waarmede ik om zijnentwil, zelfs een zwaren of donkeren weg aanvaard, de liefde waarmede ik mij begeef op den weg om anderen te behagen, hetzij ik voor iemand eene vriendschap doe, of den armen en kranken in den dienst der liefde bezoek, deze allen zijn de teekenen van voeten die Jezus toebehooren. En dan is er de hoogere dienst, waarvan ik als de bode van het goede, met opoffering van eigen buit en rust, ga om van Jezus te spreken. Liefdelijk zijn, al is het in niemands oogen, dan toch in de oogen van Jezus, de voeten"⁵.

As 'n mens sy lewe aan Jesus toevertrou, kan hy op Hom reken om hom te bewaar en hom op die regte pad te hou. Hy sal ook die nodige moed en krag gee. Dan sal daar nie meer gevra word om saam te gaan na die ydele gesprekke, danssale of renbane nie. Om in Jesus se voetspore te volg, sal die enigste begeerte wees. Elkeen wat so lewe sal ervaar watter onuitspreeklike saligheid dit is om geheel en al aan die Here te behoort⁶. Hierdie kondisionele vertolking is eie aan die standpunt wat hier gestel word. Dieselfde voorwaardelikeheid ten opsigte van die heiligmaking het ook geblyk by die benadering.

⁵ Anoniem: "Geheele Toewijding". *De Christen, Deel I(8)*, 20 Februar 1880, 66.

⁶ *Dies.*, 66.

Dieselfde oortuigings ego ook in 'n artikel oor die werklike belang van die Christelike lewe wat in *De Wekker* van Mei 1880 verskyn het. Daarvolgens het Jesus in sy afskeidswoorde in Johannes 14:19,20 hierop ingegaan. Hy beklemtoon dat die vrugte wat elke gelowige voortbring deel is van die getuienis wat hy moet uitlewe. Die outeur pas dit toe op die leser se lewe. "In mijn huis leven er jonge kinderen die schaars lezen kunnen in den Bijbel en niet begrijpen, hoe een mensch Jezus geweest is. Er zijn ook Heidensche diensboden die volstrek niet lezen, die nog veel minder van Jezus weten. Maar deze kinderen en bedienden zien mijn handel en wandel allen dag, zij weten goed hoe een mensch ik ben. Zoo moet ik leven, dat zij niet uit mijne vrome lessen hooren, hoe Jezus geweest is op aarde, maar dat zij uit mijne werken het weten. Immers als Jezus' Geest in mij is, dan leeft Zijn voorbeeld in mijn gedrag, dan kunnen zij hat aan mij bespeuren, hoe Jezus geleden heeft. Een man wordt gekend uit zijne gelijkenis op zijne broeders en zusters. Zoo wisten de Chinezen aan Burns hoe Jezus geleden heeft"⁷.

Die verwysing na William Burns is veelseggend. Hy was 'n sendeling in China. Hy het eers in die regte studeer in Edinburgh en teologie in Glasgow en was betrokke by herlewings in Dundee en Kilsyth. Na 'n tyd in Ierland en Kanada is hy in 1847 as 'n sendeling na China gestuur. Andrew Murray het ook in sy jong dae herlewingsdienste van Burns in Aberdeen bygewoon. Toe Burns gesterf het, het die nuut bekeerde Christene uit die heidendom getuig dat hy iemand was wat die naaste gelyk het aan Jesus. Sy vrywillige armoede, sy selfverloëning, sy mensliwendheid en sy ywer, was 'n model van Jesus⁸.

In die lig van hierdie opmerkings waarin die verwysing na die lewe van die bekende William Burns verdere gesag aan die standpunte verleen, maak die skrywer sy appèl na aanleiding van Christus se woorde: Ek leef en julle sal lewe. "Christenen! welke troost is er in deze woorden! Hoe heerlijk het deel van den

⁷ Anoniem. "Christus leven in ons". *De Wekker*, Deel 22. No 248. Mei 1880. 35.

⁸ *Dictionary of Christian Biography*, 2001:242

waren Christen, - het goddelijk leven van Christus leeft er in den geloovige! Maar welk een spoorslag tot heiligheid! Ik moet leven niet een leven van zelfbehagen, om mijn eigen wil te volbrengen, maar zik een leven als Jezus heeft geleefd."⁹ Dan kom die toepassing: "Tracht ik er naar? Is het mijn hartelust om zoo te leven? Dan vat ik moed, ik kan heilig leven in die mate waarin ik geloof dat Christus in mij leeft. Ik kan goede vruchten, echte druiven voortbrengen, als ik geloof, niet dat ik zelf die vruchten moet verwekken, maar dat Christus in mij leeft door zijn Heiligen Geest"¹⁰.

In die begin van die agste dekadde is 'n nuwe aksent by die heiligmaking gevoeg. 'n Hele aantal artikels stel beproewing en loutering in 'n verband met die heiligmaking.

6.2 Loutering en heiligmaking

Aan die einde van Julie 1880 skryf P.D.R. oor die manier waarop die Christen teespoed moet hanteer. Hy meen dat die Christen in die dae van sy vreemdelingskap op aarde bepaalde moeilikhede moet verwag. Hy moet nie verbaas wees as hy daartoe geroep word om bittere teleurstellings te ervaar nie. Dit kan nie net altyd goed gaan soos hy dit wil hê nie. Nie sy wil nie, maar God se wil met hom moet geskied. Daarom kry hy nie altyd sy sin nie, maar is sy pad soms swaar en met dorings besaai. In plaas daarvan dat die lig van die hemel hom omstraal, lyk dit menigmaal of die duisternis uit die afgrond hom omring¹¹. Dikwels is die christen se ganse lewe vol van teleurstellings en bittere beproewings. Hy gaan gedurig teen die stroom op en dit lyk of die stormwinde nooit ophou nie. Die kind van God moet in sy vreemdelingskap rowwe behandeling verwag. Hy moet nie verbaas wees as sware beproewinge, pyn en smart oor sy pad kom nie¹².

⁹ *Dies.*,35.

¹⁰ *Dies.*, 35.

¹¹ P.D.R: "De Christen in tegenspoed". *De Christen, Deel I(31)*, 30 Juli 1880, 287.

¹² *Dies.*,287.

Die kind van God moet gehard word en deur die lyding veral geheilig word deur lyding. Dit is die belangrike punt. Die goud moet gelouter word en dit is langs die weg van verdrukking wat ons die heerlijkheid sal ingaan. Hoe meer daar verwag word om op aarde gelykvormig aan Christus die Man van smarte te word, hoe meer sal dit gegee word om gelykvormig te wees in die hemel aan Christus, die Heer van die heerlijkheid¹³.

Die Here wil ook nie swak kinders hê nie. Die wat deur Sy mag en die werking van die Heilige Gees wederbaar is, moet sterk wees in die Here. Hulle moet met die volle wapenrusting bekleed wees sodat hulle in die dag van onheil nog staande kan bly. Uit die Christus, die Wynstok, word al die krag, volheid, suiwerheid en onverganklikheid onophoudelik in die ranke gestort. Al word hulle deur die duiwel aangeval, is die genade van die Here nog genoeg vir hulle¹⁴.

'n Paar maande later neem P.D.R. hierdie tema weer op. Die Christen moet homself nie net onder die hand van die Here verneder in teëspoed nie, skryf hy, maar moet saam met die vernedering ook al sy bekommernisse op die Here werp (1 Petrus 5:7). Die rede waarom Petrus sê dat ons dit op die Here moet werp, is omdat Hy vir ons sorg. Die mens kan van geen berusting praat as hy nie glo dat die Here vir hom sorg en dat hy alle bekommernisse op Hom kan werp nie. Alle sake kan in Sy hande gelaat word. Die werp van alle sorg op die Here, beteken dat jy voortdurend alles wat jou kwel in sy hande lê. Hoe meer 'n kind van die Here dit verstaan, hoe meer sal die buk onder die kragtige hand van die Here 'n salige werklikheid word.

“Dat de Allerhoogste voor Zijn kind dat lijden moet zorgt, dat Hij met hem is in den smeltkroes der beproewing, dat Hij hem in de stikdonkerste duisternis nabij blijft, dat Hij al zijne tranen telt, en al zijne smarten afweegt, dat Hij in het dal der schaduwe des doods voor hem uitgaat, en in den zevenmaal heetgestookten

¹³ *Dies.*,287.

¹⁴ *Dies.*,287.

oven met hem in het midden des vuurs op en neder wandelt, en door Zijne almacht hem in den vuurgloed der verdrukking veilig houdt, dat moet bij het kind van God, dat lijden moet vaststaan. Is hij hiervan overtuigd, dan verdwijnen alle zijne bekommernissen als van zelve, en komt hij er al meer en meer toe, terwijl zijn wil onderworpen is aan den wil Zijn Hemelschen Vaders, om te midden van alle verdrukkingen met een opgericht hoofd te wandelen. Wordt het hart echter door allerlei bekommernis van een gereten, zoo kan er van het berusten in den wil des Heeren geene sprake zijn. De man die vol bekommernis is, kan niet in stilheid en vertrouwen zijne sterkte hebben. Ook kan er geene vrijheid van bekommernis bestaan, zonder een vast vertrouwen in de trouwe zorg des Vaders”¹⁵.

Dieselfde waarheid is volgens P.D.R. ook deur die heiliges in die Ou Testament beoefen. Toe Abraham vir Isak geneem het om hom te offer, het hy homself onmiddelik onder die kragtige hand van die Here verneder en die Here gehoorsaam. Toe Isak vir hom vra waar is die lam vir die brandoffer het Abraham geantwoord dat die Here sal voorsien. Die drie vriende van Daniël het gesê, dat hulle glo dat hulle God magtig is om hulle van die brandende vuroond te red. Dieselfde waarheid word ook in Psalm 23 gevind as Dawid sê: “Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie”¹⁶.

In die Nuwe Testament word die saak nog vollediger behandel. Almal is bekend met die heerlike voorstelling in Matteus 6:25-34 waar die Heiland sy dissipels verbied om bekommerd te wees. Die Hemelse Vader sal vir hulle sorg in elke deel van hulle lewe. In Filippense 4:6 sê Paulus ook dat die gelowige oor niks besorg moet wees nie¹⁷.

Daar is ook die bekommernisse van die Evangeliedienaar, of hy 'n sendeling of leraar is. Daar is die bekommernisse oor die amp, die erns en die heiligheid

¹⁵ P.D.R.: "De christen in Tegenspoed". *De Christen, Deel I(38)*, 17 September 1880, 352.

¹⁶ *Dies.*, 352.

¹⁷ *Dies.*, 352.

daarvan. Daar is die sorg en die verantwoordelikheid van die siele wat aan hom toevertrou is. Daar is die toenemende oortuiging van die algehele onbekwaamheid en onwaardigheid vir die werk. Daar is eienaardige verdrukking waarvan net hy bewus is. Daar is aanvegting van die bose waarvan net hy bewus is. Oor alle mense se pad kom daar probleme, maar elkeen moet dit aan die Here oorgee¹⁸. Deur hierdie swaarkry word die gelowige gelouter om steeds, te midde daarvan 'n lewe van heiligmaking te vergestalt. Dit gaan in die getuienis oor hoe dit gedra en aanvaar word.

6.3 Die erns van die sonde

Op hierdie stadium lyk dit dus asof *De Christen* een van die tradisionele denkyne met betrekking tot die heiligmaking voortsit. Die fokus is op die eties-morele vergestaltung van die heiligmaking in die praktyk van die lewe. Selfs beproewing en loutering van die gelowige moet 'n positiewe effek op die heiligmaking van die persoonlike lewe hê. Die erns en die impak van die sonde word soos gewoonlik ook in hierdie verband by die uiteensetting betrek. Daarom is *De Christen* nie oorspronklik in sy refleksie op die heiligmaking nie.

'n Goeie en sprekende voorbeeld is die uiteensetting van P.D.R. in die uitgawe van 27 Januarie 1882. Hy wys daarop dat die mens sy ongeregtheid moet ken. Hy moet sy sonde by name ken. As die sondaar nie verlore wil gaan nie, maar gered wil word, moet hy kennis hê van sy sonde. Die volk Israel, argumenteer hy, het dikwels van die Here afvallig geraak en in sonde geval. "Gij hebt Hem die de springader des levenden waters is verlaten, en verkeert in volslagen opstand tegen Hem, en door al uw doen en laten verklaart gij onmiskenaar en duidelik 'Ik wil niet dat deze over mij koning zij!' Ook gij hebt voor uzelfen bakken gebroken, bakken uitgehouwen, die geen water kunnen bevatten. Zeg mij, zoekt gij niet in de dingen van het stof, hetgeen bij Hem alleen te vinden is? Hebt gij niet ook uwe afgoden, waarvoor gij u nederbuigt en die gij eert, met de eer die

¹⁸ *Dies.*, 352.

aan Jehovah alleen toe komt? Hoe velen en hoe groot zijn uwe zonden niet; die lange zwarte lijst, waarmee gij Hem zoo diep hebt bedroefd, en Zijne vreeselijke majesteit zoo snood hebt beleedigt?"¹⁹

Na hierdie inleidende woorde en oriëntering wys P.D.R. eers op wat sonde nie is nie. Daarom gee hy 'n uiteensetting van wat sonde wel is:

1. Wat is sonde nie?

- Dit is nie 'n denkbeeldige saak nie. Dit bestaan nie net in die verbeelding van die mens nie. Dit is nie iets wat uit die lug gegryp is nie. Sonde is 'n vreeslike werklikheid en kan nie weggeredeneer word nie. Sonde bestaan en dit is 'n verskriklike siekte wat die ganse menslike geslag aangetas het. Die bewustheid daarvan in die ganse menslike geslag wys dat dit nie weggeredeneer kan word nie.
- Sonde is nie 'n geringe saak nie. Dit is nie net 'n aangebore swakheid nie. As daar na die mens gekyk word lyk dit nie of hulle sonde baie ernstig opneem nie. Om met sonde te speel, is om met 'n giftige slang te speel. Elkeen moet besef hoe gevaarlik sonde is.
- Dit is nie 'n onskuldige saak nie. Dit is soos 'n kanker wat voortwoed soos 'n walglike alles besoedelende melaatsheid.

2. Wat is sonde?

- Dit is 'n groot euwel. Dawid het getuig hoe sy gebeente uitgedroog het onder die las van sy sonde. Die tollenaar wat in die tempel ingegaan het, getuig ook van die ellende van sy sonde as hy op sy bors slaan en sy sonde bely. As die Gees jou oë open en jy sien die grootheid van jou sonde sal jy weet watter groot ellende dit is om 'n sondaar te wees. Sonde is 'n

¹⁹ P.D.R.: "Wat de Zonde is!". *De Christen, Deel III(4)*, 27 Januari 1882, 35.

groot euwel want dit is om ondankbaarheid te toon teenoor die groot Weldoener. Dit is om jou rug te keer op die Heilige God wat die sondaar volg in sy opsoekende liefde. Sonde is 'n poging om God van Sy troon te probeer afstoot en self die troon te wil opklim. Dit is 'n poging om self God te wil wees.

- Sonde is 'n vreeslike onreg. Dit is 'n onreg wat die sondaar teen God pleeg omdat die mens deur sy sonde nie aan God gee wat Hom toekom nie. Aan hom alleen kom al die eer toe. Alles wat ons het en is moet eintlik aan Sy voete neergelê word. Sonde is 'n onreg wat teen die medemens gepleeg word. Die Here het die mens op die aarde geplaas om 'n seën vir sy medemens te wees. Deur die sonde het die mens die een vir die ander baie keer 'n vloek geword. Die sonde is ook 'n onreg wat die sondaar aan homself doen.
- Die sonde is 'n gevaarlike spel wat die sondaar speel. Die mens waag baie deur te sondig. Die satan het deur te sondig baie in die weegskaal gegooi en alles verloor. Die ellende wat oor Adam gekom het, kan nie bereken word nadat hy van die verbode vrugte geëet het nie. Deur te sondig, plaas die sondaar sy liggaam, siel en ewige rus in die weegskaal²⁰.

Hierdie aantekeninge dui op 'n verskuilde manier dat sonde negatief inwerk op die heiligmaking. Die teologiese vergelyk waarmee die sonde geraak word, het 'n effek op die siening van die heiligmaking. Die sondebegrip en die siening van die heiligmaking het betrekking op mekaar. P.D.R. het hierdie korrelasie nie goed raakgesien nie en dit in elk geval nie verreken nie. Wat teen hierdie tyd duidelik is, is dat die moreel-etiese beklemtoning van die Christelike lewe teologiese begrip van die heiligmaking veronderstel. As H. die “gevaren van onzen tijd voor het Christelijk leven” uitspel, veronderstel hy ook 'n begrip van die heiligmaking.

²⁰ P.D.R: "Wat de Zonde is!". *De Christen, Deel III(4)*, 27 Januari 1882, 36.

Hy wys daarop dat onbetaamlike vermaak 'n gevaar inhou vir die geestelike lewe. Werk na liggaam en gees het 'n behoefte aan ontspanning. Daarvoor was die instelling van die afwisseling van die dag en die nag. Die goddelike ideaal vir die menslike samelewing vind mens in die instelling van die huisgesin en die goddelike voorsiening vir ontspanning in die rusdag. "Indien in het najagen van gemaklikheden de nacht wordt veranderd in den dag, en de dag in den nacht; indien het doel van het huisgezin wordt voorbijgezien in Kerkelijke en andere inrichtingen; indien zedelijke en godsdienstige verplichtingen als zaken van minder belang beschouwd worden in het gebruiken van den dag des Heeren tot gemaklikheden, dan wordt het misbruik van de taal om te spreken van ontspanning. Losbandigheid is daarvoor het rechte woord.....Wij behoeven niet hier gewag te maken van de dierlijke gemaklikheden die in vroegere tijden gebruikelijk waren ; maar wij kunnen niet voorbij zonder van de gemaklikheden van den schouwburg te spreken"²¹.

"Indien de liefde en het leven dat uit God is in ons heerschte, en wij met onze omgeving daarvoor zouden worden bestemd, zoude er geene reden zijn tot klagen of vreezen. Indien de opvoeding met hare vordering in taal, in wetenskap en fraaie kunsten, werd geheiligd en dienstbaar gemaakt tot het bannen uit de maatschappij van ijdel-praatzucht, en tot het verhelderen en vervroolijken van het dagelijksch verkeer des huiselijken levens; indien wij met zelfverloochenende liefde onledig zijn in het opsporen van de schuilplaatsen van ellende, in het bestrijden van de ondeugd, in het redden van ongelukkigen, in het oprichten van gevallenen, in het troosten van bedroefden-dan zouden wij geene nagebootste tooneelen behoeven om onze deelneming of vreugde op te wekken, en geene roerende verdichting om ons afwisseling te bezorgen in een eentonig leven"²².

²¹ H: "Gevaren van onzen tijd voor het Christelijk leven". *De Christen, Deel III(5)*, 3 Februari 1882, 51.

²² *Dies.*, 52.

Die feit van die saak is dat die gevare vir die Christelike lewe in die heiligmaking getroef behoort te word. Die vraag is natuurlik dan hoé die heiligmaking verstaan moet word.

6.4 Die teologiese begrip van die heiligmaking

Die neerslag wat heiligmaking in *De Christen* gekry het, was die resultaat van die prakties-teologiese ontsluiting daarvan in die vorige dekades. Die boodskap soos wat dit deur *De Gereformeerde Kerkbode*, die spesiale evangelisasie predikers en ander predikante die gemeentes ingedra is, vorm nou in *De Christen* 'n interessante prentjie.

In *De Christen* van 19 Maart 1880 skryf professor NJ Hofmeyr oor “Gods heilige liefde geopenbaard in Jesus Christus”. Hierin gaan dit nie net oor die openbaring in Christus nie, maar Hofmeyr spits hom daarop toe om “de liefde van Christus gade te slaan van den kant harer heiligheid”²³. 'n Perspektief vanuit hierdie oogpunt “kan niet anders dan heilzaam zijn”.²⁴ Daarmee bedoel hy natuurlik ten opsigte van die leser. Hy onderstreep met name die feit dat Jesus 'n afkeer aan alle ongeregtigheid gehad het. Daarom skryf hy “dat terwylk zijn leven is gewijd aan de redding der verlorenen, Hij niemand redden wil die niet de zonde wil loslaten en Hem in zijne heiligheid navolgen”²⁵. In die res van die artikel verduidelik hy wat hy hiermee bedoel. Hofmeyr meen dat Christus duidelik geleer het dat “Hij niemand wil en kan redden die niet besloten is de zonde los te laten en Hem in eenen heiligen wandel na te volgen”²⁶. Die vraag is onmiddellik of Hofmeyr hiermee hom nog hou aan die belydenisskrifte? Op sy standpunt sal dus teruggekom moet word.

²³ N.J. Hofmeyr: “Gods heilige liefde geopenbaard in Jesus Christus”. *De Christen, Deel I(12)*, 19 Maart 1880, 100.

²⁴ *Dies.*, 100.

²⁵ *Dies.*, 100.

²⁶ *Dies.*, 100.

Veral Andrew Murray het die klem anders gelê. Hy het sy oog op die “hoër” geestelike lewe gehad en hoe om dit te bekom. 'n Paar uitgawes later is dit juis Murray wat oor die “Heiligheid des Vaders” skryf. God is die Heilige, “die ook heilig”²⁷. Sy heiligheid is nie “voor zichzelf alleen, maar ook voor zijn volk”²⁸. Dit vind Murray in die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament. “Omdat de vader heilig is, kan het kind heilig wezen,” beklemtoon hy²⁹. Dit is vanweë die sonde dat die heerlikste eienskap van God, sy heiligheid, “voor den zondaar de vreeselijkste is geworden”³⁰.

Op hierdie punt kom Murray na aan die argument van NJ Hofmeyr. Hy vermy egter die aksent op die voorwaardelike wat Hofmeyr so direk stel en in die Goddelike besluitneming projekteer. Moet 'n mens die Hofmeyr – aksent begryp teen die agtergrond van sy praktiese konsekwentheid, soos dit byvoorbeeld in die saak rondom onthouding van alkohol byna as 'n kruistog gevoer is? Die saak van onthouding is baie sterk deur professor Hofmeyr en onder sy invloed deur van sy studente gedrywe. "Reeds in die eerste jare dus kom die ongelukkige gevolge van alkoholisme onder die aandag van die Seminarium se studente, en konfronteer hulle onder groot protes die Kleurlinge van Stellenbosch met die Woord van God. Die aansporing en leiding van Prof Hofmeyr moet hier vanselfsprekend aanvaar word... Prof Hofmeyr, aanvanklik 'n voorstaander van die matige gebruik van sterk drank, bekommer hom egter al hoe meer oor die wêreldwye toename van dronkenskap in Europa, maar ook in sy eie land en dan bepaald onder die Kleurlinge”³¹. Hy het later heel geswaai na geheelonthouding en ook die 'Afschaffings-Vereeniging' gestig. Hy het ook by die studente aangedring om geheelonthouers te wees. Daar was groot ontevredenheid oor die hoogleraar se siening, veral by die boere.

²⁷ A.M: “Heiligheid des Vaders”. *De Christen, Deel I(22)*, 28 Mei 1880, 201.

²⁸ *Dies.*, 201.

²⁹ *Dies.*, 201.

³⁰ *Dies.*, 201.

³¹ Ferreira, I.L dr: 1979. *Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963*.163.

Hierdie saak het ook in *De Christen* weerklank gevind. As iemand God vrees en uit innerlike oortuiging aandrang op onthouding sal dit vir hom 'n heerlike vrug van die Gees wees. “Is het bij toeval dat de mannen en vrouwen die in Engeland en Amerika, om van ons land niet te spreken, met de meeste geestdrift en vrucht voor de onthouding ijveren, tot de godzaligste Christenen en Christinnen behooren? Is het bij toeval dat mannen zoals Spurgeon en Moody warme voorstanders zijn van deze zaak?”³² Op hierdie manier wys die artikel die gebruik van sterk drank af. Dit is duidelik dat Hofmeyr hier aan die woord is.

Sy visie op die saak van heiligmaking is kennelik anders. Vir die kind van God is die “Heiligheid, of liever de Heilige, het voorwerp van den diepsten eerbied”³³. Dit dui op 'n diepe verbondenheid. Daarom roep hy uit: “Kind van God! Laat de Heiligheid van uwen Vader uwe vreugde worden. Geene moeite is te groot om in den binnenkamer onder den indruk zijner Heiligheid gebracht te worden: die Heiligheid zal dan op u en in u overgaan, zal de uwe worden”³⁴.

Murray handhaaf die denklyn wat hy reeds gedurende die jare 70 aangevoer het. Hierdie keer weerhou hy hom van 'n uiteensetting van hoe om die bewuste stap tot toe-eiening van die heilige oorwinningslewe van Christus te bekom. Tewens, in die algemeen moet opgemerk word dat *De Christen* op hierdie punt nie so uitgesproke soos *De Gereformeerde Kerkbode* was nie. Het hy hom doelbewus hiervan weerhou? Omdat hy minder kerklik gerig was?

³² Anoniem: "Is de Heilige Schrift voor of tegen de Onthouding?". *De Christen, Deel IV(11)*, 16 Maart 1883, 120.

³³ A.M: "Heiligheid des Vaders". *De Christen, Deel I(22)*, 28 Mei 1880, 201.

³⁴ *Dies.*,201.

6.5 Die heiliging van die Vader.

Die teologiese begronding en beredenering van die heiligmaking is in *De Christen* nog verder geneem. 'n Paar artikels gedurende die tweede helfte van 1880 bied hulle in hierdie verband aan vir evaluering. In die uitgawe van 9 Julie 1880 is 'n insiggewende artikel oor “de heiliging des Vaders” wat ook betrek word op die heiligmaking van die gelowige. Dit verdien om volledig nagegaan te word.

Die skrywer knoop aan by die bekende gebed van Jesus in Johannes 17. Daarin bid Jesus ook om die heiliging van hulle wat aan Hom behoort, “de Heiliging is iets dat nog hooger is: de Godgewijheid”³⁵. Die woord heiliging beteken afgesonderd. Dit is nie net waarvan 'n mens afgesonderd is nie, maar ook waartoe, wat in die prentjie kom. Die gelowige is afgesonderd vir die Here. Daar is geen heiligheid, behalwe in die Here en dit wat Hy gee: “Het is niet in de afzondering op ziegzelve, maar in de toegeëigend te worden dat de heiliging bestaat”³⁶. So vra Jesus van die Vader om hulle wat aan Hom behoort, te heilig, “dat is dat Hij door Zijn Heiligen Geest hen bewerken wil tot zulk een toewijding aan God en tot zulk eene mededeeling en ondervinding van Gods nabijheid en inwoning, als waardoor de hemelsche heiligheid van God werkelijk aan hen gezien zou worden..... bewaring van den booze verzekert de eigene zaligheid: de heiliging, zichzelve onverdeeld op het altaar te leggen, en gansch Godgewijd in de voorwaarde van geschiktheid tot de dienst des Vaders”³⁷.

Die middel wat die Here gebruik om die heiligmaking tot stand te bring, is die waarheid. Die gelowige ontvang iets meer van die lewe van God. Ons word in die waarheid geheilig wanneer die krag van God se Woord waarvan Christus die lewe en inhoud is deur ons toegeëin word, “de mensch kan veel met het woord en de waarheden, daarin vervat, omgaan, zonder dat hij geheiligd wordt. Maar wanneer de Heilige Vader de waarheid, dat is de zaak waarover het woord

³⁵ Anoniem: "De heiliging des Vaders". *De Christen, Deel I(28)*, 9 Juli 1880, 257.

³⁶ *Dies.*, 257.

³⁷ *Dies.*, 257.

spreekt en hare Goddelijke werklikheid en levenskracht bekend maakt, dan gaat die zaak in het leven van den geloovige over, en hij wordt in die waarheid geheiligd. Hij wordt met God verbonden. Hij heeft iets meer van het leven Gods ontvangen. Het is door deze mededeeling van den geest der waarheid, die juist den Heiligen Geest is, dat de Heilige Vader heilige kinderen vormt en opvoedt³⁸.

Dit is nie almal wat daarna verlang om heilig te word nie, vervolg die skrywer. Daar is egter dié wat tog die Vader as getuie kan aanroep. Hulle smeek en bid om heilig te wees soos die Vader heilig is, “hij heeft in zichzelf, in zijn heilig leven van gehoorzaamheid en toewijding, een nieuwe leven, eene nieuwe natuur, ook voor ons tot stand gebracht. Dat nieuwe heilige leven, waarin zijne gezindheden werkzaam zijn, deelt Hij aan ons werklik mede door zijne Heiligen Geest. Wij zijn in Hem als onze Heiligmaking, werklik in Hem ingeplant. En zoo zeker als een wijnstok zijne bijzondere geaardheid mededeelt aan de rank die in hem blijft, zoo zeker vloeit uit den Heere Jezus zijn aard, zijn leven uit in elken geloovige die in Hem blijft. Wij worden geheiligd uit den Heere Jezus, omdat Hij zichzelf voor ons geheiligd heeft³⁹.

Die gelowige is in Christus wat ons Heiligmaking is. Hulle is in Hom geplant. So seker soos wat die wynstok sy geaardheid aan die lote meedeel wat in hom bly, so seker vloeit uit die Here Jesus sy geaardheid en lewe in elke gelowige wat in Hom bly. Dit is die goddelike werk van God, die Skepper om die wingerstok en die rank te verenig. Dit is ook die goddelike werk van God, die Vader om die vereniging van die gelowige en Christus in stand te hou en kragtig te maak⁴⁰.

Dieselfde teologiese toon word gemerk in 'n artikel oor die “Volmaaktheid des Vaders” in *De Christen* van 23 Julie 1880. Die artikel word afgesluit met die veelseggende gebed: “O mijn Vader! Leer mij de liefde als uwe Volmaaktheid,

³⁸ *Dies.*, 257.

³⁹ *Dies.*, 257.

⁴⁰ *Dies.*, 257.

Uwe hoogste heerlijkheid te bewonderen. Leer mij mijn leven elken dag te beschouwen als een heerlijke gelegenheid om U gelijk te worden, volmaakt zoo als mijn Vader, in de liefde. Leer mij het gebod van Uwe liefde aan te nemen, en als Uw eigen kind de volmaaktheid als mijne zalige roeping te beschouwen, in het blijmoedig geloof dat gij uw kind zeker opvoedt om U gelijk te worden. En leer mij dat wat Gij van mij verwacht niet is het beste wat mijne kracht kan volbrengen, maar wat Uwe kracht in mij wil tot stand brengen⁴¹. Hierdie gebed is 'n vertolking van wat onder heiligmaking verstaan word. Hier gaan dit om 'n proses waarin gedeel moet word.

6.6 Heiligmaking deur die geloof

Nog 'n aksent wat *De Christen* na vore bring in verband met die heiligmaking hou verband met die geloof. In hierdie verband is daar belangrike opmerkings in 'n artikel uit die helfte van 1881 gemaak. "Elke Christen erkent, dat heiligmaking eene belangrijke zaak is. Gods wil erkent hij als den regel zijns levens, en de Heilige Schrift zegt: 'Want dit is de wil van God, uwe heiligmaking' 'Jaagt den vrede na met allen, en de heiligmaking, zonder welke niemand den Heere zien zal.' Genoemde zaak is derhalve van groot belang⁴². Deur heiligheid van lewe moet die Christen homself van die wêreldling onderskei. Daarvoor is meer as net 'n uiterlike belydenis nodig. God word deur 'n heilige wandel verheerlik en dit kan daartoe dien dat die natuurlike mens oortuig word dat die Christendom 'n hoër sedelike maatstaf kan handhaaf as die wêreld⁴³.

Elke Christen wat van sy verlossing uit die hel bewus is, sal voel om deur die genade van God as verpligting en uit dankbaarheid 'n heilige lewenswandel te hê. Daar is egter dikwels 'n verskil oor die beoefening en die mate van heiligmaking by die gelowige. Almal erken eenparig dat regverdigmaking deur die geloof verkry word, maar almal erken nie dat 'n mens ook alleen deur geloof, in

⁴¹ Anoniem: "Volmaaktheid des Vaders". *De Christen, Deel I (30)*, 23 Juli 1880, 277.

⁴² Anoniem: "Heiligmaking door het geloof". *De Christen, Deel II(28)*, 15 Juli 1881, 322.

⁴³ *Dies.*, 322.

Christus, geheilig moet word van alle oorblywende verdorwenheid nie. Sommige koppel heiliging eerder aan eie ywer en inspanning. Hulle begin in die Gees deur te sien dat 'n mens geregverdig word deur die geloof, maar eindig in die vlees deur die heiligmaking verder in eie krag te soek. In eie krag sal ywer en eie wil niks baat nie. Daar sal dikwels gevind word dat jou heilige begeerte verdof is, dat goeie besluite nie uitgevoer word nie en dat die hoogste verwagting dikwels in teleurstelling eindig. Deur volhardende inspanning kan uiterlike verbeterings aangebring word, maar as die innerlike nie verander nie, is dit nie ware heilmaking nie.

Die verwysing na Romeine 7 word verklaar as iemand wat in eie krag probeer om die Here te dien. By so iemand is daar vreugde in die wet van die Here, maar wat hy wil doen dit doen hy nie. Die goeie begeerte kan soms blydschap veroorsaak, maar dit verloor sy waarde as die sondewet in die lede ervaar word⁴⁴.

Die heiligmaking is egter alleen standhoudend as dit deur die geloof is. Om deur die geloof heiligmaking te ervaar moes die gelowige eers op 'n punt kom waar hy sy eie werke daadwerklik verloën.

“Wilt gij geheiligd worden door het geloof, zoo moet gij dorsten naar heiligmaking. Dit is het eenparig getuigenis van hen, die door het geloof geheiligd zijn geworden. Zoolang een zondaar niet begeerig is naar de vergeving zijner zonden, laat het zich niet denken dat hij haar immer bekomen zal; zoo is het ook met eenen geloovige betrekkelijk de heiliging en reiniging van hart en leven. Zoodat we vrijelijk mogen zeggen, dat dit gouden kleinood uitsluitend het bezit wordt van zulke Christenen die zuchten onder den last hunner overgeblevene verdorvenheden, en die er alles voor zouden over hebben om toch maar heiliglijk voor God te leven. Laat tot bevestiging van dit gezegde dienen, de overgang des heiliggezinden Christens, van de ondervinding in Romeine 7 tot die van

⁴⁴ Anoniem: "Heiligmaking door het geloof". *De Christen, Deel II(28)*, 15 Juli 1881, 323.

Romeine 8. Deze gezegende overgang was niet het gevolg van iets verdienstelijks in hem, als hij zelf wel duidelijk laat verstaan, maar zij was het gevolg zijner welmeenende poging, om uit de slavernij der zonde verlost te worden, waarop de Heere, naar den rijkdom zijner genade, hem dit heilgeheim ontdekte: 'Zalig zijn die honger en dorsten naar de gerechtigheid, want zij zullen verzadigd worden'⁴⁵.

Die skrywer beklemtoon uiteindelik ook dat die gelowige werklik in sy siel moet glo dat die heiligmaking deur die geloof geskied. Enige twyfel daarin bederf die hele saak. Daar moenie enige voorwaardes wees nie. Die heiligmaking deur die geloof is 'n leer wat duidelik in God se Woord na vore kom.

'n Rukkie later behandel W.H. "Heiligmaking als voorgesteld in Gods Woord" vir *De Christen*. "Willen wij iets wel verstaan betrekkelijk geestelijke zaken, zoo hebben we immer de uitspraak van Gods Woord te raadplegen, en dus hebben we ook tot dit Woord onze toevlucht te nemen ten einde iets zekers te weten omtrent de heiligmaking, waarin ze bestaat, en in hoeverre men haar op aarde reeds genieten kan. Om de heiligmaking uit de Schrift te leeren kennen heeft men zich ook onbevooroordeeld aan hare leering hieromtrent te onderwerpen, en heeft men wel op zijn hoede te zijn zich niet te laten misleiden, noch door het onderwijs, strijdig met Gods Woord, dat men wellicht weleer heeft genoten, noch door de gebrekkilijke heiligmaking die men tot heden heeft bereikt"⁴⁶.

Indien 'n mens iets van die heiligmaking wil weet moet hy hom onderwerp aan die lering van die Woord van God. Die Woord van God moet onpartydig ondersoek word. Die mens wat nie wedergebore is nie, besit geen heiligheid nie want hy is dood weens die misdade en die sonde. Alleen deur die wedergeboorte kan 'n mens deel kry aan die eerste beginsel van die heiligmaking.

⁴⁵ *Dies.*, 324.

⁴⁶ W.H: "Heiligmaking als voorgesteld in Gods Woord". *De Christen, Deel II(38)*, 23 September 1881, 449.

Baie Christene het al deur eie inspanning probeer om heilig te lewe, skryf W.H., maar dit is 'n dwaling. Dit is alleen deur die geloof dat ons heiligmaking kan verkry. Deur middel van geloofsbeoefening kan 'n mens onberispelik in die heiligmaking wees. Paulus skryf in Efesiërs 5:26,27 dat die Christen 'n onberispelike lewe kan leef. Dat dit moontlik is deur die geloof in die verdienste van Christus. Die geloof maak die Christen los van die aarde en laat hom voel asof hy alreeds in die hemel wandel. Die evangelie verbied alle ondeug en begeerlikhede en vermaan die gelowige om te soek na allerlei Christelike deugde.

In 1 Petrus 1:15,16 wys Petrus die gelowige daarop dat hulle heilig moet wees soos God heilig is. “Petrus wijst ons hier op des Heeren eigen voorbeeld, opdat wij Zijne voetstappen zouden navolgen. De Heiland was volkomen heilig in al Zijnen wandel, en zoo kunnen wij door Zijnen Geest, ook heilig in al onzen wandel zijn, dat onze wil in alles geheel in des Heeren wil verslonden is, en dat wij ons geheel en al met lichaam en ziel aan den Heere overgeevende, ook door Hem in al onzen wandel geheiligd worden, hebbende invloed op al onze gedachten, woorden werken”⁴⁷.

Hoewel die heiligmaking hier as 'n proses beskryf word, koppel *De Christen* dit aan 'n daadwerklike daad van oorgawe. Die klem lê nou anders as 7-8 jaar te vore. Die gedagte egter aan die toe-eiening van die heilige lewe is nie heeltemal laat val nie. *De Christen* het nie op die weg van *De Gereformeerde Kerkbode* op hierdie punt voortgebou nie. Veel minder aandag is aan die heiligmaking gegee. Dit is nie eksplisiet ingedink as 'n “hoër” lewe nie. Die klem het nog steeds op die gelowige mens geval, maar die denkraam was nie meer die van 'n heiligheidsbeweging nie. Laasgenoemde is wel gehandhaaf en beredeneer in die publikasies van Andrew Murray, waarop kortliks in die volgende paragraaf ingegaan word.

⁴⁷ W.H: "Heiligmaking als voorgesteld in Gods Woord". *De Christen, Deel II(38)*, 23 September 1881, 450.

J du Plessis skryf die volgende oor Andrew Murray se invloed en sy boeke: “Beyond South Africa Mr. Murray’s influence has been, probably, greater than that of any other contemporary devotional writer....*Abide in Christ*, his first English venture, appeared in 1882, and in 1888 were published *Holy in Christ* and *The Spirit of Christ*, which (together with *The Holiest of All*) represent the high-water mark of his literary and theological achievements. Between the above-mentioned dates he had found his audience, for when *The Spirit of Christ* was issued his first work had already reached its fifty-third thousand. His readers, counted by tens of thousands, were scattered all over the globe. Evangelical circles in England and America recognized in him a Christian teacher who spoke with authority, and not as one of the common scribes”⁴⁸.

6.7 Bly in Christus! Soos beskryf deur Andrew Murray in 1882

Hierdie boek van Andrew Murray spel ook in meer besonderhede uit oor wat sy siening oor die lewe van die Christen in Christus is. Hy het die boek geskryf omdat “many earnest followers of Jesus from whom the meaning of this word, with the blessed experience it promises, is very much hidden. While trusting in their Saviour for pardon and for help, and seeking to some extent to obey Him, they have hardly realized to what closeness of union, to what intimacy of fellowship, to what wondrous oneness of life and interest, He invited them when He said, ‘Abide in me’. This is not only an unspeakable loss to themselves, but the Church and the world suffer in what they lose”⁴⁹.

Hy wou sy boek skrywe om dié te help wat nog nie ten volle belewe het wat dit beteken om in Christus te wees nie, “His dear children who are still living divided lives, to see how He claims them wholly for Himself, and how the whole-hearted

⁴⁸ Du Plessis, J. 1919. *The Life of Andrew Murray of South Africa*, 442.

⁴⁹ Murray, A. 1882. *Abide in Christ*.5.

surrender to abide in Him alone brings the joy unspeakable and full of glory”⁵⁰. Vir hierdie proses was tyd nodig, skrywe hy verder, “it needs time to grow into Jesus the Vine: do not expect to abide in Him unless you will give Him that time. It is not enough to read God’s Word, or meditations as here offered, and when we think we have hold of the thoughts, and have asked God for His blessings, to go out in the hope that the blessing will abide”⁵¹. Hierdie besondere sentiment vind ook sy neerslag in die Halleluja lied 268 as daar gesing word “Neem tijd o verlostee, om heilig te zijn. Blijf dicht bij den Heiland, uw kracht is zoo klein”⁵².

Ons sien ook in hierdie boek van Andrew Murray dat daar die skerp skeiding gemaak word tussen regverdigmaking en heiligmaking “In man righteousness is but a stepping-stone to holiness”⁵³. Dit handel weereens oor 'n lang tyd van struikeling wat die gelowige moet ervaar, voordat die ware weg van heiligmaking geopenbaar word “often the believer struggles hopelessly for years, until he listens to the teaching of the Spirit, as He glorifies Christ again, and reveals Christ, our sanctification, to be appropriated by faith alone”⁵⁴.

6.8 Samevatting

Met die koms van *De Christen* het 'n verskuiwing plaasgevind vanaf die kerk na die die Christen se algemene lewe. Die tydskrif wou die Christen help om sy roeping en plek in die wêreld te verstaan.

Daar is in hierdie tydperk minder klem gelê op die “hoër” lewe en meer verwys na die toegewyde lewe van die Christen wat prakties sigbaar moes word. Lyding en die aanvaarding daarvan het ook 'n besondere klem ontvang en die invloed wat

⁵⁰ *Dies.*, 7.

⁵¹ *Dies.*, 7.

⁵² Murray, C. 1903. *Halleluja Liedereren voor Zondagscholen, strevers-en jongelings-vereeningingen, confrenties en bijzondere diensten*.210.

⁵³ Murray, A. 1882. *Abide in Christ*.64.

⁵⁴ *Dies.*,65.

dit kan hê op die vorming van 'n meer vrome lewenswyse. Die belangrikheid van heiligmaking is besef wanneer 'n mens ook oor die erns van sonde nadink.

In 1884 het *De Christen* sy einde bereik. Die Kerk het 'n nuwe redaksie saamgestel geboorte gegee aan *De Kerkbode*.

HOOFSTUK 7

DIE INVLOED VAN NJ HOFMEYR EN DIE STIGTING VAN VERENIGINGS: 1884-1892

In die begin van 1884 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk se weekblad weer die naam *De Kerkbode* geword. Die blad is nou onder beskerming van die Kaapse kerkkantoor geplaas en deur 'n sinodale Kerkbode Kommissie beheer. *De Kerkbode* was nou *Het Weekblad der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*.

“Schoon wij met elken nieuwen tijdkring eene onzekere toekomst te gemoet gaan, vertrouwen wij nochtans, dat de vooruitzichten van ons Kerkelijk Weekblad onze verwachting, ten zijnen opzichte gekoesterd, niet beschamen zullen. Het is waar, veel zal afhangen van de hulpe die verleend zal worden, hetzij door het leveren van nuttige en stichtelijke stukken, hetzij door hen, die de goede zaak door hunne intekening of bijdragen hebben te schragen. En al gaat het met alle menschelek werk, gelijk het meestal in het tijdelijke geschiedt, aan ebbe en vloed onderhewig, wij willen evenwel niet twifelen, of deze onderneming onzer Kerk zal, bij alle wisseling en teleurstelling van het aardsche, ja inzonderheid van het Kerkelike en maatschappelijke, niet zonder goede vrucht gevolgen zijn.”¹ So stel die redaksie die blad bekend.

Die teologies-ekkesiologiese struktuur van die blad weerspieël die bedieningsstyl en karakter van die N.G. Kerk. Dit bevat artikels van prakties-teologiese aard wat saamgestel is uit die breëre evangeliese denkwêreld. Dit is veral artikels uit Anglo-saksiese oord met 'n algemene en stigtelike aard. Hierbenewens word die aandag ook bepaal by die opvoeding of onderwys wat 'n belangrike saak geword het. Daar was rubrieke met geestelike en sedelike morele strekking. Kenmerkend is die toenemende korrespondensie kolomme. Laastens is amptelike kerklike

¹ K. "Een Woord ter Inleiding". *De Kerkbode, Deel I (1)*. 4 Januari 1884, 3.

berigte en inligting in die blad opgeneem. Vergeleke met 'n dekade vroeër, is min aandag aan heiligmaking gegee. Van belang hieroor is die uitgebreide standpuntstelling van Professor NJ Hofmeyr.

7.1 Professor NJ Hofmeyr oor heiligmaking.

In 'n reeks artikels van Professor Hofmeyr en in die besonder die oor “De Heiliging der Geloovigen” is dit duidelik dat die onderwerp vir hom belangrik was. Hy skryf dat die oproep om jou aan Jesus Christus oor te gee na almal kom wat 'n behoefte het aan Jesus Christus as Saligmaker. Die eerste behoefte wat God in 'n mens opwek aan wie Hy die evangelie laat verkondig, is 'n behoefte aan 'n Saligmaker. Waar die behoefte nie gevoel word nie, kan daar geen verdere stap gedoen word tot die behoud van die siel nie. Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is. Die Here roep almal wat vermoeid en belas is om na Hom te kom, “Gelukkig de mensch, wien het Evangelie zoo wordt gepredikt, dat Jezus Christus hem wordt voorgesteld in al Zijne gewilligheid en macht om den verlorene te redden. Nog gelukkiger de ziel die tot de ontdekking is gekomen: ik ben die verlorene, wien Jezus alleen redden kan.”²

Hofmeyr skryf dat God die mens geskape het om in sy Seun rus en saligheid te vind. Dit is in die wese van die Seun van God om die behoeftes van die mens te vervul. Die rus van die mens se siel in die Seun van God is 'n weerspieëling van die rus van die Seun in die Vader. Wat die Vader vir die Seun is, is die Seun vir ons. Geen mens kan die ewige lewe vind buiten om Christus nie. Paulus sê in Athene, dat die mens die onbekende God soek omdat ons van sy geslag is. Baie mense dink dat daar 'n tyd moet verloop voordat hulle tot oorgawe in Christus kom. In al die gevalle in die boek Handelingte waar dit om oorgawe gegaan het, was dit oombliklike oorgawe.³

² N.J.H. "De overgawe aan Jezus Christus" *De Kerkbode, Deel I (17)*. 25 April 1884,197.

³ *Dies.*, 198.

In uwe overgawe aan Hem zweert gij uw eigen wil en zin af, en onderwerpt gij u aan Zijn wil en zin. Hij zegt tot u: 'Neem mijn juk op u, en gij buigt gewillig onder dat juk. Alle daden van uw leven wilt gij voortaan geregeld hebben door de vraag: wat wil Jezus Christus mijn Heer? Wat gij doet of laat, dat doet of laat gij om Jezus' wil. Gij keurt goed wat Hij goedkeurt; en keurt af wat Hij afkeurt.

In een woord: in de overgawe aan den Heere Jezus gaat gij uit den dienst der wereld en van uw eigen ik over in den dienst van Jezus Christus. Hebt gij tot nu toe gevraagd: wat wil de wereld, wat wil mijn eigen belang dat ik doen zal; van nu aan ademt uwe ziel tot uwen Heiland onophoudelijk deze bede uit: *Heere wat wilt Gij, dat ik doen zal?*⁴

Professor Hofmeyr wys daarop dat die grootste werk wat God hier op aarde doen, die heiligmaking is. Die hele verlossingswerk is ook toegespits op die mens se heiligmaking. Sonder heiligmaking is daar geen verlossing nie⁵. Die evangelie getuig ook hiervan wanneer daar vir Maria gesê word dat haar kind Jesus genoem moet word omdat Hy sy volk van hulle sondes sal verlos. In die briewe van Paulus noem hy die gelowiges, "heiliges in Christus". Die hoofdoel van die apostoliese vermaning is die heiligmaking van die gelowiges. In Romeine word ons opgewek om "n lewende, heilige en aan God welgevallige offer" te wees. Ons is uitverkies om heilig en onberispelik voor God in liefde te wees (Efesiërs 1:4).

In die brief aan die Hebreërs word die gelowige opgeroep om "die vrede na te jaag en die heiligmaking, waarsonder niemand die Here sal sien nie" (Hebr 12:14). Petrus vermaan die gelowige "om heilig te wees omdat God heilig is". Johannes wys daarop dat as "iemand in die duisternis wandel en nie in die lig nie, dan lieg hy en is die waarheid nie in hom nie" (1 Joh 1:6).

⁴ N.J.H. "De overgawe aan Jezus Christus" *De Kerkbode, Deel I (20)*. 16 Mei 1884,229.

⁵ Calvyn gee 'n definisie van bekering: "repentance can thus be well defined: it is the true turning of our life to God, a turning that arises from a pure and earnest fear of him; and it consists in the mortification of our flesh and of the old man, and in the vivification of the Spirit." McNeill, John T. *Calvin: Institutes of the Christian Religion. Volume I*, 597.

Hofmeyr merk op dat as 'n mens egter na die deursnee gelowige kyk en hulle toets aan wat die Here en die apostels van ons vra, is die uitslag maar baie droewig en vernederend. Die prediking skiet ook hier ver tekort. Dit is tragies om te hoor hoe predikers en gelowiges nog bid asof hulle onder die mag van sonde is. Die vrolike toon van die triomf en lof ontbreek. Hierdie leer word uit die lewe gebore. As die die lewe gebrekkig is, is dit omdat die beskouing oor heiligmaking so gebrekkig is. Dit is 'n goeie vraag om te vra waarom die lewens van die gelowiges en dié van die apostoliese Christene so baie van mekaar verskil. Dit lyk of daar destyds aan die regverdigmaking 'n oorheersende plek gegee is. "In de zestiende eeuw leefde de vraag in het vrome gemoed, en hoe kom ik tot de zekerheid dat mij mijne zonden vergeven zijn? Deze vraag was so diep in de zielen ingedrongen, dat zij het niet langer konden uithouden zonder een duidelijk antwoord er op."⁶ Hierdie behoefte was veral sterk deur Luther gevoel. Dit was geweldige vrede wat Luther ervaar het toe hy besef die mens word alleen geregverdig deur die geloof. Dit het groot vrede vir hom gebring.

Daar het toe 'n groot kloof tussen die nuwe en die oue ontstaan. In die koninkryk geld egter die reël dat as jy jou kapitaal wil behou, dan moet jy dit vermeerder. Die geslag na die Hervormers het dit nie verstaan nie. Hulle het geleef van die oorgelewerde kapitaal. Hulle het nie met dieselfde erns die leer van die heiligmaking nagevors nie. Die gevolg was dat daar n stilstand en later 'n agteruitgang plaasgevind het. Waar daar nie 'n gebrek is aan die prediking oor die regverdigmaking nie, is daar wel 'n gebrek aan die prediking oor die heiligmaking. By baie is die regverdigmaking 'n skuilplek vir gebreke in plaas van 'n aanmoediging om verlos te word. "Laten wij ons voornemen niet Gods Woord neer te trekken naar ons gebrekkige leven, maar ons leven door Gods Woord te laten oordeelen, en te laten opheffen tot dat heilige terrein waarop het leven van den verlose zich bewegen moet. Dan gaan wij een gezegenden tijd tegemoet.

⁶ N.J.H. "De Heiliging der Geloovigen" *De Kerkbode, Deel I* (34). 22 Augustus 1884,399.

De Heer zal ons, op de begeerte onzer harten, invoeren in den zegen der heiligmaking; en Zijn naam zal de eere hebben".⁷

Professor Hofmeyr wys op die volgorde van die vrymaking van die gelowige van sonde en daarna die vrug van die heiliging. "Eer de heiligmaking, in nuwtestamentischen zin, bij u beginnen kan, moet gij vrijgemaakt zijn van de sonde. Uwe heiligmaking is de vrucht uwer vrijmaking van de sonde...Gij vraagt hoe gij dan komt tot deze vrijmaking van de sonde? Ik doe u de wedervraag: hoe zijt gij gekomen tot de vergiffenis uwer sonde? Gij hebt wellicht, zooals vele anderen, gemeen haar te moeten uitwerken; gij hebt gedacht er toe ze zullen komen als het einde van uw strijden en bidden en weenen; gij hebt gedacht die uwen God te moeten afdwingen. Maar wat was het einde van dit pijnlijk zoeken en streven en dwingen? Vermeerdering van uw onrust, verzwaring van uw druk: totdat het u duidelik werd dat die vergiffenis der sonde u als eene vrije gave om niet wordt aangeboden. Uwe vergiffenis die vrucht niet van uw doen, maar van het doen en lijden van Jezus Christus voor u."⁸

Net soos die vergiffenis van sonde is ook die vrymaking van die sonde 'n gave van goddelike genade. Jy kan nie self worstel en werk om vry van sonde te kom nie. Die Here self maak jou vry en dan is jy 'n vrygemaakte van die Here. Daarmee is 'n onwankelbare fondament gelê vir daaglikse heiligmaking. Paulus wek die gelowige op om die een of ander sonde af te lê, maar dan word altyd veronderstel dat dit die vrug is van die vrymaking van sonde wat 'n afgehandelde saak is⁹. Die gelowige en Christus is een. Hoe kan die sonde dan nog in jou heers? Paulus leer in Romeine 6 dat die gelowige tot 'n heilige lewe geroep is omdat hy een met die Here is.

⁷ *Dies.*, 400.

⁸ N.J.H. "Eerst Vrijgemaakt dan Geheiligd" *De Kerkbode, Deel I (36)*. 5 September 1884,421.

⁹ Sondag 33, Vraag 88 van die Heidelbergse Kategismes vra:"Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? Antw Uit twee dele: die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens". Die Heidelbergse Kategismus: 1999 (derde uitgawe, eerste druk). In: *Ons Glo. Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse*, 64.

Paulus wys die gelowige altyd terug na die voltooide werk van Christus as hy hulle bestraf oor een of ander sonde. Die gelowige mag nie sy liggaam 'n tempel van die Heilige Gees maak nie, hulle mag alleen handel met die bewustheid dat hulle reeds 'n tempel van die Heilige Gees is. Daar is nog die nawerking van die sonde in die gelowige, maar deur die Gees word dit oorwin. "En wat word nu de heiligmaking? Niet de aanhoudende strijd tusschen mij en den ouden mensch, die mij te machtig is; maar de vastgezette verlossing van de zonde en de vreedzame wasdom in de genade, het overvloediger voortbrengen van de vrucht des Geestes, geloof, hoop en liefde".¹⁰

Die christen moet nie 'n gevangene bly nie, maar 'n vrygemaakte word. As die Gees van God die mens bevry, neem Hy die sluier voor die oë weg. Daar is 'n gebrek aan vrede en krag omdat nie toegelaat word dat die Gees jou verlos van die wet van die sonde nie.

Die voorwaarde vir die Gees om jou te verlos van die wet van die sonde is om te wanhoop aan jou eie krag. Uit die wanhoop hef God dan die gelowige op tot 'n nuwe daad van geloof. Die nuwe geloofsdaad voer die siel onmiddellik tot die vrymaking deur die Gees van Christus van die wet van die sonde.¹¹

Hofmeyr sê dat dit belangrik is om die fundamente van die heiligmaking te verstaan. Onnodige lyding sou vir baie kinders van die Here gespaar gewees het indien hulle Paulus in Romeine 6 reg verstaan het. Toe Jesus gesterf het, is alle verhouding tussen hom en die sonde verbreek. So is die Christen ook vir die sonde dood. As die verhouding tussen die sonde en die gelowige nie heeltemal vernietig is nie, is daar volgens die apostel geen heiligmaking nie.

Hy beskrywe dat die band met sonde verbreek word omdat die gelowige aan Christus verbonde is. Die eenheid met Christus is 'n diep verbondenheid. Vir

¹⁰ N.J.H. "Eerst Vrijgemaakt dan Geheiligd" *De Kerkbode, Deel I (36)*. 5 September 1884,423.

¹¹ N.J.H. "De Heiliging der Geloovigen" *De Kerkbode, Deel I (39)*. 5 September 1884,457

Hofmeyr is die sleutel tot die Christelike lewe die eenheid met Christus. Soos Christus vir die sonde gesterwe het, so het die gelowige ook vir die sonde gesterwe. Soos Christus opgestaan het tot 'n nuwe lewe, so het die gelowige ook opgestaan tot 'n nuwe lewe.¹²

Jesus het in elke beproewing in die woestyn sowel as op Golgota uitgeroep, “nie Sy wil nie, maar die Vader se wil”. Hy het altyd in die lig van Sy Vader se aangesig gewandel. Hy het altyd die Vader se wil gesoek. 'n Beeld van Christus wat ons tot navolging opwek, was Sy vertrou op die Vader. Sy vertrou in Sy Vader was net so sterk soos sy pligsbesef. Hy was nooit bevrees of beangs nie.¹³

Gideon Thom wys in sy studie oor die teologie van Hofmeyr op die “doping van die Gees van kindskap” wat hy voorveronderstel by die heiligmaking: "Hofmeyr's views on sanctification presupposed the baptism with the Spirit of sonship. Without the conscious appropriation an experience of the huiuotesia, any progress in holiness, obedience and love would be an impossibility. In his Tegenstellingen, he explained the believer's experience of sanctification with a paradox: as the believer strives after holiness, he becomes increasingly conscious of his sinfulness. The Christian is deeply troubled by sin in and around him and he realizes that he will never conquer it fully in this life. 'There is on earth no end to the sorrow for sin in the believer'. This sorrow for sin increases as he is gradually enlightened and renewed..... Hofmeyr was not a perfectionist. We will always be troubled by sin, but there is a big difference between sin in the believer and in the unbeliever. In the latter sin is still in full control."¹⁴

"In the end it becomes clear that, in Hofmeyr's view, sanctification is absolutely related to Christ. In his urge and desire for holiness the believer calls out: 'Who will deliver me from the body of this death?' But 'he answers immediately, and

¹² N.J.H. "De Heiliging der Geloovigen" *De Kerkbode, Deel I (41)*. 10 October 1884,484.

¹³ N.J.H. "De Heiliging der Geloovigen" *De Kerkbode, Deel II (2)*. 16 Januari 1885,13.

¹⁴ Thom, Gideon: 1989. *The Development of Theology at Stellenbosch from 1859-1919*,109.

even louder: 'I thank God through Jesus Christ, our Lord'. In Jesus, the second Adam, true and representative man, sin was successfully and decisively overcome.' And in all who bear his image the last traces of sin will presently disappear'. Believers may rejoice in the knowledge and experience of this, in the mist of all the sorrow occasioned by the presence of sin in the world."¹⁵

Thom wys verder uit die gebrek aan belydenisgefundeerdheid by Hofmeyr: "While John Murray was, to some extent, a confessional theologian, Hofmeyr wanted to be nothing but a biblical theologian. He carefully guarded his freedom from the authority of confessions which might 'limit the truth into which the Holy Spirit wants to lead the Church'. His theology shows no signs of the scholastic Calvinism of the 17th century. His treatment of the covenant of works and the doctrine of election was rather within the framework of contemporary enlightened evangelical theology. The ideas of revival, missions, total abstinence, holiness, progress and the Christianization of society were the great themes of protestantism during the second half of the nineteenth century, and with varying emphasis these were also the themes of his own teaching and writing."¹⁶

Hofmeyr het ten nouste aangesluit by die evangeliese Anglo-saksiese teologie eerder as by die strenge skolastiese Calvinisme.

7.2 Etiese en morele sake wat aandag gekry het.

In ooreenstemming met die tydsgees het etiese en morele kwessies ook hulle kwota aandag in die weekblad gevind. V.D.M. skryf in 'n artikel van 13 Februarie 1885 van 'n Dag van Verootmoediging wat die 1ste Maart gehou sou word. Daar word 'n ernstige beroep gedoen om besig te wees met die dinge van die Here. Hy het gesê dat dit nie sou help om te bid vir die wegneem van die plaë as die volk die pad van sonde en ongeregtheid bly bewandel nie. Hoe kan die mense

¹⁵ *Dies.*, 110.

¹⁶ Thom, Gideon: 1989. *The Development of Theology at Stellenbosch from 1859-1919*, 110.

beter tye verwag as hulle self nie eers hul lewens beter nie. Die vraag moet gevra word waarom 'n biddag gehou word: "verlangt men naar een Biddag uit schuldgevoel, om zijn zonden te belijden en te laten, of alleenlijk om uit den tijdelijken nood gered te worden en dan weer het oude pad op te gaan?"¹⁷

V.D.M. skryf na die Dag van Verootmoediging op die 3de April die volgende: "Wij worden geroepen ons heden, wegens de zonden van ons volk, voor God te verootmoedigen. Niemand kan dit doen, die niet eerlijk begeert te weten, welke die zonden zijn, en besloten is, het koste wat het wil, van die zonden zich vrij te houden, en samen te werken met anderen, om ons volk er van te verlossen. Zonder zulk een gesindheid en leven, is onze verootmoediging eene huichelarij"¹⁸

Hy wys veral op twee sondes van die volk. Die eerste is oneerlikheid. Regters, predikante, koerantskrywers en onderwysers het hieroor gekla. Die sonde moet verafsku word soos God dit verafsku. Dit moet veroordeel word soos God dit veroordeel. Dit is beter om in armoede te leef as in bedrog. Dinge sal net beter word as die vrees van God geken word en die sonde bely word.

Die tweede sonde is die toenemende drankgebruik en die toename in kantiene. Die inboorlinge en die kleurlinge gaan ten gronde weens die drank. Die drank bring ellende, misdaad en wanhoop onder hulle. God het 'n vreeslike oordeel uitgespreek oor dié wat sterk drank aan die naaste gee. Dit is beter om van gebrek te sterf as te lewe deur die dood van 'n ander.

"Bij deze twee volkszonden noem ik nog iets anders: de oppervlakkige belijdenis van Jezus als Verlosser. Ik spreek met groote teederheid en huivering, want ik betreed hier het binneste heiligdom van ons volksleven.....Het schijnt dat zeer velen van hen die zeggen, dat zij zich aan Jezus Christus hebben overgegeven,

¹⁷ V.D.M. "Dag van Verootmoediging en gebed" *De Kerkbode, Deel II (6)*. 13 Februari 1885,62.

¹⁸ V.D.M. "Een woord gesproken op den Dag van Verootmoediging" *De Kerkbode, Deel II (13)*. 3 April 1885,148.

het zeer oppervlakkig nemen met de navolging van Jezus. En heeft Hij het niet allerna drukkelykst gezegd, dat niemand zijn discipel zijn kan, die niet zich verloochent, dagelijks zijn kruis opneemt, en Hem alzo navolgt? Geloovigen, bespeurt de wereld aan uwen wandel in het huizezin, en in de wijze waarop gij uw beroep waarneemt, en uwe nering drijft, dat gij in alles streeft naar gelijkvormigheid aan Jezus?"¹⁹ Ons sien in hierdie gedeelte dat die nood van die tyd nou gekoppel word aan die sondes van die volk en dus die heiligmaking.

Anoniem raak die onderwerp "of dans sonde is" aan in sy artikel op 17 April 1885. Dikwels word vir christene gevra of dans sonde is. 'n Dogter het vir 'n tannie gevra of dans sonde is. Sy het geantwoord "Vir jou my kind is dit nie sonde nie, want jy dien die wêreld, maar vir my is dit, want ek dien Koning Jesus." Dans het 'n gevaarlike uitwerking op die liggaam en die siel. Baie jong Christene word meegesleep tot 'n ongelukkige toestand. Dit is iets onnatuurliks en onsedelik. Mense weet dat hulle die Here nie op die dansbaan kan dien nie. Wat is die beswaar teen dans?

1. Dit lei daartoe dat mense God vergeet. "Ga met mij naar eene danspartij. Zie hoe schitterend en voortreffelijk alles is ingericht. Gij ziet er groote wereldsche pracht. Het is vrolijk en levendig. Gij ziet er verscheidene klassen van menschen. De muziek speelt, men zet zich in beweging. Men is vol van zichzelf en vol van de wereld.....Sommigen komen onder den invloed van sterken drank. Gij ziet er, die de regels van welvoegelijkheid overschrijden. Wat dunkt u, wordt daar in die zaal aan God gedacht?"²⁰
2. Dans wek onheilige en sedelose drifte op. Hier gaan mans en vroue met mekaar om soos wat hulle nie sal waag om op ander plekke om te gaan nie. As die mans en vrouens in mekaar se arms is, bring dit verborge drifte na vore. As mans en vrouens apart sou dans, sou die spel spoedig tot 'n einde kom.

¹⁹ *Dies.*, 149.

²⁰ Anoniem. "Is Dansen Zonde?" *De Kerkbode, Deel II (15)*. 17 April 1885,171.

3. Dit lei tot slegte geselskap. Dit is maar net so dat die vrome en die wat vir die Here lewe nie daar gevind word nie. Daar is baie keer die karakterlose mans wat 'n jongdame onmoontlik vind om te vermy. "O jongeling! jonge dochter! kies het gezelschap van den Heere Jezus en die Hem liefhebben. Dit zal u nooit berouwen; want God is met Zijn volk"²¹

Breedvoerige voorskrifte word ook gegee vir die opvoeding van kinders. In die *Kerkbode* van 25 April 1885 word riglyne gegee hoe om 'n kind te bederf:

1. "Begin reeds vroeg met uw kind dadelijk te geven wat het verlangt, en zorg vooral, dat hij er geen traan bij behoeft te vergieten.
2. Wanneer uw kind klaagt over pijn, vergroot ze dan nog door uw gejammer en spreek geen enkel woord van troost.
3. Zeg hij, dat hij u te veel is, en dat gij niets met hem kunt uitvoeren.
4. Als vader hem straft, laat moeder partij voor hem kiezen, of omgekeerd.
5. Leer uw kind zijn vader te beschouwen als iemand, die alleen in de wêreld is, om hem te slaan of te straffen.
6. Zeer goed zal een vader zijn kind bederven, als hij booze woorden tegen de moeder spreekt of dronken te huis komt.
7. Onderzoek nooit, wat uw kind leest, en bemoei u ook niet met te weten wie zijn speelkameraden, "maters" zijn.
8. Laat hem, als hij 15 of 16 jaar is, 's avonds lang op straat ronddolen.
9. Zeg hem gedurig, dat het beste in de wereld is veel geld te hebben en zorg er ook voor, dat hij er zijne zakken vol van heeft.
10. Bestraf uw kind wegens een kleinigheid en lach over eene groote zonde, die hij bedrijft.
11. Zeg hem altijd, dat hij het goede moet doen, maar laat uw gedrag en wandel met uwe voorschriften in strijd zijn.

²¹ *Dies.*, 172.

12. Beveel hem dat hij naar Kerk of Zondagsschool moet gaan, maar doe alsof ge niet weet, dat hij beide verzuimd heeft."²²

In die artikel "De Geest van Christus" van 8 Januarie 1886 word die vrygemaakte lewe in die Gees gestel teenoor die gebonde lewe onder die wet. Die Apostel Paulus het in Romeine 7 geleer dat alle pogings om die wet te volbring en alle diens aan God in die oudheid van die letter sou uitloop op die ondervinding van die onmag van die vlees tot die goeie en van die ellendige gevangenskap onder die wet van die sonde en die dood in ons lede. As die mens onder die wet van die Gees lewe is jy 'n vrygemaakte.

Om die heerlike vrymaking van die sonde te verstaan, moet die mens verstaan hoe dit plaasvind. Die vryheid word gegee deur die nuwe lewe in Christus. Die wat met Jesus een word in die geloof het deel aan sy dood. Hy het vir die sonde en die wet gesterf. Hy is van die sonde en die wet vrygemaak. Die gelowige is nou aan Jesus verbonde en met Hom verenig. Dit is die krag van die lewe van Christus in ons wat ons vry maak van die mag van die sonde.

Om hierdie ervaring van die vrymaking te belewe, is 'n paar dinge nodig. Ten eerste is kennis nodig. Die Gees werk nie as 'n blinde natuurkrag sonder ons wil nie. As die gelowige nie daarna soek om die lewe van Christus te verstaan nie, sal hy dit ook nie ervaar nie. Die eerste strewe moet wees om kinderlik te hoor en aan te neem wat God sê.

'n Diep brandende begeerte om van sonde vry te wees en 'n ware honger en dors na geregtigheid is die tweede vereiste. As die begeertes aanwesig is, is dit een van die tekens van 'n gesonde lewe.

²² G.J.W. "Eenige Voorschriften om een Kind te bederven" *De Kerkbode, Deel I (17)*. 25 April 1884, 199.

Ten derde is geloof nodig. Die hele lewe in Christus is 'n lewe van geloof en nie van werke nie. Ons lewe is in Christus verborge by God. Deur die geloof weet ons dat Christus elke dag in ons leef. Deur die geloof sien jy dat alles volbring is.²³

Die Here het die gelowige geroep om vergifnis van sonde te ontvang en sodat hulle in Sy gemeenskap heilig sou leef. Jesus maak ons vry van sonde. Hy leer ons om die ou begeerlikhede wat in ons geheers het af te lê. Hy maak ons nuwe skepsele na sy Vader se beeld. Die gelowige moet toon dat hulle God 'n heilige God is en hulle Verlosser 'n heilige Verlosser is. Wie nie weet wie Jesus Christus is, moet dit in die wandel van die gelowige kan sien.

Mense moet hulle nie laat bedrieg deur die influistering dat omdat hulle gewoon aan die sonde is hulle dit nie kan aflê nie. Dit is 'n leuen van die duiwel. As dit waar was, sou ons nie kon sê dat Jesus 'n Verlosser van sonde is nie. As dit waar was, sou daar geen onderskeid tussen die gelowige en die ongelowige wees nie.

Anoniem skryf in sy artikel "Wordt Heilig" van 26 Februarie 1886 dat die weg tot seën kom deur 'n lewe van heiligheid: "Wilt gij anderen tot uwen Heiland hebben? Wilt gij, die nog ongeloovig zijn, overtuigen van de waarheid dat Jezus Christus menschen redder is? Wilt gij tot een rijken zegen voor anderen worden? Ik bid u legt u dan toe op een heilig leven - een leven van reinheid, eerlijkheid, ootmoed, zachtmoedigheid! Er zal een gezegenden invloed van u tot de ongelukkige wereld uitgaan, niet naarmate gij rijk of bekwaam of talentvol zijt, maar naarmate gij heilig zijt."²⁴.

In die *Kerkbode* van 2 April 1886 skryf Anoniem oor die belangrikheid van 'n "Een Nauwe wandel met God". Om so na aan God te lewe, is ongetwyfeld

²³ Anoniem. "De Geest van Christus" *De Kerkbode, Deel III (2)*. 8 Januari 1886,9.

²⁴ Anoniem. "Wordt Heilig" *De Kerkbode, Deel III (9)*. 26 Februarie 1886,66.

begeerlik. Daar is niks wat so baie seën kan bring nie. Dit is die hoogste doel van ons bestaan. Dit alleen maak dit die moeite werd om te lewe. Dit is duidelik dat net dié wat die nodigheid daarvan sien die hoop het om dit te kan belewe. Om met God te wandel, beteken om jouself te verloën en die toewyding van al jou kragte. As jy dit nie vurig begeer en met jou hele hart daarna te soek nie, sal jy dit sekerlik nie ervaar nie.

Die eerste ding wat nodig is, is duidelike insig in waarom dit belangrik is. Die insig kom deur oordenking en gebed. Hoe meer daar gepeins word oor die valse lewe in die wêreld en die ware lewe by God, hoe groter sal die behoefte daarna wees om met God te wandel. Daar moet ook 'n vaste en gelowige besluit wees om teen enige prys die pêrel van groot waarde in die hande te kry. Dit moet 'n vaste besluit wees sodat alle probleme oorkom kan word.²⁵

In die *Kerkbode* van 30 Mei 1890 word die najaag van vrede as 'n eties-morele kwessie aangespreek. Die woorde in Hebreërs 12:14 is ernstig en dit wys op die harmonie in die hemel. Dit kom nie van die aarde waar smart en stryd heerskappy voer nie. Dit hoort tot die wette van die koninkryk en dit wys hoe ons op aarde alreeds hemelse vreugde kan ervaar.

Heiligmaking beteken om aan God toegewyd en vir God afgesonderd te wees. God se teenwoordigheid is heilig. Hy is heilig. Sy wese is heilig en sy natuur is heiligheid. Die mens wat geskei is van God kan nie heilig wees nie, maar wanneer God in die gees van die mens neerdaal, word hy heilig. Die teenwoordigheid van God in die mens is heiligmaking. Hy is 'n heilige mens in wie die Heilige Gees woon. Die mens is heilig as hy hom volkome aan God oorgee om deur Hom besit en gevul te word.

Hy wys daarop dat die teks ons oproep tot die najaag van die heiligmaking. Daar moet geen plek gegee word vir selfsug nie. Die eie ek kom altyd weer in 'n nuwe

²⁵ Anoniem. "Een Nauwe wandel met God" *De Kerkbode, Deel III (14)*. 2 April 1886,106.

vorm en met 'n nuwe gestalte. Waar die eie ek op die voorgrond is, kan God nie woon nie. Sy weg is altyd die beste weg. Die hart van die mens moet deur die Gees vas en getrou gemaak word aan onwankelbare gehoorsaamheid.

Die heiligmaking moet ook met geduld nagejaag word. Niks moet jou ontmoedig nie. 'n Sekere ouderdom word nie deur een sprong bereik nie. Om in Jesus te bly, is die beste manier om alles af te weer wat ons weg van die Here wil trek. Daar moet vrede met almal gesoek word. Die vrug van geregtigheid is vrede. As jy deur die vereniging met God heiligmaking het, het jy ook vrede. Die vrede word versteur deur die sonde, maar die geheiligde siel neem onmiddelik sy toevlug tot die bloed van die Lam en die vrede word herstel.

Anoniem wys op 'n praktiese manier om vrede te hê. Dit is om nooit aan stryery deel te neem nie. Daar moet altyd twee partye wees om 'n twis aan die gang te sit en 'n mens moet nooit een van die partye wees nie. Wees ook versigtig om nie aanstoot aan iemand te gee nie.²⁶

Heiligmaking wat oorgaan in die praktiese beoefening van barmhartigheid is beklemtoon. Anoniem skryf in *Kerkbode* van 23 Januarie 1891 oor "Zegen van de werken der Barmhartigheid". Een van die belangrikste woorde van die Heiland was "Wees jy barmhartig soos jou Vader in die hemel barmhartig is." Van al die christelike deugde bly die barmhartigheid die edelste. As daar gesê word dat iemand 'n barmhartige mens is, kan jy verseker weet dat so iemand die vernaamste kenmerk dra van 'n christen. Niks is meer vyandig teen die christendom as die gees van hebsug en gierigheid nie. Die barmhartigheidswerk word op die regte manier gedoen deur die wat nie in naam Christen is nie, maar wat in waarheid een geword het.

Waar daar ware Christelike lewe is, vergeet mense van hulleself en begin aan ander dink. Die barmhartigheidswerk is daarom geen swaar las en ook nie 'n

²⁶ Anoniem. "Heiligmaking en vrede" *De Kerkbode, Deel VII (22)*. 30 Mei 1890,171.

vorm van slawerny nie. Dit is juis die teenoorgestelde. "Volgens Paulus heeft God de goede werken voorbereid, opdat wij daarin zouden wandelen, dat is: wij verrichten deze zonder dat wij eenigszins last of moeite gevoelen."²⁷ Barmhartigheid is 'n groot voorreg vir die gelowige. "Hoe menig Christen in onze dagen klaagt over geestelijke dorheid. Het is alsof zijn geestelijk leven uitdooft en een zware last rust op zijn vroeger zoo opgewekt geestelijk leven. Onder de vele oorzaken hiervoor moet dikwerf gerekend worden, een geest van bekrompenheid; men is nog zoo vast in de kluisters en boeien van het aardsche en vergankelijke gesloten, dat alleen eene Hemelsche macht die kluisters kan verbreken. Het slot, waarmede deze gevangenis is gesloten, is bij velen de gierigheid. Indien gij, waarde Lezer, ook tot dezulken mocht behooren, hebt dan eens den moed den sleutel der barmhartigheid in het slot uwer gierigheid te steken, wie weet of de Heere God uw hart niet weder ruim maakt, zoodra uw beurs opengaat."²⁸

Hier is 'n verskuiwing besig om plaas te vind. Daar word al meer op die individu gekonsentreer. Hier word weg beweeg van die denklyn wat reeds in 1849 aanwesig was waarin die klem op die gemeenskaplike en die samelewing geval het.

7.3 Verenigings en heiligmaking met die klem op sending.

Die Christelike lewe moes prakties wees en daarom moes ruimte geskep word waarin dit uitgeleef kon word. In hierdie tydperk is verenigings gestig en kommissies het tot stand gekom om die Christelike evangeliese geloof te bevorder. Die sending sou besondere aandag kry.

²⁷ Anoniem. "Zegen van de werken der Barmhartigheid" *De Kerkbode, Deel VIII (4)*. 23 Januari 1891,26.

²⁸ *Dies.*, 26.

Die Christelike Stewersvereniging word op 2 Februarie 1881 in die huis van dr. FE Clark te Portland in die staat Maine in die VSA gestig. Met die vyftigjarige fees van die vereniging in 1931 was daar al 80000 Stewersverenigings wêreldwyd. In 1887 stig dr AS Bliss (1843-1925) van die Hugenate Seminarie in Wellington die eerste Stewersvereniging in Suid-Afrika. Sy is die dogter van 'n Amerikaanse predikant en kom in 1873 op versoek van dr Andrew Murray na Suid-Afrika om onderwys op Wellington te help vestig.

In 1892 word die eerste tak van die Christelike Stewers op Graaff-Reinet gestig en in 1894 in die gemeentes van Wellington, Stellenbosch en Kaapstad. Hierdie vereniging moedig lede aan om ywerige en getroue werkers in die wingerd van die Meester te wees. In die N.G. Kerk trap hulle diep spore as geestelike werkers wat getroue kerk-en biduurgangers is. Lede van die vereniging was ernstig in die uitleef van hulle Christelike lewensbeskouing en beginsels. Hulle was waarlike belydende Christene vir wie daaglikse Bybelstudie en die beoefening van gebed baie belangrik was.²⁹

Die Studentevrywilligers beweging is onder studente in 1886 onder leiding van DL Moody en RP Wilker in Northfield in die VSA gestig met die sending as belangrike dryfveer. In 1890 stig mej AP Ferguson van die Hugenate-Seminarie op Wellington die vereniging wat as 'n voorloper van die Christen Studentevereniging beskou kan word. In die eerste jaar was daar vyftien lede terwyl nuwe takke op Stellenbosch, Lovedale en elders gestig is. Die hart van die beweging was die ywer vir die sendingtaak, soos blyk uit die onderneming wat elke lid moes onderteken: "Ek is gewillig en begerig om, as God wil, 'n sendeling onder die heidene te word".³⁰

Die klem op sending in die N.G. Kerk sou voortduur en kommissies sou die lig sien wat die werk kon koördineer. Met die Sinode van 1886 is die sending tydens

²⁹ Van der Merwe, Gerdrie dr. 1996. *Jesus is Koning*. 15.

³⁰ Van der Merwe, Gerdrie dr. 1996. *Jesus is Koning*.15.

'n broederlike onderhoud bespreek. Een van die sprekers was die jong eerw SP Helm (1857-1917). Hy was die eerste kwekeling van die Kweekskool wat homself vir die buitelandse sending beskikbaar gestel het en was geormerk om die volgende jaar na die Noorde te gaan. Ds Neethling sou hom teen die middel van die jaar vergesel na die buitelandse sendingveld.

Die jaar het skaars begin toe die Buitelandse Sendingkommissie hulle eerste vergadering gehou het. Ds Andrew Murray was op die punt om na Transvaal te vertrek om die konferensie van buitelandse sendelinge in Pretoria by te woon. Hierdie konferensies het in die teken van die bediening van die herlewing van die kerk gestaan³¹. "In 1885 is daarmee begin met ds Neethling wat beslag daaraan gegee het. Hy het vyf punte aan die hand gedoen vir die konferensies wat moes dien as geleentheid vir geestelike opbou en as 'n 'kerkvergadering'. As geestelike geleentheid was 'die hoofdoel die kweking van 'n gees van gebed en liefde en onderlinge aanmoediging tot gebed en toewyding aan die Here'. Op die konferensies is inderdaad sake bespreek wat meer by 'n kerkvergadering tuishoort. 'Een dag sou aan die opbou van die geestelike lewe gewy word en verder sou die sendelinge hulle ondervindinge met mekaar deel, sensuursake van evangeliste behandel en voorstelle aan die Sendingkommissie doen'. Dit was duidelik dat die Buitelandse Sendingkommissie bestaan het uit geesgenote wat 'n bepaalde bediening vir die kerk voorgehou het."³²

Professor Hofmeyr se siening oor die kerk en sending het ook 'n groot invloed gehad op die studente se lewe wat later in die kerk sou dien. "Eers teen die einde van sy loopbaan het Hofmeyr die wonder ontdek van die Kerk as die liggaam van Christus waardeur die hemel vir die individu ontsluit word. Die langste periode van sy bediening was sy vroomheid en pastorale sorg

³¹ Die invloed van die Keswick beweging kan ook gesien word in die sendingbeweging in Suid-Afrika. Edwin Orr skryf: "The Keswick Convention became a missionary force.....Hudson Taylor and Eugene Stock used the Keswick platform to enlist young people for the mission fields." Orr, Edwin. J: 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*, 99.

³² Brown Willie. 1987. *Dominee Johannes Henoch Neethling Hzn 1851-1904. 'n Yweraar vir Godsvrug*, 302

individualisties gerig. Van die studente het dit by hom oorgeneem sonder dat hulle ook sy Skrifgebondenheid en leergebondenheid hulle eie gemaak het. Dit het ongelukkig gelei tot 'n oppervlakkigheid in die bediening waar dit net gegaan het om die bekering van die verlore sondaar, terwyl die grootheid van God en die sekerheid van sy beloftes op die agtergrond geskuif is. Op geen stadium van sy lewe kon Hofmeyr self hiervan beskuldig word nie. Tog is dit vir my duidelik dat hy gedurende die sewentigerjare aandeel daaraan gehad het dat die studente so 'n patroon gevolg het. Vandag nog is hierdie twee benaderings by leraars van die Kerk waarneembaar. Die een is besig met enkelinge in die gemeente wat ten alle koste tot inkeer moet kom. Die ander is besig met die gemeente as die vergestaltung van die liggaam van Christus. Beide patrone vind hulle wortels by prof NJ Hofmeyr.

Naas die opleiding en vorming van leraars vir die kerk was sy grootste bydrae in die werksaamhede van die Sendingkommissie³³. Hoewel 'n mens enkele gebeure kan aandui om te bewys dat die N. G. Kerk al die tyd van sy bestaan met sendingwerk besig was, was die sending van die kerk op 'n laagwatermerk toe Hofmeyr predikant geword het. Sy sendingpreek, 'Uw Koninkrijk kome!' was die begin van 'n sestigjarige verbintenis aan die sending. Hy het in *De Gereformeerde Kerkbode* oor sending geskryf, by die Sinode van 1857 die hande in die geloof uit die moue gestee, tydens die Christelike Konferensie in 1860 op Worcester 'n sendingkleur aangedui wat deur die daaropvolgende herlewing gedy het en hy het sy vakansies benut om die binneland in verband met sending te besoek. Saam met sy vriende het hy 'n opdraande stryd gevoer om die Kerk sendingbewus te maak. Hulle het ten spyte van teleurstellings

³³ "Gedagtig aan die feit dat Hofmeyr byna 'n halfeeu lank die toekomstige leraars van die N.G Kerk as professor in die homiletiek, en meer nog, deur sy voorbeeld gevorm het, kan sonder vrees vir teësprak gekonstateer word dat die karakter van die prediking in die N.G Kerk sy stempel dra. Deur hom is by elke geleentheid ook beklemtoon die aanspraak wat die uitbreiding van Gods Koninkryk op elke gelowige maak. Hy wakker liefde vir die sending by predikante en aanhangers van die N.G Kerk sterk aan en is jare lank lid en voorsitter van die algemene sendingkommissie van die kerk." De Kock, W.J. 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek. Deel I.* 405

volhard. Hofmeyr was bevoorreg om ook die vrug van hierdie onvermoeide ywer te beleef.

Hy het by verskillende geleenthede gepleit dat die kerk, lidmaat vir lidmaat, die verantwoordelikheid vir die sending aanvaar. Sy haas om die werk te laat plaasvind, die teëstand wat daar om bepaalde redes teen die sending was, sy teleurgesteldheid in die kerk en die kerkbegrip waarmee hy en sy vriende opereer het, het alles daartoe bygedra dat die Sendingkommissie tot 'n groot mate genootskaplik opgetree het. En tog is daar genoeg aanduidings dat hy, die Murrays en Jan Neethling dit anders wou hê. Reeds in 1857 het hulle gevra dat die Sendingkommissie nie die gesag moes verkry om sendelinge te kan bevestig nie.

Hofmeyr het ook met die genootskapsidee gewerk in die CJV, die onderwysinrigtings op Stellenbosch, die beweging vir onthouding³⁴, die Christelike dagblad en die Sondagskool. Hoekom kon hy aan die eenkant aandring op die gereformeerde begrip van die kerk en aan die ander kant met die genootskap opereer? Dit kom telkens na vore. John Murray het hulle motivering die eerste keer verwoord toe hy in Kaapstad die sending van dr. Robertson verdedig het. Die kerk was in hulle oë nie wat dit moes wees nie. In die gees van die Reveil wou hulle die 'slapende Kerk' wakker skud. Die middel tot hierdie doel was 'n kerngroepie entoesiaste, die genootskap, wat die gemeenskap se oë sou laat oopgaan vir sy roeping. Die wins wat deur hulle behaal is, is dat baie aktiwiteite plaasgevind het. In hierdie sin het daar lewe in die kerk gekom. Die verlies is dat daar vandag nog 'n nawerking van hulle metode in die kerk voortleef.

³⁴ "Hy stig 'n Christelike onthouersvereniging (7.8.1882) met 'n ledetal van tien wat spoedig aangroei tot vierhonderd, en beywer hom om die vereniging, veral onder jonger mense, in alle gemeentes van die N.G Kerk te propageer. Alles moes op die vrywillige beginsel berus, sodat daar geen sprake van drankverbod was nie" De Kock, W.J. 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek. Deel I.* 404.

Baie lidmate verkeer onder die indruk dat dit net die belangstellende kern is wat verantwoordelik is vir 'n bepaalde terrein van die kerklike lewe. Wat weeg die swaarste: die wins of die verlies? Hulle het 'n Skrifbeginsel aan die praktyk prysgegee en daaronder gely. Sou die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie baie anders verloop het as Hofmeyr voor 1860 alreeds die gemeente begryp het soos hy dit in 1900-1901 uitgespel het nie? Tog het 'n mens begrip verkry vir sy optrede in sy omstandighede.”³⁵

7.4 Samevatting

Onder groter beheer van die N.G. Kerk sou *De Kerkbode* in die nuwe tydperk relatief minder aandag gee aan die onderwerp van heiligmaking as in die vorige dekades. Dit was 'n wegbeweeg van die klem van *De Christen* wat gefokus het op die Christen se algemene lewe.

Wat hier egter prominent figureer is verskeie artikels van Professor Hofmeyr oor die heiligmaking. Ons sien dat Hofmeyr baie sterker aangesluit het by die evangeliese Anglo-saksiese teologie eerder as die strenge Calvinisme.

Wat 'n besondere rol in die kerk sou speel vir baie jare was die stigting van verskeie verenigings in die tydperk. Baie van hulle sou ook fokus op die sending. Andrew Murray sou hierin 'n groot rol speel.

³⁵ Du Toit, Schalk. 1984. *Professor N. J. Hofmeyr, 1827-1909. Predikant in die Lesingsaal*, 414.

HOOFSTUK 8

DIE ONTPLOOIING VAN ANDREW MURRAY SE TEOLOGIE VAN HEILIGMAKING:1892-1899

In 1899 het die omvattende Suid-Afrikaanse oorlog uitbreek en het 'n wending in die *De Kerkbode* se beriggewing en benadering gekom. Die negentiger jare was vir die blad 'n stryd om oorlewing. Die oorlog en die beriggewing daarvoor het *De Kerkbode* "gered". Die sirkulasiesyfers bewys dit.

Hierdie dekade het bepaald nie in die teken van groei wat *De Kerkbode* betref, gestaan nie. Die blad se sirkulasie het afgeneem. Gedurende Mei 1892 het ds J Roos die redaksie van die *Weekblad* oorgeneem. Van toe af sou die blad veel ruimte aan die saak van die sending wy. Daarbenewens het meer berigte ook oor die armblanke vraagstuk verskyn. Die N.G. Kerk is hierby betrek en *De Kerkbode* het die verhaal hiervan vertel. Oor die heiligmaking het nie veel artikels verskyn nie. Ter selfdertyd is dit duidelik dat die standpunt van Andrew Murray oor hierdie saak nou tot voller rypheid gekom het. Daarom word aan hom besondere aandag geskenk. Hierbenewens word ook in hierdie hoofstuk verklarende en beoordelende aantekeninge gemaak met verwysing tot die invloed van Spurgeon,¹ die Wesleyaanse en Baptistiese tradisies sowel as die Skots-evangelistiese aksentuering. Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat *De Kerkbode* as invloedryke blad by die N.G. Kerk hierdie evangeliese tradisie en voorgangers uit die Anglo-saksiese teologiese gemeenskap nagevolg het.

¹ "End uit het hy positief teenoor herlewing gestaan. *De Gereformeerde Kerkbode* het Spurgeon as prediker van predikers voorgehou omdat hy op bekering aangedring het, maar veral omdat hy hom vir herlewing geleen het en dit gereformeerd wou waarneem. Op die uitwasse daarvan was hy bedag. Die blad het hom ingeroep om kritiek te ondervang en 'n saak vir herlewing uit te maak. Dit word daarop gewys dat hy erns gemaak het met besware. Een daarvan is die opgewondenheid waarmee herlewing gepaardgaan. 'n Ander is dat die bekerings oppervlakkig is. Hy betreur dit dat wat vir herlewing op sommige plekke aangegee word slegs die klanke van hol simbole is. Maar as iemand opgewonde oor sy geloof raak, kan gesê word hy is onder die invloed van geesdrywers nie. Die Skrif verbied tog geensins die geesdrif by die godsdienst nie. Emosie kan alleen, volgens Spurgeon, geregverdig word deur die gewig van die saak. 'n Ware belydenis van sonde besiel 'n mens. Die lesers moet ook weet dat hy en lord Shaftesbury en dr Bonar die dwepery en afskeiding van Pearsall Smith betreur." Brown, Eddie. Prof: 1992 "The shadow of the broad brim,' Charles Haddon Spurgeon en Suid-Afrika." *Ned Geref Teologiese Tydskrif. Deel XXXIII No 3*, 352

8.1 Artikels met betrekking tot nederigheid en die gevaar van hoogmoed.

Ek haal 'n paar artikels aan wat weereens wys op die praktiese Christelike lewe wat in die teologie 'n belangrike rol gespeel het. W.E. wys in *De Kerkbode* van 21 Maart 1895 na die noodsaaklikheid van ware nederigheid as 'n kenmerk van egte Christenskap en 'n deel van heiligmaking word weereens bespreek. Ware nederigheid is van hemelse oorsprong en kan nie op die sondige aarde groei nie. Dit word deur die Heilige Gees uit die hemel geplant in die gebroke en verslae hart. Dit gaan gepaard met tevredenheid en algehele onderwerping aan God se wil. Jesus is die ware beeld van nederigheid. Wat is die aard en werking van nederigheid?

1. Nederigheid is nie lafhartigheid nie. Dit gaan nie oor 'n vrees vir mense wat die eer van God opoffer of die gewete kwets nie. Nederigheid maak die Christen nie ootmoedig nie, maar moedig. Dit neem die posisie van die waarheid in.
2. Nederigheid het geen verband met ongeloof nie. Die ware nederigheid loop God nooit vooruit nie, maar is bereid om Hom te volg. Hy besit glad nie eie grond nie, maar besit alles in Christus en is daarom bang om op eie bene te staan. Dit is natuurlik vir die nederige om op God te vertrou.
3. 'n Nederige gees gee gesag aan die prediking. In die Here se werk is dit belangrik om nie alleen te weet wat mense sê nie, maar ook hoe hulle dit sê. Elkeen moet van Jesus leer om met goddelike gesag te spreek en te handel. Dit is 'n kuns wat die wetenskap nie kan leer nie. Die geheim daarvan is dat die mens sy afhanklikheid van die Here besef. Hy moet in nederigheid leef om in die krag van God te leef en te werk.²

De Kerkbode haal Spurgeon met instemming aan oor die belangrikheid van nederigheid in die prediker se lewe. Die Gees van God het 'n voorliefde vir die

² W.E. "Nederigheid" *De Kerkbode, Deel XII (12)*. 21 Maart 1895, 176.

nederige. Sommige leraars toon hulle hoogmoed deur hulle styl op die kansel, hulle kleredrag of deur hulle gewone spreektaal. Hoogmoed is 'n gruwel vir die Here. Die Here kan nie hoogmoed seën nie. "Sommigen die geene nederigheid hadden hebben de bediening moeten nederleggen, want God kan niet dienaars gebruiken die niet de eer geheel en al aan Hem willen toekennen. Nederigheid is een der hoofdvereischten willen wij nuttig zijn."³ Hierdie aanhaling sluit aan by die tendens van daardie tyd wat klem wou lê op die innerlike deug en vrug van die gelowige se lewe. Daarvoor sou praktiese nederigheid noodsaaklik wees.

Ds W Robertson(junior) verwys ook in 'n preek op 'n Dag van Verootmoediging wat in *De Kerkbode* van 11 Februarie 1897 aangehaal word, op die belangrikheid van die gelowige om nie in hoogmoed voor die Here te leef nie, maar om jou in nederigheid te verootmoedig. Die gedeelte van Dawid se sonde met die telling van die volk word behandel. Die groot oorsaak van hierdie sonde van Dawid was sy hoogmoed. Die Here het hom baie voorspoedig gemaak en daar was 'n tyd dat hy al die eer aan die Here sou gee. Hoogmoed het hom egter ingehaal. Hy het egter berou gehad en sy sonde bely.

Die prediker trek ook 'n verband tussen die gebeure in die land en die volk se sonde. "Vrienden, er zijn plagen op ons land geweest. Wat verwoesting heeft de droogte in vele streken aangericht! Waar de lieven Heer den regen des hemels doet nederdalen daar is het alsof de sprinkhanen uitgenoodigd worden om onze akkers en velden te komen verwoesten. Wat ziekten zijn onder de menschen! Hoe zucht het gansche schepsel! En is het niet alsof een Engel met een uitgetrokken zwaard over ons land staat? Daar, uit het verre Noorden, komt de runderpest als een vurige stroom aanrollen, dreigende verwoesting en armoed. Gewis, dit is de hand des Heeren."⁴

³ Anoniem. "Nederigheid in Predikers (Toespraak van Spurgeon)" *De Kerkbode, Deel XIII* (10). 5 Maart 1896,153.

⁴ Ds. W. Robertson. "Leerrede op een dag van verootmoediging" *De Kerkbode, Deel XV* (6). 11 Februari 1897,88.

Hoogmoed word uitgesonder as die groot oorsaak van die ellende en die sonde. Hoogmoed kom voor die val. Die mens is hoogmoedig, maar eintlik is hy niks nie. Daar is 'n ernstige oproep tot verootmoediging en elkeen moet by sy eie sondes begin. Die belangrikheid van nederigheid is weereens 'n beklemtoning van die innerlike lewe van die christen. Andrew Murray sou ook baie klem op hierdie deug lê. In die volgende paragrafe word van die boeke van Andrew Murray behandel. Van sy boeke wat in die negentiger jare verskyn het, is veral hier van belang. Hulle is in die Anglo-saksiese wêreld baie wyd gelees.

8.2 Boeke en artikels van Andrew Murray oor sy verstaan en beklemtoning van die oorwinningslewe.

In die boeke van Andrew Murray kom die lyne wat in Hoofstuk 6 getrek is weer na vore. In hoofstuk 6 was Andrew Murray een van die redakteurs van *De Christen*. Daarin was die toegewyde lewe wat moreel-eties vergestalt en sigbaar moes word belangrik. Dit lyk egter of sy aktivisme van die sewentiger jare nou nie meer so sterk was nie. Dit lyk of hy dinge nou meer oordink het en baie rustiger geword het. Die bestudering en die lees van sy werke is egter van deurslaggewende belang vir die verstaan van die teologie van heiligmaking in die N.G. Kerk omdat sy werke so populêr en wyd gelees was. Die vraag is egter steeds of sy sieninge heeltemal gestrook het met die belydenisskrifte. Ek behandel enkele van sy boeke wat hy in hierdie tydperk geskryf het. Dit was veral in hierdie tyd dat Murray die onderwerp van heiligmaking behandel het.

Een van Andrew Murray se bekende boeke het gehandel oor nederigheid. Dit sluit ook aan by wat in die vorige paragraaf onder bespreking was. Dit het in 1985 verskyn.⁵ Hy het voortdurend in sy boeke en preke gewys op die belangrikheid van die Christelike deug van nederigheid. “Wanneer ek op my eie geestelike ondervindinge terugkyk, of die kerk van Christus op aarde gadeslaan, verstom dit my hoe min die nederigheid nagejaag word, as die

⁵ Ek gebruik die 1985 Afrikaanse vertaling vir my aanhalings.

kenmerkende eienskap waaraan die volgelinge van Jesus uitgeken kan word. In die prediking en die lewe, in die daaglikse omgang tuis en in die maatskaplike lewe, in die meer intieme omgang met Christene onderling, in die rigting wat die werk vir Christus inslaan, sowel as die werk self – helaas! Hoeveel bewys is daar nie, dat nederigheid nie beskou word as die belangrikste deug, die enigste wortel waaruit die genade kan voortspruit, die een voorwaarde waarsonder ware gemeenskap met Jesus nie moontlik is nie. Dat dit moontlik sou wees vir mense om van diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle die hoogste heiligheid nastreef, te sê, dat hul getuienis nie met 'n groeiende gesindheid van nederigheid gepaard gaan nie, is 'n harde roepstem tot alle ernstige christene om te bewys dat sagmoedigheid en nederigheid van hart die belangrikste teken is waaraan die volgelinge van die sagmoedige en nederige Lam van God geken kan word.”⁶

Hieruit volg dat niks ons kan red nie, behalwe dat ons ons verlore nederigheid terugwin, dit is die regte verhouding van die skepsel teenoor sy God. En dus het Jesus gekom om die nederigheid na die aarde terug te bring, om ons deelgenote daarvan te maak en ons sodoende te red. In die hemel het Hy Homself verneder deur 'n mens te word. Die nederigheid wat ons in Hom sien, het Hy reeds in die hemel besit. Sy nederigheid is ons verlossing. Sy verlossing is ons nederigheid.⁷

Nederigheid is nie iets wat ons aan God bring nie. Dit is eenvoudig die besef om absoluut niks te wees. Dit veroorsaak dat ons God toelaat om alles te wees. As die skepsel besef dat dit die ware adel van sy roeping is en as hy gewillig is om met sy wil, sy verstand, sy emosies die vorm, die kruik te wees waarin die lewe en heerlijkheid van God kan werk en Homself openbaar, dan besef hy dat nederigheid eenvoudig beteken dat hy sy ware posisie as skepsel insien en aan God sy regmatige plek gee.

Murray is oortuig dat in die lewe van ernstige Christene behoort nederigheid die grootste bewys van hul opregtheid te wees. Daar word dikwels gesê dat

⁶ Murray Andrew.1985. *Nederigheid*, 9.

⁷ *Dies.*, 11.

dit nie die geval is nie. Is een rede daarvoor nie dat dit nog nooit sy regmatige plek gekry het in die leer en voorbeeld van die kerk nie? En is dit op sy beurt nie weer 'n gevolg van die verwaarlosing van die waarheid, dat alhoewel die sonde 'n sterk dryfveer tot nederigheid is, daar iets is wat 'n nog breër en magtiger invloed het nie?

Andrew Murray trek 'n baie noue verband tussen nederigheid en heiligmaking. “Ons praat van die Heiligheidsbeweging in ons tyd en loof God daarvoor. Ons hoor baie van soekers na heiligheid en belyers van heiligheid, van die leer van die heiligheid en heiligheidsbyeenkomste. Die salige werklikheid van heiligheid in Christus en heiligheid deur die geloof word beklemtoon soos nog nooit tevore nie. Die toets of die heiligheid wat ons sê dat ons nastrewe of bereik, die waarheid en die lewe is, is of dit 'n toename in nederigheid ten gevolg het. In die skepsel is nederigheid die een ding wat nodig is om God se heiligheid in hom te laat woon en deur hom te laat skyn. In Jesus, die Heilige van God wat ons heilig maak, was 'n Goddelike nederigheid die geheim van Sy lewe, Sy dood en Sy verhoging. Die een onfeilbare toets van ons heiligheid sal wees die nederigheid voor God en die mense wat ons kenmerk. Nederigheid is die blom en die skoonheid van heiligheid.”⁸

Murray sê: “die belangrikste kenmerk van valse heiligheid 'n gebrek aan nederigheid is. Hoogmoed kan selfs in die tempel van God sy verskyning maak en sy diens in 'n geleentheid tot selfverheffing omskep. Hoe min word die sagmoedigheid en saggeartheid van Jesus nie opgemerk as Christene van mekaar praat nie. En waar die skepsel voor God niks word, kan hy nie anders as nederig wees teenoor sy medemens nie. Die teenwoordigheid van God is nie iets vir sekere tye of geleenthede nie, maar iets waaronder die siel voortdurend skuil, en sy diepe selfvernedering voor God word die heilige plek van Sy teenwoordigheid waaruit al sy woorde en werke voortkom.”⁹

Murray waarsku alle soekers na heiligheid, almal wat die heiligheid verkondig of dit nou van die preekstoel of van die verhoog af is of dit in die binnekamer

⁸ *Dies.*, 42.

⁹ Murray Andrew: 1985. *Nederigheid*, 45.

of by die byeenkoms is. Hoogmoed is baie gevaarlik want geen hoogmoed is so slu en arglistig as die hoogmoed van heiligheid nie. Onbewustelik ontstaan daar 'n gewoonte in die siel om selftevrede te wees met wat behaal is sodat hy nie anders kan as om te sien hoe ver hy ander vooruit is nie. Dit kan herken word, nie altyd aan enige besondere selfgeldig of selfaanprysing nie, maar eenvoudig aan die afwesigheid van daardie diepe selfvernedering wat nie anders kan nie, as om die kenmerk van die mens te wees wat die heerlijkheid van God aanskou.

Hy wys daarop dat nederigheid nie altyd gepaard gaan met sonde en berou nie: “Nederigheid word dikwels as sinoniem met berou en boetvaardigheid beskou. Gevolglik lyk dit asof daar geen manier is om nederigheid te bevorder nie as om die siel met sy sonde behep te maak. Ek dink ons het geleer dat nederigheid iets anders is, en iets meer. Ons het in die leer van ons Here Jesus en die sendbriewe gesien hoe dikwels die deug beklemtoon word, sonder dat daar enige verwysing na die sonde is. Wesentlik, in die hele verhouding van die skepsel tot die Skepper, in die lewe van Jesus soos Hy dit uitgeleef en aan ons oorgedra het, is nederigheid die essensie van heiligheid en geluksaligheid. Dit is die onttroning van self en die plaas van God op die troon. Daar waar God is, is die self niks.”¹⁰

In 1895 verskyn Andrew Murray se boek “Absolute Surrender”. Die Afrikaanse weergawe daarvan is “Algehele Oorgawe”. Die temas gee 'n goeie weergawe van Murray se teologie wat hy tydens sy oorsese dienste verkondig het. Hy vertel hoe hy aan die titel gekom het: “In Skotland was ek in 'n geselskap waar die gesprek gegaan het oor die toestand van die kerk van Christus en oor wat die groot behoefte van die kerk aan gelowiges is; en daar was in ons midde 'n godvrugtige werker wat baie te doen gehad het in verband met die opleiding van werkers, en ek het hom gevra wat in sy opinie die groot behoefte van die kerk is en die boodskap wat gebring moet word. Kalm, eenvoudig en beslis antwoord hy: ‘Algehele oorgawe aan God is die een ding’. Die woorde het my getref soos nooit tevore nie. En toe begin daardie

¹⁰ *Dies.*, 47.

man vertel van sy ondervinding met die werkers met wie hy te doen gehad het: as hulle op daardie punt suiwer is, selfs al is hulle agterlik, dan is hulle gewillig om hulle te laat leer en om gehelp te word, en hulle maak altyd vordering; ander weer, wat nie in daardie opsig suiwer is nie, sak dikwels uit en verlaat die werk. Die voorwaarde om Gods volle seën te bekom, is algehele oorgawe aan God.”¹¹

Murray wys voortdurend daarop dat algehele oorgawe iets is wat God van ons eis. Halwe oorgawe lei daartoe dat God nie sy volle seën aan ons kan meedeel nie. Murray was oortuig daarvan dat God dit nie net eis nie, maar dat Hy dit self in ons bewerk. Die gelowige kan die Here vertrou om daardie werk in hom te doen. God eis en bewerk dit nie alleen nie, maar God neem dit aan wanneer ons dit vir hom bring. Al is dit onvolmaak, God sal dit aanneem.

Wat ons vir die Here bring, bewaar Hy ook. Die Here verbind Homself om dit te onderhou. Die lewe van algehele oorgawe het sy moeilikhede. Dit is 'n lewe wat menslik absoluut onmoontlik is. Deur die krag van God, deur die genade van die Here en deur die krag van die Heilige Gees wat in ons woon, is dit 'n lewe waarvoor ons bestem is en 'n lewe wat vir ons moontlik is. “Sommige van u het die woorde gelees van daardie Godsman, George Müller¹², wat op sy neëntigste verjaardag vertel het van al Gods goedheid aan hom. Wat was, volgens hom, die geheim van sy geluk en van die seëninge wat God op hom uitgestort het? Die een was dat hy deur die genade in staat gestel was om dag vir dag 'n goeie gewete voor God te behou; die ander was dat hy Gods woord liefgehad het. Ja, gewis, 'n goeie gewete in ongeveer

¹¹ Murray, 1980.A. *Algehele Oorgawe*, 61. Die boek bevat toesprake deur dr. Andrew Murray, oorspronklik in Engels gelewer tydens 'n Keswick-konvensie in Engeland.

¹² George Müller (1805-1898) "Missions promotor and religious philanthropist. Müller, who was of German birth, offered for service with the Church Missionary Society, but became involved in the infant Plymouth Brethren movement and devoted himself to pastoral ministry with Brethren in Bristol, England. His significance for world mission begins with his philanthropy. His Scriptural Knowledge Institution for Home and Abroad (SKI, 1834) was designed to support the "spread of the gospel" by raising money for schools for children and adults, distributing Scriptures and Christian literature, supporting missionaries 'whose proceedings appear to be most according to the Scriptures,' and the orphanage he established at Bristol (1835)." Anderson, Gerald H. 1998. *Biographical Dictionary of Christian Missions*. 480.

gehoorsaamheid aan God dag vir dag en gemeenskap met God elke dag in Sy Woord en gebed – dit is 'n lewe van algehele oorgawe.”¹³

In 1894 skryf Murray 'n boekie “Be Perfect”. Daarin behandel hy tekste in die Bybel waarin die woord “Perfect” voorkom. Hy skryf: “There is a Perfection of which Scripture speaks as possible and attainable. There may be great diversity of opinion as to how the term is to be defined. But there can be only one opinion as to the fact that God asks and expects His children to be perfect with Him; that He promises it as His own work; and that Scripture speaks of some as having been perfect before Him, and having served Him with a perfect heart. Scripture speaks of a Perfection that is at once our duty and our hope.”¹⁴

Volgens Murray is dit nie 'n saak waarin gelowiges 'n keuse het nie. “Perfection is no arbitrary demand, in the very nature of things God can ask nothing less.... God must be all and have all. As Lawgiver and Judge, He dare not be content with aught less than absolute legal perfection. As Redeemer and Father it equally becomes Him to claim nothing less than a real childlike perfection. God must have all. If we think of ourselves, the call to perfection is no less imperative. God is such an Infinite, Spiritual God, the soul is so incapable of receiving or knowing or enjoying Him except as it gives itself wholly to Him, that for our own sake God's love can demand of us nothing less than a perfect heart.”¹⁵ Met die sterk klem wat Murray op die volmaaktheid lê, is die sterk invloed van Metodisme weereens baie duidelik.

'n Tema van heiligmaking wat dikwels in Andrew Murray se teologie na vore gekom het, was om op God te wag. In 1896 skryf hy 'n boekie “Waiting on God”. Hy skryf oor die gebrekkige kennis wat daar van God is en hoe hulp verkry kan word “The great lack of our religion is, we do not know God”¹⁶ Hy sê verder as jy werklik op die Here vertrou, sal jy nie enige goed van jouself

¹³ *Dies.*, 67.

¹⁴ Murray.A: 1894. *Be perfect; a message from the Father in heaven to His children on earth*.6.

¹⁵ *Dies.*, 8.

¹⁶ Murray.A: 1896. *Waiting on God*. 14.

verwag nie “cease from expecting the least good from yourself, or the least help from anything there is in man, and just yield yourself unreservedly to God to work in you; He will do all for you.”¹⁷

Hierdie wag word ook nou gekoppel aan gehoorsaamheid “If we do not keep His ways, our waiting on Him can bring no blessing. The surrender to a full obedience to all His will, is the secret of full access to all the blessing of his fellowship.”¹⁸ Die fokus op die seën van hierdie lewe is baie nou gekoppel aan die individu se optrede van gehoorsaamheid.

8.3 'n Kritiese beskouing van Murray se standpunt

As gevolg van die groot invloed van Andrew Murray se skryfwerk is dit noodsaaklik om 'n kort evaluasie van sy werk te gee. J du Plessis se kommentaar oor van sy boeke is insiggewend: “Whether Andrew Murray’s literary career can be divided into distinct periods is open to doubt. It cannot be truthfully said that he passed through clearly defined stages of spiritual growth, which can be traced in his published writings. The reader of his earliest volume is impressed by the maturity of thought and experience which they reveal. All the teachings of his later lifetime are present, though he does not as yet bring out their full implication with the force and intensity that characterize his more recent works. This intensity is noticeable in the way in which he emphasizes and underscores and prints in black type words and sentences which he counts important. No one who compares a page of *Abide in Christ* or *Holy in Christ* with a page of *The Holiest of All* or *The Key to the Missionary Problem* can fail to be struck with this marked difference. Thus, though all the truths which Mr Murray proclaimed so persuasively were present from the very outset, the emphasis which he placed upon them varied in the course of time.

His first writings had chiefly in view the edification of believers - their building up in faith and love and prayer. To this class belong *Abide in Christ*, *Like*

¹⁷ *Dies.*, 15.

¹⁸ *Dies.*,64.

Christ, The New Life, and many others. During the next period, commencing with the publication in 1888 of *Holy in Christ*, he dwells with greater persistency on the subject of *sanctification*. This period may be subdivided into two by the year 1894 - the stage when he was not yet acquainted with Law's writings, and the stage when he had fallen under the influence of that great mystic.

The final period, characterized by the stress which he lays on the weighty subject of *intercessory prayer*, we may regard as ushered in by the appearance in 1911 of *The State of the Church - a Plea for more Prayer*. It must be observed, however, that the dividing lines are vague and blurred. Books on prayer were published during the 'Sanctification' period, and books on both sanctification and prayer during the first or 'Edification' period."¹⁹

Die vraag is of Andrew Murray se siening van heiligmaking in ooreenstemming met die gereformeerde leer is? Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord, want daar is verskillende sienings oor watter invloed die sterkste ingewerk het op Andrew Murray en van die ander leraars in Suid-Afrika. Daar is party wat voel dat die grootste invloed van die Reveil beweging gekom het. Maar soos reeds in 'n vorige hoofstuk uitgewys, was dit nie die hoof invloed nie. Ander voel weer dat die sterkste invloed van die Metodisme gekom het.

Die oorsprong van die Metodisme het begin by John Wesley en George Whitefield. Hulle het geweldig klem gelê op die gevoelsbeleving in die Godsdienst en wou die Engelse kerk bevry van die rasionalisme, geestelike doodsheid, verstandheid en skeptisisme. Die werking van die godsdienst op die gemoed en die effek daarvan in 'n vrome lewenswandel is die belangrikste.

Coetzee is een wat glo dat die Metodisme 'n groot invloed gehad het op die N.G. Kerk veral na die herlewings van 1860. Een voorbeeld daarvan is dat die sinode van 1862 in duidelike woorde die opwekkinge as 'n werk van die

¹⁹ Du Plessis, J. 1919. *The Life of Andrew Murray of South Africa*, 470.

Heilige Gees beskryf. Hy ontleed ook 'n paar van die teologiese begrippe by Andrew Murray.

1. Siening van die verhouding tussen die Woord en die Gees.

Alhoewel Murray aan die een kant, formeel, die eenheid van die Woord en Gees beklemtoon, is dit duidelik dat die gedagtes van Murray en veral die van Calvyn skerp verskil oor die wyse waarop die eenheid funksioneer.

Coetzee verduidelik: "Murray se denke is in hierdie verband beslissend beïnvloed deur die Mistiek, met die beklemtoning van die subjektiewe ondervinding as bewys van die spreke van die lewende God, en die subjektiewe oorgawe van die mens as voorwaarde vir die eintlike werking van die Gees. Daarmee saam moet die onderskeiding tussen die uitwendige en die inwendige Woord gesien word. Murray gaan die weg op van die subjektief-individualistiese benadering teenoor Calvyn en die gereformeerde teologie se beklemtoning van die objektief-persoonlike karakter van die Woord van God.

Alhoewel Murray formeel die belydenis aangaande die gesag en inspirasie van die Skrif onderskryf, bring bogenoemde benadering uiteindelik ook hierdie belydenis in gedrang."²⁰

2. Verhouding tussen Christus en die Heilige Gees.

In sy denke oor die verhouding tussen die Heilige Gees en Christus, beklemtoon en handhaaf Murray die feit van die eenheid tussen Christus en die Gees. Op hierdie punt is daar formeel geen verskil tussen Murray en die Skrif of die gereformeerde tradisie wat die feit van die eenheid betref nie.

Coetzee sê dat by die uiteensetting van die wyse waarop hierdie eenheid funksioneer, hy die pad van die Skrif verlaat: "Christus moes naamlik sy

²⁰ Coetzee, C.F.C: 1986. *Die Werk van die Heilige Gees in die Teologiese denke van Andrew Murray*, 73.

bevoegdheid oor die Gees verwerf langs die weg van gehoorsaamheid. Dit beteken dat Christus die volle gawe van die Heilige Gees eers ontvang het nadat Hy die proses van volmaking na sy menslike natuur voltooi het. Die verhouding tussen die Heilige Gees en die geheiligde menslike natuur van Christus is dus die eintlike saak waarom dit gaan. Dit is eers vanuit hierdie geheiligde menslike natuur dat Christus Sy Gees aan die gelowige kan meedeel. Verder is dit die eintlike werk van die Heilige Gees om juis hierdie geheiligde menslike natuur van Christus mee te deel. Die eenheid tussen Christus en die gelowige word so deur Murray, onder invloed van die Mistiek, in fisiese terme uitgedruk en nie in die eerste plek as 'n geloofsverhouding nie.

Dit blyk naamlik dat Murray ook telkens 'n parallel trek tussen Christus en die gelowige. As die vraag byvoorbeeld gevra word, wat daar in die dissipels was wat hulle geskik gemaak het om die Heilige Gees te ontvang, wys Murray op die skool wat Christus moes deurloop. Hy moes Homself eers waardig bewys om van die Vader die volheid van die Gees te ontvang en aan die mensheid mee te deel. Hierdie selfde skool moes die dissipels ook deurloop voordat hulle waardig was om die Gees te ontvang. Soos Christus alleen langs die weg van gehoorsaamheid by die eindpunt van sy verheerliking of heiliging kon uitkom, so is dit ook met die mens. Die gehoorsaamheid as voorwaarde het vir Christus gegeld en dit geld vir die mens sowel voor die sondeval as die mens na die sondeval."²¹

3. Die siening van Pinkster.

'n Kerngedagte wat telkens by Murray voorkom is die oortuiging dat daar voor Pinkster geen sprake was van die inwoning van die Gees in die harte van die gelowiges nie. Pinkster was die begin van 'n totaal nuwe bedeling, omdat Christus eers die Heilige Gees moes verwerf.

²¹ *Dies.*, 106.

"Die volle Pinksterseën, wat deur Murray baie sterk beklemtoon word, is blykbaar dieselfde as die volle inwoning of volle vervulling met die Gees. Dit is 'n besondere mededeling van die Gees wat van bo kom. Dit is wel die erfenis van al God se kinders, maar dit kan alleen verkry word waar daar aan bepaalde voorwaardes voldoen word. Die belangrikste van hierdie voorwaardes is volhardende gebed en die oorgawe aan en wag op God in die mistieke sin van die woord... daar moet gebid word vir 'n nuwe uitstorting van die Gees. In aansluiting by Bowen, die Metodisme en Revivalisme, bedoel Murray met hierdie uitdrukking dat Pinkster herhaal moet word, 'n opvatting wat radikaal in stryd is met die Skrif."²²

4. Siening oor heiligmaking.

Murray se siening oor die bereikbaarheid van volmaaktheid²³ moet as onskriftuurlik en daarom onhoudbaar afgewys word. Murray het die volmaaktheid as 'n sedelike prestasie gesien en die opdrag, "wees volmaak" as 'n sedelike imperatief, sy opvatting in hierdie opsig verskil geensins van die heiligmakingsleer soos verkondig deur die heiligheidsbeweging nie. Dit was ook die dwaling van John Wesley.

Anderssen sê die volgende van Murray: "Al het Andrew Murray ook probeer om tussen sy opvatting van perfeksie en die perfeksionisme te onderskei, het hy nie genoegsaam daarin geslaag nie, en kon hy ook nie, omdat sy perfeksie-ideaal ook sterk wetties gekleurd is. Dit word bewys deur die feit dat Murray hom, net soos die volmaaktheidsrigtings, besig hou met die vraag na die bereikbaarheid van perfeksie. Dat hy in hierdie problematiek betrokke geraak het, is juis die gevolg van die wettiese inslag van sy volmaaktheidsleer."²⁴

²² *Dies.*, 142.

²³ Calvin sê dat die gelowige nie sondelose volmaaktheid in die lewe kan bereik nie. "Thus, then, are the children of God freed through regeneration from bondage to sin. Yet do not obtain full possession of freedom so as to feel no more annoyanc from their flesh, but there still remains in them a continuing occasion for struggle whereby they may be exercised; and not only be exercised, but also better learn their own weakness." McNeill, John T. *Calvin: Institutes of the Christian Religion. Volume I.* 602.

²⁴ Anderssen, B.J. K: 1979. *'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray*, 212.

Hoe moet Andrew Murray se standpunte verklaar word? Coetzee gee sy verklaring: “Die uiteindelijke verklaring vir Murray se beskouing moet gesoek word in sy indifferentisme ten opsigte van die gereformeerde belydenis. Formeel het hy dit onderskryf en aanvaar. Maar daarby het dit gebly. Die lewe was vir hom belangriker as die leer. Die gereformeerde belydenis was vir hom nie 'n *sine qua non* as grondslag en riglyn in sy eksegeese en ander optredene. Hoe anders kan sy heelhartige en ongekwalfiseerde samewerking met mense en groepe wat nie die gereformeerde belydenis onderskryf en aanvaar nie, soos die Holiness Movement en die Keswick-konferensies, waar 'n Metodistiese heiligmakingsleer verkondig is, verklaar word? Trouens, hy was een van die grootste leiers in hierdie bewegings.”²⁵

Ontleders verskil oor die invloed van die Metodisme op Andrew Murray. Volgens Coetzee was die Metodistiese invloed op Murray se denke baie groot. Anderssen redeneer dat die wortels van Murray se teologie gesoek moet word by die teologie van William Law. Law het ook 'n groot invloed op John Wesley²⁶ gehad. Dit lyk vir my egter asof die vroeëre invloed van die Reveil baie sterk op Murray ingespeel het en in sy latere lewe ook die werke van Law. Hulle betrokkenheid by Secor Dabar, Elpis (sendingvereniging) en Reveil-aande het 'n oortuiging laat posvat van hoe kerkmense moet wees. Die herlewing en die Metodisme het by hierdie doel aangesluit. Vir of teen; binne of buite die belydenisskrifte was nooit 'n kwessie nie. Solank daar geestelike lewe in die kerk is.

Du Plessis wys egter daarop dat die invloed van William Law eers kort voor 1895 'n invloed op Andrew Murray gehad het. Dit is ook duidelik volgens Du Plessis dat Murray nie met alles saamgestem het wat Law geleer het nie en dat sy gereformeerde opleiding hom tog van sekere dwalinge weerhou het. “It need hardly be said that Andrew Murray, while laying stress on the supreme

²⁵ *Dies.*, 230.

²⁶ Volgens Robert Tuttle was Wesley baie sterk deur die mistisisme beïnvloed maar dat hy tog later in sy lewe daarvan weggebreek het. “another key to Wesley’s rejection of mysticism can be seen in the fact that Wesley emphasized sin and repentance leading to faith in Christ while the mystic emphasized love and self-discipline.” Tuttle, Robert, G. Jr. 1978. *John Wesley. His Life and Theology*, 226.

message of mysticism - the necessity for union with the Divine - avoided the errors to which it is prone. His training in evangelical and reformed theology was so thorough, and his study of Scripture was so close and continuous, as to prevent him from being led astray into the byways of mystical speculation. The most that can be laid to his charge is that he occasionally imitates Law in what Professor James Denney called 'a pragmatism of arguing, in matters in which the reader is indifferent to logic, because he disputes the author's premises.' Sane and balanced as were all Andrew Murray's judgments in the affairs of practical life, he was frequently betrayed, owing to the clearness with which he saw and the intensity with which he felt things spiritual, into the use of language which, as Bishop Moule so courteously expressed it in another connexion, 'invites the recollection of other sides of truth.'"²⁷

Murray het besondere hoë klem en waarde gelê op die praktiese lewe van die gelowige en dit kon veroorsaak het dat die leer skade gelei het. Die hoë prioriteit op die lewe in 'n tyd van groot morele verval het moontlik gelei tot 'n onderwaardering van die leer en die N.G. Kerk as 'n belydenis kerk. Dit was moontlik die oorsaak waarom die gereformeerde leer by hom minder prominent was alhoewel hy dit formeel onderskryf het.

Om saam te vat kan gesê word dat daar by Andrew Murray 'n groot erns was om die evangelie uit te leef en te verkondig. In die tyd waarin hy geleef het, het hy 'n besondere funksie binne die kerk van die Here in Suid-Afrika vervul met 'n invloed wat tot wyd buite sy grense gestrek het. Hy kon egter nie ontkom aan die invloed van sy tyd nie. Daar kan saamgestem word met Iain Murray as hy sê: "When any error in belief or practice gains swift popularity in the churches, it will almost invariably be found to be connected with something conducive to it in the spirit of the age"²⁸

²⁷ Du Plessis, J: 1919. *The Life of Andrew Murray of South Africa*, 455.

²⁸ Murray, I.H: 1994. *Revival & Revivalism. The Making and Marring of American Evangelicalism, 1750-1858*, 278.

8.4 Invloed van Spurgeon en die Anglo-saksiese Kerke.

Die invloed van die Baptiste is ook belangrik vir die kerk veral a.g.v. die invloed van die bekende prediker Charles Spurgeon. In 1876 verskyn die eerste vaste Baptiste leraar in Kaapstad in die persoon van eerw W Hamilton. Hy was 'n evangeliese en kragtige prediker. In 1882 begin eerw JJ Doke sy werksaamhede te Graaff-Reinet. Hy het soms ook in die gebou van die N.G. gemeente gepreek. In 1889 ontstaan 'n gemeente te Kimberley.

"Onder die kragtige leiding, soms ook van Spurgeon self, het die Baptiste Kerk gegroei in getalle en seker ook in inwendige krag. Die besoek van eerw Spurgeon aan die Kaap in 1894 het dan ook aan die lig gebring 'n warme sentiment vir hierdie kerk by Christene van alle oorde, 'and no name is more honoured especially among the members of the Dutch Reformed Church, than the name of Spurgeon.' Juis as gevolg hiervan het die Kaapse Kerk steeds 'n goedwillige houding teenoor die kerk van Spurgeon²⁹ ingeneem, maar ook meermale met minder gelukkige resultate. In Kaapstad het verskeie lidmate van die N.G. Kerk onder invloed van eerw Hamilton die kinderdoop verwerp en aangesluit by die Bapiste Kerk, ook te Kimberley het veral die 'special services' - 'n geliefde metode by die Baptiste - onder lede van die N.G. Kerk invloed uitgeoefen en in 1890 het eerw JF Ochse, sendeling van die N. G. Kerk, oorgegaan na die Baptiste.

Ondanks die Calvinistiese³⁰ aar wat deur die teologiese beskouinge van Spurgeon loop, was die invloed wat van die Baptiste Kerk in Suid-Afrika deurgewerk het in meer as een opsig negatief: dit het geen liberalistiese

²⁹ "Sy preke en kommentare het op die rakke ook van predikante in Suid-Afrika verskyn. Hy is op die kansel en in die huis aangehaal. Sy maandelikse tydskrif met die beskrywende naam *Sword and the trowel, a record of combat with sin and labour for the Lord* (1865-) was aan Suid-Afrika bekend. Ook sy *Lectures to my students* (1875) is gelees, aan die Teologiese Kweekskool van Stellenbosch en deur predikante en sendelinge." Brown, Eddie. Prof:1992 "The shadow of the broad brim,' Charles Haddon Spurgeon en Suid-Afrika." *Ned Geref Teologiese Tydskrif. Deel XXXIII No 3,353*

³⁰ "Wat Spurgeon betref, wou hy geen ander evangelie verkondig nie, as waaraan Calvin onder meer uitdrukking gegee het. Om goeie redes was hy egter 'n gekwalifiseerde Calvinis, 'an evangelical Calvinist,' soos hy inderdaad bekend geword het." Brown, Eddie. Prof:1992. "The shadow of the broad brim,' Charles Haddon Spurgeon en Suid-Afrika." *Ned Geref Teologiese Tydskrif. Deel XXXIII No 3, 350.*

denkbeelde verbrei nie, maar tog, in aansluiting by die gees van die negentiende eeu, meegewerk om die konfessionele onsekerheid te laat toeneem en die waardering vir die gereformeerde leer te laat verminder."³¹

Die Wesleyaanse Kerk het 'n groot invloed gehad op die kerkgemeenskap. "Op kerklik-godsdienstige gebied was hulle invloed sterk, ook op baie lidmate van die N.G. Kerk met wie hulle ook altyd rekening gehou het in hul optrede, selfs in hul 'special services' in die opelug."³²

Hanekom vat dit raak saam: "Net soos daar gedurende die agtiende eeu 'n ongelukkige wisselwerking van gedagtes tussen die rasionalisme en piëtisme plaasgevind het, ondanks die groot verskil in uitgangspunt en doelstrewes, so het ook gedurende die negentiende eeu die liberalisme en Metodisme mekaar gevind in die grondgedagte: Godsdiens is nie leer nie, maar lewe; dit is 'n saak van die hart. In hierdie verband het die getuienis van ds. F. Lion Cachet seker betekenis: 'In leer zyn onze Wesleyanen gematigde Arminianen; en het zou wel der moeite waard zyn te onderzoeken, in hoever sy schuld dragen aan het pietistisch semi-pelagianisme, dat de geheele Kerk van Zuid-Afrika, vooral ook de onze, schynt te zullen beheerschen."³³

"Die Metodistiese invloed in Suid-Afrika was dan ook in seker opsig 'n stuwende krag vir die liberalisme waar dit op indirekte wyse meegewerk het om die gereformeerde leer te ondermyn."³⁴

Ons sien dat hierdie verskillende invloede van buite die grense van Suid-Afrika 'n groot invloed gehad het op die slyping van lidmate se gedagtes oor die heiligmaking. Soos reeds uitgewys het dit ook die gereformeerde wortels al lossier gemaak het .

³¹ Hanekom, T.N: 1949. *Die liberale rigting in Suid-Afrika en sy ontwikkeling in die Kaapse Kerk*, 313.

³² *Dies.*, 314.

³³ *Dies.*, 318.

³⁴ Hanekom, T.N: 1949. *Die liberale rigting in Suid-Afrika en sy ontwikkeling in die Kaapse Kerk*, 318.

8.5 Invloed van die Skotse-evangeliese leraars.

Die Skotse leraars het 'n belangrike bydrae gelewer tot die beskouing oor heiligmaking. Hulle invloed op heiligmaking was deurslaggewend vir die kerk. Wilhelm Claasen skryf in sy proefskrif oor die Skotse leraars die volgende: "Hoe sou 'n mens die teologie van die Skotse leraars kon beskryf? ... Sekere duidelike aksente soos die volgende is daarin geïdentifiseer:

- Die allesbepalende voorsienigheid van God.
- Alle mense is verdorwe en doemwaardig voor God.
- God neem die volle inisiatief in die mens se verlossing.
- Verlossing is onverdiende genade.
- Solus Christus.
- Christus versoen deur voldoening(satisfaksie).
- Die noodsaak van indringende selfondersoek.
- Intense sondebeseft.
- Bekeer julle!
- 'n Konsentrasie op onrustige temas - hel, oordeel, dood.
- Die Heilige Gees en sy vernuwende invloed.
- Godsdienst moet die hart aanraak (ervaring).
- 'n Eksperimentele godsdienstbeleving.
- Die gelowige staan met God in 'n verbondsverhouding.
- Geloof en nogmaals geloof.
- 'n Smagting na die uitstorting van die Heilige Gees.
- 'n Sug na herleving.
- Sonder heiligmaking is dit onmoontlik om God te behaag.
- God se dag is heilig.
- Lewende gebedslewe is onontbeerlik.
- Nieuwe gemeenskap met Jesus Christus. Dalk 'n tikkie mistiek?
- 'n Puriteinse siening van die wêreld en sy genietinge.
- Sola Scriptura.
- Gaan dan heen.
- Die gebruik van sakramente is 'n besondere gewigtige saak.

Dit is nie so dat die Skotse leraars die prediking van die Kategismus verwaarloos het nie. Calvyn, Witsius en Dordt was wel belangrike geestesgoedere vir sommige van die leraars. Die bewering dat hulle 'n algemene versoeningsleer verkondig het, hou nie water nie. Die aantuiging dat die Skotte Metodisme in die N.G. Kerk gebring het, word as ongegrond afgewys. Die Metodisme het geen alleenreg op die sug na herlewing nie. Die begeerte na geestelike vernuwing deur die Heilige Gees het ook geleef in die Britse puritanisme. Hiermee gepaardgaande was 'n ywer vir die wêreldwye verbreiding van die evangelie. Skotland het reeds jare voor Wesley se opgang sy eie Skotts-revival gehad. Die bestaan van gebedsgroepe is eweneens geen monopolie van die metodisme nie. 'Praying societies' het reeds sedert die sewentiende eeu 'n aansienlike rol in die Skotse godsdienstige lewe gespeel. Hierdie gebedsgroepe het 'n vername voedingsbron vir Skotse 'evangelicals' geword. Die Skotse predikante se aandeel in die herlewings en instelling van bidure hoef dus geen Metodistiese oorsprong te hê nie... Dat die Skotte 'n evangeliese warmte of 'energy', soos J Murray (jr) dit noem, in die N.G. Kerk gebring het, is waar."³⁵

"Prof TN Hanekom meen dat die Skotse predikante vir die kerk 'n positiewe en stuwende krag was. Hy som die bydrae van die Skotse leraars met betrekking tot die godsdiensbelewing besonder raak op - 'Met hul kenmerkende nadruk op die Christelike lewe, in afkeer van wêreldgesindheid en sedebederf, het hulle eweneens daartoe bygedra om ons kerk op die goeie spoor te hou. Die lewenspatroon op Hollandse lees was inderdaad ruimer in vorm en uiting, ook op die gebied van die Christelike lewe, terwyl die Skotse leraars anders daarvoor gevoel het. Maar as Robert Shand in botsing met sommige gemeentelede op Tulbagh kom, dan is dit die Christelike Sondag wat op die spel is, terwyl die rykdom van geskifte en brosjures oor geestelike toewyding uit die pen van Skotse leraars daar staan as klinkende bewys van lewenserns in 'n tyd van lewensverval'".³⁶ Hierdie Skotse leraars het met hulle

³⁵ Claasen, Johan Wilhelm: 1990. *Die Kerklik-Godsdienstige Agtergrond en invloed van die eerste Skotse Leraars in Suid-Afrika*.428.

³⁶ *Dies.*, 429.

geestelike toewyding en die erns van die praktiese geestelike lewe 'n blywende invloed op die vorming van die teologie van heiligmaking gehad.

8.6 Samevatting.

Ons sien in hierdie laaste tydperk het die blad baie aandag aan die saak van die sending gewy. Oor die heiligmaking het nie veel artikels verskyn nie. In hierdie hoofstuk is egter ook besonder aandag gegee aan die siening van Andrew Murray. Hy het al meer boeke die lig laat sien en het 'n groot invloed in die N.G. Kerk gehad. Sy sienings kon egter ook nie die invloed van die tyd vryspring nie. Sy groot klem op die praktiese lewe van die Christen het moonlik daartoe bygedra dat hy nie so 'n groot klem op die leer gelê het nie.

Ander invloede soos die prediker Spurgeon en die Skotse leraars het almal bygedra tot die vorming van die meer Anglo-saksiese teologie. Die positiewe invloed wat hulle ook gehad het, soos Professor TN Hanekom aangedui het, moet waardeer word.

Wat nou oorbly is om 'n laaste hoofstuk te wy aan 'n deeglike beoordeling van die begrip heiligmaking, soos dit veral met verwysing na *De Gereformeerde Kerkbode*, *De Christen*, *De Kerkbode* in die N.G. Kerk gebruik is.

HOOFSTUK 9

PERSPEKTIEF OP DIE HEILIGMAKING SOOS VERGESTALT IN DIE WEEKBLAD VAN DIE N.G. KERK: 1849-1899

Die beoordeling van heiligmaking in die *Kerkbode*, 1849-1899, word gedoen aan die hand van die gereformeerde belydenisskrifte. Die N.G. Kerk onderskryf die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreels formeel as in ooreenstemming met die Woord van God. Die negentiende eeu vorm die historiese-teologiese konteks waarin die *Kerkbode* hom bevind het. Daarom moet dit ook verreken word voordat 'n finale samevatting, beoordeling en gevolgtrekking oor die *Kerkbode* en heiligmaking gedurende hierdie periode gedoen word.

9.1 Samevatting van sake wat 'n invloed gehad het op die siening van heiligmaking in die N.G Kerk.

In hierdie samevatting word daar 'n kort oorsig gegee van persone en gebeure, wat 'n moontlike invloed kon gehad het op die milieu van die vorming van die teologie van heiligmaking sonder om na spesifieke besonderhede te verwys. Daar is reeds in meer besonderhede na sommige van die invloede verwys.

In die 19de eeu het baie geestelike stugrag uitgegaan van die opwekkingsbewegings in verskillende lande. Baie van hierdie bewegings het ook invloede uitgeoefen op die N.G. Kerk. In Duitsland was dit die Piëtisme van Herrnhut. Nikolaus Ludwig von Zinzendorf het op sy landgoed 'n gemeente bymekaar gebring, maar hy wou nie van die Lutherse Kerk afskei nie. Hy wou eerder die kerk bevrug met sy eie opvattinge. Met die Piëtisme het Von Zinzendorf die innerlike belewing van die geloof beklemtoon. Hy het egter ook beklemtoon dat die grond van die lewensvernuwing in die regverdigmaking deur die geloof in Jesus Christus is. In talle van sy liedere kom dit tot uiting. Sy passie

vir Jesus het sy volgelinge gedrywe om na die hele wêreld uit te gaan. Hy was 'n sterk ekumeniese figuur. Hy het die eenheid van Christus se kerk in die hele wêreld gesoek.

Die Piëtisme met sy klem op die individualisme en die vrome gemoedstoestand het gelei tot allerlei afskeidingsbewegings. Dit het egter ook 'n heilsame herlewing bewerk in reformatoriese kerke. Die prediking is baie persoonlik toegepas met 'n oproep tot bekering en 'n toewyding aan die Here. Baie soorte Christelike werk en sending is met groot opoffering en deursettingsvermoë onderneem. Die Piëtisme van die 17de en 18de eeu het 'n groot invloed op die opwekkingsbewegings van die 19de eeu gehad¹.

Die Piëtisme het egter ook negatiewe invloede gehad: “this noble movement was not without its weaknesses. Its historian says that Count Zinzendorf believed in the inspiration of the Augsburg Confession more than in the inspiration of the Bible. The Moravians, he states, held that the Bible contained mistakes in detail; that the teaching of St Paul, and that even the Apostles sometimes made a wrong application of the prophecies. To them, the value of the Bible consisted, not in its supposed infallibility, but in its appeal to their hearts.

As a result, Moravianism was not a thoroughly Biblical organization. The Bible was not its supreme authority, but authority lay also in personal experience, and, of course, varied according to the sentiments of the individual. Nor was the Bible a book to which they gave diligent study; they regarded it somewhat as a compilation of texts and mottoes, and they had the curious practice of opening it at random and accepting the first verse their eyes lighted upon as the immediate guidance of heaven. They employed it also in the casting of lots and we are told that the Count carried his lot apparatus in his pocket; he consulted it on all sorts of topics and regarded it as the infallible voice of God.

¹ Dankbaar, W.F. *Kerkgeschiedenis*, 156.

The Moravians gave little attention to systematic theology. Though they taught most earnestly that salvation is by faith alone, they knew little as to the nature of such faith and considered it merely a subjective experience. At first they made much of the substitutionary nature of the atonement of Christ, but this became secondary among them to a kind of moral influence theory, in which help was to be gained from the cross by a mental visualization of Christ's sufferings"². Hulle het baie klem gelê op die individu se ervarings en persoonlike belewenisse. Hierdie klem op die individu sou ook later gevind word in die N.G. Kerk in die omskrywing van die uitlewing van die Christelike lewe. Subjektiewe ervaring sou 'n norm vir baie begin word.

Te Möttlingen en Bad Boll het die predikante, Johan Blumhardt en sy seun Christof, liggaamlike en geestelike hulp aan talle mense gebied. Andrew en John Murray het ook as studente gedurende 'n vakansie met 'n staptoer deur die Rynvallei vir Pastoor Blumhardt ontmoet. Hy was iemand wat 'n groot werk onder duiwelbesetenes gedoen het en daar het die Murrays vir die eerste keer met geloofsgenesing te doene gekry. Hierdie beweging het later gelei tot die groot herlewing in die Rynse provinsies³. Engeland het ook talle herlewings beleef en meeste van hulle met 'n Metodistiese inslag.

Die Baptiste prediker, Spurgeon (1834-1892), het duisende hoorders getrek na sy reusagtige "tabernakel" in London. Hy is gebore in Kelvedon, Essex op 19 Junie 1834. Hy het tot bekering gekom 6 Januarie 1850 in Colchester, waarna hy in Oktober 1851 'n predikant geword het van die Warebeach Baptiste kerk in Cambridge. Sy bediening was besonder geseën en baie van sy preke is ook gepubliseer. In 1887 was dit die aanvang van die sogenaamde "Down-Grade controversy" wat gelei het tot sy bedanking uit die Baptiste Unie op 28 Oktober

² Dallimore, Arnold. A: 1970. *George Whitefield. The Life and Times of the Great Evangelist of the Eighteenth-Century Revival. Volume I*, 172.

³ Choy, Leona. *Andrew Murray*, 36.

1887⁴. Sy invloed is ook in Suid-Afrika gevoel en daar is dikwels in die tydskrifte van sy werk aangehaal.

Een van die bekende evangeliste en predikers was Dwight Lyman Moody (1837-1899) wat 'n groot impak op die Engelssprekende wêreld gehad het. Hy was van eenvoudige oorsprong en was 'n skoer verkoopsman sonder teologiese skoolopleiding. Sy werk het begin in die Chicago Sondagskool en hy het ook diens gedoen onder die soldate in die burgeroorlog as 'n leke prediker. Hy het gewerk aan die einde van die evangeliese periode met die opkoms van die liberale beweging. Sy prediking was in Engeland en Amerika en het 'n groot invloed gehad onder mense van verskillende teologiese skole. Hulle het verenig in die evangelisasie werk. Sy teologiese agtergrond was dié van 'n oortuigde “evangelical”⁵.

Sy preke was nie baie gepoleerd nie. Alle vlakke van die samelewing het graag na hom kom luister. Hy het die mense aangespoor deur sy erns en ywer. In sy prediking het hy aangesluit by die hoofemas van evangelisasie nl. sonde, verlossing, die krag van die Gees en Christus se dood en opstanding. “The stress on God’s love for man’s salvation was closer to Methodist (not Congregational) theology. His own spiritual awakening and deepening of faith at the crucial juncture of his ministry had links with the piety and search for perfection then in vogue”⁶. Sy wyse van evangelisasie het later ook neerslag gevind in die evangelisasie dienste wat in die N.G. Kerk gehou is.

'n Beweging wat 'n groot invloed gehad het op die N.G. Kerk was die Keswick-konferensies.⁷ Andrew Murray sou in sy lewe ook 'n groot rol daarin speel. Ek

⁴ Murray, I.H. *The Forgotten Spurgeon*, 1.

⁵ Turnbull, R. *The best of Dwight L. Moody*, 7.

⁶ *Dies.*, 10.

⁷ Edwin Orr skryf die volgende oor die Keswick konferensies se oorsprong: “Also of deep significance to South African Christianity was the Keswick Convention for the Deepening of the Spiritual Life, an evangelical movement with a truly worldwide influence, budded at gatherings in London, Oxford and Brighton in 1873, '74 and '75, and blossomed into early maturity at a Lake District resort in 1875; but the seed was sown in the great Revival of 1858-59 in the English-

gee 'n kort historiese oorsig oor die ontstaan daarvan en hulle boodskap. Dit het nou aangesluit by dit wat ook in die N.G. Kerk geleer was en dit help met die beoordeling van die kerk se teologie.

In 1859 het W.E Boardman 'n soort perfeksionisme in Amerika begin preek. Hy het konferensies vir heiligheid begin. Hy was deur Wesley beïnvloed, maar daar was tog 'n verskil. 'n Ander figuur wat 'n rol begin speel het was Asa Mahan wat president van die Oberlin Kollege was waar Finney 'n professor in teologie was. Hy was nie lank daar nie, want hy het van Finney se teologie verskil. Hierdie twee het begin om 'n leer oor heiligheid te verkondig wat 'n modifikasie van die Wesleyaanse leer was. Die leer is populêr in Amerika gemaak deur hierdie twee persone. In Engeland is dit aangevoer deur Mnr R.Pearsall Smith en sy vrou. Hy en sy vrou het albei grootgeword met Kwakeropvoeding. Hulle het altyd vasgehou aan die Kwakers se leer oor innerlike Lig en passiwiteit. Hulle is egter toe al meer beïnvloed deur die metodistiese leer, en veral in 1867 toe 'n jong leermeester by hulle aan huis was om hulle kinders te onderrig. Die jong man het hulle vertel dat hy 'n wonderlike ervaring gehad het, deurdat hy eenvoudig net 'vertrou het' en 'Jesus het verlos'.⁸

Die leer het in kort uit die volgende bestaan: as iemand 'n stryd gehad teen die sonde wat van binne en van buite in hom gewoed het, en hy het die stryd verloor. Dit gebeur dan so 'n persoon tot die besef kom dat al wat hy moet doen, was om op Jesus te vertrou. As hy dit gedoen het, het hy bevryding ervaar. Hy het die sorg van sy lewe oomblik vir oomblik op die Here gelê. Die Here het dit geneem en dan rig hy sy lewe oomblik vir oomblik in volgens die wil van die Here.

In 1871 het Pearsall Smith daarop aanspraak gemaak dat hy die doop van die Heilige Gees ontvang het en as gevolg daarvan het hy hierdie leer begin preek.

speaking world. Its origins may be traced to the American Middle West." Orr, Edwin. J: 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*, 98.

⁸ Lloyd-Jones, D.M:1887. *The Puritans*, 317.

Ander leraars het ook meegedoen. Een van hulle was Evan H. Hopkins⁹ wat beskryf is as die teoloog van die Keswickbeweging. In 1875 is 'n groot konferensie in Brighton¹⁰ gehou. Tydens daardie periode is Pearsall Smith geskors uit die beweging as gevolg van 'n morele oortreding en het hy van die toneel verdwyn. Hierdie konferensie is gehou vir die verdieping van die geestelike lewe. So het die Keswick-konferensies¹¹ begin en is dit jaarliks gehou. Die 100 jarige bestaan is herdenk in Julie 1975.¹² Andrew Murray was in Suid-Afrika 'n sterk draer van Keswick se boodskap.

Alhoewel Pearsall Smith verdwyn het, het sy vrou nie. Sy het 'n boek, *The Christian's Secret of a Happy Life*, geskryf wat 'n wye invloed gehad het. Dit het een van die belangrikste boeke geword in verband met die leer.

Die kern van die Keswickboodskap was die “heiliging deur die geloof”. Dit veronderstel dat regverdigmaking en heiligmaking van mekaar geskei word. Albei kan ontvang word deur geloof maar jy kan die een hê sonder die ander. Jy kan geregverdig wees sonder dat jy geheilig is¹³. Hierdie lering het, soos aangetoon, ook invloed gehad in die N.G. Kerk.

Die Puriteine en die ou evangeliese leer wat van die hervormers gekom het, het geleer dat heiligmaking begin met regverdigmaking. By die Keswick-leer word die twee geskei en heiligmaking word deur geloof aangeneem. Dit vind plaas na die regverdigmaking en van daardie moment af is jy bevry van alle bewuste sonde.

⁹ Hy was ook redakteur van die *Life of Faith*. Onder die invloed van Boardman se werke sou hy in Mei 1873 'n verdieping in sy christelike lewe ervaar. Hy het later een van die leiers van die beweging geword. Orr, Edwin. J. 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*, 98.

¹⁰ Die konferensie is gehou vanaf 29 Mei tot 7 Junie 1875. Die spreker by die konferensie was Pearsall Smith en sy doel was om die nuwe leer te propageer.

¹¹ “Andrew Murray entered a deeper experience at Keswick in 1882, and became a mouthpiece of its message all over the world.” Orr, Edwin. J. 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*, 99.

¹² Lloyd-Jones, D.M:1887. *The Puritans*, 317.

¹³ *Dies.*, 318.

Die gelowige beleef 'n krisis wanneer die stryd teen die sonde vir hom te veel word. Hierdie leer help hom dan om deur 'n geloofsbeslissing die mag van die sonde oor hom te verbreek. In 'n daad van volkome oorgawe aan die Here ervaar hy dan die groei in heiligmaking. Dit is ook genoem “die oomblik vir oomblik bly in Christus”.

Die essensie van die leer was die “rus in die geloof”. Die gelowige kan uit homself nooit die wêreld, die vlees en die duiwel suksesvol beveg nie. Die gelowige moet homself prysgee en die stryd opgee want die subjektiewe stryd blokkeer Christus se verlossingswerk. Solank die gelowige in Christus bly, word hy verlos van alle bewuste sonde. Van die lidmate en predikante van die N.G. Kerk het hierby aanklank gevind al was dit heel vreemd aan die gereformeerde leer.

Ander kritiek teen die Keswick-leer is dat suiwer Skrifeksegese dikwels verdring word deur eie teoretiese aannames wat meesal gebaseer is slegs op 'n eksemplariese uitleg van die Ou Testament. Die resultaat was dat hulle omtrent alles wat die vorige 18 eeue oor heiligmaking geleer is, geïgnoreer het. Baie Keswickondersteuners het daarop geroem dat hulle die groot waarhede ontdek het wat wat al die eeue deur die kerk verloën is. Enige leer wat sulke aansprake maak, is by voorbaat verdag.

Die kritiek van BB Warfield hierdie bewegings is insiggewend. Warfield skryf van die "Fellowship Movement" wat baie aktief was in Duitsland: "Like the Keswick Movement, it derives its origin from impulses received directly from Robert Pearsall Smith in 'the whirlwond campaing' which he carried on in 1874-1875 in the interest of what we know as 'the Higher Christian Life.' The Fellowship Movement has therefore, from the beginning been also a Holiness Movement, or, as they call it in Germany, a 'Sanctification Movement'; and a Holiness Movement which has run on the lines of the teaching of Pearsall Smith"¹⁴.

¹⁴ Warfield, B.B: *Perfectionism. Volume I*, 312.

"Naturally, Pearsall Smith did not create this movement out of nothing. He had material to work upon. And the material he worked upon was provided by the Pietistic Fellowships, which go back ultimately to the ecclesiola in ecclesia established by Spener in Frankfurt, with the purpose of introducing new life into the congregations"¹⁵. Die uitstaande kenmerke van die bewegings was die momentele bekering en momentele heiligmaking.

Een van die groot eksponente van die heiligheidsbeweging, Jellinghaus, het later tot inkeer gekom en die foute van die beweging besef. Hy het gesê: "a certain levity lies at the heart of 'the Keswick movement', its zeal is to assure ourselves that we are actually and fully saved, rather than to give ourselves to the repentance which is due to our sins, to the working out of salvation with fear and trembling, to heavenly mindedness, and a life of prayer and a walk in love. It imagines that there can be faith without repentance and conquest of sin without moral struggle. The law, sin itself as evil desire in the regenerate, the determined fulfilment of the will of God in vital endeavor, are pushed into the background. It seeks, in a word, peace instead of righteousness, and the trail of a spiritual euthymia lies over it"¹⁶.

Ons sien dus in bogenoemde historiese oorsig dat die siening van die N.G. Kerk oor heiligmaking nie in 'n vakuum ontwikkel het nie. Die oorsig gee 'n tipering van wat in die 19de eeu aan die gang was en dat hierdie dinge dus ook die N.G. Kerk beïnvloed het. Die Kerk was kind van sy tyd en het hierdie strominge geakkommodeer.

¹⁵ *Dies.*, 313.

¹⁶ *Dies.*, 340.

9.2 Samevatting van die Kerkbode se standpunt oor heiligmaking 1849-1899.

In die volgende paragrawe word 'n kort opsomming gegee van wat in elke hoofstuk na vore gekom het oor die heiligmaking. Ons het in hierdie studie gesien dat nuwe aksente rondom die heiligmaking binne die denk- en bedieningsstruktuur van die N.G Kerk ontwikkel het. Met die verskyning van *De Gereformeerde Kerkbode* in 1849 het die onderwerp reeds aandag geniet. Heiligmaking was in daardie tyd vertolk deur sommige leraars as 'n krag om die maatskaplike struktuur te heilig of te verbeter. In 'n later periode was ook die benadering dat met die heiliging van die lewe die klem swaar op die individu gelê het. Die persoonlike lewe moet gereinig word. As die gelowige hiermee besig is, wys dit op die egtheid van die geloof. Die praktiese Christelike lewe is onlosmaaklik deel van die geloofslewe.

Heiligmaking is baie gou beperk tot die agterlaat van 'n paar dinge. Wie homself 'n christen noem, moet afstand doen van ongeregtheid. In hierdie teologie word die klem vanaf die algemene religieuse na die persoonlike verskuif. Dit opereer met 'n toepassingstruktuur waarin die individu funksioneer. Die etiese konsekwensies van die heiligmaking word ingedink vanuit die verhouding met Christus. In hierdie sin is dit ook evangelies.

Heiligmaking word in *De Gereformeerde Kerkbode* gedurende die eerste vier jaar van sy bestaan ook in verband gebring met 'n herlewing of opwekking. Die klem val hier op die analise van onbehaaglike kerklike praktyk en die regstelling daarvan deur die uitstorting en werk van die Heilige Gees. Die heiligmaking staan direk in verband hiermee en daarom met Christus. Hierdie konsepte is ook uitgebou in die *Kinder-Bijbel*.

Vir *De Gereformeerde Kerkbode* was dit belangrik vanaf 1853 om sy stem deurgaans te laat hoor oor sake, gebeure en gebruike in die Kerk en die

samelewing wat hy as sonde gesien het. Dit is aan die kaak gestel, beredeneer en lidmate is gemotiveer om hulle daarvan los te maak. Verskillende vorme van sonde is steeds by name genoem en bespreek. Dit het duidelik geword dat hierdie blad ten opsigte van heiligmaking 'n tipiese antroposentriese klem lê. Hier moet die gelowige mens tot sy reg kom: wys wat in hom steek.

Daar is voortdurend ondersoek ingestel na die “toestand” van die Kerk. Om dit reg te stel, is die “toestand” van die Kerk ontleed en is aangedring op vernuwing – wat eweneens die vrugte van die heiligmaking sou toon. Daarmee het hulle aangesluit by 'n kenmerkende benadering in die protestantse wêreld. Predikante wat onder die invloed van die Nadere Reformasie, die Puriteine, Piëtiste, ‘Evangelical revival’, die Reveil en die ‘Erweckungsbewegung’ was, was gedurig onvergenoegd met die toestand van die gemeentes. In hul bediening van die Kaapse gemeentes was hulle dit gou eens dat gelowiges nie waarlik en daadwerklik hul geloof belewe nie. Meer as die gewone bediening was nodig. Iets buitengewoon moes bykom. Die gemis aan geestelike lewenskrag was 'n groot bron van kommer. *De Gereformeerde Kerkbode* is gebruik om die kommer daaroor uit te spreek. Hierdie blad het heelhartig daarin gedeel. Die oplossing is dan ook gesien in die uitstorting van die Heilige Gees. Die toestand van die kerk en die onverskilligheid van die gelowige mens moet omgeswaai word na 'n toegewyde gewilligheid van die gelowige. Die erns en begeerte na heiligheid moet werklik wees.

'n Bepalende rol en verantwoordelikheid word aan die gelowige toegeskryf ten op sigte van die heiligmaking. John Murray se *Catechisatie Boek* het 'n groot invloed gehad op die siening van heiligmaking. Daarin noem hy dat heiligmaking te make het met 'n proses wat hom in die gelowige se lewe voltrek. In hierdie proses speel die gelowige 'n bepaalde rol. Hiermee sluit Murray dus aan by die gangbare siening soos dit veral deur *De Gereformeerde Kerkbode* voorgehou is. Die klem bly op die effek daarvan in die gelowige se lewe. Heiligmaking word

gevolglik gesien as 'n belangrike bewys van geloof en van die inwoning van die Heilige Gees.

Gedurende die vyf jaar tussen 1859 en 1864 het die Kaapse N.G. Kerk gebeure beleef wat sy geskiedenis diepgaande sou beïnvloed. Op 1 November 1859 het die Teologiese Seminarium op Stellenbosch sy deure geopen. Voortaan sou die N.G. Kerk sy eie opleiding waarneem. Tweedens het die kerk verstregtel geraak in 'n stryd om die waarheid van die ortodokse leer. Dit het bekend geword as die liberale stryd. Derdens het die N.G. Kerk in die vroeë jare sestig 'n herlewing van die geloof beleef. Dit het leidinggewende predikante geboei en die teologie van die kerk diepgaande beïnvloed. Veral ook die begrip van die heiligmaking.

In hierdie tyd was daar voortgaande belangstelling van *De Gereformeerde Kerkbode* in berigte van herlewings. Herlewings is gesien as 'n effektiewe metode om die kerk weer te herstel. Hieraan is die heiligmaking gekoppel. Dit is opvallend dat *De Gereformeerde Kerkbode* in hierdie tyd opwekkings en herlewings in die buiteland voortgaande bekend gestel het. Die een berig na die ander is opgeneem. Sonder uitsondering staan hierdie berigte in verband met gebeure in die Anglo-saksiese kerklike wêreld, veral Noord-Amerika en Brittanje. Hierdie verslae is nie in die Kaapse kerkblad om dowe neutte opgeneem nie. Dit is met die oog op die toestand van die N.G. Kerk gedoen. Daarom moes lering daaruit getrek word. Daarom is dit beoordeel. Dit is duidelik waarom herlewing in die N.G. Kerk se geledere aangegryp sou word as 'n uiters suksesvolle metode om die sorgwekkende toestand waarin die N.G. Kerk homself bevind het, reg te stel. Herlewings sou ook aangewend word ter wille van die heiligmaking. Uiteraard het dit ook gepaard gegaan met die behandeling van gebed wat 'n belangrike tema vir *De Gereformeerde Kerkbode* geword het.

Gedurende die sesde dekade van die 19de eeu het *De Gereformeerde Kerkbode* die herlewing in Suid-Afrika begelei. Die klem is geplaas op die werk van die Heilige Gees en daarmee saam die verantwoordelikheid en aktivering van die

gelowige om die oorvloedige seën van die herlewing toe te eien. Die geestelike diepte van 'n oorgegewe lewe van innerlike gemeenskap met Christus het ook tot uiting gekom in die openbare lewe. Baie berigte word geplaas van konferensies wat gehou is met die oog op herlewing.

Na die herlewing het hierdie aandrang op openbare sedelikheid nie uit *De Gereformeerde Kerkbode* verdwyn nie. Dit het wel prominensie verloor. Die innerlike gemeenskap met Christus het nou op die voorgrond gekom. Toenemende heiligmaking sou egter nie net uitloop op onderlinge eenheid en verdraagsaamheid nie. Dit het ook te make met geestelike groei en ontwikkeling, met innerlike vereniging met en in Christus. Heiligmaking is gesien as 'n hoër trap in die geestelike lewe, 'n toestand wat bereik moet word en wat Andrew Murray woorde laat gebruik het wat dui op 'n ineendink van die gelowige met Christus.

Na 1865 het die fokus van *De Gereformeerde Kerkbode* ietwat verskuif. Die klem val duideliker op die geloof, die ervaring van die geloof, die kruisiging van Christus en die betekenis daarvan vir die gelowige en die appèl tot bekering. Tog het die benadering wat op die persoonlike lewe appèl aangeteken het, nie uit die kerklike blad verdwyn nie. Wat noukeuriger aandag gekry het is 'n teologiese beredenering van heiligmaking wat na die herlewings van die vroeë jare sestig homself in die N.G. Kerk aangekondig het. Uit 'n reeks artikels van Andrew Murray oor die gebed blyk die verband tussen gebed en heiligmaking. Heiligmaking word verstaan as 'n oorwinnende lewe, 'n vervulde lewe in die volle bewussyn van Christus en sy inwoning in die gelowige se lewe. Hier voltrek 'n verskuiwing van aksent hom: van Christus na die ervaring van die volheid van Christus. Selfondersoek en belydenis van sonde was van deurslaggewende belang. Die belydenis van sonde is nie ontmoedig nie. Murray skuif die fokus na die heiliging van die eie lewe. Vergeleke met wat gedurende die vorige dekade en selfs tot 1864 in *De Gereformeerde Kerkbode* oor heiligmaking geskryf is, gaan Murray hier onmiskenbaar op 'n nuwe weg. Die vreugde van vergewing sal

nie altyd daar wees as dit nie gevolg word deur die vreugde van heiligmaking nie. Die lewe van heiligmaking is diepe vreugde. Sy fokus is op die “tweede vreugde”, op die ervaring van die heiligmaking.

Heiligmaking word dus gesien as 'n proses. Dit is ook die rede waarom die leer van volmaakte sondeloosheid afgewys word. Daar is egter op die weg van heiligmaking die beslissende oomblik van toe-eiening daarvan. So gesien, is die aanduiding en beklemtoning van die weg van heiligmaking die afwysing van 'n eensydige beklemtoning van die leer van die vrye genade.

De Gereformeerde Kerkbode het 'n deurslaggewende belang toegeken aan die strewe na 'n hoër geestelike lewe. Daarvolgens moet 'n Christen met vurige ywer strewe na die volharding en die groei van sy siel. Die besondere doel en lewe van die Christen is dat hy elke dag in heiligheid sal toeneem. In die gelede van die N.G. Kerk het 'n aandrang met betrekking tot die heiligmaking na vore gekom. Dit het nie net meer gegaan om die weerhouding van sonde of die bestryding daarvan nie, maar om 'n positiewe toe-eiening van die heiligmaking wat bygekome het. Die inkleding van die heiligmaking was gesien as 'n tweede belewenis na bekering wat groei uit 'n dieper en hoër geestelike ervaring.

Een van die kragtige instrumente om teologiese oortuiging of uitgangspunt te kommunikeer, is die geestelike lied. In verskeie liedbundels word hierdie begrip van heiligmaking uitgespel en is dit in die harte van mense ingesing. Veral in die afdeling van die liedere oor die Heilige Gees kom die verskuiwing na die innerlike mens en die ervaring van die Heilige Gees voor.

Na 1875 sou daar al meer 'n noue verband ontwikkel tussen die heiligheidsbeweging en herlewing. Dit sou ook later die temas van bespreking wees by die konferensies. Die heiligheidsbewegings het ook begin om sy stempel op die N.G. Kerk af te druk. Daar is in die studie van hierdie tyd ook gewys op John Wesley se siening van heiligmaking. Dit is hier wat die

Heiligheidsbeweging sy oorsprong het. Metodisme het baie duidelik die vryheid van die menslike wil wat saamwerk met die goddelike genade geleer. Aan die een kant word God beroof van die eer wat Hom toekom en aan die ander kant word die erns van die sonde en die heiligmaking bedreig. Die leer is egter nie klakkeloos deur die predikante in Suid-Afrika nagevolg nie.

In die tydperk na 1875 is dit opvallend dat herlewing nou gesien is as 'n instrument om heiligmaking te bevorder. Ons het reeds gesien dat in die laat jare vyftig is herlewing hierteenoor meer gesien as 'n instrument om die regverdiging (bekering) te realiseer. Die behoefte na 'n dieper lewe is ook by konferensies bespreek. Hier was die kernvraag wat gevra is: hoe word hierdie meer gevorderde “hoër” lewe bereik? Die gelowige moes kom tot 'n nuwe daad van oorgawe en onverdeelde toewyding aan die Here. Eers na sy bekering ervaar die gelowige 'n intense stryd met die vlees. Daar is gesprek gevoer of die gedagte dat die Christen deur 'n momentele geloofsdaad in die volle rus van die geloof kon ingaan en daardeur 'n algehele nuwe lewe van krag en vreugde kon beleef nie in stryd was met die Woord van God wat leer dat die geestelike lewe 'n geleidelike groei in genade is nie.

Hoewel die heiligmaking gesien is as 'n werk van Christus deur die Heilige Gees is dit nie in verband met die regverdiging gebring nie en het die klem baie swaar op die toe-eiening van die menslike subjek geval. Daarmee is die toe-eiening ook in die hand van 'n bepaalde metode gestel. Dit het 'n nuwe dimensie aan die motivering vir herlewing toegevoeg, terwyl die beweging ter wille van spesiale evangelisasie dienste nou ook momentum - na 'n dieper geestelike lewe – gekry het.

Die Keswick-konferensies het in 1875 begin en later sou Andrew Murray ook daar in 'n rol speel. In 1876 is daar ook in die N.G. Kerk begin met die spesiale evangelisasie prediking. Teen daardie tyd kon die spesiale dienste, herlewing en

die toe-eiening van die opstandingslewe nie meer van mekaar geskei kon word nie.

Aan die einde van 1879 het *De Gereformeerde Kerkbode* die laaste keer verskyn en op 2 Januarie 1880 verskyn *De Christen*. *De Christen* is uitgegee om die christen leser te help om sy roeping en plek in die wêreld te verstaan. Vir die blad was die denklyn van 'n toegewyde lewe wat moreel-eties vergestalt en sigbaar moes word, wel belangrik en in verband met die heiligmaking gesien. Die swaar klem op, en vertolking van, die “hoër” lewe in Christus is meer op die agtergrond geskuif.

Nog 'n aksent wat *De Christen* na vore gebring het in verband met die heiligmaking, hou verband met die geloof. Almal erken eenparig dat regverdigmaking deur die geloof verkry word, maar almal erken nie dat 'n mens ook alleen deur geloof in Christus geheilig moet word van alle oorblywende verdorwenheid nie. Deur volhardende inspanning kan uiterlike verbeterings aangebring word, maar as die innerlike nie verander nie, is dit nie ware heilmaking nie. Heiligmaking vind plaas deur geloof. Die heiligmaking is alleen standhoudend as dit deur die geloof is. Om deur die geloof heiligmaking te ervaar, moes die gelowige eers op 'n punt kom waar hy sy eie werke daadwerklik verloën.

In die begin van 1884 het die N.G. Kerk se weekblad weer die naam *De Kerkbode* geword. Die blad is nou onder beskerming van die Kaapse kerkkantoor geplaas, onder beheer van 'n Sinodale Kerkbode kommissie. Vir Professor Hofmeyr was die onderwerp van heiligmaking baie belangrik en in hierdie tyd het baie artikels van hom oor die onderwerp verskyn. Sonder heiligmaking het hy gesê is daar geen verlossing nie. Professor Hofmeyr het verder gewys op die volgorde dat die gelowige eers vrygemaak moet wees van sonde en dan volg die vrug van die heiliging. Dit is 'n gawe van goddelike genade. Jy kan nie self worstel en werk om vry van sonde te kom nie. Die Here self maak jou vry en dan

is jy 'n vrygemaakte van die Here. So is daar 'n onwankelbare fondament gelê vir daaglikse heiligmaking. Hofmeyr het ten nouste dus aangesluit eerder by die evangeliese Anglo-saksiese teologie as by die strenge skolastiese Calvinisme van sy tyd

In hierdie tydperk is daar ook verenigings en kommissies gestig om die Christelike evangeliese geloof te bevorder. Die sending het besondere aandag begin kry. Hiermee is die bediening in die N.G. Kerk geïnstitusioneel.

Die laaste tydperk van die studie het gefokus op 1892 tot 1899. In laasgenoemde jaar het die omvattende Suid-Afrikaanse oorlog uitgebreek. In hierdie tyd het die standpunte van Andrew Murray oor heiligmaking nou tot voller rypheid gekom. Al hoe meer boeke van hom het verskyn en sy sienings was wyd gerespekteer. Daarom is aan hom besondere aandag geskenk. Hierbenewens word ook in hierdie hoofstuk verklarende en beoordelende aantekeninge gemaak. Dit het verwys na die invloed van Spurgeon, die Wesleyane, die Baptiste tradisies sowel as die Skots-evangelistiese aksentuering.

Nadat alles oorweeg is, is dit duidelik dat die *Kerkbode* oor die heiligmaking moreel-eties, veral ten opsigte van die samelewing en dan sedert 1885 meer ten opsigte van die individu gedink het. Dit het gegaan oor die aandui van sonde en die bekamping daarvan. Tweedens het die evangeliese beklemtoning voordelig daartoe bygedra dat heiligmaking in verband gesien is met die oplewing van die geloof (in die jare sestig). In die jare sewentig onder Murray se invloed is dit gesien in verband met die oorwinningslewe en die ware geloofslewe. Die oorwinningslewe was ook bereikbaar. Hier het die Keswickbeweging 'n rol gespeel. Dus: Die *Kerkbode* adem die gees van die 19de eeu oor hierdie saak. Dit wil sê soos dit in die evangelies- en Anglo-saksiese teologie tot uitdrukking gekom het. Dit gaan oor die N.G. Kerk se akkommodering daarvan.

9.3 Beoordeling aan die hand van die Bybel en Belydenisskrifte.

Die enigste wyse waarop die siening van die teologie van die N.G. Kerk soos wat dit uit *Die Kerkbode* blyk rondom die heiligmaking beoordeel kan word, is aan die hand van die Bybel. Omdat die kerk 'n belydeniskerk is, moet die maatstaf van die belydenisskrifte daarvoor gebruik word.

Die heiligmakingsleer in die N.G. Kerk is gekenmerk deur die siening dat 'n minderwaardige Christelike lewe ervaar word deur 'n persoon wat nie 'n krisiservaring na sy bekering gehad het nie. Daarom was daar ook die soeke na die “hoër” lewe soos so dikwels na vore gekom het. Volgens die Bybel is daar egter geen krisiservaring of “second blessing” wat belowe of beveel word, as 'n essensiële element van die Christelike lewe nie. Hierdie begrip het gelei tot die sterk skeiding van die regverdigmaking en die heiligmaking soos dit ook dikwels voorgekom het in artikels in *De Gereformeerde Kerkbode*.

In die geskiedenis van die Christelike kerk was daar baie verskillende standpunte oor die krisiservaringsleer.

- Die klassieke Wesleyaanse perfeksionisme. Dit het gefokus op heiligmaking en het gepraat van die doop van die reinigende vuur of om te kom in 'n staat van volmaakte liefde. Dit het nie soseer gekonsentreer op die krag vir diens of op innerlike gevoelens nie, maar op 'n krisiservaring waar die krag van die inwonende sonde geneutraliseer word.
- Verskillende vorme van die “hoër” lewe. Dit was die ervarings wat veral deur Andrew Murray en van sy tydgenote voorgehou is. Jy kom tot bekering; jy verenig met Christus; jy is wedergebore en daarna kom jy tot 'n krisisoorgawe van geloof. Daarna kom 'n oorgawe aan God en die inwonende lewe van Christus word jou eie. Dit is 'n krisisgebeure sonder enige uiterlike manifestasies van tale, maar die uiteinde sal nuwe krag wees om 'n heilige lewe te leef.

- Daar is ook 'n leer wat fokus op sekerheid en dit word in Bybelse terme uitgedruk nl. “die doping van die Heilige Gees”. Dit is 'n krisiservaring na bekering waar die gelowige 'n nuwe dimensie van sekerheid binnegaan. Sy eintlike bruikbaarheid kom eers na hierdie ervaring.

Wat is die ooreenkomste tussen die leringe?¹⁷

- Geloof in die evangelie is onvoldoende om 'n normale Christelike lewe te leef. Die gelowige moet soek na 'n “voller lewe” en moet daarom 'n “hoër ervaring” van God se genade beleef. Hierdie “hoër” ervaring konkretiseer in 'n krisiservaring. Geloof in die evangelie rus die gelowige wel toe om te *sterwe*, maar nie om te *lewe* nie.
- 'n Ervaring na wedergeboorte moet gesoek en verkry word op grond van sekere voorwaardes waaraan voldoen moet word. Dit is die mens se taak om na hierdie ervaring te soek en in die soeke aan sekere voorwaardes te voldoen. Elke skool van denke het hulle eie stel voorwaardes.
- Al die verskillende denkskole lê daarop klem dat bogenoemde ervarings eksistensieël beleef moet word. Die dryfsand van subjektiewe beleving verdring die objektiewe sekerheid van God se beloftes en lei tot onsekerheid omdat die grond van die sekerheid in die *mens* gesoek word en nie in God se Woord nie.
- Agter meeste van die leringe is 'n selektiewe en twyfelagtige gebruik van die Skrif.

In die Bybel is egter geen aanduiding van 'n aanbevole “krisiservaring” wat aan die gelowige 'n kitsoplossing bied in die stryd van die geloof nie. Dit word byvoorbeeld duidelik uit die manier waarop Paulus die probleem van sondige verdeeldheid onder die Korintiese gelowiges hanteer. Hierdie mense was almal gelowiges en is “gedoop met die Gees”(1 Kor 12:13). Daar word nie gepraat van twee vlakke van Christene, naamlik diegene wat slegs in Christus glo én diegene

¹⁷ Martin, A.N: *Living the Christian Life*, 20.

wat nog boonop met die Gees gedoop is nie. Daar is geen sprake van 'n iets soos 'n “hoër” lewe wat die gelowiges moes bekom ten einde van hulle sondes ontslae te raak nie. Paulus vermaan nie die gelowiges om na 'n hoër vlak van heiligmaking te streef ten einde van hulle vleeslike gesindhede ontslae te raak nie! JA Heyns wys daarop dat “heiliging 'n dinamiese proses is waartoe die mens geroep word. Die indikatief van die status is per definisie tegelyk ook die imperatief van die daad”¹⁸.

Hoe hanteer Paulus die saak? Dit is duidelik dat hy nie die oorsaak vir die onderlinge verdeeldheid uitwys as dat sommige gelowiges nie met die Gees gedoop is of nog nie van inwonende sonde gereinig is nie. Paulus gee geen opdrag aan die Korintiese gelowiges om na iets méér te soek as slegs geloof in Christus nie. Wat hy wél doen, is om al die klem op die indikatief van die Evangelie te plaas. Hy roep die gelowiges op om te besef wat hulle alreeds in Christus is kragtens die evangelie waarin hulle glo. Hy grond gewoon die imperatief in die indikatief. Indien die gelowiges sou begin om te lééf vanuit dit wat hulle alreeds in Christus ís, sou hulle gedrag dienoooreenkomstig verander. Genderen en Velema wys daarop dat ons heiligmaking in Christus gefundeerd is: “De heiliging als gave van God ligt gefundeerd in het werk van Christus... Christus is ons gegee tot wijsheid, rechtvaardigheid, heiliging en verlossing (1 Kor1:30)”¹⁹.

Ernstige probleme met immoraliteit was by die Korinthiërs teenwoordig. Hoe hanteer Paulus die probleem? Hy skryf: “Die voedsel is vir die maag, en die maag is vir die voedsel, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam. En God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie! Of weet julle nie dat

¹⁸ Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*.319.

¹⁹ Van Genderen, J. en Velema, W.H. 1993. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*.589.

hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees. Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom. Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (1 Kor 6:13-20).

'n Mens sou kon dink dat iemand wat van onsedelikheid ontslae wou raak, dit met groot inspanning moes doen. Watter oplossing gee die Apostel? Hy beklemtoon weereens die indikatief van God se genade: Die mens is duur gekoop met Christus se bloed en behoort daarom aan Hom. Ook hulle liggame is duur gekoop. God het óók die fisiese liggaam met Christus verenig. Dit is die Bybelse indikatief. Dit is die posisie wat die gelowige in Christus besit. Waarom het die Korintiese gelowiges dan hulle liggame ontheilig? Paulus ken slegs een antwoord. Hulle het nie gelowig gelééf vanuit hul Godgegewe posisie in Christus nie. Hulle het nie beseft wat die praktiese implikasies vir hulle eenheid met Christus se sterwe en opstanding is nie. Nêrens suggereer Paulus dat die oorsaak van die Korinthiërs se sonde geleë is in die gebrek aan die een of ander “krisiservaring van heiligmaking” nie! Pleks van 'n appèl tot die een of ander soort oorgawe, beklemtoon Paulus opnuut die feit dat God hulle een gemaak het met Christus wat hulle duur gekoop het en dat die Gees in hulle woon. Heyns wys daarop dat “heiliging as status en proses 'n geloofswerklikheid is. Dat gelowiges in Christus oorgeplant is en dat Hy ons heiligmaking is (1Kor 1:30)”²⁰.

Dit beteken nie dat gelowiges nie geestelike krisismomente ervaar nie. Christene het ervarings wat hulle baie keer in 'n kort tydjie op 'n ander vlak van geestelike realiteit en krag plaas. Die Bybel belowe dit egter nooit en belowe nie 'n geestelike krisispunt wat essensieël is vir die Christelike lewe nie.

²⁰ Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. 320.

Daar is nie een enkele sleutel vir heiligmaking nie. Daar is Christene wat sê dat hulle vir baie jare in duisternis was. 'n Sekere ervaring vind dan plaas wat hulle lewe in 'n nuwe rigting stuur. Daar is nie net een sleutel vir die Christelike lewe nie. Die hele Woord van God is nodig om 'n volkome Christen te wees. Paulus beklemtoon dieselfde punt: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"(2 Tim 3:16,17). Ons het die hele Skrif nodig om ons volkome Christene te maak. Psalm 1 beskryf ook mooi dat die gelukkige mens die een is wat die wet van die Here oordink nag en dag. Dit is om die hele wil van God te oordink en te doen²¹.

As Paulus vir die gemeente bid in Efesiërs 3, bid hy vir 'n groter verstaan en geestelike insig in die volheid van Christus. Die Nuwe Testament beveel ons geensins om te soek na enige ervaring van wedergeboorte en bekering nie. Dit leer egter dat 'n gesonde geestelike mens ook soek en dors en daarom groei dit ook. In die volgende drie paragrawe word drie van die N.G. Kerk se belydenisskrifte behandel wat ook groter duidelikheid gee op die manier hoe God heiligmaking bewerk.

9.3.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis met betrekking tot ons heiligmaking en goeie werke

Die Nederlandse Geloofsbelydenis gee 'n besondere samevatting van Heiligmaking: "Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees; dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en

²¹ Martin, A.N: *Living the Christian Life*, 6.

heilige lewe onverskillig sou maak nie”²². Heyns wys daarop dat heiliging lei tot die vernuwing van alles “heiliging is as gehoorsaamheid aan die wet 'n vernuwing van alles... Die heiliging vir ons (*pro nobis*) moet ook uit ons (*ex nobis*) vloei, want soos dit ons heelgemaak het, wil dit alles wat deur die sonde stukkend geslaan is, ook heel maak”²³.

Artikel 24 lei verder “dat dit daarom ook onmoontlik is dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem "'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan" (Gal 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is geregverdig deur die geloof in Christus, nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is. Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien?”²⁴

Ons is goeie werke aan God verskuldig, gaan die artikel verder “terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Fil 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: ‘As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan net: 'Ons is maar slawe wat niks verdien nie. Ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen' (Luk 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. Al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net één sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons

²² Artikel 24.1999. *Nederlandse Geloofbelydenis*.

²³ Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. 323.

²⁴ Artikel 24. 1999. *Nederlandse Geloofbelydenis*.

altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid; en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser kon steun nie”²⁵.

Soos in bogenoemde paragraaf uitgewys is, is dit gevaarlik om te bou op jou eie goeie werke. Dit was die gevaar wat soms ingesluit het in die N.G. Kerk se heiligheidsteologie. Dit kon daartoe lei dat die mens se eie goeie werke die voorwaarde vir die seën van die Here word. Van Bruggen wys op die gevaar “Wij baseren onze zaligheid dan ook niet op onze goede werken, ten eerste niet, omdat zij steeds met zonde zijn bevlekt, en ten tweede niet, omdat wij altijd in twyfel zouden blijven, indien wij niet steunden op de verdiensten van het lijden en sterven van onze Zaligmaker”²⁶.

9.3.2 Die Heidelbergse Kategismus

Oor die verhouding tussen die Heilige Gees en ons heiligmaking gee Sondag 20 van die Heidelbergse Kategismus die antwoord op die vraag “Wat glo jy van die Heilige Gees?” Hy antwoord “Eerstens is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Tweedens is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly”²⁷. Die vernuwende werk in die gelowige se lewe is dan ook in die besonder die werk van die Heilige Gees. Daar is nie 'n geheim wat ontdek moet word nie. Veldkamp skryf: “Want de begeerte om Gods wil te doen, het leren haten wat God haat, en het leren liefhebben wat God liefheeft, het luisteren naar Zijn stem en de dorst naar de gerechtigheid, dat zijn allemaal geen vruchten van onze eigen akker, maar het is het werk van de Heilige Geest. En het enige wat ik te doen heb, is, dat ik de Here door Zijn Geest in mij werken laat”²⁸.

²⁵ Dies.

²⁶ Van Bruggen, J. 1964. *Het Amen der Kerk*.118.

²⁷ Sondag 20.1999. *Heidelbergse Kategismus*.

²⁸ Veldkamp, H. 1984. *Zondagskinderen. Deel 1*.260.

Christus moet in die sentrum staan van die hele heiligmakingsproses en dit is die werk van die Heilige Gees. Waar dit oor Christus en sy weldade gaan, sê Veldkamp “Hij wil ons Christus deelachtig maken. De Heilige Geest wijst ons altijd weer naar Christus heen. Hij heeft maar een hartstocht: dat Christus groot gemaakt worde”²⁹. Dit gaan dus nie in die eerste plek om die individuele gelowige en sy goeie dade nie. Dit was soms die foutiewe fokus wat sommige in die N.G. Kerk gehad het.

9.3.3 Dordtse Leerreëls

Die Dordtse Leerreëls beskrywe op 'n besondere manier die sondigheid van die mens en sy heiligmaking. Ek neem die paragrawe in behandeling met kommentaar. 'n Verkeerde begrip van die erfsonde en die wedergeboorte wat God bewerk, het dikwels tot dwalinge gelei rondom die heiligmaking van die christen. Die verdorwenheid van die mens, sy onvermoë om homself te red en die verandering wat plaasvind, word baie deeglik beskryf. Die klem kan so maklik beweeg na die geloofslewe van die gelowige en daarmee dan weg van die Gewer van die geloofslewe. Die klem op die praktiese Christelike lewe kan maklik 'n skadu laat val op Christus. As die lewe belangriker word as die leer, word daar verval in moralisme. Dit is wat dikwels plaasgevind het in die soeke na antwoorde vir die ongunstige toestand van die kerk..

Die Dordtse Leerreëls gee 'n gebalanseerde weergawe van die bekering en die heiligmaking van die mens. Dit lê die regte klem tussen dit wat Christus gedoen het en die gevolg daarvan in die gelowige se lewe. Hierdie balans het soms ontbreek in die N.G.Kerk. Die Dordtse Leerreëls verteenwoordig die gereformeerde siening.

“Die mens is van die begin af na die beeld van God geskape. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike

²⁹ *Dies.*, 260.

sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof. Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart, sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid ³⁰. Feenstra skryf oor die beeld van God wat verlore geraak het: “de mens is geworden het tegendeel van wat hij was”³¹. Hierdie totale besef van die verdorwe toestand van die mens laat geen ruimte vir die vrye wil van die mens nie. John Wesley se siening van sonde was: “that it is a voluntary transgression of a known law”³². Deur die siening te huldig, ignoreer hy die leer oor die besoedeling wat sonde veroorsaak.

Die erfsonde word ook in Dordt bespreek: “Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur. Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie. Ná die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly.

Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in 'n

³⁰ *Dies.*,95 .

³¹ Feenstra, JG. 1950. *De Dordtse Leerregelen*. 118.

³² Loyd Jones,D.M: *The Puritans*, 310.

sekere mate 'n strewe na deug en openbare gedissiplineerdheid. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer verduister hy dit heeltemal op verskillende maniere en bedek dit in ongeregtheid. Omdat hy dit doen, is daar voor God vir hom geen verontskuldiging nie ³³.

Charles Finney was 'n Pelagiaan en hy het geglo “that the natural man, by a proses of reason, was able to grasp the truth and to put it in operation”³⁴. Paulus beskryf tog baie duidelik die totale doodsheid van die mens: “En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sonde”³⁵. 'n Mens wat dood is kan homself nie lewend maak nie. Feenstra sê dat die standpunt van die Pelagiane “heel oppervlakkig” is. Hy sê “volgens dit standpunt zou het mogelijk zijn, zich van alle zonden te onthouden”³⁶.

Daar word 'n verdere uiteensetting van die Dordtse Leerreëls gegee rondom die verlossing van die mens. Dit is hierdie waarhede, soos reeds aangewys, wat deur die Arminiane en Pelagiane nie aanvaar kon word nie. “Net soos met die lig van die natuur, so is dit ook gesteld met die Tien Gebooie wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die wet vlek wél die grootheid van die sonde oop en oortuig die mens hoe langer hoe meer van sy skuld, maar dit dui geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Die wet het dus, omdat dit deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, die oortreder onder die vloek laat bly. Daarom kan die mens nie deur die wet die saligmakende genade verkry nie.

³³ Die Dordtse Leerreëls. 1999. Hoof 3&4. 96.

³⁴ Loyd Jones, D.M.: *The Puritans*, 315.

³⁵ Efes 2:1.

³⁶ Feenstra, J.G. 1950. De Dordtse Leerregelen. 121.

Verder: wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, dan laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, sodat hulle die dinge van die Gees van God reg verstaan en onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra³⁷. Hierdie opmerking is uiters belangrik. Dit wys die skerp skeiding af wat daar gemaak is tussen regverdigmaking en heiligmaking. Die twee sake is baie nou aan mekaar verbind en die heiligmaking vloei uit die regverdigmaking. Velema en Genderen wys ook daarop “de heiliging volgt op de rechtvaardiging. Er is een nauwe samenhang tussen beide en een duidelik verschil”³⁸.

Dordt beskrywe verder ook die wedergeboorte en die gevolge daarvan in die gelowige se lewe - “Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorreding of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, ná die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuienis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werkinge, geïnspireer is, is dit in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie

³⁷ Die Dortse Leerreëls. 1999. Hoof 3&4. 96.

³⁸ Van Genderen, J. en Velema, W.H. 1993. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. 587.

alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer³⁹.

Genderen en Velema wys op die plek van die wedergeboorte soos Dordt dit beskryf “in de D.L. komen we de wedergeboorte tegen als het begin van het nieuwe leven”⁴⁰. God doen dit wat vir die mens onmoontlik is “God werkt, door de Heilige Geest, krachtadig, Hij maakt dode zondaars levend. Zo wordt de onmacht weggenomen”⁴¹. Die hele gedagte van 'n tweede ervaring, wat nuwe lewe bring en wat sterk voorgekom het in die N.G Kerk, is dus vreemd vir Dordt. Dit is met die wedergeboorte wat die nuwe lewe begin wat ons instaat stel om die wil van God te doen.

So is die geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit aan die mens inderdaad geskenk word en vir hom ingegee en ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee nie en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo, as die geloof self, word in die mens tot stand gebring. Immers, Hy wat in die mens werk om te wil sowel as om te werk, bewerk alles in almal.

Die mens het egter deur die sondeval nie opgehou om 'n mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood. Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër

³⁹ Die Dortse Leerreëls. 1999. Hoof 3&4. 96.

⁴⁰ Van Genderen, J. en Velema, W.H. 1993. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. 534.

⁴¹ Feenstra, J.G. 1950. De Dortse Leerregelen. 124.

volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die wonderlike Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort”⁴².

As gevolg van die erfsonde in die mens en sy eie swakheid om iets daaraan te doen, kan ons net saamstem met die gereformeerde leer, dat heiliging van God kom en op God gerig is. Om heilig te wees beteken: “in die diepte van ons begeertelevens, in die breedte van het samelewen met anderen en in die hoogte van ons streven op God gericht zijn. Daarin staan de liefdedienst jegens God en de verheerlijking van God sentraal”⁴³.

9.4 Gevolgtrekking

Die uitdaging sal altyd daar wees om mense te leer hoe om die Christelike lewe te leef. Wat opvallend was in die tyd 1849-1899, was die besondere ywer wat in die kerk geleef het om te streef na 'n heilige lewe. Daar was verkeerde invloede wat gelei het tot Skriftuurlike afwykings. Die groot afwyking het plaasgevind toe daar in die strewe na 'n heilige lewe, 'n skeiding gemaak is tussen die regverdigmaking en die heiligmaking. Wanneer dit gebeur, verskuif die fokus vanaf Christus na die individu. Dit het gelei tot 'n wegbeweeg van die belydenisskrifte.

Daar moet egter ook met groot dankbaarheid gekyk word na die predikante wat 'n groot rol in die kerk gespeel het want hulle het dit ernstig bedoel met heiligmaking. Die vraag kan gevra word of die kerk van vandag ook so bekommerd is oor heiligmaking? Of die kerk van vandag ook genoegsaam klem

⁴² Die Dortse Leerreëls. 1999. Hoof 3&4. 96.

⁴³ Van Genderen, J. en Velema, W.H. 1993. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. 588.

lê op die praktiese Christelike lewe? Mag dit wees dat ons die balans kan handhaaf tussen die regte leer en die regte lewe sodat die kerk van die Here weer 'n lig vir die wêreld kan wees en God die Vader verheerlik mag word.

BIBLIOGRAFIE**A. BOEKE**

Anderson, Gerald H. 1998. *Biographical Dictionary of Christian Missions*. USA. William B. Eerdmans Publishing Company.

Armstrong, J.H. 1996. *The Coming Evangelical Crisis*. Chicago. Moody Press.

Berkouwer, G.C. 1949. *Geloof en Heiliging*. Kampen. J.H. Kok.

Bouman, A. Booy, Thijs. 1951. *Gereformeerden Waarheen?* Kampen. J.H. Kok.

Brandt, Albert. A. 1998. *Andrew Murray Immergroen*. Stellenbosch. More Light Publications.

Choy, Leona. 1979. *Andrew Murray, Beelddraer van die Ewige Liefde*. Pretoria. Dieper lewe Uitgewers.

Coetzee, C.F.C. 1986. *Die Werk van die Heilige Gees in die Teologiese denke van Andrew Murray*. Potchefstroom. Departement Sentrale Publikasies.

Cook, Thomas. 1902. *New Testament Holiness*. Great Britain. The Epworth Press.

Dallimore, Arnold. A. 1970. *George Whitefield. The Life and Times of the Great Evangelist of the Eighteenth-Century Revival. Volume I*. Great Britain. The Banner of Truth Trust.

Dallimore, Arnold. A. 1980. *George Whitefield. The Life and Times of the Great Evangelist of the Eighteenth-Century Revival. Volume II.* Great Britain. The Banner of Truth Trust.

Dankbaar, W.F. 1974. *Kerkgeschiedenis.* Nederland. Wolters-Noordhoff bv Groningen.

De Klerk, J.J. dr. 1979. *Evangelistiek.* Pretoria. N.G. Kerkboekhandel.

De Kock, W.J. 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek. Deel I.* Kaapstad. Nasionale Boekhandel Beperk.

De Kock, W.J. 1972. *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek. Deel II.* Kaapstad. Nasionale Boekhandel Beperk.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek.* N.G. Kerkboekhandel. Kaap.

Krüger, D W. (Hoofredakteur) tot 1972; Beyers, C J(sedert 1973) 1977. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Deel III.* Kaapstad. Tafelberg Uitgewers BPK.

De Vries H. 1903. *Nieuwe Liederensbundel voor Zondagschool en Huisgezin.* Zesde druk. Amsterdam. Egeling's Boekhandel.

Die Dordtse Leerreëls. 1999 (derde uitgawe, eerste druk). In: *Ons Glo. Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse.* Kaapstad. NG Kerk-Uitgewers.

Die Heidelbergse Kategismus. 1999 (derde uitgawe, eerste druk). In: *Ons Glo. Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse*. Kaapstad. NG Kerk-Uitgewers.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis. 1999 (derde uitgawe, eerste druk). In: *Ons Glo. Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse*. Kaapstad. NG Kerk-Uitgewers.

Dieter, Melvin.E. Hoekema, A.A. Horton,S.M. McQuilkin, J.R. Walvoord, J.F. 1987. *Five views on Sanctification*. USA. Zondervan Publishing House.

Dreyer, A. 1936. *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Deel III 1804-1836*. Kaapstad. Nasionale Pers Beperk.

Du Plessis, J. 1919. *The Life of Andrew Murray of South Africa*. Londen. Marshall Brothers, Limited.

Du Toit, F.G.M. dr. 1979. *Ds. H.L. Neethling -Sy lewe en werk*. Pretoria. N.G Kerkboekhandel Transvaal.

Du Toit, G.D. 1945. *Die gelowige in Christus*. Kaapstad. Citadel-Pers.

Duvenage, S.C.W. 1954. *Die Navolging van Christus*. Potchefstroom. Pro Rege-Pers Beperk.

Edwards, Jonathan.A.M. 1991. *The Experience that counts*. Engeland. Grace Publications Trust.

Elwell Walter, A. 1984. *Evangelical Dictionary of Theology*. Grand Rapids, Michigan. Baker Book House..

Feenstra, JG. 1950. *De Dordtse Leerregelen*. Kampen. JH Kok.

Ferguson, Sinclair B; Wright, Dawid,F; Packer, J.I.1988. *New Dictionary of Theology*. England. Intervarsity Press.

Ferreira, I.L dr. 1979. *Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963*. Pretoria. Makro Boeke.

Finney,G. Charles. 1977.Condensed&Edited by Helen Wessel. *The Autobiography of Charles G. Finney*. USA. Bethany Fellowship.

Finney, G. Charles.1984. *Principles of Holiness*. USA. Bethany House Publishers.

Finney, G. Charles.1846. *Finney's Systematic Theology*. USA. Bethany House Publishers.

Van Genderen, J. dr. Velema,W.H. dr. 1993 (Tweede Druk). *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. Kampen. Uitgeverij Kok.

Gerdener, G.B.A. dr. 1930. *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariëp*. Kaapstad. Die Nasionale Pers

Hodge, A.A. 1869 (Eerste Druk). *The Confession of Faith*. USA. Banner of Truth.

Hofmeyer, N.J. 1890. *The Blessed Life: How to find and live it*. Edinburgh. Morrison and Gibb, Printers.

Heyns, J.A. 1981 (Tweede druk). *Dogmatiek*. Pretoria. N.G Kerkboekhandel.

Kitshoff, M.C. 1974. *Kudde van Carnarvon. Nederduitse Gereformeerde Kerk 1874-1974*. Kaap. Citadel-Pers.

Latourette, Kenneth. Scott. 1947. *A History of the Expansion of Christianity. (Volume 5) The Great Century. 1800-1914. In the Americas, Australasia and Africa*. USA. Eyre & Spottiswoode.

Lloyd Jones, D.M. 1982. *Darkness and Light. An Exposition of Ephesians 4:17 to 5:17*. USA. Banner of Truth.

Lloyd Jones, D.M. 1987. *The Puritans. Their Origins and Successors*. USA. Banner of Truth.

Lloyd-Jones, Martyn. 1989. *Sanctified through the Truth*. USA. Good News Publishers.

Lloyd Jones, D.M. 1984. *Joy Unspeakable. The Baptism with the Holy Spirit*. Great Britain. Kingsway Publications.

MacArthur, John, 1992. *Wapens vir die geestelike stryd*. Kaap. Christelike Uitgewersmaatskappy.

Martin, A.N. 1992. *A life of principled Obedience*. USA. The Banner of Truth Trust.

Martin, A.N. 1986. *Living the Christian Life*. USA. The Banner of Truth Trust.

McNeill, John T. *Calvin: Institutes of the Christian Religion. Volume I*. USA. The Westminster Press.

McNeill, John T. *Calvin: Institutes of the Christian Religion. Volume II*. USA. The Westminster Press.

Miller, Glenn. T. 1997. *The Modern Church: From the Dawn of the Reformation to the Eve of the Third Millennium*. USA. Abingdon Press.

Moorrees, A. 1937. *Die Nederduitse Geformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1652-1873*. Kaapstad. S.A. Bybelvereniging.

Murray, A. 1868. *Het moderne ongeloof; dertien leer redenen*. Kaapstad. Hofmeijr.

Murray, A. 1882. *Abide in Christ*. London. Nisbet&Co.LTD.

Murray, A. 1885. *With Christ in the school of prayer*. London, Nisbet.

Murray, A. 1887. *The children for Christ; thoughts for Christian parents on the consecration of the home life*. London. Nisbet.

Murray, A. 1887. *Holy in Christ; thoughts on the calling of God's children to be holy as He is holy*. Minneapolis. Bethany Fellowship.

Murray, A. 1894. *De Kracht van Jezus' bloed*. Amsterdam. Dusseau.

Murray, A. 1894. *Be perfect; a message from the Father in heaven to His children on earth*. London. Nisbet.

Murray, A. 1896. *Waiting on God*. London. Nisbet.

Murray, Andrew. 1932. *Geheilig in Christus*. Stellenbosch. Pro Ecclesia-Drukkery.

Murray, Andrew. 1944. *Die vereniging van die gelowige met Christus. Versamelde werke Deel VII*. Kaapstad. Nasionale Pers Beperk.

Murray, Andrew. 1945. *Die Heidelbergse Kategismes. Versamelde Werke. Deel X*. Kaapstad. Nasionale Pers Beperk.

Murray, A. 1974. *Like Christ*. USA. Bethany Fellowship.

Murray, A. 1977. *The Power of the Spirit. Selections from the writings of William Law*. USA. Bethany Fellowship.

Murray, A. 1977. *Freedom from a Self-centered life/Dying to Self*. USA. Bethany Fellowship.

Murray, A. (Sewende Druk). *Gebedslewe in die Binnekamer*. N.G. Kerk-Uitgewers.

Murray, A. 1980. *The Inner Life*. USA. Zondervan Corporation.

Murray, A. 1980 (derde uitgawe). *Algehele Oorgawe*. Kaapstad. NG Kerk-Uitgewers.

Murray, A. 1983. *How to Work for God*. USA. Whitaker House.

Murray, A. 1984. *The Believer's secret of Holiness*. USA. Bethany Fellowship.

Murray, A. 1984. *Obtain the Power of God*. USA. Whitaker House.

Murray, A. 1984. *In Search of Spiritual Excellence*. USA. Whitaker House.

Murray, A. 1985. *Nederigheid*. Kaapstad. Lux Verbi.

Murray, C. 1903. *Halleluja Lieder en voor Zondagscholen, strevers-en jongelings-vereeningingen, confrenties en bijzondere diensten*. Dertiende Druk. London&Edinburgh. Marshall Brothers, Ltd.

Murray John. 1914. *Catechisatie-Boek over der leer der Zaligheid volgens het kort begrip. Vooral voor huiselijk gebruik*. Zes en dertigste uitgave. Kaapstad. J.C. Juta&Co.

Murray, John. 1873. *De Huisprediker: Gelegenheidspreken voor huiselijk gebruik*. Kaapstad. Bij Smuts en Hofmeijr, en N.H. Marais.

Murray, John. 1880. *Het Zondagsboek voor kinderen*. Kaapstad. J.C. Juta.

Murray, John. 1851. *Kaapsche Kinder-Bijbel: of, De geschiedenissen des bijbels op de eenvoudigste wijze voorgedragen vooral voor huiselijk gebruik bewerk door een leraar der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*. Rotterdam, Bolle, (g.d).

Murray, I.H. 1987. *Jonathan Edwards. A new Biography*. USA. The Banner of Truth.

Murray, I.H. 1973.(Tweede uitgawe) *The Forgotten Spurgeon*. USA. The Banner of Truth.

Murray, I.H. 1994. *Revival & Revivalism. The Making and Marring of American Evangelicalism, 1750-1858*. USA. The Banner of Truth.

Nauta, D. Red. 1988. *Biografisch Lexicon voor de Geskiedenis van het Nederlandse Protestantisme. Deel 3*. Kampen. J.H Kok.

Nichols, James; Bagnall, W.R. 1977. *The Writings of James Arminius. Volume One*. USA. Baker Book House.

Nichols, James; Bagnall, W.R. 1977. *The Writings of James Arminius. Volume Two*. USA. Baker Book House.

Nichols, James; Bagnall, W.R. 1977. *The Writings of James Arminius. Volume Three*. USA. Baker Book House.

Noll, M.A. 1983. *The Princeton Theology – 1812-1921*. USA. Baker Book house.

Olivier, A. 1998. *Bode op die spoor van die Woord.150 jaar met Die Kerkbode*. Kaapstad. Lux Verbi.

Owen, John. *Temptation and sin*. USA. The Banner of Truth Trust.

Orr, Edwin. J. 1970. *Evangelical Awakenings in Africa*. USA. Bethany Fellowship.

Ramey, Jr. Robert. H. Johnson, Ben. Campbell. 1992. *Living the Christian Life. A Guide to Reformed Spirituality*. USA. John Knox Press.

Rasker, A.J. 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795. Haar geschiedenis en theologie in de negentiende en twintigste eeuw*. Kok, Kampen.

Ryle, J.C. 1956. *Holiness*. Great Britain. A. Wheaton&Co,Ltd.

Spoelstra, C. V.D.M. 1906. *Bouwstoffen voor de Geshiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel I. Brieven van de Kaapsche Kerken aan de Classis Amsterdam. 1655-1804*. Amsterdam-Kaapstad. Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij v/h Jacques Dusseau@Co.

Spoelstra, C. V.D.M. 1907. *Bouwstoffen voor de Geshiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel II. Brieven van de Classis Amsterdam E.A aan de Kaapsche Kerken enz. 1651-1804*. Amsterdam-Kaapstad. Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij v/h Jacques Dusseau@Co.

Stemmen van het Verleden. 1917. *Uitgawe van de Bijbel en Bid-Vereeniging*.Kaapstad.

Turnbull, Ralph. 1971. *The best of Dwight L. Moody*. USA. Baker Book House.

Tuttle, Robert, G. Jr. 1978. *John Wesley. His Life and Theology*. USA. Zondervan Publishing House.

Van Bruggen, J. 1964. *Het Amen der Kerk*. Goes. Oosterbaan&Lê Cointre.

Van der Merwe, Gerdrie dr. 1996. *Jesus is Koning*. Stellenbosch. Christen-Studentevereniging.

Van der Sluijs, C.A. 1987. *Charles Haddon Spurgeon een Baptist tussen Hypercalvinisme en Modernisme*. Kampen. J.H. Kok.

Van der Watt, P.B.(Prof) 1979. *John Murray 1826-1882. Die Eetste Stellenbosse Professor*. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Van der Watt, P.B. Prof. 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel.

Van Genderen, J. en Velema, W.H. 1993. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. Uitgeverij Kok. Kampen.

Van Hulst, Fred. 1998. *De achilleshiel van het Calvinisme*. Nederland. Uitgeverij De Vuurbaak Barneveld.

Veldkamp, H. 1984. *Zondagskinderen. Deel 1*. Franeker, T Wever.

Walsh Michael. 2001. *Dictionary of Christian Biography*. Great Britain. The Bath Press.

Warfield, B.B. 1931. *Perfectionism. Volume I*. USA. Oxford University Press.

Wells, F. Dawid. 1993. *No Place for Truth. Or Whatever Happened to Evangelical Theology?* England. Inter-Varsity Press.

Wesley, John. 1966. *A Plain account of Christian Perfection*. USA. Beacon Hill Press.

Wesley, John. *The Journal of John Wesley*. USA. STL Productions.

B. DE GEREFORMEERDE KERKBODE IN ZUID-AFRIKA

De Gereformeerde Kerkbode Deel 1-LXX, 1849-1900

C. DE CHRISTEN.

De Christen Deel 1-XXX, 1880-1883.

D. DE WEKKER.

De Wekker. 1859-1874; 1877-1884; 1894-1899.

E. ELPIS.

Elpis Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika. 1857 - 61; 1873-74; 1875-77; 1878-1879.

F. NED GEREF TEOLOGIESE TYDSKRIF.

Brown, Eddie. Prof. *"The shadow of the broad brim,' Charles Haddon Spurgeon en Suid-Afrika."* *Ned Geref Teologiese Tydskrif*. Deel XXXIII No 3. September 1992. 348.

Brown, E. *Aantekeninge by reformatoriese (kerk)geskiedskrywing*. 31. Volume 20 in *Studia Historiae Ecclesasticae*.

Brown, W. 1989. *Enkele opmerkings oor die eiesoortigheid van kerkgeskiedenis-as-wetenskap*. NGTT.

Pont, AD. *Enkele opmerkings oor objektiewe geskiedskrywing*. *Hervormde Teologiese Studies*. Volume 18. 1962-1963.

G. PROEFSKRIFTE EN MAGISTER VERHANDELINGS.

Anderssen, B.J. K. 1979. *'n Kritiese ontleding van die soteriologiese teologie van Andrew Murray*. Doktorale Proefskrif. Univ van Stellenbosch.

Brown Willie. 1987. *Dominee Johannes Henoeh Neethling Hzn 1851-1904. 'n Yweraar vir Godsvrug*. Graad van Doktor in die Teologie. Univ van Stellenbosch.

Claasen Johan Wilhelm. 1990. *Die Kerklik-Godsdiensstige Agtergrond en invloed van die eerste Skotse Leraars in Suid-Afrika*. Doctor Divinitatis. Univ van Pretoria.

De Villiers D.W. 1957. *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die Kategese in die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika*. Ongepub. DTH, Univ. Stellenbosch.

Du Toit Schalk. 1984. *Professor N. J. Hofmeyr, 1827-1909. Predikant in die Lesingsaal*. Graad Doktor in die Teologie. Univ van Stellenbosch.

Grobler Hendrik Michael. 1997. *Die Stellenbosche Hoogleraar Adriaan Morrees: Sy lewe, arbeid en invloed in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis*. Doctor Divinitatis. Univ van Pretoria.

Hanekom, T.N. 1949. *Die liberale rigting in Suid-Afrika en sy ontwikkeling in die Kaapse Kerk*. DD. Pretoria:Univ van Suid-Afrika.

Jooste Ernst Pretorius. 1986. *Die Nederlandse Reveil en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Doctor Divinitatis. Pretoria.

Kitshoff M.C. 1972. *Gottlieb Wihelm Antony van der Lingen. Kaapse predikant uit die negentiende eeu*. Akademiese proefskrif. Vrije Universiteit te Amsterdam.

Kuyler D.A. 1998. *Die ontwikkeling van die sinode en sinodale dienswerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu. 'n Ekklesiologiese studie*. Doktor in Teologie. Univ Stellenbosch.

Louw , S J. 1995. *Andries Adriaan Louw (1827-1908) Ned Geref Predikant in 'n tyd van storm en drang*. Doctor Theologiae. Univ van die Oranje-Vrystaat.

Mcdonald M J. 1955. *F.W. Jannasch en sy bydrae tot ons Kerkusiek*. M.mus verhandeling. Univ van Stellenbosch.

Meyer Gabriel Wessel de Kock. 1981. *Ds. Willem Petrus de Villiers. Woordbedienaar in 'n voorpossamelewing*. DD proefskif. Stellenbosch.

Mouton Jacobus Frederik. 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Eerste Vryheidsoorlog. 1872-1884*. Magister in die Teologie. Univ van Stellenbosch.

Nel Johann. 1984. *Adriaan Morrees. Vorming, Opleiding en Gemeentelike Bediening. 1855-1907*. Magister in die Teologie. Univ van Stellenbosch.

Sass, F.W.1956. *The influence of the church of Scotland on the Dutch Reformed Church of South Africa*. Doctor of Philosophy. Edinburgh.

Thom, Gideon. 1989. *The Development of Theology at Stellenbosch from 1859-1919*. DTh. Rhodes University

Viljoen, Martina. 1997. *Sentiment en die lied van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n inhoudsanalitiese perspektief*. Magister Musica. Univ. vd. Oranje Vrystaat.

OPSOMMING

In die studie is gekyk na die teologie van heiligmaking in die N.G Kerk vanaf 1849 – 1899. As gevolg van die spesifieke historiese konteks het heiligmaking 'n baie prominente rol in die teologie van die N.G. Kerk gespeel.

In die 19de eeu was daar groot belangstelling in die heiligheidsbewegings en herlewings. Wat ook meegewerk het aan die belangstelling was die vervalde toestand van die Kerk en die opkoms van die liberale bewegings. Die herlewing wat die N.G Kerk in 1860 beleef het en alles wat daarmee gepaard gegaan het, het gelei tot 'n behoefte aan 'n diepere lewe.

Verskeie van die leraars wat in die N.G Kerk gedien het, was in hulle teologie beïnvloed deur die Metodisme, Reveil en die Puriteine. Die klem op gebed en die soeke na herlewing was 'n belangrike deel van hulle bediening. Die uitstaande figuur wat 'n baie groot invloed op die vorming van die heiligmakingsteologie gehad het, was dr. Andrew Murray. In die afgebakende tyd van die studie speel hy 'n prominente rol. Sy invloed was nie alleen gevoel in die tyd 1849-1899 nie, maar vir baie dekades daarna. Sy invloed was nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in ander dele van die wêreld. Hy was 'n internasionaal bekende skrywer met 250 publikasies en sy werke is in 15 verskillende tale vertaal. Hy het 'n prominente rol gespeel by die Keswick-konferensies wat gefokus was op die tema van heiligmaking.

In die soeke na antwoorde vir die toestand van die Kerk is die oplossing in die verskillende vorme van heiligmaking gesoek. Dit is beïnvloed deur verskillende persone en bewegings in ander dele van die wêreld. Ongelukkig het hierdie soeke ook gelei tot die verkeerde verstaan van die heiligmaking op sommige punte wat ook sy merk in die NG Kerk gelaat het. Die verskillende sieninge het in die studie aan die orde gekom. As basis vir beoordeling is die gereformeerde belydenisskrifte gebruik.

ABSTRACT

In this study theology of sanctification in the Dutch Reformed Church is looked at from 1849-1899. As a result of the specific historical context sainthood has played a prominent roll in the theology of the Dutch Reformed Church. It was a century in which there was a great interest in the sanctification movements and revivals. What also contributed towards this interest was the declining state of the church and the rising of the liberal movements. The revival experienced by the Dutch Reformed Church in 1860 and everything associated with it, led to a need for a more profound spiritual life.

Several ministers who had served in the Dutch Reformed Church were influenced by Methodism and Reveil movements during their lives. The emphasis on prayer and the search for revival was an important part of their ministry. The prominent figure who had a great influence in the forming of the sainthood theology was the Reverend Andrew Murray. He played a prominent roll during the demarcation time of this study. His influence was not only felt during 1849-1899, but for decades to follow. His influence was not only in South Africa, but also in other parts of the world. He was an international well known author of 250 publications and his works were translated into 15 different languages. He played a prominent roll at the Keswick conferences which focussed on the theme of sanctification.

In the search for answers for the situation in the church, a solution in different forms of sanctity is looked upon. It is influenced by various people and movements in other parts of the world. Unfortunately, these searches have led to incorrect interpretation of some points, which have left their mark on the Dutch Reformed Church. The different and various views have come up for discussion in this study. As basis for evaluation the reformed articles of faith was used.

TREFWOORDE

N.G. Kerk
 Heiligmaking
 Kerkbode
 De Gereformeerde Kerkbode
 De Christen
 Kerkgeskiedenis
 Teologie
 Andrew Murray
 Herlewing
 Gebed
 Hoër lewe
 Christus
 Predikante
 NJ Hofmeyr
 Heilige Gees
 Innerlike lewe
 Artikels
 Sonde
 Boeke
 Christen
 Gereformeerd

KEYWORDS

Dutch Reformed Church
 Sanctification
 Church history
 Theology
 Andrew Murray
 N.J Hofmeyr
 Revival
 Prayer
 Higher Life
 Christ
 Preachers
 Holy Spirit
 Inner life
 Articles
 Books
 Sin
 Bible
 Christian
 Songs
 Church
 Reformed